

Die aard van Standaardafrikaans in SABC-nuusbulletins

CM du Plessis

24018902

**Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad
Magister Artium in Afrikaans en Nederlands aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

Studieleier: Prof. JAK Olivier

Medestudieleier: Prof. WAM Carstens

Mei 2016

Samevatting

Sleutelwoorde: standaardisering, uitsaaiwese, taalverandering, RSG, SAUK, SABC, nuusbuletin, radio, televisie, taalnorme, Standaardafrikaans, herstandaardisering.

Navorsing oor die aard van Standaardafrikaans in SABC-nuusbuletins toon dat die regulering van taalgebruik in uitsendings nie meer noukeurig gedoen word soos die geval vroeër jare was nie. Dit is belangrik dat hierdie probleem genoegsaam aandag en navorsing moet geniet, aangesien dit uit 'n breedvoerige literatuurstudie blyk dat die uitsaaiwese as 'n gesaghebbende taalstandaardiseerder beskou word. Taalfoute wat dus by uitsendings begaan word, hou die potensiaal in om inslag te vind by luisteraars se taalgebruik. Dit lei vervolgens tot die algemene verswakking of verkeerdelike verandering van die betrokke taal in die volksmond.

Voorts is vasgestel dat taalregulering tans op informele grondslag geskied, omdat die huidige beleidsdokumente van die SABC slegs op die regverdige, gelyke en billike hantering van al die amptelike tale van Suid-Afrika fokus. Hierdie gebruik staan in skrilte kontras met die taalbeleid van die uitsaaier, toe nog ook die SAUK, vóór 1994, waarin maatreëls die amptelike en deurlopende regulering van die taalgebruik in uitsendings bekragtig het. Ingevolge die SAUK se taalbeleid was die Komitee vir Taaladvies (KTA) en 'n voltydse taaladviseur amptelik verantwoordelik vir alle aspekte van taalnormering by Afrikaanse dienspunte.

Na aanleiding van die voorgenoemde, fokus hierdie studie spesifiek op die aard van Standaardafrikaans in die nuusuitsendings deur die openbare uitsaaier se Afrikaanse radiodiens. Die empiriese studie behels dat radio-nuusbuletins wat vóór 1994 uitgesaai is, met dié ná 1994 vergelyk is. Dit sluit in die kwalitatiewe analise van die agt ingesamelde nuusbuletins wat oor 'n tydperk van 64 jaar uitgesaai is. Dié analise en interpretasie is op gebiede binne die taalkunde uitgevoer, naamlik fonologie, sintaksis en leksikon. Uit die analise is bevind dat daar tasbare veranderinge rakende taal tussen die buletins van die onderskeie eras voorkom. Na die analise is drie e-posonderhoude gevoer met individue wat tans en voorheen by die SABC betrokke is/was. Dit is vervolgens ook duidelik vanuit die teorie dat die hoë premie wat voor 1994 op die gebruik van goeie, korrekte Standaardafrikaans geplaas is in die hedendaagse konteks vervaag het. Ter oplossing van dié probleem word voorgestel dat die SABC die huidige taalbeleid moet wysig. Ingevolge dié beleid moet fondse in toekomstige begrotings ingeruim word vir amptelike taaladviseurs wat die taalgebruik by uitsendings kan reguleer.

Summary

Key words: standardisation, broadcasting, language change, RSG, SAUK, SABC, news bulletin, radio, television, language norms, Standard Afrikaans, re-standardisation.

Research on the nature of Standard Afrikaans in SABC news bulletins indicates that the regulation of the use of language in broadcasts is no longer done accurately as was the case in the past. It is important for this problem to be given sufficient attention and to be researched, since it became obvious from an exhaustive literature study that broadcasting is seen to be an authoritative language standardiser. Language mistakes made in broadcasts therefore hold the potential of gaining acceptance in listeners' use of language. Hence it leads to the general weakening of the colloquial language involved.

Furthermore, it was established that language regulation is currently only practised informally, because the current policy documents of the SABC only focus on the fair, equal and just treatment of all the official languages of South Africa. This custom is in stark contrast with the language policy of the broadcaster, then also the SAUK, prior to 1994, in which measures ratified the official and continued regulation of the language use in broadcasts. In terms of the SABC's language policy the Committee for Language Advice (Komitee vir Taaladvies – KTA) and a full-time language advisor were responsible for all aspects of language standardisation at Afrikaans service areas.

Arising from the afore-mentioned, this study specifically focuses on the nature of Standard Afrikaans in the news broadcasts at the public broadcaster's Afrikaans radio service. The empirical study entails that radio news bulletins broadcasted prior to 1994 were compared with radio news bulletin broadcasts post-1994. This includes the qualitative analysis of the eight collected news bulletins broadcasted over a period of 64 years. This analysis and interpretation was performed within specific fields within linguistics, namely phonology, syntax and lexicon. From the analysis it was found that tangible changes have occurred concerning language between the bulletins of the respective eras. Following the analysis, three email interviews were conducted with individuals that are or were involved at the SABC. Hence it has also become clear that the high premium placed on the use of good, correct Standard Afrikaans prior to 1994 has faded away in the present-day context. In the interest of solving this problem it is recommended that the SABC amend the current language policy. In terms of this policy, funds for official language advisors that can regulate the use of language in broadcasts need to be accommodated in future budgets.

Voorwoord

“Om nege-uur die aand van 1 Julie 1924, terwyl die klokkespel van die horlosie in die toring van die ou Johannesburgse poskantoor oor die stadsplein weerklink, het Suid-Afrika ’n nuwe era van kommunikasie betree – die era van die uitsaaiwese.” Eric Rosenthal, 1975.

Dankbetuiging

Hiermee my opregte dank en waardering aan die volgende persone:

Jesus Christus. Sonder die deursettingsvermoë, krag en insig van bo, sou hierdie studie nie moontlik kon wees nie. Ek is bowenal dankbaar vir al die seënings wat ek daaglik uit Sy hand ontvang en dat al my gebede altyd beantwoord word.

My studieleier, prof. Jako Olivier, vir die onvoorwaardelike ondersteuning op beide persoonlike en akademiese vlak. Die insiggewende leiding, raad, geduld, kundigheid en aanmoediging wat ek van hom ontvang het, is vir my van onskatbare belang.

My medestudieleier, prof. Wannie Carstens, vir die insette wat hy ook tot die studie gelever het. Hy het die idee vir hierdie studie, gedurende ’n honneurskursus, by my geprikkel. Sy passie en toewyding tot die Afrikaanse taalkunde is aansteeklik.

My vriende en familie – veral my binnekring. Ek is ongelooflik bevoorreg omdat ek nog altyd ’n sterk ondersteuningsnetwerk agter my het. Ek waardeer die onvoorwaardelike bystand wat ek deurentyd van my ouers, oom Mike, my oumas en oupa ontvang.

’n Spesiale woord van dank aan my moeder, Melinda. Sy is waarlik die beste. Woorde sal nooit genoeg wees om die liefde en waardering wat ek vir haar het, uit te druk nie.

My sibbe, Christo en Merike. Ons kon mekaar nie kies nie, maar ons maak darem die beste daarvan. 😊

Lara. Vir al die rondry, die Nando’s, die huil, die lag die luister, die gesels en veral die vuur wat sy aanhoudend onder my bas aan die brand gehou het. Sonder haar en haar selfopgelegde taak om as my gewete op te tree, sou ek seker nooit hierdie projek kon voltooi nie. Die ondersteuning wat ek van haar én haar familie ontvang het, was bydraend tot my sukses.

Dankie aan die Noordwes-Universiteit en die Skool vir Tale en die Navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks wat die studie ondersteun het deur middel van beurstoekennings.

Die personeel by die NWU-biblioteek, die Skool vir Tale, die Navorsingseenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse konteks en almal by die Departement Afrikaanse Nederlands.

Prof. Christelle Auriacombe, 'n kennis van my ma, wat haar kundigheid en hulpbronne met my gedeel het.

Die argivaris by die SABC wat verantwoordelik is vir die argivering van nuus- en aktualiteitsprogramme, Bernard Mashiane, wat geduldig na my versoeke geluister het en voorts die opnames aan my verskaf het. My opregte dank gaan ook aan die anonieme werknemers van die SABC wat die e-posvraelys voltooi het.

Cecilia van der Walt wat die taalversorging van hierdie studie behartig het.

Inhoudsopgawe

Samevatting.....	i
Summary.....	ii
Voorwoord	iii
Dankbetuiging	iii
Inhoudsopgawe	v
Figure	xii
Tabelle	xiii
Hoofstuk 1: Inleiding	1
1.1 Kontekstualisering en probleemstelling	1
1.2 Navorsingsvrae.....	4
1.3 Navorsingdoelwitte.....	4
1.4 Sentrale teoretiese stelling	4
1.5 Navorsingsmetodologie	4
1.5.1 Literatuurontleding	4
1.5.2 Empiriese navorsing	5
1.5.3 Prosedure en metode	6
1.6 Samevatting	7
Hoofstuk 2: Literatuurstudie.....	9
2.1 Inleiding.....	9
2.2 Taalpolitiek en taalbeplanning.....	9

2.2.1	Taalpolitiek	10
2.2.2	Taalbeplanning	11
2.2.2.1	Status- en korpusbeplanning	12
2.2.2.2	Taalbeleid	13
2.3	Standaardafrikaans in die uitsaaiwese	14
2.3.1	Standaardtaal en standaardiseringsprosesse	15
2.3.2	Die konsep standaardtaal	15
2.3.2.1	Taalkundige omskrywing vir standaardtaal	16
2.3.2.2	Die begronding vir 'n standaardtaal	16
2.3.2.3	Diglossie	18
2.3.2.4	Gesproke teenoor geskrewe taal	19
2.3.3	Die proses van taalstandaardisering	21
2.3.3.1	Haugen se model van taalstandaardisering	21
2.3.3.2	Ander benaderings van taalstandaardisering	22
2.3.3.3	<i>Preskripsie</i> en <i>deskripsie</i> by standaardisering	24
2.3.3.4	Taalnormering	24
2.3.3.4.1	Die doel van taalnorme	25
2.3.3.4.2	Soorte taalnorme	25
2.3.3.4.3	Die rol van purisme by taalnormering	26
2.3.3.5	Herstandaardisering en destandaardisering.....	27
2.3.3.6	Taalverandering.....	27
2.4	Standaardafrikaans	29
2.4.1	'n Bondige ontstaansgeskiedenis van Standaardafrikaans	30

2.4.2	Die posisie van Standaardafrikaans ná 1994	34
2.4.3	Die herstandaardisering van Standaardafrikaans	35
2.5	Samevatting	36
 Hoofstuk 3: Die uitsaaiwese in Suid-Afrika		38
3.1	Inleiding.....	38
3.1.1	Die funksie van radio	38
3.2	Die SAUK/SABC voor 1994	39
3.2.1	Die koms van radio in Suid-Afrika	39
3.2.1.1	Die beginjare en die koms van die ABC.....	39
3.2.1.2	Toe kom die SAUK	40
3.2.1.3	Die rol van Afrikaans tydens die pioniersjare	41
3.2.1.4	Afrikanernasionalisme se impak op die uitsaaiwese	43
3.2.1.5	Ander inheemse tale op die radio	44
3.2.2	Die algemene rol van taal by die ontwikkeling van die uitsaaiwese	45
3.2.3	Die koms van televisie	48
3.2.4	Politiek en die SAUK voor 1994.....	49
3.3	Die SABC na 1994.....	51
3.3.1	Die veranderde taalbeleid	51
3.3.2	Veranderinge in die aanloop tot 1994	51
3.3.3	Implikasies vir Afrikaans na 1994.....	52
3.3.4	Die ontstaan van reguleringsliggame binne die uitsaaiwese	53
3.3.4.1	Die Onafhanklike Uitsaaiowerheid	53

3.3.4.2	Die ontstaan van die Uitsaaiklagtekommissie	55
3.3.4.3	Die vorming van die Onafhanklike Kommunikasieowerheid	55
3.4	Die taalbeleid van die SABC	56
3.4.1	Die taalbeleid vóór 1994	56
3.4.2	Ontwikkeling van 'n nuwe taalbeleid van die SABC ná 1994	57
3.4.3	Die huidige taalbeleid van die SABC	58
3.5	Hoe lyk dit tans?	59
3.5.1	Gemeenskapsradiostasies.....	59
3.6	Die openbare uitsaaier as taalstandaardiseringsmag	61
3.6.1	Die regulering van taalkwaliteit by die SABC	61
3.6.2	Normering in die uitsaaiwese	63
3.7	Algemene riglyne by die skryf van bulletins.....	64
3.7.1	Die radionuusbulletin as eiesoortige genre	64
3.7.2	Die kenmerke van radionuusbulletins	67
3.7.3	Die samestelling van 'n nuusbulletin.....	69
3.7.4	'n Amptelike stylgids.....	70
3.8	Samevatting	70
 Hoofstuk 4: Empiriese agtergrond: inhoudsanalise van radio-nuusbulletins		72
4.1	Inleiding.....	72
4.2	Metodologie	72
4.2.1	Kwalitatiewe navorsing	72
4.2.1.1	Die inhoudsanalise	74

4.2.1.2	Gegronde teorie (<i>Grounded Theory</i>).....	75
4.2.2	Verwerking van die data	75
4.2.2.1	<i>Atlas.ti</i>	76
4.2.2.2	Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoets	77
4.2.2.3	<i>Praat</i>	78
4.2.2.4	Betroubaarheid van die data.....	80
4.3	Data-analise	82
4.3.1	Doel van die empiriese navorsing	82
4.3.2	Data-insameling.....	82
4.3.3	Taalfoute teenoor taalafwykings	84
4.3.4	Resultate: <i>Atlas.ti</i>	84
4.3.4.1	Tema 1: Fonologie.....	87
4.3.4.2	Tema 2: Sintaksis	99
4.3.4.3	Tema 3: Leksikon	107
4.3.4.4	Tema 4: Uitsaaitegniek	119
4.3.5	Resultate: Flesch-Kincaid-toetse	125
4.3.5.1	Flesch-Kincaid-leesbaarheid: vlak	125
4.3.5.2	Flesch-Kincaid-leesbaarheid: graad.....	126
4.3.6	Resultate: E-posonderhoude	127
4.3.6.1	Konteks van medium	128
4.3.6.2	Omstandighede in die verlede	130
4.3.6.3	Huidige konteks op radio	132
4.3.6.4	Huidige taalregulering	136

4.3.6.5	Voorstelle	141
4.4	Samevatting	142
Hoofstuk 5: Bevinding en samevatting.....		143
5.1	Inleiding.....	143
5.2	Hoofstukoorsig	143
5.3	Die oorspronklike probleemstelling	144
5.4	Bevindings	145
5.4.1	Teoretiese agtergrond	145
5.4.1.1	Taalbeleid en regulering	145
5.4.1.2	Standaardiseringsrol van Standaardafrikaans by die SABC.....	146
5.4.1.3	Herstandaardisering	147
5.4.2	Empiriese ondersoek: kwalitatiewe data-analise.....	147
5.4.2.1	Die fonologie.....	147
5.4.2.2	Die sintaksis	148
5.4.2.3	Die leksikon	148
5.4.2.4	Die uitsaaitegniek	148
5.4.3	Bevindings van leesbaarheidstoetse.....	149
5.4.4	Bevinding uit onderhoude	150
5.5	Tekortkominge van die studie	151
5.6	Verdere navorsingsmoontlikhede	152
5.7	Samevatting en slot.....	153

Bronnelys.....	154
Bylaag A: Brief van teksredakteur	171
Bylaag B: Vraeskema vir e-posonderhoude.....	172
Bylaag C: Gekodeerde data uit <i>Atlas.ti</i>.....	174

Figure

Figuur 4.1: Ossillogram van [i, a, u] wat ook formante F1 en F2 wat daarmee geassosieer word, aandui (geneem uit Wissing, 2014a:108).....	79
Figuur 4.2: Ossillogram (bo) van áánhou- en aanhóú- in die woord. Onder word intensiteit, grondtoon en formantfrekwensies aangedui (geneem uit Wissing, 2014b:158).....	80
Figuur 4.3: Netwerk van temas en kodes ná die kwalitatiewe analise in <i>Atlas.ti</i>	86
Figuur 4.4: Kodes onder die fonologie-tema	88
Figuur 4.5: Uitspraakanalise van die woord [prəsdent].....	90
Figuur 4.6: Uitspraakanalise van die woord [nigə]	92
Figuur 4.7: Uitspraakanalise waar die woord bestee met die woord gegee vergelyk word	95
Figuur 4.8: Uitspraakanalise van die woord Komitee	96
Figuur 4.9: Uitspraakanalise van die woord <i>televisie</i>	97
Figuur 4.10: Kodes onder die sintaktiese tema.....	100
Figuur 4.11: Kodes onder die tema leksikon.....	107
Figuur 4.12: Kodes onder die tema uitsaaitegniek	119
Figuur 4.13: Akoestiese analise van 'n vals inleiding soos by [8:2].....	121
Figuur 4.14: Grafiese voorstelling van die data se Flesch-Kincaid-leesbaarheidsvlakke.....	126
Figuur 4.15: Netwerk van die konteks van radio as medium	128
Figuur 4.16: Netwerk van die omstandighede aan die SAUK in die verlede.....	130
Figuur 4.17: Netwerk van die konteks van radio tans	132
Figuur 4.18: Netwerk van die huidige taalregulering op radio	136
Figuur 4.19: Netwerk van voorstelle deur die respondente	141

Tabelle

Tabel 4.1: Interbeoordelaarsbetroubaarheid soos deur SPSS (2014) bereken	81
Tabel 4.2: Inligting oor die ingesamelde data	82
Tabel 4.3: Gevalle waar die [e:]-klank as [i] uitgespreek word	93
Tabel 4.4: Afkortings wat in die data voorkom	108
Tabel 4.5: Verwysings na plekname wat intussen verander het.....	110
Tabel 4.6: Aanhalings wat aandui waar die nuusaanbieder oor sy woorde struikel.....	119
Tabel 4.7: Aanhalings van vals inleidings by die data.....	120
Tabel 4.8: Aanhalings van gevalle waar die formaat van 'n nuusbuletin ter sprake kom.....	123
Tabel 4.9: Inligting van die korpus	125
Tabel 4.10: Flesch-Kincaid-leesbaarheid-uitslag	125

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Kontekstualisering en probleemstelling

Die uitsaaiewese dra by tot die standaardisering van 'n taal (Aitchison & Lewis, 2004:68; Botha, T.J.R., 1985:238; Cuvelier, 2006:26; Hugo, 2009:97; Mesthrie, 1994:182; Odendaal, 2012:95; Raidt, 1994:326; Trewin, 2003:181; Van den Berg, 2000:330; Van der Berg, 1974:223), whereby taalverandering 'n belangrike kontekstuele rol speel. Hierteenoor is dit belangrik om te bepaal of Suid-Afrika se openbare uitsaaier – die SABC¹ – hierdie funksie vervul. Die studie is juis relevant omdat dit uit briewe in die pers blyk dat die taal wat oor die algemeen op die SABC uitgesaai word nie op standaard is nie (Booyens, 2000:5; De Lange, 2011; Erasmus, 2008; Langebaan, 2009; Taalgogga, 2013:9; Victor, 1996:8; Vorster, 2008). Daar is selfs 'n groep op die sosiale netwerk, Facebook, wat spesifiek fokus op taalfoute wat oor die radio gehoor word, genaamd: *Radorillers en Groepgruwels* (Facebook, 2015). Hierdie algemene mening blyk ook duidelik uit 'n studie wat deur die organisasie *Media Monitoring Africa (MMA)*, gedoen is (Ferreira, 2012; Thebe & Smith, 2012:11-12). Dié peiling deur die MMA het bevind dat die SABC se televisiekanale nie die doelwitte ingevolge die taaldiversiteitsmandaat behaal nie en Afrikaans een van die tale is wat die swaarste hieronder ly (Ferreira, 2012; Thebe & Smith, 2012:11). Vir die doeleindes van die betrokke studie sal spesifiek gefokus word op die standaard van die taalgebruik wat in Afrikaanse nuusbuletins op radio gebruik word.

Volgens die SABC se huidige taalbeleid (*SABC Editorial Policies* – 2004) is die hoofdoelwit van die uitsaaier om al die amptelike tale van Suid-Afrika regverdig, gelyk en billik te hanteer (Du Plessis, 2006:92; SABC, 2004:26-34). Die beleid spesifiseer ook dat nuusprogramme 'n formele genre is, wat beteken dat formele taalgebruik (dus pragmaties korrek soos gestipuleer in Carstens, 2011:38) in die uitsendings gebruik moet word. Voorts vereis die beleid ook dat alle amptelike tale wat deur die openbare uitsaaier gebruik word in die betrokke taalgemeenskap se taalbehoefte moet voorsien (SABC, 2004:26). Dit beteken gevolglik dat die gehalte van die taalgebruik in uitsendings aan die taalgemeenskap se standaard moet voldoen en dat die taal wat uitgesaai word, tred moet hou met ontwikkeling en sosiale veranderinge ten opsigte van taal (SABC, 2004:27).

Du Toit (2004:47) noem egter dat navorsing daarop dui “dat daar hoegenaamd nie genoeg aandag gegee word aan korrekte Afrikaanse grammatika en uitsprake nie”, en Hugo (2009:97)

¹ Die Engelse afkorting “SABC” word gebruik omdat dit tans in die titel van die Afrikaanse nuusbuletin voorkom, wat bekend staan as die “SABC Nuus”. Die Afrikaanse pers gebruik wel die begrip “SAUK”, maar vir die doel van hierdie studie sal volstaan word met “SABC” omdat die korporasie self voorkeur gee aan die Engelse afkorting. Dit vergemaklik ook die onderskeid tussen die SAUK/SABC voor 1996 en die hergestruktureerde SABC ná 1996 (Mersham, 1998:214, Olivier, 2003:2).

het ook bevind dat Afrikaanse radio nie meer “hiperkorrekte Standaardafrikaans” oor die eter uitstuur nie. Hierdie stand van sake is kommerwekkend, aangesien Du Toit (2004:47) aanvoer dat taalgebruik op die vlak van uitsaaiwese van kritieke belang is omdat “uitsaaiers op radio en televisie” as rolmodelle dien, veral met betrekking tot hulle taalgebruik.

’n Voorbeeld van so ’n uitsaaiër is die veteraan nuusleser, Riaan Cruywagen, wat in November 2012 sy laaste Afrikaanse nuusbuletin by die SABC se nuusafdeling aangebied het. Cruywagen (2012:211) ondersteun Du Toit (2004:47) se stelling en hy sê “daar rus ’n dure verpligting op alle uitsaaiers (omroepers, nuuslesers, nuusskrywers, programaanbieders of wie ook al) om noulettend die vereiste waardes en norme in hulle taalgebruik te eerbiedig en in stand te hou”, juis omdat diegene ’n voorbeeld met hulle taalgebruik vir ander stel. Dit kom daarop neer dat die kykers hul eie taalgebruik op dié van die aanbieders moduleer.

Die probleem hier is dat Cruywagen se genoemde verpligting slegs ’n selfopgelegde taak by uitsaaiers is, omdat die openbare uitsaaiër hom volgens beleidsdokumente nie meer soseer vir die bevordering van goeie taal beywer nie. Hierdie beleidsdokumente sluit die *SABC Editorial Policies* wat in 2004 bekragtig is (Du Plessis, 2006:92-94) en die SABC se Onderwysbeleid in.

Dit is wel internasionale gebruik om standaardisering van ’n taal via die uitsaaiwese te implementeer (Bell, 1991:11; Cotter, 2010:208; Rubin, 1977:157-158), wat beteken dat ’n openbare uitsaaiër onvermydelik betrokke is by die bevordering van taalnorme. Dit lei vervolgens daartoe dat die SABC se radio- en televisieafdeling direk verantwoordelik is vir die standaardisering van taal in Suid-Afrika (Carstens, 2011:22; Odendaal 2012:95; Raidt, 1994:326; Roos, 1959:326).

In hierdie studie word *standaardisering*, *herstandaardisering* en *taalverandering* met betrekking tot die *standaardvariëteit* van Afrikaans hanteer. Dit is belangrik om dié verskynsels binne die konteks van die uitsaaiwese te bestudeer, omdat taal voortdurend in ’n toestand van verandering verkeer (Aitchison, 2001:3). Dit is van die uiterste belang om ’n duidelike definisie van *Standaardafrikaans* te verskaf, aangesien dit die kern van hierdie studie vergestalt.

Standaardafrikaans is die klassieke variëteit wat in die meerderheid gesproke en geskrewe situasies gebruik word en deur die grootste moontlike moot sprekers verstaan word (Combrink, 1997b:13; McLachlan, 2012:20). Combrink (1997b:13) voer aan dat Standaardafrikaans dikwels foutief geïnterpreteer word as die enigste korrekte manier van skryf en praat. Dit is egter onwaar, omdat Standaardafrikaans slegs een van vele variëteite van Afrikaans is. Standaardafrikaans is die inklusiewe en toonaangewende variëteit van Afrikaans (Ponelis, 1998:54). McLachlan (2012:19-20) voeg by dat Standaardafrikaans ’n variëteit is wat van die ander variëteite van Afrikaans onderskei kan word. Carstens (2011:278) meen dat

Standaardafrikaans die variëteit is wat in die meerderheid gevalle vir doeltreffende kommunikasie gebruik word. In hierdie konteks van die studie sal Standaardafrikaans, soos gestipuleer in die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (2009) en Carstens (2011) se *Norme vir Afrikaans*, gebruik word.

In samehang met die standaard van 'n taal, moet in ag geneem word dat 'n taal aan verandering onderhewig is. *Taalverandering* behels die verandering binne 'n taal oor 'n sekere tydperk heen (Aitchison, 2001:4; Crystal, 2008:266). Odendal (1996:15) beskou taalverandering as 'n "natuurlike proses wat eerder verwelkom as teëgegaan moet word", aangesien dit onvermydelik en onstuitbaar, maar ook wenslik is. Dit gaan ook hier oor "verandering in óf die kode óf taalgebruik van 'n spesifieke variëteit" óf in albei (Verhoef, 1991:23).

Taalverandering word deur liggame deurgevoer omdat dié betrokke liggame 'n mandaat het om dit te doen (Verhoef, 1991:23), aangesien taalverandering 'n noue verband met die standaardiseringsproses deel (Aitchison, 2001:257-258; Jones & Singh, 2005:122; Milroy, 1999:39, Milroy, 2001:535; Roux, 2001:25). Die openbare uitsaaier is 'n voorbeeld van 'n liggaam wat 'n belangrike rol in die normering en standaardisering van 'n taal vervul, wat derhalwe beteken dat taalverandering ook deur uitsaaiers in berekening gebring moet word. Vir Afrikaans behels taalverandering dat elemente van die omgangstaal nie net as deel van Standaardafrikaans erken moet word nie, maar selfs verwelkom moet word (Odendaal, 2012:5). *Herstandaardisering* kan ook by benadering beskou word as natuurlike taalverandering in die rigting van interne taalnorme wat deur amptelike taalreëls ondersteun word (Bruthiaux, 2006:32).

Uit tersaaklike beleidsdokumente en bogenoemde bronne blyk dit duidelik dat die standaard van die taalgebruik van enige van die amptelike tale op radio en televisie van min of geen belang is vir die SABC en sy bestuur nie. Die rede hiervoor is die feit dat dit nie pertinent deur enige beleid of liggaam gereguleer word nie. Daar is verskeie kwessies wat hier bespreek gaan word, naamlik: die betrokkenheid van die hedendaagse uitsaaiwese by die standaardisering van Afrikaans en Afrikaanse taalnorme, die manier waarop Standaardafrikaans oor die radio bevorder word, sonder dat 'n beleid dit nadruklik stipuleer asook die feit dat die SABC min of bykans geen beheer uitoefen oor die standaard van die taalgebruik wat op die radio en televisie uitgesaai word nie.

1.2 Navorsingsvrae

Na aanleiding van die voorafgaande kontekstualisering kan die volgende navorsingsvrae gestel word:

- In watter mate is die SABC-nuusbulletins tans betrokke by die standaardisering en bevordering van Standaardafrikaans en watter rol speel die samestellers?
- Voldoen Afrikaanse SABC-nuusbulletins aan die norme van Standaardafrikaans?
- Hou die nuusuitsendings tred met taalverandering en herstandaardisering?
- Hoe vergelyk die Afrikaanse nuusbulletins wat voor 1994 uitgesaai is met die ná 1994, veral in ag genome die sosio-politiese konteks van Suid-Afrika?

1.3 Navorsingdoelwitte

Na aanleiding van bostaande navorsingsvrae kan die volgende doelwitte gestel word. Die studie sal daarin poog om:

- te bepaal hoe die uitsaaiwese betrokke is by die standaardisering van die standaardvariëteit van Afrikaans.
- te bepaal wat *Standaardafrikaans* binne die uitsaaiwese behels en om ook die term volledig uit te pak binne die konteks van die uitsaaibedryf.
- duidelik te illustreer hoe die nuusuitsendings tred hou met taalverandering en herstandaardisering; en
- te bepaal hoe die Afrikaanse nuusbulletins wat vóór 1994 uitgesaai is, verskil van die ná 1994.

1.4 Sentrale teoretiese stelling

Te midde van taalverandering en struktuurverandering by die SABC, wyk die standaard van Afrikaans in die SABC-nuusbulletins nie af van Standaardafrikaans nie.

1.5 Navorsingsmetodologie

1.5.1 Literatuurontleding

Dit is belangrik om 'n sterk teoretiese grondslag te bou en relevante terme en konsepte vir die studie te definieer. Die literatuurstudie is 'n versameling van al die teorie wat nodig is om die navorsingsvraag te beantwoord (Mouton, 2001:86; Neuman, 2003:96). By hierdie studie sal terme soos *standaardisering* en *taalverandering* verduidelik word. Dit is hier belangrik om die eienskappe en rol van Standaardafrikaans te bepaal ten opsigte van geskrewe en gesproke taal

en of die taalnorme rakende hierdie kwessies in die media streng nagevolg word. Daarna sal die literatuur in die konteks van die Suid-Afrikaanse uitsaaiwese verduidelik word, meer spesifiek binne die Afrikaanse nuusuitsendings. Dit sal behels dat 'n breedvoerige historiese oorsig verskaf sal word wat verduidelik hoe die SAUK tot stand gekom het en hoe die SABC ná 1994 verander het.

By die literatuurstudie sal daar ook verwys word na die taalpolitiese konteks in Suid-Afrika omdat dit 'n beduidende invloed gehad het op die status- en korpusbeplanning van Afrikaans. Die politieke bestel het ook 'n uitwerking op die voorkoms van die taal binne die uitsaaiwese gehad, veral ingevolge die unieke posisie wat die taal oor die algemeen in Suid-Afrika beklee het. Dit is noodsaaklik om die taalbeleid van die SABC te ondersoek, veral in die lig van die sosio-politiese konteks van Suid-Afrika. Die taalbeleid van die uitsaailiggaam sal derhalwe bestudeer word en die veranderinge wat in die beleid aangebring is na herstrukturering tydens die middelnegentigerjare sal ook onder die loep geneem word. Die politieke klimaat van Suid-Afrika speel 'n kernrol by die SABC, aangesien sy taalbeleid onlosmaaklik verbind is aan die beleid van die regering (Du Plessis, 2006:88; Du Plooy & Grobler, 2002:8; Van Staden, 2004:53). Laastens sal die universele riglyne vir die opstel en redigering van nuusbuletins bespreek word.

1.5.2 Empiriese navorsing

Verskillende tipes data vereis verskillende metodes vir analisering (Bernard, 2000:xxi). Die empiriese navorsing vir hierdie studie sal hoofsaaklik kwalitatief van aard wees. Dié metode is veral nuttig in 'n studie wat poog om sin te maak uit data wat nie met behulp van syfers of statistiek weergegee kan word nie (Jupp, 2006:249). Kwalitatiewe navorsing ondersoek hoofsaaklik sosiale aspekte (Jupp, 2006:248). Van der Merwe (1996:291) verduidelik dat kwalitatiewe navorsing daarop toegespits is om die menslike gedrag en ervarings beter te verstaan. Individuele opvattinge en ervarings vorm dus die fondasie van kwalitatiewe navorsing wat op subjektiewe data berus (Rudestam & Newton, 2007:36). Kwalitatiewe studies word veral gebruik om sosiale fenomene en die verandering daarvan binne die ervaringsfeer te interpreteer ten einde dit te verstaan (Jupp, 2006:250).

Die doel van die empiriese navorsing is om vas te stel of die SABC vandag nog bestempel kan word as 'n gesaghebbende taalstandaardiseringsliggaam via die daaglikse nuusuitsendings deur die Afrikaanse radiodiens. Soos in die kontekstualisering genoem, is die SAUK (vóór 1994) beskou as 'n gesaghebbende taalstandaardiseerder en -normeerder, omdat die beleid van die SAUK hom dit ten doel gestel het om Afrikaans se taalstatus te bevorder. Die huidige beleid (wat ná 1994 ingestel is) fokus meer op taalgelykheid. Die empiriese navorsing sal radio-

nuusbulletins vóór 1994 met bulletins ná 1994 vergelyk om vas te stel of die uitsaaier steeds as 'n standaardiserende mag bestempel kan word, veral in 'n stelsel waar Afrikaans nie meer die alfa-posisie beklee nie. Hier sal taalverandering en herstandaardisering van belang wees, omdat die taal hand aan hand met die sosio-politiese omgewing verander het (vgl. Conradie, 2014:61).

Die rede waarom die bulletins binne hierdie twee periodes geanaliseer word, is hoofsaaklik kontekstgedrewe omdat die situasie van uitsendings in Suid-Afrika ingevolge wetgewing deur hierdie twee periodes gedefinieer word. Afgesien van die normale taalverandering, het die sosio-politiese posisie van Afrikaans verander en dit is die basis waarop hierdie studie gebaseer is.

1.5.3 Prosedure en metode

Die navorsingsmetodologie sluit hoofsaaklik drie aspekte in, naamlik 'n literatuuroorsig, 'n breedvoerige uiteensetting van die geskiedenis van die uitsaaiwese in Suid-Afrika en die analisering en interpretasie van die inligting.

Die empiriese aspek van studie behels die insameling van radio-nuusuitsendings wat van die SABC se argief af aangevra is. Die uitsendings is periodiek gekies asook op grond van beskikbaarheid. Daar is wel gepoog om radio-nuusbulletins wat vóór en ná 1994 uitgesaai is, in te win om te verseker dat die data verteenwoordigend van beide eras kon wees. Die ondersoek is ooreenkomstig die linguistiese inhoud² van die gekose nuusbulletins met mekaar vergelyk, veral op grond van die jaar waarin dit uitgesaai is. By die analisering is spesifiek op periodieke afwykings ingegaan.

Nuusbulletins is eerstens getranskribeer, omdat dit moeilik is om met gesproke teks te werk (Olsson, 2008:190). In die geval waar die teks getranskribeer is, is dit makliker om dit te analiseer en te vergelyk. Daarna is die transkripsies van die bulletins met behulp van 'n *inhoudsanalise geanaliseer* ten einde afwykings van die standaardtaal te identifiseer (Jupp, 2006:40; Mouton, 2001:165; Neuman, 2003:36). Krippendorf (2013:1) voer aan dat die inhoudsanalise 'n "empiries gegronde metode" is, wat deesdae by alle taalgeoriënteerde studies gebruik word. Hy voeg by dat die lees en analisering van tekste altyd kwalitatief van aard is (Krippendorf, 2013:22).

² Die inhoud verwys na die nuusbulletin wat deur die aanbieder gelees word. In sommige gevalle word 'n woordvoerder se eie woorde via 'n klankgreep by 'n bulletin ingesluit. Hierdie eksterne klankgrepe sal saam met die inhoud van die bulletin geanaliseer word.

Bernard (2000:468) voer voorts aan dat 'n inhoudsanalise nie 'n alleenstaande metode is nie. Die inhoudsanalise word gekoppel aan ander vername konvensies. In die geval van die betrokke studie sal die inhoudsanalise in samehang met die gegronde teorie (*Grounded Theory*) gebruik word. Die gegronde teorie verwys na die benadering by navorsing waar 'n teorie op induktiewe wyse uit die ondersoekte fenomeen gevorm word (Jupp, 2006:131; Neuman, 2003:52). Die gegronde teorie oorbrug dan die gaping tussen teoretiese en empiriese navorsing tydens 'n kwalitatiewe studie en dit word gedoen deur die menslike ervaring in ag te neem.

Die inhoudsanalise het behels dat afwykings gesoek is. *Afwykings* in hierdie konteks verwys na die afwykings van taalnorme, afwykings van Standaardafrikaans, uitspraakafwykings en afwykings van bestaande taalreëls – dit is nie noodwendig taalfoute nie (Carstens, 2011:9-14). Tydens die analise is in ag geneem dat nuuslesers, sowel as nuusskrywers en redakteurs wat betrokke is by die saamstel van bulletins, waarskynlik idiolektiese verskynsels by die taalgebruik kan voeg (vgl. Du Plessis, 1995:17; Kuhl, 2003:4). Al is die rol van idiolekte in gedagte gehou, is dit nie die fokus van die studie nie.

Hierby word ook in ag geneem dat die konsep *standaardtaal* problematies is en verskillende variëteite van Afrikaans bestaan (vgl. Hendricks, 2012:44-45; Kotzé, 2009). Gepaard hiermee is die kwessie van *herstandaardisering* in berekening gebring (vgl. Kotzé, 2010:154, McLachlan, 2012:28; Odendaal, 2012:7)

Die data wat met behulp van die inhoudsanalise ingesamel is, is kwalitatief geanaliseer en die uitslag van elke bulletin is met die ander vergelyk om vas te stel of beduidende afwykings en verskille tussen bulletins vóór 1994 en ná 1994 bespeur kon word, al dan nie. Om die navorsingsvrae van hierdie studie te beantwoord is bevindings uit die data gemaak om vas te stel of die standaard van die Afrikaanse uitsaaiwese enigsins, te midde van taalverandering verander het, hetsy op 'n positiewe óf negatiewe wyse.

Om die data wat via die inhoudsanalise versamel is, aan te vul is ook gebruik gemaak van onderhoude met mense wat by die SABC werk/gewerk het. Deur middel van onderhoude is data ingesamel deur 'n reeks vrae te stel (Jupp, 2006:157). Die onderhoude is ter ondersteuning van die nuusbuletindata gebruik en dit het nie die hooffokus van die studie uitgemaak nie.

1.6 Samevatting

Hierdie studie is 'n poging om, aan die hand van 'n uitgebreide literatuurstudie, kwalitatiewe analise en interpretasie, vas te stel of die openbare uitsaaier van Suid-Afrika steeds as 'n geloofwaardige taalstandaardiseerder van Afrikaans beskou kan word. Die studie is relevant, aangesien soortgelyke studies (naamlik Botha, T.J.R., 1985:238-268; Roos, 1959:133-147;

Steyn, 1987b:100-123; Van der Berg, 1974:206-223) se inhoud verouderd is en nuwe bevindings rakende hierdie onderwerp is nodig.

Hoofstuk 2: Literatuurstudie

2.1 Inleiding

Hierdie studie is gesetel in twee teoretiese benaderings binne die taalkunde. Enersyds is die teoretiese agtergrond rondom die taalpolitiek van belang en andersyds speel 'n reeks sosiolinguistiese elemente 'n rol. In hierdie hoofstuk word die teoretiese agtergrond van die studie bespreek word. Die fokus val vervolgens eerstens op die konsepte van *taalpolitiek* en *taalbeplanning* en die onderskeie onderafdelings wat daarmee gepaard gaan. Die formulering van 'n *taalbeleid* en die implikasies daarvan kom ook onder die loep. Al die bogenoemde terme word binne die konteks van die openbare uitsaaier in Suid-Afrika bespreek, ten einde die konteks te benadruk.

Die linguistiese teorieë kom tweedens aan bod. Terme soos *taalstandaardisering* en *taalnormering* word gedefinieer. Die hoofstuk begin deur die konseptualisering van die studie te skets, deur te verduidelik hoe die standaard van taal van belang is in die Afrikaanse uitsaaiwese, wat ook die relevansie van die studie benadruk. Voorts word aandag geskenk aan taalverskynsels wat van toepassing is op hierdie studie, met spesifieke klem op die verskynsels *standaardtaal*, *standaardiseringsprosesse*, *herstandaardisering*, *taalverandering* en die opkoms van *Standaardafrikaans*.

2.2 Taalpolitiek en taalbeplanning

Afrikaans is 'n taal wat onlosmaaklik verbind is aan die politieke konteks waarin die taal oor die jare moes oorleef (Ponelis, 1992:71-79; Ponelis, 1998:2; Steyn, 1992:207). Tydens die 19^{de} eeu was Afrikaans verstrengel in 'n politieke toutrekkery met Engels weens die Britse kolonialisering wat ook aanleiding gegee het tot die Anglo-Boereoorlog (vgl. Carstens, 2006:13; Conradie & Groenewald, 2014:52; Ponelis, 1998:1-2). Tweedens is Afrikaans gedurende die 20^{ste} eeu deur die Nasionale Party gebruik as mobiliseringsmiddel vir Afrikanernasionalisme (Hugo, 2009:109; Ponelis, 1998:53) en die regering het verseker dat Afrikaans buitemate bevoordeel word in sy ontwikkeling en sy gebruik as ampstaal bó sy voormalige vyand, Engels (Carstens, 2006:13; Ponelis, 1998:54; Steyn, 2014:418; Van Rooy, 2014:16; Webb & Kriel, 2000:22). Dit het die politieke verbintenis met Afrikaans verder verstewig, maar dit het tog gelei tot 'n negatiewe indruk van Afrikaans, wat gebruik is om die apartheidsideologie te simboliseer (Conradie & Groenewald, 2014:55; Giliomee, 2004:340; Ponelis, 1992:77; Webb *et al.*, 1992:47). Teen die einde van die 20^{ste} eeu het dié bevoordeling van Afrikaans egter tot 'n einde geloop met die

demokratisering van Suid-Afrika en die erkenning van elf amptelike tale (De Wet, 2004:72; Giliomee, 2004:623; Hugo, 2009:97; Ponelis, 1992:71). Meer onlangs is die Nuwe Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Tale (2011) in 2012 aan die Nasionale Raad voorgelê en dit het gelei tot groot onenigheid omdat dit die taalstatus van Afrikaans en ander inheemse tale in gedrang bring deur die taal nie meer as ampstaal in die wetboeke te plaas nie (Azzakani, 2012). Suid-Afrika het dus 'n komplekse taalpolitieke landskap wat in ag geneem moet word.

2.2.1 Taalpolitiek

Linguistiese identiteit is hoofsaaklik 'n politieke saak omdat taal 'n simbool van samehörigheid is, en taal is dus eerder politieke entiteite as net blote linguistiese feite (Rajagopalan, 2001:17). Du Plessis en Du Plessis (1987:xii) tref duidelik onderskeid tussen *taalpolitiek* en *politieke taal*. Ooreenstemmende elemente kom wel tussen die twee terme voor, maar *taalpolitiek* word omskryf “as 'n studie van die fasette van die verwantskap tussen taal en politiek” (Van Aardt, 1989:176). Die term *politieke taal* dui net op die spesifieke taalgebruik, wat byvoorbeeld deur politici gebruik word. Taalpolitiek is volgens Van Aardt (1989:177) tweeledig van aard. Enersyds “het dit te doen met TAALpolitiek (*sic*), ook genoem korpuskwessies, wat handel oor byvoorbeeld skryf-, spelling-, uitspraak- en taalsuiwerheidskwessies”. Andersyds behels taalPOLITIEK taalstatuskwessies, wat beteken dat dit oor “die stand van die taal op alle terreine in die samelewing en die status van die taal onder die lede van die bevolking” handel.

Taalpolitiek behels dus die strewende daarna om een taal binne en buite die landsgrense te handhaaf, maar ook te bevorder. In Suid-Afrika speel die openbare uitsaaier 'n kardinale rol betreffende taalpolitiek omdat die SABC 'n invloedryke kanaal skep waardeur die regering taalpolitieke ideologieë kan propageer deur middel van die uitsaaier se taalbeleid (Du Plessis, 2006:82). Die feit is dat die SAUK vóór 1994 die staat se beleid om Afrikaans te bevoordeel, ondersteun het. Dit het 'n beduidende bydrae gelewer tot die *taalbeplanning* van Afrikaans in die uitsaaiwese en ook verder.

Du Plessis (1989:272) meen dat die anatomie van taalbeplanning 'n hegte verband met taalpolitiek deel, maar dit is belangrik om te noem dat die taalstryd en die politieke stryd afsonderlik van mekaar geïnterpreteer moet word. Hy meen aan die een kant dat die taalideale met die politieke werklikheid rekening moet hou, maar aan die ander kant dat die politieke ideale binne taal ook 'n prominente rol speel. Taalpolitiek ressorteer dus onder die sambreelterm van taalbeplanning en dit is belangrik dat die taalbeplanner tred moet hou met die politieke klimaat van die land. Die taal moet gevolglik binne die politieke raamwerk van die land beplan word en die openbare uitsaaier is 'n agent vir statustaalbeplanning in Suid-Afrika (Du Plessis, 2006:85).

2.2.2 Taalbeplanning

Oor die algemeen, verwys die term *taalbeplanning* na pogings om 'n doelbewuste uitwerking by die status, struktuur of verwerwing van taal te kataliseer (Tollefson, 2011:357). Hierdie tipe taalbeplanning behels die samestelling van taalgerigte doelwitte en ook 'n plan wat in werking gestel sal word om te verseker dat daardie doelwitte bereik kan word, wat gevolglik direk gekoppel word aan 'n taalbeleid (Tollefson, 2011:357). Cooper (1989:29) meen in dié verband juis dat die terme *taalbeplanning* en *taalbeleid* sinoniem is van mekaar.

Die term *taalbeplanning* is deur Haugen (1959) bekendgestel en hy het die term aanvanklik omskryf as die aktiwiteit waardeur 'n "normatiewe ortografie, grammatika en woordeboeke" vir 'n betrokke taal geskep word met die oog daarop om skrywers en sprekers se taalgebruik te lei (vgl. Cooper, 1989:29; Tollefson, 2011:359). Haugen (1966:933) het met betrekking tot taalbeplanning sy viervoudige beplanningsmodel bekendgestel, waar hy die stadia van taalbeplanning beskryf het. Hierdie stadia sluit in die selektering van die norme, en die kodering, implementering en uitbreiding daarvan, wat direk gekoppel kan word aan die proses van *taalstandaardisering* wat later aan bod kom.

Dit is belangrik om te noem dat etlike definisies sedertdien vir die term taalbeplanning ontstaan het (Tollefson, 2011:357; Webb, 1992:16). 'n Ander belangrike definisie is deur Fishman (1989:265) wat taalbeplanning definieer as 'n "bewustelik georganiseerde, gesaghebbende poging" om bronne vir 'n taal te allokeer (vgl. Webb, 1992:16). Hierteenoor word taalbeplanning ook omskryf as 'n sosiale benadering wat gepaard gaan met die proses en vervaardiging van 'n taalbeleid (Ngcobo, 2007:4). 'n Taalbeleid funksioneer binne 'n komplekse stelsel van sosiale, politiese, ekonomiese, godsdienstige, demografiese, opvoedkundige en kulturele faktore (Spolsky, 2004:ix) wat taalbeplanning op sy beurt beïnvloed. Carstens (2006:12) voeg dan by dat "taalbeplanningswerkzaamhede" die advisering van die regering insluit, veral rakende "die ontwikkeling van taalbeleid en oor implementeringstrategieë".

Webb (1992:17) voer in dié verband aan dat die landsregering 'n kardinale rol in die proses van taalbeplanningsprogramme speel, maar dit skep ook 'n forum vir die regering om die programme vir ideologiese propaganda te gebruik waardeur die bevolking manipuleer kan word. Dit kom dus daarop neer dat taalbeplanning gevoelig moet wees vir die konteks waarin dit plaasvind sodat dit aansluit by die aanvaarde ideologie vir die land en dit moet sover moontlik ook demokraties ingestel wees (Webb, 1992:17-18). Die regering moet derhalwe spesifieke taalbeplanningsinstrumente in werking stel, wat vervolgens toesig hou oor die taalbesluite wat geneem word (Webb, 1992:19). Cooper (1989:31) voer egter aan dat taalbeplanning nie

eksklusief onder die wakende oog van gesaghebbende instansies moet plaasvind nie, omdat dit die proses van taalbeplanning onnodig aan bande lê.

Du Plessis (1989:276-277) meen voorts dat taalbeplanning toekomsgerig is en daarop ingestel is om doelbewuste taalverandering te stimuleer en probleme in die taalveranderingsproses op te los. Alle taalbeplanningsaktiwiteite vind binne 'n sekere sociolinguistiese omgewing plaas en die aard en die bestek van die beplanning kan slegs begryp word as dit in verhouding met die omgewing gesien word (Spolsky, 2004:15). Meertaligheid kan byvoorbeeld 'n belangrike rol speel in taalbeplanning omdat sommige tale natuurlik belangriker geag sal word as ander (Webb, 1992:17). Taalbeplanning is dus ook daarop gerig om besluite rakende die toekenning van taalfunksies te neem. Dit lei vervolgens tot die onderskeid tussen *statusbeplanning* vir tale, waar taalfunksies 'n rol speel en *korpusbeplanning*, waar die beplanning van tale se “kommunikatiewe seggingskrag” en woordeskat van belang is.

2.2.2.1 Status- en korpusbeplanning

Taalbeplanning kan op verskeie maniere plaasvind, en onderskeid word dikwels getref tussen *status-* en *korpusbeplanning* (Cooper, 1989:31; Tollefson, 2011:358; Spolsky, 2004:11). Later is *taalverwerwingsbeplanning* ook by die onderskeid van taalbeplanning gevoeg (Cooper, 1989:33; Tollefson, 2011:358). *Statusbeplanning* verwys na die gepaste gebruike vir 'n sekere taalvariëteit en *korpusbeplanning* verwys na die linguistiese keuses wat gemaak moet word wanneer taal gebesig word (Spolsky, 2004:11).

Soos vroeër genoem, het Haugen (1966:933) in sy viervoudige beplanningsmodel die stadia van taalbeplanning beskryf as die selektering, kodering, implementering en die uitbreiding van taalnorme. Ngcobo (2007:5) voer voorts aan dat statusbeplanning met die selektering van die norm verband hou, terwyl korpusbeplanning oor die aspekte van kodifisering, uitbreiding en implementering handel (vgl. Cooper, 1989:31-32). Alhoewel status- en korpusbeplanning verskillende aktiwiteite behels, hou die twee met mekaar verband, wat derhalwe beteken dat die twee prosesse komplimentêr funksioneer en in 'n sekere mate onafskeidbaar is (Ngcobo, 2007:5).

Elke afdeling van taalbeplanning het egter 'n afsonderlike definisie. *Korpusbeplanning* verwys na die doelwitte wat fokus op die uitbreiding van die taal se struktuur, wat insluit die standaardiseringsprosesse, die ontwikkeling van die woordeskat, suiwering van die taal en internasionalisering (Tollefson, 2011:359). *Statusbeplanning* verwys op sy beurt na die doelwitte waarby die sosiale posisie van die taal en taalvariëteite van belang is. Dit sluit in die besluite rakende taalkwessies, soos die keuses wat gemaak moet word oor taal in die media, in skole, in

die howe en in die administratiewe afdeling van die regering. Laastens verwys *taalverwerwingsbeplanning* na die doelwitte wat verband hou met die aanleer van taal en die verspreiding van sekere inheemse variëteite sowel as koloniale tale oftewel uitheemse variëteite oor die betrokke taalgebied (Tollefson, 2011:359).

Dit is dus duidelik dat beide status- en korpusbeplanning, asook taalverwerwingsbeplanning hoofsaaklik politieke gedrewe sal wees en dit sal veral in staatskole, deur middel van die sillabus en onderrigtaal, deurgevoer word (vgl. Ngcobo, 2007:15). Binne die konteks van hierdie studie word dit ook duidelik dat die uitsaaiwese 'n prominente rol speel in die statusbeplanning (en vervolgens ook by die korpusbeplanning) van taal (vgl. Tollefson, 2011:359), omdat die media betrokke is by die instandhouding van 'n taal en ook die herlewering van bedreigde, gemarginaliseerde of minderheidstale (vgl. Du Plessis, 2006:85; Ngcobo, 2007:15).

Statusbeplanning hou verband met politieke kwessies, omdat statusbeplanning op die wetgewende keuses fokus wat 'n uitwerking het op die hertoekenning van taalfunksies (Ngcobo, 2007:5), wat derhalwe direk koppel aan die taalbeleid waarin taalwette weergegee word.

2.2.2.2 Taalbeleid

Uit bogenoemde is dit duidelik dat statusbeplanning van 'n taal direk voortspruit uit die taalbeleid van 'n land of organisasie. Tollefson (2011:357) meen dat 'n taalbeleid na implisiete sowel as eksplisiete taalbeplanning verwys wat deur amptelike liggame in domeine uitgevoer word wat wissel van die onderwys tot staatsadministrasie (vgl. Cooper, 1989:160). Dit beteken dus dat die term *taalbeleid* omskryf kan word as riglyne of reëls vir taalstruktuur, taalgebruik en taalverwerwing wat gevestig en geïmplementeer word, veral binne staatsbeheerde instansies (Tollefson, 2011:357). Reagan (1987:133) noem juis dat 'n taalbeleid 'n weerspieëling is van 'n land se spesifieke sosiale, politieke en ekonomiese konteks.

Spolsky (2004:5) verduidelik vervolgens dat 'n taalbeleid van 'n spraakgemeenskap drie komponente bevat. Eerstens word *taalpraktyke* in berekening gebring, wat fokus op die gedragspatrone wat aanleiding gee tot die selektering van sekere elemente uit variëteite wat dan tot die linguistieke repertoire en standaardisering bydra. Tweedens word die *talige oortuigings* en *taalideologie* in ag geneem en laastens kom enige pogings aan bod wat te make het met *taalverandering* of *taalbeïnvloeding* wat deur middel van intervensie, taalbeplanning of taalbestuur deurgevoer sal word. Cooper (1989:160) beskryf die prosedure van die formulering en implementering van 'n taalbeleid as 'n spiraalproses wat begin by die hoogste vlak van gesag wat dan tipies sal afdaal in wyer sirkels deur die range van taalpraktisyns wat die beleid se effekte kan ondersteun of weerstaan.

'n Taalbeleid is nie slegs polities ingestel nie; dit kan ook van toepassing wees op die uitspraak, spelling, leksikale keuse, grammatika of styl, swak taal, rassistiese taalgebruik en onsedelike, of goeie taal. Dit mag ook geld vir nie-outonome variëteite van taal en dit kan ook outonome standarde binne taal beskryf (Spolsky, 2004:40).

Dit is ten slotte noemenswaardig dat 'n taalbeleid nie net op 'n nasionale vlak gebruik word of deur slegs regeringsinstansies ingestel word nie. 'n Taalbeleid kan binne 'n sekere taalgemeenskap van enige grootte funksioneer (Spolsky, 2004:40). Die domein van die taalbeleid kan enige groep of gemeenskap wees, wat kan wissel van 'n gesin tot 'n sportspan, of buurt, industrie, organisasie, stad, nasie of streeksalliansie. Al rede waarom dit hoofsaaklik as 'n politiese aktiwiteit beskou word, is dat die regering 'n ooglopende lokus van gesag is wat die mag besit om 'n taalbeleid te kan implementeer (Spolsky, 2004:40). In die geval van dié studie is die taalbeleid van die SAUK/SABC, die openbare uitsaai-instansie van Suid-Afrika, van belang met spesifieke verwysing na Afrikaans in die taalbeleid van die uitsaailiggaam.

2.3 Standaardafrikaans in die uitsaaiwese

Die ontstaan van 'n standaardtaal geskied altyd in samehang met taalbeplanning en dit vind plaas wanneer die staat ingryp om sekere tale te bevorder deur taalwetgewing in te stel wat bepaalde taalvoorskrifte neerlê (Steyn, 1985:32). Taalwetgewing word deur onder andere die uitsaaiwese in 'n land uitgevoer (vgl. Du Plessis, 2006:85) wat ons bring by die punt dat die uitsaaiwese 'n groot bydrae lewer tot die standaardisering van taalnorme (Aitchison & Lewis, 2004:68; Botha, T.J.R., 1985:238; Cuvelier, 2006:26; Hugo, 2009:97; Mesthrie, 1994:182; Trewin, 2003:181; Van den Berg, 2000:330). Volgens T.J.R. Botha (1985:238) “het die radio en televisie seker die meeste invloed en hoogste aansien” van al die kommunikasiemedie en 'n algemene beskouing heers dat die media in staat is daartoe om die samelewing te onderrig. Hugo (2009:96) voeg by dat die Afrikaanse radiodiens “ongetwyfeld 'n enorme invloed gehad het op die uitbouing van gesproke sowel as geskrewe Afrikaans” en die standaardvorm van 'n taal is by uitstek die taal wat deur die media gebruik word (vgl. Mesthrie, 1994:182). “Die taal van die Afrikaanse radio is inderdaad landwyd nageskryf en nagepraat” (Hugo, 2009:97). Hugo gaan dan voort deur te sê dat Afrikaanse radio nie meer “hiperkorrekte Standaardafrikaans” gebruik nie. Om voorgenoemde stelling te staaf, is dit belangrik om die proses van standaardisering te verstaan, veral met die oog op Standaardafrikaans.

2.3.1 Standaardtaal en standaardiseringsprosesse

Linguistiek kan losweg gedefinieer word as die studie van taal (Mesthrie *et al.*, 2009:1). Daarbenewens is die veld van *sosiolinguistiek* baie wyd en hier gaan dit om die verskillende maniere waarop taal bestudeer word, te beskryf (Meyerhoff, 2006:1). Die sosiolinguistiek bestudeer 'n breë spektrum taalverskynsels wat wissel van 'n individu se taalgebruik, hoe 'n taalgroep binne 'n sekere konteks in verskillende omgewings taal gebruik en selfs die wyse waarop wetgewing rakende taal ingestel word. Hudson (1980:1) definieer die sosiolinguistiek opsommend as die “bestudering van taal, met betrekking tot die gemeenskap”. Die sosiolinguistiek werp dus lig op die aard van taal oor die algemeen óf dit fokus op die eienskappe van 'n besondere taal (Hudson, 1980:5). Vir hierdie studie is die konsepte *standaardtaal* en *taalstandaardisering* belangrik en beide die terme is gesetel in die natuurlike sosiolinguistiese prosesse van taal (Mesthrie *et al.*, 2009:21).

2.3.2 Die konsep standaardtaal

Volgens Carstens (2011:279) word 'n taalvorm in enige taalgemeenskap onderskei wat vir die taalgebruikers die “model” verskaf waarvolgens hulle die taal gebruik of waaraan taalgebruik gemeet word. Hierdie “model” word 'n standaardtaal genoem. Du Plessis (1988:10) meen dat die konsep *standaardtaal* 'n “onvaste begrip” in die taalkunde is, omdat nie alle variasietaalkundiges saamstem op een konkrete definisie nie (vgl. Spolsky, 2004:26; Van den Berg, 2000:1). Die dispuut rakende die konsep *standaardtaal* lê in die feit dat sommige redeneer dat dit slegs 'n “geïdealiseerde vorm” van taal is terwyl ander aanvoer dat dit tog as 'n “objektiewe werklikheid” beskou kan word (Du Plessis, 1988:10).

Minder as 'n halfeeue gelede “is die term *Algemeen-Beskaafd* (AB) in die Afrikaanse en Nederlandse vakliteratuur gebruik om na die *standaardvorm* van 'n bepaalde taal te verwys”, wat omskryf is as die “prestige”-dialek van die betrokke taal (Van den Berg, 2000:16). Dié term het egter in onbruik geraak omdat die standaardvariëteit nie meer bepalend is van die sogenaamde “beskaafdheid” van mense nie (Van den Berg, 2000:16). Die standaardvorm van 'n taal is eerder die funksionele, bodialektiese taalvorm wat algemeen binne die taalgebied gebruik word. Algemene eenstemmigheid heers juis onder linguiste dat die “standaardvariëteit 'n besondere statusposisie binne 'n bepaalde taalgemeenskap beklee” (Van den Berg, 2000:147).

2.3.2.1 Taalkundige omskrywing vir standaardtaal

Navorsing dui daarop dat 'n mate van eenstemmigheid tog onder taalkundiges heers, veral rakende die wesenlike omskrywing van 'n *standaardtaal*. Dit kom na vore uit die feit dat die sprekers in elke taalgemeenskap 'n bepaalde vorm of variëteit van die taal sal uitsonder, wat hulle dan onderskei as die uiteindelijke “prestige-vorm” van die taal (Botha, 1989:148; Crystal & Ivić, 2014; De Villiers, 1985:27; Du Plessis, 1988:33; Mesthrie *et al.*, 2009:20; Odendal, 1989:166; Ponelis, 1998:4; Webb, 1998:187). Verskeie faktore speel 'n rol in die keuse oor watter variëteit uiteindelik die standaardvariëteit sal word, onder andere kulturele, sosiale, ekonomiese, religieuse, politiese asook ander faktore (Carstens, 2002:155; Esterhuyse, 1986:4).

Fishman (1970:25) se definisie van standaardtaal sluit ook in dat die standaardvorm van 'n taal die gekose vorm sal wees wat deur amptelike instansies, die regering, onderwysinstellings en ander amptelike domeine gebruik sal word. McArthur (1992:984) en Mesthrie *et al.* (2009:20) beaam Fishman se definisie deur standaardtaal te beskryf as die taalvorm wat ook in die algemene uitgewerswese en die nuusmedia gebruik word as gepubliseerde taalvorm. Die rede hiervoor is, soos Du Plessis (1988:33) aanvoer, dat die verskillende definisies van standaardtaal berus op die doel waarvoor die definisie benodig word.

Bogenoemde definisies dui derhalwe aan dat twee premisse voorkom waarop standaardtaal voortbou: eerstens dat standaardtaal verbind word met die diegene wat oor posisies van mag, gesag en aansien beskik en tweedens, dat standaardtaal ook die pas aangee vir suiwer taalgebruik of die standaard van 'n taal voorskryf op grond van die voorkoms van die sogenaamde “prestige”-variëteit.

Dit is wel belangrik om uit te lig dat hierdie standaardvorm nie deur taalkundiges bo ander variëteite verhef word nie (vgl. Du Plessis, 1995:35; Kroes, 1995:265, Spolsky, 2004:27), maar slegs aandui dat dit 'n rol speel ter vestiging en behoud van die vorm (Odendal, 1989:167). Die variëteit word verder verhef wanneer woordeboeke en ander preskriptiewe bronne geproduseer word, wat die standaardisering van gebruiksvorme formaliseer, ten einde die kodifisering van linguistieke norme van die standaardvariëteit te fasiliteer (Crystal & Ivić, 2014).

2.3.2.2 Die begroning vir 'n standaardtaal

Inaggenome dat 'n standaardvorm nie noodwendig verhewe is bó ander variëteite binne die taal nie, is die standaardvariëteit wel die “norm waaraan die ander variëteite [in die taal] gemeet word en dit is die formele kode waaraan ‘korrek’ of ‘foutief’ gemeet word” (Du Plessis, 1988:34).

Botha (1989:148) voer dan in die verband aan dat die standaardvorm van 'n taal ook die statusvorm van die taal is omdat die variëteit die meeste aansien sal geniet met dié dat die betrokke taalgemeenskap die standaardvorm sal assosieer met “kenmerke soos gekultiveerdheid, deftigheid, verfyndheid [en] geleerdheid.” Carstens (2002:155) vermeld daarbenewens dat die standaardvorm normaalweg die dialek van die dominante sosiale, ekonomiese, kulturele of politieke groep is. Die betrokke dialek sal ook met verloop van tyd meer gebruik word as ander soortgelyke dialekte totdat dit uiteindelik die dialek word wat deur die meerderheid gebruik en verkies word. Opsommend voer Esterhuyse (1986:4) aan: “[d]ie ontwikkeling van variantstatus na standaardstatus gaan gepaard met sosio-politiese bewuswording en ontwikkeling van die betrokke groep”.

Die doel van die standaardvorm van die taal is juis om die taalgemeenskap te verenig (Fishman, 1970:25), maar Johl (2002:161,170) voer aan dat die afbakening van 'n standaardtaal ook 'n skeiding in die taalgemeenskap kan meebring. Johl (2002:161) meen dat standaardisering plaasvind binne 'n spesifieke sosio-kulturele konteks en dat 'n negatiewe sosiale effek onvermydelik altyd op ten minste een afdeling van die taalgemeenskap sal inwerk (vgl. Odendaal, 2012:63). Mesthrie *et al.* (2009:20) sluit hierby aan deur te noem dat die gekodifiseerde standaardvorm van 'n taal gewoonlik aan die subgroep in die taalgemeenskap gekoppel word wat 'n hoë status het, geleerd is of oor gesag in die gemeenskap beskik en dit sluit derhalwe 'n groot groep van die taalgemeenskap uit op grond van die feit dat hulle 'n ander variëteit gebruik. Tog redeneer Ponelis (1992:72) dat hoe meer eenvormig die standaardtaal is, hoe meer toeganklik die taal raak vir sy eie sprekers en ook aanleerders van die taal. Ponelis (1998:64) bevind ook dat “waarskynlik geen standaardtaal (bestaan) wat voor die voet deur die hele taalgemeenskap aanvaar word nie” wat die idee dat 'n standaardtaal die taalgemeenskap verenig, teëstaan.

'n Taal word derhalwe as 'n standaardtaal bestempel op grond van drie belangrike faktore (Carstens, 2002:156; 2011:279). Eerstens is dit danksy die *status* wat die taalgemeenskap aan die variëteit heg. Tweedens is dit belangrik dat die taal 'n verskeidenheid *funksies* binne die taalgemeenskap verrig en in die derde plek moet 'n gekodifiseerde *vorm* van die variëteit bestaan. In teenstelling hiermee kom niestandaardvorme van taal ook voor wat altyd in berekening gebring moet word wanneer gepraat word van standaardtaal. Carstens (2011:285) sê dat niestandaardvorme gekenmerk word aan twee elemente: eerstens kom dié vorme “nie algemeen oor die hele spraakgebied” voor nie en tweedens word dit ook nie algemeen onder alle taalgebruikers gepraat nie. Dit impliseer dat niestandaardvariëteite derhalwe beperk is tot 'n sekere geografiese gebied of 'n sekere sosiale groep mense.

2.3.2.3 Diglossie

In samehang met veeltaligheid en standaardtaal kom die verskynsel *diglossie* ook voor (Coulmas, 1998:9). Die linguïst, Charles Ferguson (1959) het die term *diglossie* geskep om die situasie te beskryf waarin twee verbandhoudende taalvariëteite binne 'n taalgemeenskap naas mekaar funksioneer en gelyktydig gebruik word (Conradie & Groenewald, 2014:50; Davies & Elder, 2004:358; Mesthrie *et al.*, 2009:38; Spolsky, 2004:134; Winford, 2003:112). Ponelis (1992:80) eggo bogenoemde definisie en meen diglossie ontstaan “wanneer standaardtaal en omgangstaal weliswaar verwante taalvorme is, maar ingrypend van mekaar verskil”.

Ferguson (1972:245) meen dié taalsituasie is relatief stabiel, maar die dinamiek tussen die betrokke variëteite is baie uiteenlopend. Tussen die vele variëteite van 'n taal bestaan 'n divergente en hoogs gekodifiseerde variëteit ook wat as die mobiliseringsmiddel vir formele geskrewe of gesproke tekste dien, wat ook hoofsaaklik vir onderrigdoeleindes gebruik word. Dié variëteit is egter nie die uitverkore variëteit vir gewone geselskap binne die taalgemeenskap nie en dit is waar niestandaardvorme 'n funksie parallel aan die standaardvariëteit begin kry, wat gevolglik aanleiding gee tot die diglossie-situasie.

Mesthrie *et al.* (2009:38) voeg by dat beide variëteite in 'n diglossie-situasie 'n bepaalde rol het, maar nie 'n oorvleuelende een nie (vgl. Deumert, 2011:275). Die dominante taal wat in sulke situasies gebruik word, verrig 'n afsonderlike funksie van die tale wat die persone andersins vir laer funksies gebruik. Faktore soos funksie en formaliteit speel 'n belangrike rol in die verskynsel *diglossie* (Du Preez, 2004:22). Spolsky (2004:134) meen juis in dié verband dat die twee onderskeibare variëteite oneweredig ingedeel word volgens linguistiese funksies wat, soos hierbo genoem word, beteken dat die een variëteit vir hoë funksies aangewend word, terwyl die laer variëteit in huishoudelike en streeksituasies binne 'n normale sosiale diskoers aangewend word.

Fishman (1967) het op Ferguson se werk uitgebrei toe hy geredeneer het dat diglossie ook binne kontekste plaasvind waarin onverwante tale ooreenkomstige linguistiese funksies binne 'n taalgemeenskap deel. Ter illustrasie kan Suid-Afrika as voorbeeld geneem word: Engels is die vierde grootse taal in die land (StatsSA, 2012:25) maar word beskou as die algemene lingua franca (vgl. Alexander, 2005:1; Mesthrie *et al.*, 2009:399; Milton, 2011:250; Ngcobo, 2007:14; Steyn, 2014:466) vir hoë funksies. Hierteenoor is Zoeloe in hierdie stadium die taal met die meeste sprekers in die land (StatsSA, 2012:25) maar dié taal word weinig vir hoër funksies gebruik, wat lei tot die afleiding dat dié taal in die meerderheid informele taalkontekste voorkom en vir laer funksies gebruik word.

Dit kom neer op die onderskeiding van “*noue* (of klassieke) diglossie” teenoor “*breë* diglossie” (Deumert, 2004:63; Deumert, 2011:275). In taalgemeenskappe waar *noue diglossie* voorkom, is dit waar die variëteite wat parallel gebruik word verband hou met mekaar op grond van die feit dat die twee variëteite tot dieselfde taal behoort, soos Ferguson (1959) aanvanklik aangevoer het. In dié situasie is die taalgemeenskap ook eenstemmig oor watter variëteit of taal die hoër funksie vervul (Deumert, 2011:276). Die laer variëteit word as die eerste taal aangeleer, terwyl die hoër variëteit net in formele situasies gebesig word (Deumert, 2004:63).

Hierteenoor is *breë diglossie* ’n taalsituasie waarin twee of meer variëteite, style of selfs tale parallel aan mekaar funksioneer (Deumert, 2011:275), maar die hoër variëteit of taal nie deur die hele spraakgemeenskap beskou word as die uitsluitlike gesuperponeerde taal nie (Deumert, 2011:276). Hier word die verskillende variëteite of tale as afsonderlike elemente binne die taalgemeenskap beskou en die verskillende variëteite of tale word vir verskillende funksies aangewend (Deumert, 2004:63). Dit is tog ook opvallend dat enige van die variëteite of tale nie ’n aanvullende funksie tot mekaar het nie en dat dit afsonderlik van mekaar gehou word.

Dit is voorts ook belangrik om te noem dat diglossie van eenvoudige situasies waarin ’n standaardtaal met sy onderskeibare dialekte voorkom, verskil (Mesthrie *et al.*, 2009:39). Die verband tussen ’n standaardtaal en sy dialekte is soms baie na aan mekaar, wat dit moeilik maak om die twee van mekaar te onderskei. Dit is juis die rede waarom Fishman (1967) die uitbreiding op Ferguson (1959) se werk gedoen het (Mesthrie *et al.*, 2009:40). Die verskynsel *diglossie* is gevolglik meer lewensvatbaar binne ’n veeltalige situasie as binne ’n situasie waarin verskillende variëteite of dialekte van dieselfde grondtaal betrokke is.

2.3.2.4 Gesproke teenoor geskrewe taal

In die konteks van standaardtaal word aangevoer dat standaardisering nie iets is wat ten volle kan plaasvind nie, omdat slegs geskrewe taal volkome gestandaardiseer kan word (Milroy & Milroy, 1991:22), terwyl geen gesproke taal ten volle gestandaardiseer kan word nie (Milroy & Milroy, 1991:24). In teenstelling hiermee voer Carstens (2011:293) aan dat goeie en duidelike uitspraak ’n kardinale rol speel ter bevordering van ’n taal se standaardvariëteit omdat duidelike uitspraak gekoppel kan word aan die idee dat meer mense binne die taalgemeenskap dit sal verstaan.

Combrink (1998:11) meen dat sommige mense onder die indruk verkeer dat “spreektaal minderwaardig en die skryftaal meerderwaardig is”, maar hy sê dat spreektaal in twee opsigte verhewe is bo die skryftaal: kinders leer om te praat voor hulle skryf en binne die geskiedenis

van 'n "natuurlike taal kom die skryftaal tot stand lank nadat die spreektaal bestaan" (vgl. Hemphill, 2011:77).

Hemphill (2011:70) tref duidelik onderskeid tussen gesproke en geskrewe taal omdat geskrewe taal op verskeie wyses van die gesproke diskoers verskil. Gesproke taal vind nie so vloeiend en vlot plaas soos geskrewe taal nie omdat gesproke taal dikwels vals inleidings (*false starts*) bevat, wat behels dat woorde of sinne afgesny word voordat dit voltooi word of wanneer die spreker homself in die rede val en moontlik die sin van voor af begin (Hemphill, 2011:71). Vervolgens sal leksikale en sintaktiese keuses by gesproke taal ook anders wees as by geskrewe taal waar die reëls meer rigied is.

Buitetalige verskille kom ook tussen geskrewe en gesproke diskoers voor omdat die gehoor by geskrewe tekste grootliks onbekend is aan die produsent van die teks, waar gesproke teks dikwels sal plaasvind met 'n gehoor waar die spreker bewus is van die verwagtinge van die ontvangers (Hemphill, 2011:72). Hiermee saam is dit belangrik om te verstaan dat die luisteraar van gesproke teks die inligting gelyktydig verwerk terwyl dit geproduseer word en stukkies inligting verlore kan gaan, maar die leser by geskrewe tekste die teks tydsaam kan analiseer en oorlees wat daartoe lei dat meer sin uit geskrewe tekste geput kan word (Hemphill, 2011:71).

Dit gebeur ook dat geskrewe taal op 'n gesproke wyse oorgedra word, soos in die geval van 'n openbare spreker wat 'n toespraak aflees (Brown & Yule, 1983:7). Die aard van die taalgebruik in so 'n situasie is egter baie vereenvoudig, sodat die gesproke lewering daarvan maklik kan geskied. Hierdie soort gebruik behels voorts ook die verwydering van woorddigte sinne om gedagtes makliker begrypbaar te maak op die oomblik wanneer die luisteraar dit hoor (Brown & Yule, 1983:7). Die voorafgaande sluit aan by die wyse waarop nuus oor die radio uitgesaai word.

Botha, J.P. (1985:352) beklemtoon voorts die belangrikheid van konvensies by gesproke taal, wat by die spreker en hoorder moet ooreenstem ten einde mekaar te verstaan. "Stemtoon, aksentuering, handgebare, ensovoorts" word alles ingespan by gesproke taal om beter begrip te bewerkstellig.

Carstens (2011:275;293) meen op sy beurt ook dat standaardtaal berus op goeie grammatika en spelling, maar goeie gesproke taal is gesetel in standaarduitspraak. Standaarduitspraak is egter 'n ideaal wat nie noodwendig uitvoerbaar is nie weens baie variasie in die uitspraak van klanke, wat vervolgens toegeskryf kan word aan verskille binne die taalgemeenskap (Carstens, 2011:293). Riglyne kan wel verskaf word vir die korrekte uitspraak van sekere klanke in normale taalgebruikssituasies, naamlik dat goedversorgde uitspraak eerstens "duidelik *hoorbaar* moet wees, dit *natuurlik* (moet) wees, dit nie *opvallende* persoonlike of maatskaplike eienskappe

(moet) te vertoon nie [en] dit nie *slordig, dialekties* of *aanstellerig* (moet) wees nie.” Carstens (2011:294) meen in dié verband dat die taalgemeenskap waarskynlik toonaangewendes, soos radio-omroepers en nuuslesers, se uitspraak as korrek sal beskou en hulle uitspraak sal navolg.

Roos (1957:17) meen juis die uitsaaiwese het die geskrewe woord lewe gegee en dit het ’n sensitiwiteit by die luisteraars geskep om die “skoonheid van die gesproke woord en die delikate nuanses van die taal” in te neem. Die gesproke vorm van taal lok baie meer betekenis en interpretasie by die luisteraar uit namate die verandering by intonasie, die stemtoon en klemverskuiwings plaasvind. Dit is wel noemenswaardig dat ’n radionuusbulletin geskrewe teks is wat op ’n gesproke wyse oorgedra word en die gesproke teks allermens spontane taalgebruik is, terwyl die geskrewe teks geskryf is vir ’n gesproke situasie (Schwarzmeier, 2006:1). Die rede vir die voorbereide en versorgde taalgebruik oor die radio en op televisie is hoofsaaklik dat die radio ’n rol in taalnormering en standaardisering speel (Carstens, 2011:27, 294, 328).

2.3.3 Die proses van taalstandaardisering

Johl (2002:161) sê dat *standaardisering* beskou word as ’n tegniese proses wat deur taalspesialiste uitgevoer word om taal hoofsaaklik eenvormig te maak ten einde effektiewe kommunikasie te bevorder. Tog is dit noemenswaardig dat standaardisering ’n langdurige proses is wat jare neem om te realiseer, indien ooit (Carstens, 2002:151). Die standaardisering van ’n taal staan in noue verband met die *korpusbeplanning* en *statusbeplanning* (Deumert, 2004:2) van ’n taal.

Crystal en Ivić (2014) voer voorts aan dat standaardtale ontstaan wanneer die sprekers begin om ’n sekere dialek in ’n geskrewe vorm te gebruik. Sprekers begin ook om die dialek te gebruik in domeine wat verder strek as blote sosiale funksies. Die benadering lei vervolgens tot die minimalisering van variasie in die dialek en die ontwikkeling tot standaardvorme en normvestiging in die taal (vgl. Deumert, 2004:3). Tale wat nie oor ’n geskrewe vorm beskik nie, word as dialekte gekenmerk en word beskou as niestandaardtaal (Ponelis, 1998:13). Dialekte is hoegenaamd nie “minderwaardig” teenoor standaardtale nie.

2.3.3.1 Haugen se model van taalstandaardisering

Haugen (1966:930) voer aan dat die proses van taalstandaardisering direk gekoppel kan word aan die geskiedenis van die nasie wat die taal gebruik. Namate die gemeenskap ’n gevoel van samehorigheid ontwikkel, veral met betrekking tot die regering, is dit ’n natuurlike verskynsel dat taal in baie gevalle die eenheid van die groep simboliseer. Afgesien van dié sosio-politiese

redes vir standaardisering, bestaan ook die blote groei en natuurlike uitbouing van die dialek om tegniese, terminologiese en wetenskaplike redes wat gevolglik ook standaardisering noodsaak (Crystal & Ivić, 2014; Haugen, 1966:930; Milroy & Milroy, 1991:22).

Odendaal (2012:51) het bevind dat verskeie deskriptiewe raamwerke al oor die jare heen vir die proses van taalstandaardisering geformuleer is, maar by nadere beskouing van die onderskeie modelle, blyk dit of Haugen se oorspronklike taalbeplanningsmodel 'n groot impak gehad het op die onderskeie navorsers wat hul eie modelle ontwikkel het. Alhoewel Haugen se model verouderd is, is dit tog steeds een van die mees invloedryke bydraes tot taalstandaardisering soos dit vandag steeds bestudeer word (Odendaal, 2012:51). Kotzé (2009:1) maak ook gebruik van Haugen se model wanneer hy oor die standaardisering van Afrikaans skryf.

Haugen (1966:933) bevind dat vier kardinale aspekte van taalontwikkeling voorkom wat standaardisering laat plaasvind, naamlik die *selektering* van die norm, die *kodifisering* van die vorm, die *uitbreiding/implementering* van taalfunksies en laastens die *aanvaarding* van die standaard deur die taalgemeenskap wat gepaard gaan met die uitbreiding van die woordeskat (vgl. Kotzé, 2009:1; Odendaal, 2012:52-53). Die eerste twee stappe verwys hoofsaaklik na die vorm van die taal terwyl die laaste twee betrekking het op die funksie van taal. Dit is dan voorts ook noemenswaardig dat hierdie proses nie alleen op die taal gerig is nie, maar ook ingestel is op die sprekers wat die taal gebruik. Odendaal (2012:52) voer in dié opsig aan dat sy Haugen se model nuttig vind “omdat dit standaardisering nie slegs as korpusbeplanningsaktiwiteit beskou nie, maar ook as 'n statusbeplanningsaktiwiteit (vgl. Kotzé, 2009:1).

2.3.3.2 Ander benaderings van taalstandaardisering

Afgesien van Haugen se baanbrekerswerk het ander linguïste ook hulle eie benaderings tot taalstandaardisering geformuleer, veral met die oog op Afrikaans. Coetzee (1982:276) het die onderskeid getref tussen *formele* en *informele* standaardisering op grond van Wofram en Fasold (soos aangehaal deur Coetzee, 1982:276) se werk wat uit 1974 dateer. *Formele standaardisering* behels die preskriptiewe aspek van taal deur middel van voorskrifte in grammatikaboeke en woordeboeke en die belangrikheid van taalvestiging in die vorm van geskrewe taal (Coetzee, 1982:276). Daarteenoor vind *informele standaardisering* plaas sonder die hulp van preskriptiewe bronne. Dit is 'n situasie waarin sprekers nie bewustelik nie die taalgewoontes van dié wat hulle bewonder, aanneem, wat die kwessie van status op grond van taal benadruk.

Ook Ponelis (1998:64) se benadering tot taalstandaardisering moet in aanmerking geneem word, wat lui dat drie fasette binne die proses gevind kan word, naamlik veralgemening,

normering en kodifisering. Veralgemening handel oor die transendering van verskille binne die variëteite en dialekte sodat die standaardvorm neutraal is. Normering behels die onderskeiding van die “korrekte” vorm (Ponelis, 1998:65), terwyl kodifisering laastens die prosedure behels waardeur standaardtaal in woordeboeke opgeneem word (Ponelis, 1998:66). Wanneer ’n mens na beide Haugen en Ponelis se modelle kyk, kan die oorvleueling duidelik bespeur word wat betref Haugen se invloed op ander taalkundiges se modelle rakende taalstandaardisering.

Kotzé (2009:1) het ook baie navorsing op die gebied van taalstandaardisering gedoen, óók met ’n fokus op Afrikaans. Hy meen dat standaardisering op tradisionele wyse ’n “bepaalde roete” volg. Eerstens ondergaan die taalvorm ’n proses van aanpassing, wat ook verband hou met korpusbeplanning, en tweedens sal die taal “amptelike sanksie ontvang, wat voorts gekoppel kan word aan statusbeplanning. Hierdie twee aspekte is interafhanklik, maar kan ook afsonderlik funksioneer.

Ná ’n sekere standaardiseringsproses binne ’n taal word die prestige-variëteit toenemend binne die taalgemeenskap gebruik en die taal begin belangrike funksies vervul (Carstens, 2002:155). Dit is belangrik vir ’n taal om oor hierdie hoë funksies te beskik, aangesien dit verantwoordelik is vir die bevordering van die taal se status by die taalgemeenskap.

Taalstandaardisering is ook ’n sentrale aspek van korpusbeplanning in taal omdat ’n stel eenvormige linguistiese norme neergelê moet word (Mesthrie *et al.*, 2009:372). Nie alle tale verkeer egter op dieselfde vlak van standaardisering nie, en afgesien van die prosesse binne taalstandaardisering kom verskillende fases van standaardisering ook voor wat onderskei kan word, soos deur Cobarrubias (1983:43-44) aangestip.

Eerstens kom *ongestandaardiseerde gesproke tale* voor waarvan geen skryfsisteem nog geskep is nie. Tweedens word die *gedeeltelik gestandaardiseerde of ongestandaardiseerde geskrewe tale* aangetref wat verwys na tale wat in gesproke situasies gevestig en waarvan skryfsisteme onlangs ontwikkel is, maar daar kom steeds talle variasies voor, veral in die morfologiese en sintaktiese sisteem. Geen amptelike standaardisering het al by sulke tale plaasgevind nie. Derdens tref ons die *jong standaardtaal* aan wat vir ’n spesifieke doel gestandaardiseer is, soos byvoorbeeld vir onderrig- en administrasiedoeleindes, maar wat nog nie voorsiening maak vir tegnologiese, wetenskaplike, hoëronderrig- en navorsingsituasies nie. In die vierde plek word die *argaïese standaardtaal* aangetref wat verwys na ’n taal wat algemeen in ’n pre-industriële tyd gebruik is, maar waar die taal se woordeskat en register tekort skiet as dit kom by moderne wetenskaplike en tegnologiese situasies. Laastens kom die *volgroeide, moderne standaardtaal* voor wat op alle gebiede van kommunikasie aangewend word, veral op tersiêre vlak in die wetenskaplike en tegnologiese domeine.

2.3.3.3 *Preskripsie en deskripsie by standaardisering*

Afgesien van die modelle wat by taalstandaardisering betrokke is, is dit ook belangrik om die onderskeid tussen *preskripsie* en *deskripsie* te verstaan. Mesthrie *et al.* (2009:20) voer juis in die verband aan dat die konsep *standaardisering* nouliks gekoppel kan word aan preskripsie in taal. Taalstandaardisering en dan ook taalnormering kan op twee wyses deur taalkundiges geïmplementeer word (Carstens, 2011:19) omdat hierdie twee wyses 'n kardinale rol speel in die besluitneming van taalbeplanning (Cooper, 1989:88). In die eerste instansie kan taalkundiges *preskriptief* optree deur voorskrifte aan die taalgemeenskap te gee wat sal uitstippel hoe die sprekers die taal behoort te gebruik (vgl. Cooper, 1989:88). In teenstelling hiermee kan taalkundiges bloot die taal beskryf en opteken (*deskripsie*) soos die verskeidenheid sprekers die taal daaglik gebruik. Dit dui dan aan hoe taalkundiges betrokke is by die vestiging en stabilisering van die taal (Odendal, 1989:167) maar dat hulle nie die seggenskap het om 'n standaardvorm af te dwing nie.

Carstens (2011:19) meen dat deskriptiewe analise uiteindelik 'n preskriptiewe hoedanigheid kan aanneem omdat deskripsie kan aantoon hoe 'n sekere verskynsel in taal die voorkeur van die taalgemeenskap ontvang. Spaarwater (soos aangehaal deur Carstens, 2011:19) som dit op as die taalgebruiker wat die taal en taalnorme (of in die konteks die standaardvorm) skep, maar die taalkundige wat die taalnorme orden en opteken.

In Afrikaans speel die Taalkommissie 'n kardinale rol in die preskripsie en normering van Afrikaans maar hulle is ook besig met die beskrywing van die taal soos die taal deur die taalgemeenskap gebruik word (McLachlan, 2012:26). Die preskriptiewe, normerende, maar veral die deskriptiewe benaderings van die Taalkommissie word gesteun deur die gebruik van korpora wat deur die kommissie self ingesamel en saamgestel is. Dit beteken dat hulle aandag skenk aan die korpusbeplanning van Afrikaans, deur middel van deskriptiewe en ook preskriptiewe taalkunde.

2.3.3.4 *Taalnormering*

Norme in die taalkunde is nie werklik een van die maklikste konsepte om te begryp nie, omdat “reeds so baie oor norme gesê en gespekuleer” is (Odendal, 1989:1). Odendal meen dat dit “onmoontlik is om ... 'n poging aan te wend om 'n oorsig daaroor te gee”, juis weens die massa inligting wat insake die onderwerp beskikbaar is (vgl. Carstens, 2011:1).

Norme kan omskryf word as “algemene verwagte patrone van optrede” (Joubert, 1995:167), terwyl *taalnorme* gedefinieer kan word as natuurlike, meesal onbewuste, maatstawwe, riglyne of

standaarde waaraan die gepastheid van taaluitings deur taalgebruikers beoordeel word (Bartsch, 1987:166; Carstens, 2011:4; De Villiers, 1977:1; Gross, 2005:2; Joubert, 1995:167; Odendal, 1989:2; Schreuder, 1996:94-95; Steyn, 1985:18; Van Wyk, 1978:100; Webb, 1985:75). Norme in die taal hou weinig verband met die spelling van 'n woord, “omdat die spelling vas is” (De Villiers, 1977:2). Norme kom wel ter sprake by die gebruik van taal en die norme verskil “volgens die gebruiksfunksies van die taal” (vgl. Carstens, 2011:3). Volgens Carstens (2011:3) word mense “wat daagliks met 'n taal werk in die beoefening van hulle beroep, ... gereeld gekonfronteer met normatiewe kwessies”.

2.3.3.4.1 Die doel van taalnorme

Norme is die basis waarop die standaardgebruik van 'n taal gebou word en “daar is verskillende norme vir formele en vir informele geleenthede; vir gesproke en vir geskrewe vorme, ens.” (De Villiers, 1977:2). Spolsky (1998:73) verduidelik dat 'n verwagting by mense bestaan dat taalreëls neergelê word, dat die reëls nie dubbelsinnig is nie en dat dit toegepas word. Hierdie taalreëls word norme genoem wat verband hou met die preskriptiewe taalkunde soos by die vorige punt bespreek.

Carstens (2011:15) verduidelik dan wat die doel van normering is op grond van Steyn (1985) se artikel *Algemene aspekte van taalnormering*. Steyn (1985:25) voer op hierdie punt aan dat taalnorme belangrik is om grammatikale en pragmatiese reëls by die sprekers tuis te bring. Solank die grammatika en pragmatika van taal van goeie gehalte is, sal kommunikasie bevorder word en sosiale hervorming positief beïnvloed word. Voorts benadruk Steyn (1985:32) die belangrikheid van taalstandaardisering wat die riglyn en kontrolebron van taal verteenwoordig en taalsuiwerheid (Steyn, 1985:36) wat ook verstaanbaarheid en taaloorlewing bevorder. Steyn (1985) verskaf dan nog 'n aantal ander doelwitte van taalnormering, maar Carstens (2011:15-16) lig slegs bogenoemdes uit en voeg ook laastens by dat taalnormering belangrik is vir versorgde taalgebruik om koherensie te bevorder en goeie, verstaanbare kommunikasie te bewerkstellig.

2.3.3.4.2 Soorte taalnorme

Webb (1983:707; 1985:76) onderskei tussen verskillende soorte taalnorme. In die eerste plek *kommunikasienorme* oor wat verband hou met die boodskap wat oorgedra en geïnterpreteer word. Webb (1983:707; 1985:76) noem dat Odendal die tipe norme as 'n “absolute of universele norm” beskou. In die tweede instansie vind ons Van Wyk (Webb, 1983:707; Webb, 1985:76) se norme vir linguistiese interaksie, wat *gespreksnorme* genoem kan word. Dit handel oor die

konvensies van gesprekvoering (bv. hoe gegroet word). Derdens tref ons *grammatikale* norme aan “wat sprekers verplig om taalvorme te bou volgens die sg. grammatikareëls van die taal”. Laastens is daar Van Wyk se *sosiolinguistiese* norm. Dié norm behels “maatstawwe waaraan die gepastheid van taaluiting[s] ... beoordeel word”.

Odendal (1989:2) het ook op sy beurt tussen taalnorme onderskei en sy indeling was onderskeidelik universele taalnorme, inherente taalnorme en voorskrywende taalnorme.

Carstens (2011:25) het voorts op grond van Webb en Odendal se werk sy eie onderskeiding van taalnorme geskep. Carstens (2011:26) redeneer dat taalnorme soos volg ingedeel kan word: universele norme (of kommunikasienorme), interne norme en eksterne norme. Universele norme geld vir alle tale en dit handel hoofsaaklik daaroor om dubbelsinnigheid te vermy en die regte woord binne die gepaste konteks te gebruik (Carstens, 2011:26). Interne norme is taalnorme wat eie is aan die struktuur van ’n spesifieke taal en die klem val hier op die unieke sintaktiese, morfologiese, semantiese en fonetiese aspekte van ’n taal. Laastens, in die geval van eksterne norme, kan verduidelik word dat dit handel oor die pragmatiese korrektheid van taalgebruik wat insluit die korrekte spelling en interpunksie, die gebruik van standaardtaal, die strewe na taalsuiwerheid, die toepassing van styl en die gebruik van woordeboeke en ander taalhandboeke wat van hulp kan wees vir die gebruik van goeie, korrekte taal.

2.3.3.4.3 Die rol van purisme by taalnormering

Uit bogenoemde indeling van soorte taalnormering, is dit opvallend om te sien dat by taalnorme ’n premie geplaas word op taalsuiwerheid, of anders gestel, taalpurisme.

Taalpurisme is volgens Thomas (1991:10) ’n tweeledige aktiwiteit wat enersyds behels dat enige vreemde invloede in ’n taal verwyder moet word en andersyds dat dit vervang moet word met inheemse taalelemente wat die karakter van die taal ondersteun. Taalpurisme neem dus die vorm van preskripsie aan (Thomas, 1991:11) en speel ook ’n kardinale rol in die aktiwiteit van taalbeplanning (Thomas, 1991:219).

Combrink (1997a:11) het egter ’n unieke, dog relevante siening oor purisme wanneer hy verduidelik “Purisme is nie die hoogste norm as dit by taalgebruik kom nie. Die hoogste norm is duidelikheid, die eerste keer, Anders gestel: 100% kommunikasie die eerste keer. Alle ander norme ... behoort ondergeskik te wees aan hierdie norm.” Hierdie saak handel daaroor dat taalpurisme kommunikasie kan bevorder, maar dit is eerder belangriker om die boodskap 100% die eerste keer oor te dra sonder dubbelsinnigheid as om die taal sover moontlik suiwer te hou.

2.3.3.5 Herstandaardisering en destandaardisering

Soos reeds genoem, is taalstandaardisering grootliks afhanklik van die geskiedenis van die taal binne die taalgemeenskap (Haugen, 1966:930). Dit beteken derhalwe dat enige sosio-ekonomiese verandering binne hierdie konteks 'n gevolglike uitwerking op die taal sal hê (Kotzé, 2010:153). Dit bring ons dan by die konsepte *destandaardisering* en *herstandaardisering*. Kotzé (2010:154) definieer *herstandaardisering* as 'n herdefiniëring van die standaard van 'n taal waar nuwe norme toepaslik word. *Destandaardisering* word daarteenoor omskryf as die omgekeerde proses van standaardisering waar die taal sy mag verloor deur byvoorbeeld die inkorting van die taal se hoë funksies en die normering van die taal te beëindig. Hierdie twee elemente speel dus ook 'n kardinale rol in die standaardiseringsproses.

Odendaal (2012:7) brei op bostaande definisie uit wanneer sy aanvoer dat herstandaardisering nie alleen die herdefiniëring van die taal inhou nie, maar dat dit ook handel oor die regstelling van politieke onregte wat soms in die taal plaasgevind het. Só ook het die destandaardisering van taal 'n politiese ondertoon omdat die regering die seggenskap het op die funksietoekenning van taal, veral in die hoedanigheid van 'n ampstaal (Kotzé, 2010:163).

Wat die proses van herstandaardisering betref, redeneer McLachlan (2012:28) dat dit nie 'n "teoretiese of akademiese proses behels waardeur elemente van streekvariëteite formeel tot die standaardvariëteit toegevoeg word" nie. Die belangrikste aspek van 'n taal is die sprekers; derhalwe moet die taalgemeenskap vertrou wees met die standaardvariëteit van 'n taal asook met die funksiedomeine waarin dié variëteit normaalweg gebruik word. Dit beteken dat die onderrig van die standaardvariëteit by die jonger geslag van kardinale belang is, ten einde te verseker dat die herstandaardiseerde standaardtaal inslag by die taalgemeenskap sal vind. Hiermee saam redeneer Kotzé (2009:6) dat standaardisering en herstandaardisering 'n voortdurende proses by 'n lewende taal is.

2.3.3.6 Taalverandering

"Mense is gebore om te praat, maar kan nie tydens geboorte al praat nie" (Coulmas, 2005:1). Namate die persoon grootword, groei sy taalvaardighede, wat beteken dat taal, soos die mens, evolusie ondergaan het (Coulmas, 2005:2). Dit bring die kwessie van taalverandering na vore en Raidt (1989:173) voer in die verband aan: "... elke lewende taal is gedurig besig om te verander omdat elke geslag sprekers en elke individuele spreker die taal opnuut verwerf, gebruik en oordra". *Taalverandering* behels die verandering binne 'n taal oor 'n sekere tydperk heen (Aitchison, 2013:4; Conradie, 2014:61; Crystal, 2008:266; Mesthrie *et al.*, 2009:109, Raidt, 1991:173).

Odendal (1996:15) beskou taalverandering as 'n "natuurlike proses wat eerder verwelkom as teëgegaan moet word", aangesien dit onvermydelik en onstuitbaar, maar ook wenslik is. Dit gaan ook hier oor "verandering in óf die kode óf taalgebruik van 'n spesifieke variëteit", of in albei (Verhoef, 1991:23). Mesthrie *et al.* (2009:110-111) meen juis dat variasie in taal aanleiding kan gee tot taalverandering, maar dit is nie in alle gevalle waar nie.

Weinrich, Labov en Herzog (soos aangehaal deur Mesthrie *et al.*, 2009:110) voer aan dat die observering van verandering in tale fyn waarneming binne die taalsisteem vereis en die sosiale sisteem waarin die taal gebruik word by die waarnemings in ag geneem moet word. Aitchison (2013:143-153) voer juis aan dat taalverandering plaasvind weens verskeie sosiolinguistiese faktore soos modeneigings in taal, die invloed van vreemde tale wat lei tot ontlening of net doodeenvoudig 'n behoefte wat binne die taaldomein ontstaan. Hierdie faktore word nie noodwendig as oorsake van taalverandering beskou nie; eerder beskou as elemente wat die proses van taalverandering versnel deur neigings aan te moedig wat moontlik reeds in die taal bestaan (Aitchison, 2013:159).

Raidt (1994:16) meen dat verskillende prosesse van taalverandering aangetref word, naamlik normale taalverandering, taalkontak en taalversteuring en laastens pidginisering en kreolisering van die taal. Normale taalverandering hou verband met die gewone ontwikkeling van 'n taal Raidt (1994:16) en Ponelis (1989:11) meen ook dit is taalverandering wat ontstaan sonder enige eksterne invloede. Dit behels gewoonlik "geleidelike verskuiwingsprosesse en die uitskakeling van oorbodige vorme" (Raidt, 1991:173). Taalversteuring is vervolgens 'n reaksie op langdurige taalkontak wat ook beskryf kan word as versteuring van 'n taal weens 'n meertalige situasie waar verskynsels soos ontlening en taalbeïnvloeding 'n beslissende rol speel (Raidt, 1994:19). Laastens kan taalverandering ook plaasvind binne sekere kontaksituasies waar 'n *pidgin* of selfs *kreoolse* taal kan ontstaan (Raidt, 1994:20-21). Omdat taal so lank reeds deel uitmaak van die mens, kan verandering in taal en die rigting waarin die verandering sal plaasvind, voorspel word omdat 'n reëlmatige patroon daarin waargeneem word (Aitchison, 2013:117).

Taalverandering word ook in sommige gevalle deur sekere taalliggame deurgevoer omdat dié betrokke liggame 'n mandaat het om dit te doen (Verhoef, 1991:23), aangesien taalverandering 'n noue verband met die standaardiseringsproses deel (Aitchison, 2013:243; Jones & Singh, 2005:122; Milroy, 1999:39, Milroy, 2001:535; Roux, 2001:25). 'n Openbare uitsaaier is 'n voorbeeld van 'n liggaam wat 'n belangrike rol speel in die normering en standaardisering van 'n taal, wat derhalwe beteken dat taalverandering ook deur uitsaaiers in berekening gebring moet word.

Vir Afrikaans behels taalverandering dat elemente van die omgangstaal nie net as deel van Standaardafrikaans erken moet word nie, maar selfs verwelkom moet word (Odendaal, 1996:15; Odendaal, 2012:5). Odendaal (2012:108) weerspreek egter bogenoemde stelling deur aan te voer dat die implementering van 'n standaardtaal juis gesien kan word as 'n "reaksie op die vrees vir taalverandering. Taalverandering kan lei tot die versplintering van taal en die uiteindelijke ontwrigting van die samelewing." Taalverandering en taalstandaardisering funksioneer derhalwe in simbiose met mekaar (Aitchison, 2013:243), maar of die verhouding positief of negatief is, word deur die situasie bepaal. Taalverandering is buite die beheer van taalkundiges en dit kan nie juis soos die standaardtaal bestuur word nie.

Wanneer taalverandering eers binne die standaardtaal posvat, kan dit nie sommer teengewerk word nie (Aitchison, 2013:243) en Odendaal (2012:36) stel dat standaardisering as 'n spesiale vorm van taalverandering beskou kan word wat dan koppel met die gevolglike kwessie van herstandaardisering. Herstandaardisering kan ook by benadering beskou word as natuurlike taalverandering in die rigting van interne taalnorme wat deur amptelike taalreëls ondersteun word (Bruthiaux, 2006:32). Dit is derhalwe by herstandaardisering en taalverandering belangrik om kennis te neem van variasie in taal, veral omdat Afrikaans 'n taal is wat inherente variasie bevat.

2.4 Standaardafrikaans

Standaardafrikaans is nie gelyk aan Afrikaans nie, omdat Standaardafrikaans slegs een van die *variëteite* van Afrikaans is (Ponelis, 1992:71). Soos vroeër genoem, redeneer Carstens (2002:156; 2011:279) dat 'n standaardtaal aan sekere faktore, naamlik status, funksie en vorm moet voldoen ten einde dit as die standaardvariëteit te kan beskou. Carstens (2011:280) wys daarop dat een variëteit in Afrikaans voorkom wat aan al hierdie vereistes voldoen, naamlik die variëteit *Standaardafrikaans*.

Combrink (1986:49) benader die konsep Standaardafrikaans as synde die "taalvorm waaraan niemand agterkom uit watter geografiese of sosiale agtergrond die gebruiker kom nie, en waaraan niemand aanstoot neem nie". Ponelis (1998:4,54) eggo Combrink se definisie wanneer hy aanvoer dat Standaardafrikaans die "inklusiewe en toonaangewende variëteit van Afrikaans" is, terwyl Carstens (2011:282) dit verduidelik as "daardie variëteit van Afrikaans wat deur die Afrikaanse spraakgemeenskap aanvaar word as die taalvorm wat die algemeenste gebruikswaarde het oor die hele Afrikaanse taalgebied" (vgl. McLachlan, 2012:19-20). Combrink (1997b:13) voer aan dat Standaardafrikaans dikwels foutief geïnterpreteer word as die enigste "korrekte manier" van skryf en praat. Dit is egter nie so nie, omdat Standaardafrikaans slegs één van vele variëteite van Afrikaans is.

Standaardafrikaans verskil ook van *Omgangsafrikaans* op grond van die feit dat Standaardafrikaans hoër aansien geniet en die gebruik daarvan verheer is bo Omgangsafrikaans (Ponelis, 1992:71). Standaardafrikaans word ook bestempel as die formele styl vir Afrikaans maar dit is noemenswaardig dat Standaardafrikaans veral voorrang by die skryftaal geniet, terwyl Omgangsafrikaans in die meerderheid gesproke situasies gebruik sal word en die vorme soms dialektiese kenmerke bevat. Die onderskeid tussen Standaardtaal en Omgangstaal lei daartoe dat duidelike diglossie by Afrikaans teenwoordig is (Ponelis, 1992:79).

Afrikaans is 'n lid van die Indo-Europese taalfamilie, 'n dogtertaal van Nederlands en die taal is 'n direkte resultaat van “intensiewe interaksie” met ander tale oor 'n lang tydperk (Conradie & Groenewald, 2014:27,34; Du Plessis, 2001:70). Die geskiedenis van Afrikaans is tweeledig, naamlik die Europese agtergrond van die taal in sy Nederlandse vorm en die wortels wat die taal ook in die Afrika-kontinent het sedert April 1652 (Carstens, 2002:151). Die rede hiervoor is dat Afrikaans sy oorsprong uit Nederlands het, toe “'n variëteit van Nederlands (in 1652) op die Afrika-bodem oorgeplant” is (Raidt, 1991:89). Tot vandag toe is byna 95% van die Afrikaanse woordeskat van 'n Nederlandse herkoms (Raidt, 1991:173). Deumert (2004:1) voeg dan ook by dat Afrikaans die enige taal is wat uit 'n pidgin/kreoolse ontstaan ten volle gestandaardiseer kon word. Afrikaans is ook die enigste taal wat die taal waarvan hy afgestam het, naamlik Nederlands, ten volle kon vervang.

Afrikaans se paadjie kan teruggevoer word na wortels van die Nederlandse taal in Europa wat tot 7 000 jaar terugdateer (Carstens, 2013a:22). Hierdie verloop sluit die ontwikkeling van Nederlands in, soos die taal uit die Germaanse taalfamilie ontstaan het (vgl. Carstens, 2013a:23; Conradie & Groenewald, 2014:28-31). Vandaar kan die Nederlandse taalgeskiedenis in drie fases opgedeel word, vóór Afrikaans daaruit ontstaan het (Carstens, 2013a:23). Eerstens was daar die fase van Oud-Nederlands (400-1150 n.C.) wat die ontstaan van Nederlands insluit. Daarna vind ons die fase van Middelnederlands (±1150-1550) wat die ontstaan van belangrike, eiesoortige dialekte insluit, naamlik Brabants, Hollands, Limburgs en Vlaams. Laastens breek die Nieu-Nederlandse fase (±1550 tot later) aan, wat die belangrikste fase is omdat dit ook die vorm van die Nederlandse taal is wat die eerste nedersetters aan die Kaap gebruik het (Carstens, 2013a:23).

2.4.1 'n Bondige ontstaansgeskiedenis van Standaardafrikaans

Hugo (2009:40) skryf dat Afrikaans natuurlik “nie uit die blou ... lug geval het nie. Dit het oor 'n tydperk van ten minste 150 jaar ná 1652 tot stand gekom.” Sedert die stigting van die verversingspos aan die Kaap gedurende die 17de eeu het Nederlands en vroeë vorme van Afrikaans met Khoi- en Santale, Duits, Frans, Portugees en Engels in aanraking gekom asook

met die tale van slawe wat sedert 1654 van Indonesië, Madagaskar, Indië en ook elders in Afrika afkomstig was (Carstens, 2002:153; Conradie & Groenewald, 2014:27,35-39; Du Plessis, 2001:71; Hugo, 2009:13-15; Raidt, 1991:89-93). Die rede vir hierdie meertalige dinamiek aan die suidpunt van die Afrika-kontinent is die groot neiging van Europese migrasie wat aan die orde van die dag was (Steyn, 1980:103). Dit is danksy dié taalkontak dat die eerste standaardvorm van Afrikaans die lig kon sien (Conradie & Groenewald, 2014:28)

Gedurende hierdie vormingstydperk van Afrikaans moes die taal reeds baie verdrukking verduur in die vorm van die Britse kolonialisering aan die Kaap (McLachlan, 2012:17-18; Steyn, 1980:124-131). Nietemin het verskeie variëteite van Afrikaans teen 1700 tot stand gekom, waarvan die drie belangrikste soorte Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans insluit (Carstens, 2002:154; Hugo, 2009:16; Loader, 2005; Van Rensburg, 1989:438). Alhoewel Grebe (1999:56) nie ten volle met die voorgenoemde variëteit-indeling en definiëring saamstem nie, sal vir doeleindes van hierdie studie by Van Rensburg (1989:438) se indeling volstaan word.

Oosgrensafrikaans was in hoë mate slegs 'n vereenvoudigde vorm van 17de-eeuse Nederlands (Carstens, 2002:157). Oosgrensafrikaans, wat deur veeboere wat hoofsaaklik aan die oosgrens van Suid-Afrika gewoon het, gepraat is, is sedert 1836 tydens die Groot Trek ook na die Vrystaat en die Transvaal geneem wat gevolglik aanleiding gegee het daartoe dat dié gevestigde variëteit uiteindelik die basis vir die ontstaan van Standaardafrikaans geword het (Carstens, 2002:154; Hugo, 2009:25-26,68; Ponelis, 1992:74; Steyn, 1980:132-133).

Met verloop van die agtiende eeu ontwikkel Afrikaans as huistaal en algemene omgangstaal en die taal begin toenemend van die Nederlandse vorm afwyk (Loader, 2005) wat gelei het tot 'n situasie van noue diglossie (vgl. Deumert, 2004:6,63, Ponelis, 1992:80). Terwyl voorgenoemde plaaslike variëteite uit Nederlands ontstaan het, is Nederlands steeds beskou as die taal wat vir hoë funksies gebruik is (Deumert, 2004:63; Ponelis, 1992:80). Die standaardisering van Afrikaans was egter haas op hande en kan grootliks toegeskryf word aan 'n hunkering na 'n standaardtaal wat in die 1870's kop uitgesteek het, veral met die oog daarop om die Bybel in Standaardafrikaans te vertaal (Carstens, 2002:156; Steyn, 1980:137). Die instelling van persvryheid in 1828 het ook 'n belangstelling aangewakker "om in Afrikaans te skryf" (Loader, 2005) wat standaardisering kon afdwing asook bevorder.

In 1875 word die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) gestig wat aanleiding gee tot die eerste maandelikse koerant in Afrikaans, *Die Afrikaanse Patriot*, wat in 1876 die lig sien (Hugo, 2009:42; Loader, 2005). Die stigting van die GRA was ook die kern van die Eerste Taalbeweging van Afrikaans (volgens die tradisionele beskouing rakende die Afrikaanse Taalbewegings) (Carstens, 2001:10), maar die Anglo-Boereoorlog breek egter kort daarna uit

wat die groei van die taal kniehalter en ook die Eerste Taalbeweging in Afrikaans tot 'n einde bring (De Wet, 2004:70; Hugo, 2009:43,55; Loader, 2005). Dié oorlog het daarenteen 'n positiewe invloed op die groei van Afrikanernasionalisme gehad (Carstens, 2001:11; Conradie & Groenewald, 2014:53; De Wet, 2004:70; Hugo, 2009:78; Loader, 2005; Ponelis, 1998:50,52; Ponelis, 2006:3; Steyn, 2001:141), omdat Afrikaans “'n middel van verzet en 'n simbool van eiewaarde geword” het (Hugo, 2009:560).

Die Tweede Taalbeweging het tydens die aanvang van die 20ste eeu die lig sien (Hugo, 2009:55,58), meer spesifiek na Uniewording in 1910 (McLachlan, 2012:21). Afrikaans ervaar 'n oplewing as kultuurtaal en in die loop van die 20^{ste} eeu ondergaan die taal 'n proses van volkome standaardisering (Conradie & Groenewald, 2014:48; Hugo, 2009:40; Ponelis, 2006:3; Steyn, 2001:144). Die hoogtepunt kom dan in 1925 wanneer Afrikaans, onafhanklik van Nederlands, as een van Suid-Afrika se amptelike tale ingelyf word (Giliomee, 2004:329; Loader, 2005; Ponelis, 1998:51).

Pheiffer (soos aangehaal deur Hugo, 2009:40) voer voorts aan dat die “belangrikste basiese grammatikale veranderinge wat Afrikaans van Nederlands onderskei” het, reeds teen 1770 plaasgevind het. Die benaming van die taal het egter eers heelwat later in die volksmond posgevat (Hugo, 2009:29). Tot diep in die negentiende eeu is die grootste variëteit van Afrikaans “Afrikaans-Hollands” of “Kaaps-Hollands” genoem omdat dit nodig was dat die taal van Standaardnederlands onderskei moes word. Die omgangstaal het in die volksmond bekendgestaan as “Hollands” terwyl die skryftaal, wat meer formeel geag is, “Hoog-Hollands” genoem is. Die term *Afrikaans* was bloot 'n natuurlike afkorting vir die langer naam “Afrikaans-Hollands” en die term “het by die eerste voorstanders van Afrikaans ... in gebruik gekom en het maar stadig ingang gevind onder die breë lae van die volk.” Op dié noot is dit van belang om te noem dat 'n vyandige gesindheid jeens Nederlands nooit bestaan het nie, omdat sprekers van Afrikaans besef het “dat die nie-gestandaardiseerde Afrikaans deur Nederlands verryk” kon word (Hugo, 2009:49).

In die tydperk gedurende 1910 tot 1925 was die standaardisering van Afrikaans van kardinale belang om te verseker dat die taal uiteindelik ampstaalstatus kon verkry (Loader, 2005). Dit het egter met die geboorte van die Tweede Taalbeweging in Afrikaans in 1905 reeds posgevat met die stigting van die *Afrikaanse Taalgenootskap* (ATG) wat Afrikaans as spreektaal en skryftaal wou aanmoedig (Hugo, 2009:58) en die standaardisering word ook verder uitgebou deur die stigting van nog 'n belangrike taalorganisasie, wat vandag bekend staan as die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* (Hugo, 2009:63; McLachlan, 2012:21).

Die ortografiese sisteem vir Afrikaans, wat reëls ingevolge spelling en uitspraak neergelê het, is gebore met die stigting van die *Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* in

Juliemaand van die jaar 1909 (Carstens, 2002:157; Ponelis, 1998:55). Daardie sisteem wat deur die aangestelde Spellingkommissie (wat vandag as die Afrikaanse Taalkommissie bekendstaan) voorgeskryf is, het die grondslag vir die huidige Standaardafrikaans gelê en die Akademie het die reëls in 1915 goedgekeur (Hugo, 2009:65-66; McLachlan, 2012:22; Ponelis, 1998:55). Dit het gevolglik gelei tot die eerste uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) wat in 1917 verskyn het (Carstens, 2002:158; Hugo, 2009:66; Ponelis, 1998:55).

Die tweede uitgawe van die AWS verskyn in 1922 en dit is dié uitgawe wat vandaar die huidige spelreëls van Afrikaans beslag gee (Ponelis, 1998:55). Die AWS word steeds gereeld deur die Taalkommissie hersien (Hugo, 2009:66) en die 10^{de}, mees onlangse weergawe het in 2009 verskyn. Afgesien van die eerste AWS het ook ander mylpale 'n rol gespeel ter standaardisering en erkenning van die Afrikaanse taal, onder andere die erkenning van Afrikaans as skooltaal in 1914, die erkenning van Afrikaans as kerktaal in 1916, die erkenning van Afrikaans as universiteitstaal in 1918 en die uiteindelijke erkenning van Afrikaans as ampstaal van Suid-Afrika in 1925 (McLachlan, 2012:23).

Nadat Afrikaans in 1925 ampstaalstatus kry, word Standaardafrikaans ook in hoë mate ontwikkel “maar terselfdertyd al hoe dieper by Afrikanernasionalisme en die apartheidsideologieë betrek” (Ponelis, 1998:53). Afrikaans se posisie in Suid-Afrika kry ná 1948 'n groot hupstoot as gevolg van politieke redes (vgl. Carstens, 2013a:30; Loader, 2005; Ponelis, 1998:54) omdat die regerende Nasionale Party Afrikaans as mobiliseringsmiddel vir Afrikanernasionalisme gebruik het (Hugo, 2009:109; Ponelis, 1998:53). Die regering het sedert 1948 verreweg die “hoogste simboliese waarde as nasionale ampstaal” aan Afrikaans geheg (Ponelis, 1998:54), veral deur middel van die daadwerklike poging wat aangewend is om Afrikaans deur grootskaalse taalontwikkeling op gelyke vlak met Engels te kry (vgl. Steyn, 2014:320-321; Van Rooy, 2014:16). Hierdie poging het vervolgens ook die totale verengelsing van Suid-Afrika voorkom (Steyn, 2014:417). Voorts is Engels verder geneutraliseer nadat “Afrikaans die enigste nie-Europese, nie-Asiatiese taal is wat volle universiteitstatus verwerf het en wat in al die vertakkinge van die lewe en die akademie gebruik” kon word (Giliomee, 2014:7).

Die mag van Afrikaans het by alle staatsbeheerde instansies floreer, soos die administrasie van die regering, die openbare skoolstelsel, die weermag en veral die uitsaaiwese (vgl. Steyn, 2014:320-321; Webb & Kriel, 2000:22). Hierdie instansies en selfs semi-staatsinstellings het mettertyd volkome verafrikaans ten einde die posisie van die taal te verstewig. Steyn (2014:321) voer aan dat die apartheidswetgewing daartoe gelei het dat toenemend meer Afrikaanssprekendes in hoë poste binne die staatsdiens aangestel is, wat gevolglik 'n rede is vir

die gunstige posisie wat Afrikaans, binne staatsbeheerde organisasies, ingeneem het. Voorts is 'n wetsontwerp in 1956 ook "deurgevoer wat dit verpligtend gemaak het dat alle munisipale verordeninge tweetalig moes wees", wat Afrikaans gevolglik uit sy onderdanige posisie teenoor Engels sou uitlig (Steyn, 2014:321).

Hierdie buitemate bevoordeling van Afrikaans kom egter teen 'n prys omdat slegs een variëteit van Afrikaans as standaardtaal ontwikkel het wat sekere taalgemeenskappe van Afrikaans aan hewige vervreemding van die taal blootgestel het (Conradie & Groenewald, 2014:55; Giliomee, 2004:340). Dit lei gevolglik tot 'n geleidelike negatiewe indruk van Afrikaans (vgl. Carstens, 2013a:32; Ponelis, 1992:77; Steyn, 2014:418).

Ponelis (1998:4) konstateer dat Standaardafrikaans 'n sterk verband het met die ideologie van Afrikanernasionalisme omdat Standaardafrikaans eksklusief gebruik is om 'n sekere groep in die gemeenskap buitemate te bemagtig en te bevoordeel (vgl. McLachlan, 2012:17). Dit het dan ook meegebring dat 'n groot moot van gekleurde Afrikaanssprekendes in die bruin gemeenskap nie as "Afrikaners" beskou was nie. Die domein van Standaardafrikaans het voorts ook die variëteit van dié sprekers uitgesluit om die taal eksklusief aan wit mense toe te eien (Carstens, 2013a:32; Orman, 2007:115; Ponelis, 1998:53) wat die "vervreemding" waarvan Conradie en Groenewald (2014:55) praat, tasbaar gemaak het.

2.4.2 Die posisie van Standaardafrikaans ná 1994

Die omwenteling in 1994 bring ingrypende veranderinge vir Afrikaans mee, toe Afrikaans sy posisie aan Engels moes oorhandig as die alfa-taal in Suid-Afrika (Carstens, 2006:15; De Wet, 2004:72; Giliomee, 2004:623; Hugo, 2009:97; Ponelis, 1992:71; Ponelis, 1998:23,54; Van Rensburg, 1997:58). Afrikaans het nie alleen sy aansien binne die politiese spektrum verloor nie, maar 'n magsverskuiwing het plaasgevind na Engels as lingua franca binne die openbare sektor en ook in sosiale kringe (Giliomee, 2004:624; Giliomee, 2014:2; Orman, 2007:144; Ponelis, 1998:54; Webb *et al.*, 1992:32). In die post-apartheidsera staan Afrikaans selfs in die geregtelike en wetlike kringe terug vir Engels en geen wetgewing is sedert 1998 in Afrikaans gepubliseer nie (Orman, 2007:178). Hierdie magsverskuiwing het die destandaardisering van Afrikaans laat realiseer (Kotzé, 2010:154; Orman, 2007:121).

Die Afrikanernasionalistiese ideologie het vervolgens in duie gestort met die grootskaalse agteruitgang van Afrikanerinstellings (Giliomee, 2004:626). In samehang met die politieke gedrewe destandaardisering van Afrikaans is verskeie negatiewe konnotasies ten nouste aan Afrikaans geheg weens die feit dat Afrikaans aangewend is om die apartheidsbestel te versterk (Ponelis, 1992:77) en is Afrikaans gebrandmerk as "onderdrukkerstaal" (vgl. Alexander, 2005:1;

Carstens, 2013a:32; Carstens, 2013b:520; Conradie & Groenwald, 2014:57; Steyn, 2014:418). Met die opgang van Engels ná 1994 het Afrikaans in 'n breë diglossie-situasie beland (Ponelis, 1992:80; Ponelis, 1998:68) waar Engels vir hoër funksies aangewend en Afrikaans vir laer funksies gebruik word. Die Kaapse variëteit het ook baie aandag begin geniet en daar is geredeneer dat Afrikaans herstandaardiseer moet word om hierdie variëteit binne Standaardafrikaans te akkommodeer (vgl. Johl, 2002:173; Odendaal, 2012:7; Odendal, 1996:6).

Die plek waar Afrikaans se mag egter die duidelikste gekwyn het, is in die uitsaaiwese (Du Plooy & Grobler, 2002:8; Orman, 2007:125,175; Ponelis, 1998:54; Steyn, 1995:89; Steyn, 2014:431; Truter, 2003:45; Van Staden, 2004:52) en die status van die taal kon nooit weer by die openbare uitsaaier herwin word nie. 'n Steekproefstudie deur Du Plooy en Grobler (2002:14) het selfs bevind dat die Afrikaanse televisieprogramme by die SABC nie in die behoeftes van Afrikaanse kykers voorsien nie. Meer onlangs het die herrie met betrekking tot Afrikaans by die SABC opnuut losgebars toe Afrikaanse televisieprogramme asook die daaglikse TV-nuusbulletins sonder waarskuwings na 'n ander televisiekanaal in 'n ander tydgleuf verskuif is en selfs gekanselleer is tydens die 2014 Wêreldbeker-toernooi in Junie (vgl. Ferreira, 2014; SABC2, 2014). Die programme is egter in November van dieselfde jaar teruggeskuif na die oorspronklike tydsgleuwe (SABC2, 2014). Intussen het die privaatmaatskappy, MultiChoice, in 1999 'n digitale televisiekanaal vir Afrikaans gestig, naamlik KykNET, maar slegs 'n klein persentasie kykers het toegang tot die kanaal weens die duur subskripsiefooi per maand (vgl. Du Plooy & Grobler, 2002:9; Du Toit, 2004:43). Wat verder noemenswaardig is, is die feit dat KykNet op 1 Julie 2010 'n volwaardige Afrikaanse nuusdiens gekry het (Steyn, 2014:482).

Velerlei inisiatiewe is deur verskeie organisasies geneem wat daarop gemik is om Afrikaans te beskerm (Hugo, 2009:104-105). Die Taalkommissie speel onder andere 'n belangrike rol by die uitbouing en beskerming van Afrikaans vir die toekoms (Meyer, 2013) en hulle is reeds besig om planne in werking te stel wat aanleiding sal gee tot die samestelling van breedvoerige teks- en spraakkorpora en die ontwikkeling van 'n omvattende grammatika vir Afrikaans (Meyer, 2013). Hierdie projekte word alles onder die vaandel van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (vivA!) geloods.

2.4.3 Die herstandaardisering van Standaardafrikaans

Afgesien van die destandaardisering van Afrikaans, redeneer 'n groep taalkundiges ook tans dat Standaardafrikaans herstandaardisering moet ondergaan om die variëteit *Kaapse Afrikaans* en sy (hoofsaaklik) bruin sprekers van Afrikaans meer inklusief by Standaardafrikaans te inkorporeer (vgl. Johl, 2002:173; Odendal, 1996:6; Odendaal, 2012:7).

Soos reeds genoem, is Afrikaans tydens die apartheidsjare eksklusief aan wit mense toegeëien as 'n volkseie taal (Orman, 2007:115; Ponelis, 1998:53; Webb & Kriel, 2000:22), terwyl dit vóór die apartheidsregime 'n taal was wat deur die werkersklas, ongeletterde, bruin en swart mense gepraat is (Ponelis, 1998:68; Webb & Kriel, 2000:22). Selfs tydens apartheid was die meerderheid sprekers van Afrikaans nie wit gemeenskappe nie (Webb & Kriel, 2000:22), en dit is tans steeds die geval (StatsSA, 2012:26). Hierdie verdeling binne die Afrikaanse taalgemeenskap is op die spits gedryf weens die apartheidsideologie wat aan Afrikaans gekoppel is en dit lei vervolgens tot die vervreemding van nie-wit sprekers van Afrikaans (Carstens, 2013a:32; Conradie & Groenewald, 2014:57; Ponelis, 1998:2; Webb & Kriel, 2000:22).

Herstandaardisering is 'n manier om hierdie politieke onregte reg te stel en om voorheen uitgeslote groepe by Standaardafrikaans in te sluit (Odendaal, 2012:7). Orman (2007:180) vind juis dat wit mense die hulp en samewerking van bruin en swart gemeenskappe nodig het om te verseker dat Afrikaans as gebruikstaal binne 'n demokratiese Suid-Afrika kan oorleef. Dit behels nie net 'n teoretiese erkenning van Afrikaans se dialektiese verskeidenheid nie, maar dit vereis 'n radikale hersiening van Afrikaans en die volkome akkommodering van die grootste variëteit in Afrikaans (Odendaal, 2012:7).

McLachlan (2012:27) waarsku egter dat hierdie neiging tot die herstandaardisering nie die huidige erkende variëteit van Standaardafrikaans heeltemal kan misken nie, omdat 'n enorme korpus belangrike tekste reeds in die variëteit bestaan. Opsommend voer hy (McLachlan, 2012:27) aan dat radikale herstandaardisering sal impliseer “dat alles wat die afgelope eeu in Afrikaans geskep is” nutteloos sal word. Die herstandaardisering van Afrikaans moet liever so benader word dat die standaardtaal méér inklusief moet word, maar die insluiting van ander variëteitsvorme oordeelkundig gedoen moet word (McLachlan, 2012:27-28).

Kotzé (2009:6) vind wel dat herstandaardisering van Afrikaans ooglopend in die media realiseer sedert 1994. Niestandaardvariëteite word in die gedrukte media geïnkorporeer en sedert 1994 kom groter variasie in die uitspraak van Standaardafrikaans oor die radio- en televisieprogramme by die SABC voor (Kotzé, 2009:5).

2.5 Samevatting

Steyn (1992:213) meen dat die verlies van Afrikaans se ampstaalstatus ingrypende gevolge sal hê vir die funksie van die taal op alle terreine en dit het definitief in die uitsaaiwese gerealiseer. Hierdie hoofstuk het gefokus op die teoretiese begronding van die studie. Verskeie taalpolitiese terme is bespreek en 'n breë oorsig van standaardtaal, met spesifieke klem op

Standaardafrikaans en die herkoms daarvan, is ook verskaf. Die prosesse van taalstandaardisering en normering is ook bespreek, veral in die konteks van die uitsaaiwese in Suid-Afrika. Die hoofdoel van die hoofstuk is juis om die sosiolinguistiese konteks van die studie te skets, terwyl die volgende hoofstuk die historiese konteks van die uitsaaiwese in Suid-Afrika weergee.

Hoofstuk 3: Die uitsaaiwese in Suid-Afrika

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk skets hoofsaaklik die konteks van die studie, omdat dit noodsaaklik is om te weet waar die openbare uitsaaier se wortels lê asook hoe die strukture tans binne die SABC lyk. Die sosio-politiese konteks waarin die SABC binne Suid-Afrika funksioneer, is gevolglik belangrik omdat dit skakel met die benadering van die studie. Soos in Hoofstuk 1 genoem, word die afkorting SAUK gebruik om na die openbare uitsaaier vóór 1996 te verwys, terwyl die Engelse afkorting SABC gebruik sal word wanneer daar na die openbare uitsaaier ná 1996 verwys word (vgl. Merham, 1998:214; Olivier, 2003:2).

Hierdie hoofstuk word hoofsaaklik vanuit 'n taalpolitiese oogpunt hanteer. In die eerste instansie word 'n diachroniese oorsig verskaf van die SAUK en sy taalbeleid vóór 1994, toe die SAUK die mondstuk van die apartheidsregering was. Die SAUK is ingrypend ná 1994 verander met die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse uitsaaier se amptelike benoeming is na die SABC verander. Die openbare uitsaaier moes dienoreenkomstig by die nuwe milieu aanpas; dus is dit belangrik om die SABC ook binne 'n postapartheidsera te beskryf, veral ten opsigte van die veranderde dinamiek wat taal betref. Afgesien van die belangrike rol wat geskiedenis by die openbare uitsaaier gespeel het, is dit ook belangrik om in te gaan op die SABC se taalbeleid en ander taalgerigte riglyne wat verskaf word vir die vervaardiging van programme, en meer spesifiek nuusbuletins.

3.1.1 Die funksie van radio

“Radio is nog steeds die mees gebruikte en toeganklikste uitsaaimedium in Suid-Afrika” (SABC, 2014:28) en radio speel 'n kardinale rol om die gemeenskap se reg tot inligting te bevorder. Die radio as uitsaaimedium vervul verskeie funksies. Vroeëre het die radio hoofsaaklik politieke propaganda verkondig (Bonini, 2014) maar die radio is allereers 'n vorm van vermaak (Bantugon, 2014; Brecht, 1979:24; McClung *et al.*, 2007:106; SABC, 2004:29; Starkey, 2009:3). Vermaak kom in die vorm van musiek, vervolgverhale, opvoedkundige programme, spesialiteitsprogramme, ensovoorts.

Nog 'n belangrike funksie van die radio is die taak om die gemeenskap te onderrig deur byvoorbeeld dokumentêre programme, vasvra-kompetisies, aktuele programme, die nuus en selfs geselsprogramme (Bantugon, 2014). Die radio is 'n baie vername bron van inligting en die verspreiding van nuus aan die gemeenskap (Bonini, 2014). Radio is ook betrokke by die

opvoeding van kinders ten einde hulle taalvaardighede te verbeter en ook om hulle bloot te stel aan hul eie kultuur, sowel as ander kulture binne die gemeenskap (SABC, 2004:29).

Voorts bied radio 'n forum aan die gemeenskap om oor sekere onderwerpe te gesels en om dan op so wyse met die res van die gemeenskap betrokke te maak (Bonini, 2014). Ander funksies wat ook deur die radio uitgevoer word, is onder andere advertering, die ondersteuning van die gemeenskap wanneer dit nodig is, die radio kan 'n bewustheid onder luisteraars skep en kan selfs blootstelling gee aan 'n belangrike saak of persoon (Bantugon, 2014).

3.2 Die SAUK/SABC voor 1994

3.2.1 Die koms van radio in Suid-Afrika

Die ontwikkeling van die uitsaaiwese in Suid-Afrika het 'n lang geskiedenis met vele eksperimentele uitsendings wat reeds hier teen die einde van die 19de eeu begin posvat het (vgl. Rosenthal, 1975:9-64). Op 1 Julie 1924 het Suid-Afrika egter 'n nuwe kommunikasie-era betree toe die uitsaaiwese amptelik in dié land in die stad Johannesburg gebore is (Roos, 1957:2; Rosenthal, 1975:9). Dit is toe die eerste radiostasie, wat bekend gestaan het as "JB" (Johannesburg Broadcasting), die vaandeldraer geword het vir radio soos ons dit vandag ken (Berg, 1999:48; Rosenthal, 1975:48,65). 1924 is ook die jaar waarin Afrikaans vir die eerste keer oor die radio uitgesaai is (Rosenthal, 1975:132; Van der Berg, 1974:208). Die amptelike openbare uitsaaiër het eers heelwat later die lig gesien.

3.2.1.1 Die beginjare en die koms van die ABC

JB was nie 'n wegholsukses nie weens 'n gebrek aan fondse wat voortgespruit het uit die situasie dat luisteraars nie lisensiegelde betaal het nie en die feit dat die regering in daardie stadium nie 'n subsidie aan die stasie wou toeken nie (Rosenthal, 1975:113; Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Die Hertzog-regering was in daardie stadium oortuig daarvan dat die uitsaaiwese in privaat-besit moes wees (Steyn, 2014:266). In Januarie 1927 word die sluiting van JB aangekondig (Rosenthal, 1975:113). In daardie stadium het die minister van pos- en telegraafwese, Walter Madeley, wel besef dat die regering in beheer moet wees van die uitsaaiwese in die land (vgl. Tomaselli & De Villiers, 1998:153), maar die uitsaaiwese val tog weer in private hande toe I.W. Schlesinger tot die redding kom en die uitsaaiwese in die land oorneem (Rosenthal, 1975:114-116; Steyn, 2014:266).

Met Schlesinger aan die stuur van sake word die African Broadcasting Company (ABC) in 1927 gestig (Rosenthal, 1975:116; Steyn, 2014:266; Tomaselli & De Villiers, 1998:153) en kry die uitsaaiwese in Suid-Afrika nuwe lewe en gaan dit van krag tot krag (Rosenthal, 1975:119). Die stasie het egter, nes sy voorganger, teen 1929 finansiëel in die rooi beland (vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:27; Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Die hoë koste verbonde aan die vervaardiging van programme en die stryd om die betaling van lisensiegelde af te dwing was hoofsaaklik die redes vir die finansiële verknorsing waarin die ABC met rasse skrede verval het. Schlesinger het hom toe tot die regering gewend om 'n lewensboei na die ABC te gooi, maar sy pogings was onsuksesvol. Schlesinger was nietemin 'n sakeman en hy het dadelik aan alternatiewe planne begin werk om die situasie om te keer (Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Schlesinger kon binne 'n paar jaar 'n omwenteling teweeg bring, dermate dat die ABC genoeg geld bymekaar kon maak om noodsaaklike opgraderings te finansier wat gevolglik in 1934 'n aanvang geneem het (Rosenthal, 1975:150; Tomaselli & De Villiers, 1998:153).

Die groei en gewildheid van die uitsaaiwese het die regering se aandag getrek met die gevolg dat 'n uitsaaier as staatsinstelling toenemend aantreklik begin raak (Rosenthal, 1975:152). Toe die ABC se lisensietydperk in 1932 verval, het Schlesinger aansoek gedoen om die uitsaaiwese vir nog vyf jaar te bedryf, maar die staat het met die goedkeuring van dié aansoek gehuiwer, veral inaggenome dat die ABC weereens in 'n finansiële verknorsing was (Rosenthal, 1975:152).

3.2.1.2 Toe kom die SAUK

Die SAUK het sy bestaan te danke aan 'n besoek in 1934 deur die eerste direkteur-generaal van die British Broadcasting Corporation (BBC), John Reith (vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:31; Olivier, 2003:57; Steyn, 1987b:102; Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Die Eerste minister van Suid-Afrika, generaal JBM Hertzog, het versoek dat Reith 'n "model vir die uitsaaiwese in Suid-Afrika" moes voorstel (Olivier, 2003:57). Reith het dus die basis van die *Uitsaaiwet* (Wet 22 van 1936), wat in 1936 ter tafel gelê is, geformuleer en in Augustus van daardie jaar is die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) / South African Broadcasting Corporation (SABC) gestig (Hayman & Tomaselli, 1989:24; Hugo, 2009:95; Roos, 1959:134; SAUK, 1989:1; Steyn, 1987b:100; Steyn, 2014:267; Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Op dieselfde dag van die SAUK se geboorte is die ABC ook as't ware uitgekoop en in die nuwe strukture opgeneem (vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:31; Rosenthal, 1975:163; Tomaselli & De Villiers, 1998:154).

Weens Reith se betrokkenheid by die stigting van die openbare uitsaaier (Olivier, 2003:57) is die struktuur van die SAUK geskoei op die model van die BBC, wat beteken dat die SAUK

enersyds 'n staatsdiensinstansie was, maar andersyds ook enkele kenmerke van 'n private instansie getoon het (Roos, 1957:2; Tomaselli & De Villiers, 1998:154; Van Vuuren, 2004:1). Met ander woorde, die staat het die uitsaaiwese in die land oorgeneem en die SAUK is gestig, maar die SAUK is as 'n openbare korporasie bedryf, wat dit klassifiseer as 'n semi-staatsinstelling (Steyn, 2014:267).

Reith se invloed het ook implikasies gehad vir taalgelykheid in die SAUK se beleid omdat die BBC-model nie rekening kon hou met Suid-Afrika se taaldiversiteit nie (Olivier, 2003:57). Die *Uitsaaiwet van 1936* het bepaal dat beide die Engelse en die Afrikaanse kultuur in ag geneem moes word by die vervaardiging en uitsending van programme (Hugo, 2009:95; Roos, 1959:135). Die Akademie het juis die stigting van die SAUK ondersteun op grond van die feit dat Afrikaans ingevolge die *Uitsaaiwet* gelyke regte met Engels sou deel (Steyn, 2014:267).

Die korporasie het vervolgens 'n beleid van tweetaligheid aanvaar (Du Toit, 2004:42; Roos, 1959:135), al was uitsendings aanvanklik slegs in Engels. Die *Uitsaaiwet van 1936* het derhalwe duidelike leemtes gehad, veral met betrekking tot die taalregte van swart Suid-Afrikaners, maar ook rakende die regverdige behandeling van Afrikaans en die (BBC-bevoordeelde) Engels (Tomaselli & De Villiers, 1998:154).

Die behandeling van Afrikaans as synde minderwaardig kan toegeskryf word aan die feit dat die taal nie so gevestig was soos sy teenstander, naamlik Engels, nie, ook omdat die voorvader van die SAUK, die ABC, merendeels Engels uitgesaai het en laastens omdat Engelse programme direk van die BBC na Suid-Afrika herlei kon word (vgl. Roos, 1959:134; Rosenthal, 1975:133; Steyn, 2014:267; Tomaselli & De Villiers, 1998:154).

3.2.1.3 Die rol van Afrikaans tydens die pioniersjare

Die SAUK/SABC se totstandkoming het geskied kort nadat Afrikaans in 1925 as amptelike taal op die wetboek geplaas is (Van der Berg, 1974:210). Afrikaans is wel tydens die eerste uitsending by JB uitgesaai, maar dit was net deel van 'n toespraak wat die koms van die uitsaaiwese gevier het (Rosenthal, 1975:132; Steyn, 2014:266). Sedert die heel eerste radio-uitsending in Suid-Afrika in 1923, het amptelike uitsendings by JB en ABC hoofsaaklik in Engels geskied, met die uitsondering van tweetalige markverslae (vgl. Steyn, 2014:266). Afrikaanse luisteraars het gesmag na meer Afrikaans oor die radio (Rosenthal, 1975:132; SAUK, 1989:1; Steyn, 1987b:103; Steyn, 2014:266-267; Tomaselli & De Villiers, 1998:153).

Die eerste amptelike radio-uitsendings in Afrikaans is egter eers in 1931 ingestel toe die voormalige ABC Afrikaanse radioprogramme van 30 minute lank per week begin uitsaai het

(Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Dit volg nadat die Akademie in dieselfde jaar beswaar gemaak het “teen die gebrek aan Afrikaans” op die radio (Steyn, 2014:266). Dié beswaar het gelei tot eksperimentele uitsendings in Afrikaans, maar die hewige teenkanting van die gevestigde Engelse luisteraars het die eksperiment gou in die wiele gery en Afrikaanse uitsendings is gestaak. Steyn (2014:266) voer selfs verder aan dat die *Huisgenoot* in 1933 berig het dat “die hele gees’ van die radiodiens ‘deur en deur Engels’ is”.

Met die amptelike stigting van die nasionale radiodiens van die SAUK is daar aanvanklik in 1936 ook slegs in Engels uitgesaai. Afsonderlike Engelse en Afrikaanse dienste was destyds nie uit die staanspoor reeds vir die SAUK moontlik nie, weens die dubbele koste wat dit vir personeel en toerusting sou meebring en die feit dat die SAUK in daardie stadium nie ’n gesentraliseerde diens soos tans was nie (Steyn, 2014:267). ’n Tweetalige diens was gevolglik aan die orde van die dag en dit het wel die kontak en politieke versoening tussen die twee kultuurgroepe bevorder, maar te midde van die finansiële en kulturele implikasies was daar die behoefte aan meer Afrikaans oor die radio en ook die verzet van Engelssprekendes teen die tweetalige diens (Steyn, 2014:267-268). Die opskudding wat deur beide taalgroepe meegebring is, het ’n politieke ondertoon gehad en die staat het besef dat afsonderlike dienste derhalwe noodsaaklik geword het (Steyn, 2014:268).

Die eerste voltydse suiwer Afrikaanse radio-kanaal by die SAUK is op 27 Oktober 1937 in die lewe geroep nadat die *Uitsaaiwet* (Wet 22 van 1936) die instelling van ’n parallelle Afrikaanse diens voorgeskryf het (SAUK, 1989:1; Schoombie, 2012:61; Steyn, 1987b:101; Steyn, 2014:268). Die Afrikaanse diens het voortaan bekend gestaan as die “B-program”, en die Engelse diens die “A-program” (vgl. Steyn, 2014:280). Die “B-program” was egter slegs op kortgolfsenders in Kaapstad en Johannesburg beskikbaar (Steyn, 2014:268; Tomaselli & De Villiers, 1998:154). Die ontvangs het ná 1936 effens uitgebrei met behulp van eksperimentele uitsendings (Roos, 1959:137-138), maar die gehalte van die uitsendings op die kortgolfrekwensie was nie op dieselfde standaard as dié van die A-program nie en die weer het onder andere tydens die somer ernstige versteurings tot gevolg gehad (Steyn, 2014:281).

Afgesien van swak ontvangs wat uitsendings deur die Afrikaanse kanaal versteur het, was luisteraars ook nie gelukkig met die beperkte reikwydte van die diens nie (Roos, 1959:138; Steyn, 2014:267). Hierdie gebrek aan goeie Afrikaanse uitsendings het kort voor lank hewige protes uit verskeie oorde ontlok. Dit het wel vrugte afgewerp want in 1952 ontstaan die landswye Afrikaanse diens (Roos, 1959:138). Dié verwikkeling kan deels ook toegeskryf word aan die veranderde politieke spektrum in Suid-Afrika ná 1948, wat Afrikaans as taal grootliks verhef het (vgl. Hugo, 2009:96; Louw, 2004:45; Steyn, 2014:320; Tomaselli & De Villiers, 1998:156).

3.2.1.4 Afrikanernasionalisme se impak op die uitsaaiwese

Ten spyte van 'n voorbedagte poging wat aangewend is om politieke inmenging in die uitsaaiwese sover moontlik te bekamp (veral deur middel van sy beleid) het dié ideaal ná 1948 in die slag gebly (Tomaselli & De Villiers, 1998:154-155). Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, het die leiers van die party daarop gefokus om die SAUK onder staatsbeheer te kry. Dit was egter nie geheel en al geslaagd nie, weens sommige vryheidsvegters wat hulle steeds beywer het vir die vryheid van die uitsaaier (Tomaselli & De Villiers, 1998:155). Die SAUK het wel kort daarna 'n forum vir die regering geword (vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:46; Tomaselli & De Villiers, 1998:156).

Die Afrikaanse radiodienst het sedertdien onder die bewind van die Afrikaner-nasionalistiese regering groot opgang gemaak, en die regering het die radio gebruik as 'n mondstuk vir sy nasionalistiese propaganda (Hugo, 2009:96). Hierdie ondersteuning het ook vernuwing teweeggebring en 'n tweetalige handelsradiostasie is in 1950 gevestig onder die naam Springbok Radio (vgl. Cruywagen, 2012:135; Hayman & Tomaselli, 1989:49; Tomaselli & De Villiers, 1998:155), maar dié stasie het nietemin aan die beginjare ook oorwegend in Engels uitgesaai (vgl. Steyn, 2014:320). In dieselfde jaar het die SAUK ook 'n ander baie belangrike mylpaal in sy geskiedenis bereik in die vorm van sy eie nuusdiens (SAUK, 1989:11). "Tot almal se verbasing het die nuusuitsendings kort voor lank verreweg die gewildste programme op die radio geword" (Cruywagen, 2012:137).

Voorts skakel die jare sestig met die koms van streeksdienste en ook steuringsvrye radio-ontvangs met die instelling van die frekwensiemodulasiestelsel (FM) met sy duidelik verbeterde klankgehalte (Cruywagen, 2012:136; SAUK, 1989:1; Steyn, 2014:327; Tomaselli & De Villiers, 1998:156). Op 15 September 1962 is die uitgebreide FM-netwerk van Brixtontoring in Johannesburg af (nou bekend as die Sentech-toring) amptelik ingestel (Hayman & Tomaselli, 1989:66; Mishkind, s.a.; SAUK, 1989:1; Steyn, 2014:327).

Die nuwe verwikkelinge tydens die 1950's en -60's het ook 'n naamsverandering vir die A- en B-program ingehou (Steyn, 2014:327). Die B-program het weldra in die volksmond as die "Afrikaanse diens" bekendgestaan, terwyl die A-program die nie-amptelike naam "English Service" aangeneem het (vgl. Cruywagen, 2012:134-135; Schoombie, 2012:60; Steyn, 2014:327; Tomaselli & De Villiers, 1998:161-162; Young, 2007:141).

Intussen het die koms van televisie in 1976 groot veranderinge op die radiofront teweeggebring en radiostasies is gevolglik genoodsaak om te vernuwe ten einde tred te hou met die

veranderde spektrum van die uitsaaiwese en om by die luisteraars se behoeftes aan te pas (vgl. Steyn, 2014:403). Een van die grootste bewyse dat die koms van televisieprogramme die vraag na vermaak via die radio laat taan het, was die beëindiging van Springbok Radio se uitsendings in 1985 (Cruywagen, 2012:136; Steyn, 2014:328). Te midde van die bedreigings was daar egter steeds ruimte vir radio en in die 1980's ondergaan die Sentechnoring groot opgraderings wat voorts lei tot die geboorte van FM-stereo wat in Suid-Afrika geloods is (Mishkind, s.a.).

Die koms van FM-stereo en die kommersialisering van radio oor die algemeen het feitlik gelyktydig plaasgevind. Die voormalige B-program, wat ook bekendgestaan het as die "Afrikaanse diens" van die SAUK, het in 1985 'n kommersiële baadjie aangetrek en is in Januarie 1986 amptelik herdoop na "Radio Suid-Afrika" (vgl. Cruywagen, 2012:136-137; Schoombie, 2012:63; Young, 2007:141). Dié stasie het egter weer in die vroeë 1990's 'n gedaanteverandering ondergaan ooreenkomstig die veranderde politieke klimaat in die land, wat implikasies vir die SAUK ingehou het. Dié gedaanteverandering het gevolglik tot nóg 'n naamsverandering gelei (Young, 2007:150). Radio Suid-Afrika se naam het in Oktober 1991 na "Afrikaans Stereo" verander, met die klink-reël "Radio Sonder Grense" (Schoombie, 2012:61; Steyn, 2014:327,356).

In 1996 neem Afrikaans Stereo slegs die stasie se klink-reël, "Radio Sonder Grense" as sy naam aan (Schoombie, 2012:61; Steyn, 2014:357,510; Tomaselli & De Villiers, 1998:161; Young, 2007:158). Die naamsverandering het voortgespruit uit die Onafhanklike Uitsaaioowerheid se mening "dat dit verkieslik is dat daar geen verwysing na taal in die naam van 'n radiostasie is nie" (Young, 2007:158), wat gekoppel kan word aan die verskeie veranderinge wat by die SABC geïmplementeer is na die demokratisering van Suid-Afrika (vgl. Steyn, 2014:431,510). Dit het gevolg ná beduidende herstrukturering binne die openbare uitsaaier onder leiding van die nuwe demokratiese regering wat diskriminasie, ongelykheid en die letsels van apartheid op alle vlakke wou bekamp.

3.2.1.5 Ander inheemse tale op die radio

Met die stigting van die SAUK in 1936 is daar geen melding gemaak van die swart gemeenskap se behoeftes binne die uitsaaiwese nie en die beheerraad was ook deur die staat aangestel wat slegs Afrikaanse en Engelse mense se behoeftes in ag geneem het (Hayman & Tomaselli, 1989:31). Met al die opwinding in die radioïndustrie tydens die 1950's en -60's, het daar ook intussen die noodsaak vir 'n radiodiens ontstaan wat aan die swart gemeenskap se behoeftes kon voorsien. Sedert die vroeër jare waartydens radio ontstaan het, en selfs in die jare toe radio groot opgang gemaak het, was daar nie uitsendings in inheemse tale nie (Tomaselli & De Villiers, 1998:153-154). Tussen 1943 en 1945 is daar toe uurlange programme op die Engelse

en Afrikaanse dienste uitgesaai, in Sotho, Zulu en Xhosa³, afhangende van die linguistiese behoeftes van die gebied waarin dit uitgesaai is (Olivier, 2003:58; Tomaselli & De Villiers, 1998:154).

In Augustus 1952 is die eerste voltydse uitsendings in “Bantoetale” gedoen via ’n rediffusiesisteem⁴ in Orlando, Soweto, wes van Johannesburg (vgl. Hayman & Tomaselli, 1989:46, 52; Mishkind, s.a.; SAUK, 1989:1; Steyn, 2014:327; Tomaselli & De Villiers, 1998:154). Dié diens kon egter net ongeveer 12 000 huisgesinne bereik (vgl. Steyn, 2014:327) en die behoefte aan ’n wyer beskikbare diens het ontstaan (Hayman & Tomaselli, 1989:52). Die SAUK het voorts in 1961 aangekondig dat daar in die volgende jaar “volwaardige dienste in isiZulu en drie Sotho-tale” ingestel sou word (Steyn, 2014:327).

Soos ooreengekom, is daar in 1962 programme in Tswana en Noord-Sotho in Pretoria uitgesaai, gevolg deur Zulu-talige programme wat sedert 1963 in Durban uitgesaai is (Mishkind, s.a.). In Februarie 1965 is uitsendings ook in Venda en Tsonga ingestel (vgl. SAUK, 1989:5; Steyn, 2014:327). Met die gevestigde FM-senders in die laat-1960’s het alle swart tale ’n tuiste op FM gevind en kortgolfstasies en die rediffusiesisteem is gevolglik uitgefaseer (Hayman & Tomaselli, 1989:67).

3.2.2 Die algemene rol van taal by die ontwikkeling van die uitsaaiwese

Rosenthal (1975:133) voer aan dat tweetaligheid tydens die spits van die uitsaaiwese nie so algemeen of as vanselfsprekend aanvaar is nie en Engels is bó Afrikaans gekies as die algemene uitsendingstaal. Tweetaligheid in die uitsaaiwese het groot veranderinge ondergaan toe die ABC, onder leiding van Schlesinger, alle radiostasies in beheer neem (Rosenthal, 1975:116-119,133; Tomaselli & De Villiers, 1998:153; Van der Berg, 1974:209). Binne die ABC “het die gebruik van Afrikaans aansienlik” uitgebrei (Rosenthal, 1975:133). Dit het egter baie groeipyne meegebring, want met net een beskikbare sender “het dit beteken dat daar geen Engelse programme uitgesaai” is gedurende Afrikaanse programme nie (Rosenthal, 1975:134). Dit het baie klagtes tot gevolg gehad, maar dit het so voortgeduur tot en met die stigting van die SAUK.

³ Die Afrikaanse spelling van Afrikataal-taalname, soos in die AWS (2009) weergegee, word gebruik ten spyte van die feit dat die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) outonommiese taalname lys.

⁴ ’n Rediffusiesisteem verwys na ’n radiobedradingsisteem wat in die mynkampongs, hostelle en ander instansies geïnstalleer is in alle groot stede en dorpe wat toe radioprogramme begin uitsaai het (Tomaselli & De Villiers, 1998:154). Die programme is derhalwe via ’n kabel herlei en nie via radiogolwe uitgesaai nie.

Die omroepers en kunstenaars wat betrokke was by die Afrikaanse uitsendings by die ABC, was almal ewe gretig “om Afrikaans as taal bekend te maak en te bewys dat Afrikaanse letterkunde vir geen ander taal hoef agteruit te staan nie” (Rosenthal, 1975:134). Van der Berg (1974:210) meen ook dat “die eerste mense wat die Afrikaanse mikrofoon beman het” ’n toegewyde taaltrots jeens Afrikaans gehad het en hulle het die onus op hulle geneem om te help om die taal en kultuur via die uitsaaimeidium uit te bou. Sedert die vroegste Afrikaanse uitsendings deur die ABC is sterk klem gelê op die gehalte van die taalgebruik, en iemand soos me Sarah Goldblatt, wat as CJ Langenhoven se sekretaresse gewerk het, het haar toe reeds “beywer vir die verhoging van die standaard van Afrikaans oor die radio” (Rosenthal, 1975:135). Sy was ’n lid van ’n onderkomitee in Kaapstad wat die radio-owerheid wou beïnvloed om meer Afrikaans te gebruik en ook “om toe te sien dat die programme wat wel in Afrikaans uitgesaai word, minstens ’n bevredigende standaard handhaaf” (Goldblatt soos aangehaal deur Rosenthal, 1975:135).

Die radio het hom gou gevestig as ’n belangrike aspek in die ontwikkeling van Afrikaans en die medium is selfs gebruik by die samestelling van die *Standaard Afrikaanse Woordeboek* (Rosenthal, 1975:138). Ten spyte van blootstelling wat Afrikaans via die radiogolwe gekry het, was dit steeds min vergeleke met Engels (Roos, 1959:134; Tomaselli & De Villiers, 1998:153). Tot en met die stigting van die SAUK het Afrikaanse uitsendings bestaan uit drie nuusbuletins per dag met maksimum drie ander programme gedurende die week (Rosenthal, 1975:151).

Ten spyte van Afrikaans se ondergeskikte posisie teenoor Engels in die uitsaaiwese, het die invloed van die BBC se Engelse voorbeeld ’n groot rol gespeel by die wyse van taalversorging wat later by die Afrikaanse diens toegepas is (Steyn, 2014:361). Die BBC het gesorg “dat die taal nooit hoogdrawend word nie, maar steeds ’n goeie ordentlike algemeen verstaanbare taal bly” en Afrikaanse omroepers het vervolgens hulle aanslag op taal op dié beginsel geskoei (Steyn, 2014:361).

Onder die NP-regering het Afrikaans buitengewone bevoordeling ontvang (Hugo, 2009:96; Louw, 2004:45; Tomaselli & De Villiers, 1998:154) en die eksponensiële groei van die SAUK tydens die apartheidsjare het op sy beurt aanleiding gegee tot verskeie verwikkelinge rakende die uitsaai van Afrikaans. Die staat het gesorg dat Afrikaans via die openbare uitsaaier bevorder word. Die staat het onder andere die vervaardiging van Afrikaanse programme en rolprente gesubsidieer, ingevoerde programme se vertaling in Afrikaans geborg en ’n vereiste neergelê wat bepaal het dat alle advertensies in beide Afrikaans en Engels ontwikkel en beskikbaar gestel moes word (Louw, 2004:45). Voorgenoemde aspekte het ’n beduidende toename in Afrikaans se taalstatus en die gebruik van die taal tot gevolg gehad.

Afgesien van die staat se inisiatiewe om die groot hoeveelheid Afrikaanse programme in die uitsaaiwese te verseker, het 'n verdere vereiste gevolglik ontstaan, naamlik om die taalstatus te bevorder deur die gehalte van Afrikaanse uitsendings te verhoog. Vroeg in die 1950's is 'n Komitee vir Taaladvies (KTA) gevolglik gestig wat hom veral besig gehou het met die normering en standaardisering van Afrikaans (Botha, T.J.R., 1985:240; Hugo, 2009:97; Steyn, 2014:361).

Die stigting van die KTA was van kardinale belang omdat kundiges vinnig die verreikende invloed van die radio begryp het en dit het meegebring dat omroepers 'n taalhulpbron sou benodig. Die komitee is deur die SAUK, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, op die been gebring. Die KTA het bestaan uit bestuurders van die diens en taalkundiges van die Akademie (Hugo, 2009:97). Die komitee het hom uitsluitlik met Afrikaanse kwessies besig gehou, maar daar is mettertyd ook Engelse kundiges betrek (Roos, 1959:146).

Afgesien van die KTA wat slegs by geleentheid bymekaargekom het (Botha, T.J.R., 1985:240), is daar ook 'n voltydse taaladviseur by die SAUK aangestel. Die taaladviseur dien op die KTA maar die persoon "is die enigste personeellid in die SAUK wat amptelik verantwoordelik is vir alle aspekte van taalnormering by Afrikaanse dienspunte" (Botha, T.J.R., 1985:241). In daardie stadium het die taaladviseur daagliks na die SAUK se uitsendings geluister en omroepers op enige foute wat begaan is, uitgewys.

Omroepers kon ook die taaladviseur raadpleeg wanneer daar onsekerheid oor 'n taalverwante saak opgeduik het (Roos, 1959:146). Die komitee het veral 'n waardevolle bydrae gelewer tot die uitspraak van vreemde woorde en name en het bowenal goeie Afrikaans bevorder. 'n Hoë mate van sorg is aan die uitsaaitaal bestee en die KTA het dus gesorg dat die SAUK 'n groot bydrae kon lewer tot die standaardisering van Afrikaans en het ook 'n rol gespeel by die bevordering van taalnorme. Roos (1959:147) meen juis die doel van die KTA was om as 'n "kragtige stimulus" te dien "vir die triomfantlike ontwikkeling van Afrikaans".

Die KTA se bevindinge rakende taal "is oorspronklik noukeurig opgeteken op indekskaartjies waarvan daar derduisende oor taaladvies en oor die uitspreek van woorde in Afrikaans is" (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:3). "Die besluite, aanbevelings en uitsprake van die Komitee het te doen met taalverskynsels op elke denkbare terrein van die lewe, soos wat dit veral in uitsendings gevind word" (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:3). Hierdie aktiwiteite van die KTA het verseker dat die uitsaaiers tred kon hou met die "dinamiese taaldomein ... ten einde hom te vergewis van beduidende taalneigings, -verskynsels en -strominge in die samelewing (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:5).

Die radio het van krag tot krag gegaan en die sukses van die Afrikaanse diens het gevolglik gesorg dat Afrikaans as uitsaaitaal gegroei en ontwikkel het in so 'n mate dat die mense die radio beskou het as “die grootste enkele vormende en standaardiserende krag van Afrikaans” (Hugo, 2009:97). Ponelis (1992:79) het vroeër juis gesê dat Afrikaans die media broodnodig het ter ondersteuning en vestiging van Standaardafrikaans, veral in 'n postapartheidsera.

Sedert die stigting van die Afrikaanse radio as kommersiële diens, het dit egter 'n realiteit geword dat die uitsaaiwese 'n meer informele baadjie aangetrek het met betrekking tot die aanbieding en taalgebruik in radioprogramme. Magdaleen Kruger, die uitvoerende bestuurder van RSG sedert 2004, voer aan dat die manier van praat verander het; “dis minder rigied” (soos aangehaal deur Schoombie, 2012:63). Sy meen hierdie informeler aanslag skep ruimte vir 'n groter verskeidenheid tongvalle. Die klem val eerstens op goeie kommunikasie met 'n strewe na keurige taalgebruik daarmee verweef. Kruger vertel dat 'n losser aanbieding nie noodwendig 'n slordige aanbieding beteken nie. Soos die radio het die televisie ook “geweldig baie vir Afrikaans beteken” (Steyn, 2014:402).

3.2.3 Die koms van televisie

Terwyl die res van die wêreld televisie sedert die 1950's en -60's geniet het, het die voormalige regering van Suid-Afrika die koms van televisie laat draal (Mersham, 1998:209,211; Olivier, 2003:58; Steyn, 2014:398). Die NP-regering het die televisie beskryf as 'n “negatiewe invloed op die samelewing regoor die wêreld” (Mersham, 1998:211). Die regering was ook bekommerd dat die koms van televisie die Afrikaanse taal en die Afrikanerkultuur sou bedreig (Tomaselli & Tomaselli, 1989:84). Daarenteen wou sakelui en nywerhede graag TV in Suid-Afrika hê (Steyn, 2014:398).

Te midde van die uiteenlopende menings omtrent televisie, het die regering teen 1971 die Meyer-kommissie opdrag gegee om die bekendstelling van televisie in Suid-Afrika te ondersoek (Mersham, 1998:211-212). Die Meyer-kommissie het bevind dat die regering nie langer sou kon sloer nie, omdat ontvangs van TV-uitsendings van oorsese bronne via satelliet 'n realiteit was (Tomaselli & Tomaselli, 1989:84-85). Die kommissie het gevolglik voorgestel dat Suid-Afrika sy eie televisiediens moet kry en dat die SAUK die televisiediens moet behartig (Mersham, 1998:212). Die kommissie het ook voorgestel dat die televisiediens onder staatsbeheer moet funksioneer.

In 1975 het die SAUK die eerste toetsuitsendings vir televisie gedoen en in 1976 is 'n gereelde tweetalige kanaal vir Engelse en Afrikaanse uitsendings ingestel (Du Toit, 2004:42; Hugo,

2009:97; Steyn, 2014:398). Die TV-nuusdiens het ook in 1975 tot stand gekom en die eerste Afrikaanse bulletin is in dieselfde jaar uitgesaai (Cruywagen, 2012:139-140).

Omdat Afrikaanse inhoud nie so geredelik beskikbaar was soos Engelse programme van oorsese afkoms nie, het Afrikaans 'n verdere oplewing ervaar deur die vervaardiging van Afrikaanse televisieprogramme wat plaaslik geproduseer is (vgl. Du Toit, 2004:45-46; Hugo, 2009:97; Steyn, 2014:398-399). Een van die bekendste kinderkarakters in Afrikaans, Liewe Heksie, wat in 1961 deur Verna Vels vir die radioprogram, *Siembamba*, geskep is, is later ook vir die televisie aangepas en 152 TV-programme is vervaardig (Hugo, 2009:97-98; Steyn, 2014:399). Die drama- en produksieafdeling in Suid-Afrika het in sy geheel uitermate gegroei met die vervaardiging van “vermaaklikheids-, opvoedkundige en dokumentêre programme en films” vir kinders en volwassenes in verskeie inheemse tale (Hugo, 2009:97).

Oorklanking van ingevoerde programme het ook 'n rol gespeel in die vervaardiging van Afrikaanse inhoud (Du Toit, 2004:46; Hugo, 2009:97; Steyn, 2014:402). Die vervaardiging van Afrikaanse programme het as teenvoeter gedien vir die uniformiteit wat Engels oor die wêreld heen bewerkstellig (Du Toit, 2004:46). Oorklanking en onderskrifte (vgl. Olivier, 2003:76-105) het 'n nuwe wêreld in die plaaslike uitsaaiwese ontsluit en soos radio het televisie in die tagtigerjare ook van krag tot krag gegaan en hom in talle huishoudings gevestig. Danksy die televisie is Afrikaans in huise gebring waar dié taal nooit vantevore gehoor is nie

3.2.4 Politiek en die SAUK voor 1994

Soos genoem, is die struktuur van die SAUK geskoei op die model van die BBC, wat behels dat die SAUK enersyds 'n staatsdiensinstansie is, maar andersyds ook enkele kenmerke van 'n private instansie toon (Roos, 1957:2). Roos (1957:6) gaan voort deur te verduidelik dat Suid-Afrika só 'n stelsel moet hê omdat die bevolking besonder heterogeen is, wat betref “veelrassigheid, veelkleurigheid, veeltaligheid en met baie minderheidsgroepe” en dit is vandag steeds die geval. Die doel met die stelsel is dat die SAUK as 'n outonome organisasie op 'n billike en regverdige wyse in diens van die hele volk moet staan. Laastens is dit noodsaaklik om te noem dat die SAUK verantwoording moet doen aan die Parlement. Tydens die bewind van die NP-regering het dié party sy rentmeesterskap oor die openbare uitsaaier uitgebuit deur Afrikaans uitermate te bevorder en aan ander tale die vereiste minimum lugtyd toe te staan (Louw, 2004:45; Ross, 1999:134).

Tussen 1948 en 1994, onder die regering van die Nasionale Party, is Afrikaans uitermate bevorder en Afrikaans is in die media gebruik om die nasionalistiese idees aan die mense oor te dra (Ross, 1999:134; Steyn, 1987a:92; Tomaselli & De Villiers, 1998:155). In 1963 is die streng

stelsel van sensuur ingestel met die Publikasieraad aan die spits daarvan (Giliomee, 2004:485; Hugo, 2009:90). Dié raad het die mag gehad om boeke en rolprente te verbied “wat die openbare sedes en veiligheid” moontlik kon ondermyn.

Via die Publikasieraad het die regering beheer uitgeoefen oor die taal wat voorkeur in die media geniet, maar die staat het ook die media in al sy vorme onder streng sensuur geplaas (Ross, 1999:134). Die regering het drie doelwitte met dié streng beheer van die media in die oog gehad. Eerstens is verklarings deur enige opposisieparty afgekeur (formele, sowel as informele beperkings het die pers doelbewus verhinder om verslag oor die ANC te doen), tweedens is liberale, sosialistiese idees wat van oorsese bronne afkomstig kon wees sover moontlik verban, en derdens is “morele reinheid” bevorder in die vorm van sensuur (Giliomee, 2004:485). Om hierdie doelwitte te bereik het behels dat boeke, tydskrifte, musiek en rolprente eers ’n keuringsproses moes ondergaan wat dan dikwels veroorsaak het dat die meerderheid materiaal verban is. Dié keuring is deur die Publikasiebeheerraad gedoen (Ross, 1999:134; Hugo, 2009:90).

Die regering se *Wet op Publikasies en Vermaaklikhede van 1963* (die wet is in 1974 hersien) het talle popliedjies afkomstig van die VSA en Brittanje uit die staanspoor reeds in Suid-Afrika verbied, wat die volgehoue streng beheer oor die uitsaaiwese verder verstewig het (Hugo, 2009:127). Die plaaslike filmbedryf het ook daaronder gely omdat sommige filmmaatskappye selfsensuur toegepas het (Hugo, 2009:90). Omdat rolprente met sosio-politiese temas die gevaar geloop het om verban te word, is dit uit die staanspoor reeds nie vervaardig nie.

Die plaaslike musiekbedryf was egter nie so finansiëel gedrewe soos die filmbedryf nie en talle liedjies is deur die sensuurwet verban. Dit het ’n groot impak gehad op die radiobedryf en die musiek wat deur die SAUK se radiodiens gespeel is (Hugo, 2009:126). Die SAUK het tot in die laat-1980’s talle kritiese stemme stilgemaak. Afrikaanse musikante soos Koos Kombuis en Johannes Kerkorrel wat byvoorbeeld verbonde was aan die “Voëlvry”-beweging, is dadelik deur die sensors by die SAUK verbied (Hugo, 2009:118, 127).

Daar was wel in die 1970’s ’n opkoms wat bekend gestaan het as die “Musiek-en-Liriek”-beweging (Hugo, 2009:126; Steyn, 2014:403). Die doelwit was om Afrikaanse musiek van hoë gehalte te skep, veral met betrekking tot die Afrikaanse lirieke (Hugo, 2009:126). Die SAUK het die beweging aktief ondersteun omdat dit weereens besig was met die bevordering van die Afrikaanse taal. Kunstenaars moes egter nog steeds versigtig wees vir die sensuurwet van die tyd.

Sensuur in Suid-Afrika het ’n hoogtepunt in die 1980’s bereik namate die regering sy greep op die publiek verloor en ’n noodtoestand aangekondig het (Merrett, 2001:51; Steyn, 1998:456).

Die regering het 'n gevestigde sensuurstruktuur gehandhaaf en teen 1982, met die instelling van die *Wet op Interne Sekuriteit*, kon die regering organisasies en individue beheer (Merrett, 2001:51). Dié wet het behels dat die regering enige publikasie in die ban kon doen en die regering basies oorlog teen enige anti-Apartheidsbeweging of veldtog wat die vrede versteur het, kon verklaar. Die SAUK het derhalwe die staat gehoorsaam en die NP-regering steeds in 'n positiewe lig uitgebeeld, te midde van negatiewe internasionale publisiteit. Webb (1992:10) noem ook dat die Nasionale Party die Afrikaanse taal gebruik het as deel van die party se ideologie van apartheid. Dit het beteken dat die SAUK, soos die regering, Afrikaans in 'n hoë mate bevoordeel het omdat die staat dit so vereis het (Ponelis, 1992:77).

Die regering het streng beheer oor die radio en alle uitsendings via die medium uitgeoefen. Die regering het ook geweier dat 'n televisiediens op die been gebring word, met die doel om sy beheer sover moontlik te monopoliseer (Ross, 1999:134; Tomaselli & Tomaselli, 1989:84). Nadat die Meyer-kommissie bevind het dat die koms van televisie onvermydelik was, het hulle die regering gerusgestel met die volgende strategie: die televisie is 'n vorm van eenrigtingkommunikasie wat die regering in staat sou stel om sekere idees aan mense oor te dra, in plaas daarvan om die mense die geleentheid te gee om hulle eie sienings en waardes uit te leef (Tomaselli & Tomaselli, 1989:85).

3.3 Die SABC na 1994

3.3.1 Die veranderde taalbeleid

Met die geboorte van Suid-Afrika se demokrasie is Afrikaans in 1995 en 1996 onder die ANC-regering op alle gebiede drasties ingekort (Hugo, 2009:97). Afrikaans het veral om ideologiese redes sy gelyke status met Engels verloor en dit was sigbaar op radio en televisie (Hugo, 2009:97). Steyn (2014:431) voer selfs aan dat die SAUK een van die eerste plekke is waar Afrikaans ingekort is, veral ingevolge die *Oorgangsgrondwet (Wet 200 van 1993)* wat daarop toegespits was om “linguistiese diskriminasie van die verlede te beëindig” (Truter & Lubbe, 2002:1998). Steyn (1995:89) meen juis dat die inkorting van Afrikaans reeds voor 1994 begin het.

3.3.2 Veranderinge in die aanloop tot 1994

Sedert die eerste televisieuitsendings in 1976 is 'n hoë premie geplaas op die gelyke behandeling van Engels en Afrikaans by televisieprogramme, maar “omstreeks 1981 het di[e] beleid begin verander” met die gevolg dat Afrikaans “al hoe minder sendtyd ontvang” het teenoor sy Engelse opponent (Steyn, 1995:89), dermate dat vervaardigers in 1991 ingelig is dat

“die vervaardiging van Afrikaanse programme heeltemal gestaak is” (Steyn, 1995:89; Steyn, 2014:431).

Die regering het in 1993 die volkome beheer wat hy oor die SAUK gehad het, prysgegee (vgl. Mersham, 1998:213; Steyn, 2014:431-432) wat ook onmiddellik ’n verdere impak op Afrikaanse programme op televisie en radio gehad het, omdat die meerderheid personeel van die nuwe paneel wat die SAUK destyds bestuur het, ANC-gesind was. “Teen die einde van 1994 was feitlik die hele gewese topbestuur van TV-nuus deur ANC-gesinde lede vervang.” (Steyn, 1995:91; Steyn, 2014:432). Die ideologiese inkorting van Afrikaans was boonop te midde van “die feit dat ’n kwart van die mense wat televisiestelle besit Afrikaans is” (Hugo, 2009:97) en nie op die raad verteenwoordig is nie (vgl. Steyn, 1995:93).

3.3.3 Implikasies vir Afrikaans na 1994

Met die insinking van Afrikanernasionalisme het die SABC ná 1995 sy taalbeleid dienoooreenkomstig verander en Engels is statutêr toenemend bevoordeel deur dié taal ook by Afrikaanse programme in te voer (Steyn, 1987a:95). Fourie (1996:47) voeg by dat laasgenoemde net die begin was, want op 4 Februarie 1996 het die SABC “ingrypende kanaalveranderinge in werking gestel ... en Afrikaans [is] uit sy bevoorregte posisie gelig”.

Hierdie veranderinge by die SABC het gelei tot hewige protes onder die Afrikaners wat daaraan gewoon was om Afrikaans op die televisie te hoor en baie Afrikaners het gerebelleer deur op te hou om hulle TV-lisensiegelde te betaal (Mersham, 1998:214; Steyn, 1998:458, 464; Steyn, 2014:432; Truter & Lubbe, 2002:201-203). Die staat het ook vereis dat geen staatsinstellings meer onder die bekende Afrikaanse name en akronieme bekend mag staan nie, wat beteken het dat die SAUK voortaan slegs as die SABC sou bekendstaan (Louw, 2004:46; Truter & Lubbe, 2002:197; Van Rensburg, 1997:58).

’n Verdere verlies vir Afrikaans en die Afrikaanse uitsaaiwese is die ontbinding van die KTA in 1995 (Cruywagen, 2012:210). Voorts is daar ook in 1993 begin met dreigemente om Afrikaanse oorklanking drasties te verminder of selfs te staak (Steyn, 1995:94). In die daaropvolgende jaar is aangekondig “dat die begroting vir taal-oorklanking ... met minstens vyftig persent ingekort” sou word (Steyn, 1995:97). Die oorklankingsafdeling, wat hoofsaaklik in Afrikaans vertaal het, het ná verskeie terugslae uiteindelik in 1997 sy deure gesluit (Hugo, 2009:97). Die staat se nuwe aanslag op taal was merkbaar by die SABC en die inkorting van Afrikaans in die uitsaaiwese het ’n invloed gehad op die toekomstige statusverliese van Afrikaans.

Afgesien van die taalbeleid het ander beleide, soos die verteenwoordigingsbeleid, transformasie by die SABC afgedwing. Dit het beteken dat die werkersmag en bestuur van die SABC die land se bevolking moes verteenwoordig en talle wit mense is uit senior-poste verwyder (Giliomee, 2004:620). Dit het die Afrikanernasionalistiese houvas in die uitsaaiwese nog verder gekortwiek. Te midde van die transformering en die agteruitgang van Afrikaans en Afrikaanse instellings het RSG, die Afrikaanse radiosender, in die “eerste ses jaar ná die oorgang na ’n demokrasie die sterkste gegroei van al die radiostasies” (Giliomee, 2004:623). Daar is ook sedert 1994 wegbeweeg van “hiperkorrekte Standaardafrikaans” en die Afrikaanse sender “reflekteer ... deesdae al hoe meer die verskillende gesproke vorme van die taal” (Hugo, 2009:97).

3.3.4 Die ontstaan van reguleringsliggame binne die uitsaaiwese

Met die ontbanning van die ANC in 1990, is die “elektroniese kommunikasieïndustrie beskou as ’n belangrike onderhandelingsmedium” vir die nuwe bestel wat intree (NAB, 2014). Dit het derhalwe gelei tot ingrypende herstrukturering by die SABC, met die Viljoen-taakgroep wat in 1990 gestig is, met die hoofsaaklike doel om vas te stel of die herstrukturering binne die uitsaaiers se bestuur verteenwoordigend van die nuwe era was (Mersham, 1998:213). Soos vroeër genoem, is die regering se greep op die SAUK in 1993 gelig en die openbare uitsaaiers is onder beheer van ’n paneel regsgeleerdes geplaas (vgl. Govenden, 2009:9; Steyn, 2014:431).

Dié aanstelling van lede vir Suid-Afrika se eerste postapartheid SABC-raad kan grootliks toegeskryf word aan die herstrukturering binne die topbestuur wat toenemend ANC-gesinde mense was (vgl. Mersham, 1998:213; Steyn, 1995:92; Steyn, 2014:432). Dit het daartoe gelei dat hierdie raad vir die eerste keer, volgens president FW de Klerk, “die mees verteenwoordigende en demokratiese” raad vir die land se bevolking was en een van die raad se eerste aanbevelings was om ’n Onafhanklike Uitsaaiowerheid (OUO) te stig (Mersham, 1998:213). Dit was ook die begin van ’n langdurige veldtog om die “uitsaairolwe te bevry” van staatsinmenging en enige ander vorme van propaganda (Govenden, 2009:9).

3.3.4.1 Die Onafhanklike Uitsaaiowerheid

Die wetgewing (*Onafhanklike Uitsaaiowerheidswet – Wet 153 van 1993*) vir sodanige owerheid is in Oktobermaand van 1993 gepromulgeer en die OUO se eerste vergadering is in Maart 1994 gehou (Barker, 1998:269; Mersham, 1998:213). Die openbare uitsaaiers het voor 1994 onder die beheer van die Departement van Binnelandse Sake gestaan, en die uitsaaiwese is slegs deur die *Uitsaaiwet van 1976* geregleer (NAB, 2014). Die OUO is derhalwe gestig, en dít, kort vóór die eerste demokratiese verkiesings in Suid-Afrika om te verseker dat die SAUK ’n onpartydige

rol tydens dié merkwaardige verkiesing sou speel (Govenden, 2009:9; NAB, 2014). Die verdere doel van die OUO was ook om te verseker dat die uitsaai-industrie voortaan oor die algemeen vry sou wees van politieke beheer en beïnvloeding (Mersham, 1998:213) wat die voormalige, politieke gedrewe sensuur in sy geheel in die kiem gesmoor het. Die koms van die OUO het ook die monopolie wat die SAUK gehad het, geheel en al uitgeroei (Barker, 1998:269).

Die doel en werksaamhede van die OUO word in die *OUO-Wet (Wet 153 van 1993)* gestipuleer (Mersham, 1998:214). Afdeling 29(c) van die wetgewing behels dat die OUO moet toesien dat nasionale asook streeksidentiteite deur middel van die uitsaaiwese ontwikkel moet word ten einde die land se kultuur en karakter te versterk. In die tweede plek is die OUO verantwoordelik daarvoor om toe te sien dat 'n gereelde nuusdiens, aktualiteitsprogramme, politieke programme en internasionale nuusprogramme aan die kykers/luisteraars verskaf word.

Voorts stipuleer Afdeling 2(e) dat die OUO moet verseker dat die openbare uitsaaiër aan die volgende vereistes voldoen:

- daar moet omgesien word na die taalbehoefte van alle kultuur-, en godsdienstgroepe binne die uitsaaiwese,
- daar moet omgesien word na die behoeftes van kleiner gemeenskappe en
- die uitsaaiër moet op gereelde basis opvoedkundige programme uitsaai (Mersham, 1998:214).

Die SABC moes dus by die OUO se mandaat aanpas en interne herstrukturering moes plaasvind om die openbare uitsaaiër op alle vlakke te transformeer tot 'n instelling wat aan die publiek se behoeftes voldoen en waar die land se bevolking verteenwoordig word (Mersham, 1998:214).

Benewens bogenoemde doelstellings ingevolge die wetgewing en velerlei ander verpligtinge van die OUO is 'n algemene taak ook aan die OUO gestel. Die OUO moes uit die staanspoor toesien dat die SAUK herposisioneer word tot 'n openbare uitsaaiër wat nie meer deur staatsfondse gesubsidieer word nie (Govenden, 2009:9). Solank die SAUK deur openbare geld befonds word, kan die onafhanklikheid van die uitsaaiër geoptimaliseer en staatsinmenging geheel en al voorkom word.

Afgesien van die OUO het die behoefte daaraan om standarde vir die industrie neer te lê ontstaan (Froneman & De Beer, 1998:312). Dit bring ons by 'n volgende verpligting van die OUO wat lui dat dié owerheid moes verseker dat uitsaailisensiehouers 'n gedragskode moet gehoorsaam, en die *OUO-Wet (Afdeling 57(2))* het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n moniterings- en klagtekommissie wat kon toesien dat dit uitgevoer word (Barker, 1998:269).

3.3.4.2 Die ontstaan van die Uitsaaiklagtekommissie

'n Gedragskode vir die uitsaaiwese is geformuleer wat vir alle uitsaaiers geld, insluitend en hoofsaaklik vir die SABC, en dit word geïmplementeer deur die Uitsaaiklagtekommissie van Suid-Afrika/Broadcasting Complaints Commission of South Africa (beter bekend as die UKKSA/BCCSA). Die UKKSA is in 1993 deur die Nasionale Assosiasie vir Uitsaaiers/National Association of Broadcasters (NAU/NAB) gestig (BCCSA, 2014:1). In 1995 word die UKKSA deur die OUO erken as die amptelike klagtekommissie vir die Suid-Afrikaanse uitsaaiwese, ingevolge Afdeling 56(2) van die OUO-Wet van 1993 (BCCSA, 2014:1). Die NAU is egter steeds die hoofbefondser vir die UKKSA (BCCSA, 2014:2), maar tog is die UKKSA nie op enige wyse aanspreeklik teenoor of verantwoordbaar aan die NAU nie (BCCSA, 2014:4) wat die onafhanklikheid van dié kommissie verseker (BCCSA, 2014:8). Wat die gedragskode van die UKKSA betref, lui die hoofuitgangspunt dat “die elektroniese media nie materiaal sal aanbied wat onsedelik, onweloweglik, skadelik of aanstootlik is ingevolge openbare morele nie” (Froneman & De Beer, 1998:312). Enige lisensiehouer by die OUO moet hierdie gedragskode gehoorsaam en indien die publiek enigsins voel dat enige uitsaaier nie aan dié kode voldoen nie, kan hulle 'n klag aanhangig maak by die UKKSA.

Dit is voorts belangrik om te beklemtoon dat die OUO se beleid en die UKKSA se gedragskode beleide is wat buite die uitsaaiwese geleë is. Elke uitsaaier het ook sy interne beleid – so ook die SABC. Vir doeleindes van hierdie studie is dit slegs belangrik om kennis te neem van die rol wat taal in hierdie interne en eksterne beleide speel. Die OUO en UKKSA se beleid rakende taal is slegs dat al elf amptelike tale van die land regverdige en billike hantering moet ontvang en ook dat die taal wat oor die TV of radio gehoor word, aan die taalgemeenskappe se behoeftes moet voldoen (BCCSA, 2009; ICASA, 1999). Geeneen van hierdie twee liggame pas enige regulering toe op die gehalte of standaard van taal of taalgebruik nie.

3.3.4.3 Die vorming van die Onafhanklike Kommunikasieowerheid

In Junie 2000 het die OUO met die Suid-Afrikaanse Telekommunikasiereguleringsowerheid (SATRO) saamgesmelt en die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika/Independent Communications Authority of South Africa (OKOSA/ICASA) is ingevolge die *OKOSA-Wet 13 van 2000* tot stand gebring (Govenden, 2009:9,39; Lesame, 2000:28; NAB, 2014, Van Vuuren, 2004:2). In 2006 is die *OKOSA-Wysigingswet* gepromulgeer wat die funksies en handelinge van dié reguleerder verander het. OKOSA is gevolglik ook verantwoordelik vir die ondersoek, inspeksie, klagtehantering, geskilbeslegting, beoordeling, regulering van gedrag en alle sake wat verband hou met die kommunikasieïndustrie (NAB, 2014). Die verantwoordelikhede wat taal betref, handel slegs oor regverdige taalhantering en

die eweredige verspreiding van al elf amptelike tale en daar word nie melding gemaak van die regulering van taalstandaarde of -gehalte nie (ICASA, 1999).

3.4 Die taalbeleid van die SABC

Die taalbeleid van die openbare uitsaaier is onlosmaaklik aan die land se nasionale taalbeleid verbind (Du Plessis, 2006:85). Die rede hiervoor is dat taalbeplanners van mening is dat 'n taalbeleid 'n ideologiese funksie vervul wat daarop toegespits is om nasionale eenheid in 'n land te bewerkstellig (Pokpas & Van Gensen, 1992:167). Naas die onderwysstelsel en ander burokratiese liggame is die media een van die primêre taalbeleidsagente binne 'n land (Du Plessis, 2006:85).

3.4.1 Die taalbeleid vóór 1994

Dit is moeilik om hierdie ou dokumente in die hande te kry maar in die boek, *Taalbulletin* (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:4) word 'n opsomming van die SAUK se eerste amptelike taalbeleid wat in 1988 geformuleer en gepubliseer is, verskaf. Vir kontekstuele doeleindes sal slegs die toepaslike dele hier aangehaal en weergegee word.

Eerstens lui die dokument dat die SAUK nie deel is van die formulering van nasionale taalstrategieë nie, maar die organisasie sal deelneem as gespreksgenoot om sulke strategieë te formuleer (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:4). Die SAUK sal ook deelneem aan die aktiewe bevordering van die doelwitte soos gestel deur die nasionale taalgesag.

Die taalbeleid gee voorts ook te kenne dat taalversorging 'n kardinale rol binne die uitsaaibedryf speel “en die amptenare van die SAUK sal in hulle beroepsbeoefening, te midde van 'n hoogtegnologiese werkomgewing, noulettend die vereiste waarde en norme in die taalgebruik van die nasionale uitsaaier eerbiedig en in stand hou” (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:4).

Binne die taalbeleid beloof die SAUK om “in sy formeler uitsendings” soos byvoorbeeld nuusuitsendings “die soort Afrikaans gebruik wat vir die Afrikaanssprekende formeel en gepas klink”. Hiermee saam erken die SAUK “die bestaan van taalvariante (soos in streek- en groepstale)” en hierdie variëteite sal op 'n gepaste wyse in minder formele uitsendings gebruik word (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:4).

Laastens lui die taalbeleid dat die SAUK, in samewerking met taal- en kultuurorganisasies, steeds wil voortgaan om “Afrikaans in sy ryke verskeidenheid vorme te bevorder – sonder om die taalskat en taaleie in te boet”. Die SAUK sal hierdie deugde met behulp van die KTA en sy

Taalburo najaag, deur te verseker om aan die voorpunt van taalverandering en taalverskynsels binne die Afrikaanse taaldomein te bly (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:4-5).

3.4.2 Ontwikkeling van 'n nuwe taalbeleid van die SABC ná 1994

Steyn (1998:458) voer aan dat taal waarskynlik die belangrikste kulturele element is wat 'n mediabeleid kan beïnvloed. Dit is veral waar met betrekking tot Suid-Afrika in die lig van die land se sosiopolitieke geskiedenis en die omvangryke aard van meertaligheid in die land. Die taalbeleid van die SABC is egter nog altyd in omstredeheid gehul (Steyn, 1995:89-90) omdat die beleid nie daarin kan slaag om alle taalgemeenskappe tevrede te stel nie. Dit het veral 'n spits bereik met die inkorting van Afrikaans tydens Suid-Afrika se oorgang na 'n demokrasie.

Voor 1994 het die SAUK hoofsaaklik 'n tweetalige beleid gehad wat ingesluit het dat optimale lugtyd aan Afrikaans toegestaan is (vgl. Louw, 2004:45; Ponelis, 1992:77; Tomaselli & De Villiers, 1998:154, Van Staden, 2004:52). Dié beleid het gesorg dat 50% van die inhoud wat deur die SAUK uitgesaai was, in Afrikaans moes wees. Steyn (1995:89) konstateer egter dat dié bevoordeling teen die begin van 1993 drasties afgeneem het, met Afrikaanse inhoud wat tot 35% gereduseer is en Engels wat die meerderheid lugtyd gegun is.

Ten die einde van 1994 het die taalbeleid van die SABC radikale wysigings ondergaan (Olivier, 2011:226; Steyn, 1995:92-93, Truter, 2003:45). Truter (2003:46-51) wys op hoofmomente rakende die taalbesluite van die SABC wat hewige reaksie onder Afrikaanse kykers uitgelok het. Eerstens is daar in 1994 aangekondig dat die SABC se amptelike interne bestuurstaal voortaan net Engels sou wees (Truter, 2003:46). In dieselfde jaar het die SABC ook Engels verhef tot die ankertaal van al die televisiekanale, wat gelei het tot die verdere beperking van Afrikaanse uitsendings. Engels is toe 180 uur van die beskikbare 227 uur per week oor die televisie uitgesaai. Die derde hoofmoment word gekoppel aan die finale konseptaalbeleid wat die SABC bekendgemaak het vir die "nuwe" Suid-Afrika (Truter, 2003:47). Dié konsepbeleid het behels dat die uitsending van Afrikaanse programme met die helfte verminder sou word, wat tot groot ontevredenheid onder Afrikaanse kykers gelei het (Truter, 2003:48). Vierdens is daar in 1995 'n besluit aangekondig wat lui dat die agtuurnuus slegs in Engels uitgesaai sou word en Afrikaans is met die ander minderheidstale saamgegroeper (Truter, 2003:48). Die ontevredenheid wat voortgespruit het uit die inkorting van Afrikaans op televisie, het 'n omvattende boikotaksie tot gevolg gehad om die uitsaaikorporasie hom sy noodsaaklike advertensie-inkomste te ontnem.

3.4.3 Die huidige taalbeleid van die SABC

Die geboorte van die Suid-Afrikaanse demokrasie het 'n breë spektrum veranderings in die land se wetgewing teweeggebring, wat ook na die uitsaaiwese oorgespoel het. Eerstens is die amptelike interne bestuurstaal van die SABC ná 1994 tot slegs Engels beperk (Truter & Lubbe, 2002:201). Die nuwe demokratiese *Grondwet van Suid-Afrika* is in 1996 gepromulgeer en het in 1997 in werking getree. Dit het 'n stel implikasies vir die uitsaaiwese gehad en in 1999 het 'n nuwe *Uitsaaiwet* (Wet 4 van 1999) alle vorige uitsaaiwetgewing vervang (Du Plessis, 2006:90). Hierdie Uitsaaiwet se taalwetgewing is in samehang met die *Grondwet* van 1996 se taalbepalings geformuleer. Die Uitsaaiwet bestaan uit drie kategorieë uitsaaidienste in Suid-Afrika, naamlik die openbare uitsaaidiens, die kommersiële uitsaaidiens en die gemeenskapsuitsaaidiens (Du Plessis, 2006:90, Van Zyl, 2003:8).

Du Plessis (2006:88) tref duidelik onderskeid tussen die SABC se taalmandaat (wat deur uitsaaiwetgewing bepaal word) en die SABC se redaksionele taalbeleid (wat deur die beheerraad van die SABC bepaal word). Die taalmandaat stipuleer dat die SABC verplig is om sy eie taalbeleid te formuleer in oorleg met die taalbeleid van die land (Du Plessis, 2006:91). Sedert die vestiging van die “nuwe” SABC het die SABC reeds twee redaksionele taalbeleide gehad teen die nuwe demokratiese agtergrond. Die eerste beleid is in 1995 ingestel, maar die inhoud was onderhewig aan hersiening na aanleiding van 'n geweldig intensiewe beraadslagingsproses met die publiek (Du Plessis, 2006:91). Die hersiene beleid is toe in 2004 ingestel as deel van die SABC se algemene redaksionele beleid.

Die redaksionele beleid van 2004 raak verskeie onderwerpe aan, maar vir doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om die gedeelte wat oor taal handel, uit te lig. Du Plessis (2006:94) voer aan dat die beleid van 2004 toon dat daar verseker moet word dat al die amptelike tale korrek in sy gesproke vorm aangewend moet word. Die beleid stipuleer voorts dat die dinamiek van taal in ag geneem moet word sodat daar deurlopend rekening gehou moet word met die ontwikkeling, aanpassing en algemene evolusie van die omstandighede van taal in die uitsaaiwese. Die beleid vermy egter ooglopend om in te sluit hoe die gebruik van taal op 'n kwantitatiewe wyse gemonitor moet word, wat beteken dat geen regulering van taalstandaarde ingestel is nie (Du Plessis, 2006:95). Die beleid reguleer slegs die toepassing van die taalbepalings van die beleid self (SABC, 2004:33-34).

Die SABC se redaksionele beleid bevat afsonderlike taalbepalings vir radio (SABC, 2004:28-29) aan die een kant en vir televisie (SABC, 2004:29-33) aan die anderkant, met 'n slotgedeelte wat handel oor die monitering en implementering van die inhoud van die taalbeleid. Weereens is hier ook geen melding van die regulering van taalstandaarde nie (SABC, 2004:33-34) omdat die taalbeleid van die SABC hoofsaaklik fokus op die regverdigte behandeling van die amptelike tale

en die toekenning van uitsaaityd vir elke taal (Du Plessis, 2006:95; Olivier 2011:226-227). Dit beteken dat die taalbeleid op die statusbeplanning van taal fokus terwyl die beleid vaag is wanneer dit kom by die kwessie van korpusbeplanning (Du Plessis, 2006:96).

3.5 Hoe lyk dit tans?

In die vroeë negentigerjare kon die SAUK spog met 19 radioprogramdienste (SAUK, 1989:2). Tans bestaan daar 'n radiostasie vir elk van die elf amptelike tale (Hugo, 2009:97), waar RSG die Afrikaanse dienste by die radio-afdeling behartig.

RSG was egter nie altyd die enigste Afrikaanse radiostasie by die SAUK nie, maar deesdae moet hy die skoen alleen volstaan. Daar is wel verskeie privaat stasies wat deesdae in Afrikaans uitsaai (Hugo, 2009:125; Steyn, 2014:511).

3.5.1 Gemeenskapsradiostasies

Na 1994, met die stigting van demokrasie in Suid-Afrika, het die bestaan van gemeenskapsradiostasies toegeneem (Van Zyl, 2003:7). Die voormalige NP-regering het die bestaan van sulke stasies gekniehalter omdat die staat nie volkome beheer oor die stasies sou hê nie. Die demokratiese regering het die bestaan van sulke stasies verwelkom, in samehang met groot veranderings by die SABC.

Gemeenskapsradiostasies verskil van kommersiële, of openbare uitsaaidienste soos RSG en ander stasies by die SABC (vgl. Van Zyl, 2003:5-18). Die werking van beide tipes radiostasies bly in prinsiep dieselfde maar die verantwoordelikehede van die stasies verskil onderskeidelik (Van Zyl, 2003:6). Nasionale, óf openbare uitsaaidienste se verpligtinge fokus op nasionale opheffing en groei. Hiërdie stasies by die SABC moet byvoorbeeld opvoedkundige programme uitsaai, die stasies moet spesifiek die nasionale nuus berig, hulle moet voorsiening maak vir minderheidstale, en kulture binne die kapasiteit van die SABC, daar is 'n verpligting by hulle om patriotisme te bevorder en om nasionale rekonsiliasie en die herstrukturering van die burgerlike gemeenskap te bewerkstellig (Van Zyl, 2003:7). Een van die noemenswaardige verskille, binne die konteks van dié studie, kom voor by die inhoud van die nuusuitsendings.

Openbare uitsaaidienste sal verslaggee oor nasionale nuus (Van Zyl, 2003:7), terwyl gemeenskapsradiostasies se nuusberigte bepaal sal word deur die gemeenskap wat hulle dien (Van Zyl, 2003:6). Die onafhanklike reguleerder, OKOSA stipuleer dat daar 'n gemeenskapskomitee saamgeroep moet word om te verseker dat die inhoud en die aard van die nuus by gemeenskapsradiostasies die gemeenskap se behoeftes bevredig. Wat die

taalbeleid betref, moet gemeenskapsradiostasies aan die taalbehoefte van die gemeenskap voorsien en die taalgebruik van die programme moet gepas wees (Van Zyl, 2003:8, 10, 11, 16).

Een van die bekendste Afrikaanse gemeenskapsradiostasies is Pretoria FM (voorheen bekend as Radio Pretoria), wat sedert 1993 gehoor kan word (Steyn, 1995:100; Steyn, 2014:511-512). 'n Ander noemenswaardige Afrikaanse gemeenskapsradiostasie is Radio Rosestad in Bloemfontein (Steyn, 2014:512). Beide die stasies beywer hulle vir die bevordering van Afrikaneridentiteit en die Afrikaanse kultuur (Steyn, 2014:512).

In die Pretoria-omgewing saai die stasie GrootFM uit, wat die voormalige Radio Rippel vervang (Meyer, 2013). In die Wes-Kaap saai die Afrikaanse Christenradiostasie, Tygerberg 104FM, sedert 1993 uit (Tygerberg 104FM, 2014). Die stasie Bok Radio saai ook in die Wes-Kaap uit, wat “n progressiewe” aanslag met kontemporêre inhoud het (Bok Radio, 2014). In Viljoenskroon in die Vrystaat saai nog een van die grootste gemeenskapsradiostasies uit onder die naam Overvaal Stereo, wat voorheen as Radio Koppies bekendgestaan het (Overvaal Stereo, 2014). Hierdie stasie bedien dele van die Noordwes-provinsie, noordelike dele van die Vrystaat en suidelike dele van Gauteng. Daar is ook Bosveld Stereo wat binne die groter Hartebeespoortdam, Brits en Rustenburg-area uitsaai (Bosveld, 2014).

Daar is verskeie gemeenskapsradiostasies wat gedeeltelik in Afrikaans uitsaai, soos Radio Kansel en Jacaranda FM in Pretoria, OFM in Bloemfontein, Eden FM en Radio Helderberg in die Wes-Kaap en Oos-rand Stereo in Gauteng (SAARF, 2014). Daar is voorts kampusradiostasies soos MFM (Universiteit van Stellenbosch), Kopsie FM (Universiteit van die Vrystaat), Tuks FM (Universiteit van Pretoria) en Puk FM (Noordwes-Universiteit) wat almal gedeeltelik in Afrikaans uitsaai.

Die tweetalige gemeenskapsradiostasies se taalbeleid stem ooreen met die huidige taalbeleid van die SABC (SABC, 2004:27-35) wat slegs fokus op die regverdig en billike hantering van die tale wat by uitsendings gebruik word (vgl. Sieberhagen, 2015). Jacaranda FM se aanbieders moet in beide Afrikaans en Engels kan uitsaai omdat die stasie onderhewig is aan lisensievoorwaardes wat stipuleer dat die helfte van die stasie se inhoud eweredig in beide hierdie twee tale ingedeel moet word (Sieberhagen, 2015). Volgens Kevin Fine, die stasiebestuurder van Jacaranda FM (soos aangehaal deur Sieberhagen, 2015) is die meeste van dié stasie se aanbieders se eerste taal Afrikaans. Hy sê “dit is belangrik dat die aanbieders die mark met wie hulle praat, verstaan en die taal daarby aanpas” en dit kom makliker vir die moedertaalsprekers van Afrikaans. By Jacaranda FM word 'n fyn balans tussen Afrikaans en Engels in alle fasette van die uitsendings gehandhaaf. Vermaaklikheidsnuus, nuus-, sport-, weer- en verkeersverslae word sover moontlik 50% in Afrikaans en 50% in Engels uitgesaai (Sieberhagen, 2015). Daar is egter weinig inligting oor taalbeleide by ander

gemeenskapsradiostasies beskikbaar en daar is ook nie bronne wat handel oor taalstandaardisering deur Suid-Afrika se plaaslike gemeenskapsradiostasies nie.

Bogenoemde sluit 'n opsomming van slegs enkele stasies in en daar bestaan nog soortgelyke gemeenskapstasies regoor Suid-Afrika.

3.6 Die openbare uitsaaier as taalstandaardiseringsmag

Volgens T.J.R. Botha (1985:238) “het die radio en televisie seker die meeste invloed en hoogste aansien” van al die kommunikasiemedie en ’n algemene beskouing heers dat die media in staat is daartoe om die samelewing te onderrig. Bell (1983:29) meen ook dat die taal wat by nuusuitsendings gebruik word, as die standaardvorm beskou word; die uitsaaiwese speel gevolglik ’n kardinale rol by die uitbreiding en vestiging van ’n standaardtaal (Bell, 1983:30; Cruywagen, 2012:210) – veral by die standaardisering van uitspraak (Roos, 1959:19).

Hugo (2009:96) voeg by dat die Afrikaanse radiodiens “ongetwyfeld ’n enorme invloed gehad het op die uitbouing van gesproke sowel as geskrewe Afrikaans” en die standaardvorm van ’n taal is by uitstek die taal wat deur die media gebruik word (vgl. Bell, 1983:29; Mesthrie, 1994:182).

Hugo (2009:97) maak die volgende opmerking: “Die taal van die Afrikaanse radio is inderdaad landwyd nageskryf en nagepraat”, maar sedert 1994 “het die radio in ’n groot mate dié rol verloor” (Hugo, 2009:97).

3.6.1 Die regulering van taalkwaliteit by die SABC

Du Toit (2004:47) sê navorsing toon “dat daar hoegenaamd nie genoeg aandag gegee word aan korrekte Afrikaanse grammatika en uitsprake nie”, veral in die uitsaaiwese. Hy meen voorts dat taalgebruik op die vlak van uitsaaiwese van kritieke belang is omdat “uitsaaiers op radio en televisie” as rolmodelle dien (vgl. Bell, 1983:29). Cruywagen (2012:211) eggo Du Toit se mening wanneer hy sê “daar rus ’n dure verpligting op alle uitsaaiers (omroepers, nuuslesers, nuusskrywers, programaanbieders of wat dan ook) om noulettend die vereiste waardes en norme in hulle taalgebruik te eerbiedig en in stand te hou”.

Dit is wel noemenswaardig dat die bevordering van standaardtaal nie deur die SABC se taalbeleid afgedwing word nie. Dié taalbeleid (SABC, 2004:27-35) fokus eerder op die regverdige en billike hantering van al die amptelike tale van Suid-Afrika (soos onder 3.4.2

bespreek). Beleidsdokumente stel slegs dat die *gehalte* van uitsendings aan die taalbehoefte van kykers moet voldoen.

Roos (1957:18) voer aan dat omroepers noulettend moet wees op hulle taalgebruik, want 'n fout wat oor die mikrofoon gemaak word “vind dadelik ingang in iedere huis dwarsdeur die land” (vgl. Bell, 1983:29). Roos benadruk ook dat daardie noulettende taalgebruik soms maklik kan “oorslaan na 'n strewe na eenvormigheid” wat die taal sou verarm. Roos (1957:19) verwoord die rol van die SAUK goed wanneer hy sê dat die openbare uitsaaier se strewe nie na eenvormigheid van taal moet wees nie; eerder dat die uitsaaier hom moet beywer vir die “standaardisering van die ... uitspraak en taalgebruik”. 'n Instansie soos die SAUK moet juis ruimte skep vir verskillende benaderings tot taal, omdat die verskille bydra tot die verryking van taal.

Cruywagen (2012:211) beskryf dan die kernbelang van norme in die uitsaaiwese ten beste wanneer hy sê **die taalgebruik van 'n uitsaaier beïnvloed die taal van die luisteraars en kykers** en dit is die hoofrede waarom norme so 'n vernames rol in die bedryf speel. Is dit dan in orde dat die SABC min of geen beheer uitoefen oor die standaard van die taalgebruik wat oor die radio en op beeldradio uitgesaai word nie? Die belangrikheid van norme kom eksplisiet in die uitsaaiwese na vore en Webb (1985:99) skryf juis dat dit algemene praktyk onder die Afrikaanse radio- en televisiediens is “om hulle publikasies [of uitsendings] aan die hand van 'n baie duidelike stel voorskrifte te laat versorg.”

Die feit dat die openbare uitsaaier taalnorme bevorder, lei daartoe dat die SABC en ander uitsaailiggames direk verantwoordelik is vir die standaardisering van taal. Volgens die voormalige direkteur-generaal van die SAUK, Douglas Fuchs (soos aangehaal deur Van den Berg, 1974:223), is Afrikaanse radio “die grootste enkele vormende en standaardiserende” krag van Afrikaans. T.J.R. Botha (1985:247) voer aan dat normeersders ten doel het om taal korrek te gebruik en die openbare uitsaaier “moet beantwoord aan die aanvaarde taalgebruiksnorme” omdat standaardisering so geïmplementeer word.

Vroeëre was die KTA en die voltydse taaladviseur verantwoordelik vir die regulering van taalnormering by al die Afrikaanse dienspunte (Botha, T.J.R., 1985:241). Dit was selfs só streng dat as 'n omroeper 'n fout op die lug gemaak het, 'n rooi lig in die ateljee begin brand het, wat hom onmiddellik na die baas se kantoor geroep het (Steyn, 2014:361).

3.6.2 Normering in die uitsaaiwese

Norme in die taal hou weinig verband met die spelling van 'n woord, “omdat die spelling vas is” (De Villiers, 1977:2). De Villiers (1977:2) verduidelik dat norme oorwegend in openbare gebruik, in geskrewe en gesproke vorme, gevind kan word. 'n Goeie voorbeeld van so 'n openbare forum waar gesproke en geskrewe taal voorkom, is die media. Die media, en spesifiek die uitsaaiwese, moet egter nie in dié opsig streef na absolute homogeniteit in taal (Roos, 1957:19) en oordrewe purisme nie; die klem moet val op keurige, gemaklike en verstaanbare taalgebruik (Cruywagen, 2012:211).

Die realiteit is dat Afrikaans in die volksmond verander, maar Cruywagen voer aan dat “loslit-Afrikaans” verkeerdlik beskou word “as 'n ope uitnodiging om die taal met Engels te deurspek, slordig te praat en woorde verkeerd uit te spreek” (Prins, 2011). Cruywagen sê voorts “al is die taal wat ons praat informeler, losser en gemakliker beteken dit nie” die sprekers kan die taal na eie smaak verander nie. Veral as die spreker in 'n posisie staan waar sy taalgebruik ander sprekers se taalgebruik kan beïnvloed. Cruywagen verwys na sommige algemene taalfoute wat deur sprekers en selfs die media gemaak word en hy spreek sy misnoeë oor hierdie taalfoute uit. Hy sê mens “*neem* stappe pleks van stappe *doen*” en hy lê klem op die feit dat daar nie 'n woord soos “huidiglik” in Afrikaans bestaan nie. “'n Mens moet steeds kan onderskei tussen reg en verkeerd, al is jou Afrikaans minder formeel”.

Indien sulke foute in die media voorkom, kan dit 'n beduidende invloed op die gehoor en hulle woordeskate hê, omdat die taal wat deur die media gebruik word, as die standaardvorm beskou word. Carstens (1995:11) benadruk ook die belangrikheid van standarde in die taalpraktyk. Indien 'n taalpraktisyn hom nie behoorlik oor taalkwessies kan uitdruk nie, sit hy met “'n groot probleem”. Enige beroep wat grootliks op die gebruik van taal berus, vereis kennis (van byvoorbeeld taalgebruiksaspekte en bruikbare taalbronne). Die kennis berus ook “op standarde, op norme” wat aangeleer is en wat in die praktyk werk. Carstens meen dat “[j]ou sukses as taalpraktisyn ... tot 'n groot mate bepaal [word] deur jou kennis van taalstandarde, van taalnorme, [en] van die bronne waarin die taalnorme uiteengesit is” (Carstens, 1995:11). Bogenoemde is direk van toepassing op die uitsaaiwese en die media omdat diegene wat in dié bedryf werk, bestempel kan word as die draers van norme en standarde.

Hierteenoor noem Schutte (1985:296) ook 'n belangrike faktor van norme wat in die uitsaaiwese in ag geneem moet word. Hy sê “om grammatikaal te kommunikeer, is ... nie dieselfde as om elegant, paslik of doeltreffend te kommunikeer nie”. In nuusbuletins gaan dit soms wees dat die sin eerder paslik as grammatikaal geformuleer moet word.

Die belangrikheid van norme kom eksplisiet in die uitsaaiwese na vore. Webb (1985:99) skryf juis dat dit algemene praktyk onder die Afrikaanse radio- en televisiediens is “om hulle publikasies [of uitsendings] aan die hand van ’n baie duidelike stel voorskrifte te laat versorg.” Indien swak taalgebruik of iets dergeliks in die media toegelaat word, kan dit mettertyd moontlik daartoe lei dat dit deel kan word van die taal, “met die gevolglike verlies aan die sogenaamde ‘suiwer’ inheemse woorde” en taalgebruik (Webb, 1985:101).

3.7 Algemene riglyne by die skryf van bulletins

Soos nuusberigte in ’n koerant of op die internet, wat in ’n sekere formaat geskryf word, word nuusbuletins ook volgens ’n sekere stel riglyne saamgestel. Hierdie unieke formate en style wat in die media gebruik word, verskil van normale taalgebruik, wat voorts die belangrikheid van ’n stel riglyne noodsaak (Fang, 1991:1). Francus (2010:72) stem hiermee saam en hy meen dat die taal wat in nuusbuletins gebruik word, daadwerklik van die taal wat in alledaagse gesprekke gebruik word verskil. Dié verskil kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verskil tussen die onnatuurlike kommunikasiesituasie wat by gesproke verslaggewing voorkom teenoor ander gesproke kommunikasie. Die nuusuitsendings maak ook gebruik van eenrigtingkommunikasie wat bydra tot die afwyking van tipiese eienskappe van gesproke taal.

3.7.1 Die radionuusbulletin as eiesoortige genre

’n Radiostasie doen alles in sy vermoë om aan die behoeftes van ’n sekere gedeelte van die publiek te voorsien, hetsy dit nou deur middel van ’n sekere musiekgenre is, sekere programme of ’n tipe aanbiedingstyl (Chantler & Stewart, 2009:136). Die radionuus se aanbieding en inhoud wat op ’n betrokke stasie uitgesaai word moet aangepas word by die teikengehoor wat na die radiostasie luister (Chantler & Stewart, 2009:136). Jeug- of popmusiekgedrewestasies neem byvoorbeeld ’n ander styl en invalshoek teenoor nuusbuletins in, as ’n stasie wat in radio vir volwassenes spesialiseer (Chantler & Stewart, 2009:137).

Jeugstasies se nuusbuletins se inhoud fokus byvoorbeeld meer op vermaaklikheidsnuus en ander populistiese sake. Híér sal die nuus ook tipies oor agtergrondmusiek gelees word en die doel is eerder om te vermaak, as wat dit op ernstige beriggewing konsentreer. Daarteenoor fokus radiostasies vir volwassenes eerder op familiesake en finansiële nuus, wat vervolgens die kernbehoefte van die betrokke teikengroep reflekteer en die nuus sal tipies nie agtergrondmusiek hê nie (Chantler & Stewart, 2009:137). Hiermee saam kan geografiese

elemente ook 'n rol speel by streeksradiostasies en die nuus sal dan fokus op gebeure binne die betrokke gemeenskap se gebied (Chantler & Stewart, 2009:138).

Radio is voorts 'n baie persoonlike medium waar die aanbieder direk met die luisteraar praat (Chantler & Stewart, 2009:16). 'n Aanbieder moenie aan die groot gehoor daar buite dink nie, maar moet liever steeds praat asof daar net met een persoon gesels word. Die persoonlike aard van radio laat ook toe vir emosie wat deur die stem oorgedra kan word en beide bogenoemde aspekte is veral belangrik wanneer nuusbuletins vir radio geskryf word (Chantler & Stewart, 2009:16). Radionuusbuletins word hoofsaaklik gekenmerk deur die riglyn dat dit geskryf moet word, op die manier wat mens praat (vgl. Chantler & Stewart, 2009:96; Tait, 1995:iii).

Radio-uitsendings is vlietend wat derhalwe beteken dat sinskonstruksie en woordkeuses deurdag gebruik moet word om te verseker dat die luisteraar die boodskap dadelik kan begryp (Fang, 1991:3; SABC, 1961:3). Die reëls vir die skryf van nuusbuletins, stem ooreen met korrekte gesprekstyl, naamlik die gebruik van kort, enkelvoudige sinne wat in die bedrywende vorm geformuleer is, wat sover moontlik "reg" op die oor val, (vgl. Chantler & Stewart, 2009:95,96; Fang, 1991:4; Roos, 1959:145; Tait, 1995:iii) veral omdat die tyd op radio só beperk is (Chantler & Stewart, 2009:95). Roos (1959:144) meen ook in die verband "omdat die gesproke woord so vlietend is, moet die uitsaaier sorg dat die luisteraar onmiddellik begryp wat hy sê". Dit is vir die luisteraar onmoontlik om iets weer te kan hoor as hy dit oor die radio nie volkome kon verstaan het nie (Fang, 1991:4; Roos, 1959:144).

Daar is ook sommige taalkundiges wat redeneer dat nuusbuletins glad nie in "gesprekstyl" plaasvind nie, omdat 'n gesprek soms onsamehangend kan voorkom, wat ook van die sentrale onderwerp kan afdwaal (Boynton soos aangehaal in Tait, 1995:27-28). Dit is eerder taalgebruik in sy korrekte gesproke vorm wat dan dienooreenkomstig op skrif georden en gestruktureer is (Tait, 1995:27). Chantler en Stewart (2009:95) voer juis aan dat 'n skrywer/aanbieder van nuusbuletins deeglik bewus moet wees van wat gesê moet word, en dit moet dan so direk, eenvoudig en presies oorgedra word, sonder om hoogdrawend of dramaties te wees.

Die intensie by radiobuletins is om te verseker dat die inhoud sover moontlik vloeiend en gemaklik moet voorkom, in plaas van ongemaklik en hortend (Tait, 1995:19). Tait (1995:19) verduidelik dat dit nie noodwendig nodig is om "natuurlik" te praat nie, maar dit is belangrik om te onthou dat radionuusberigte hardop aangebied word, maar dit word eers in geskrewe formaat voorberei (vgl. Chantler & Stewart, 2009:96). Hiermee saam, moet in ag geneem word dat die bronne vir nuusbuletins hoofsaaklik vir die oog geskryf word in gepaste geskrewe formaat, maar die inhoud moet dan aangepas word vir die oor (Tait, 1995:19). Tait (1995:20) gaan voort

deur te sê dat dit baie moeiliker is om vir die uitsaaiwese as vir die gedrukte media te skryf. Die rede vir hierdie stelling is omdat die skrywer van 'n nuusbuletin slegs een kans het om die nuus verstaanbaar oor te dra en wanneer dit uitgesaai is, kan dit nie uitgewis of teruggeneem word nie.

'n Manier hoe die korrektheid van 'n nuusbuletin se styl verseker kan word, is deur die bulletin hardop te lees, tydens die proses van samestelling en bereiding van die bulletin. Sodoende kan die skrywer van die berig verseker dat die bulletin vir die oor, eerder as vir die oog geskryf is (Chantler & Stewart, 2009:101). Binne die domein van radio is dit baie belangriker dat 'n nuusberig goed en natuurlik klink, eerder as wat dit goed lyk. Die ritme en frasering van sinne is van groot belang by die skryf en aanbieding van radiobulletins, so dit is algemene praktyk dat sinslengtes sal afwissel om te verseker dat dit maklik leesbaar en gevolglik verstaanbaar vir die luisteraar is (Chantler & Stewart, 2009:102). 'n Verdere rede waarom nuusbuletins vooraf hardop gelees moet word, is om te verseker dat daar geen dubbelsinnigheid en vreemde uitlatings deurglip nie. Iets kan soms onskuldig lyk wanneer dit op skrif is, maar sodra dit hardop gelees word, kan dit 'n dubbelsinnige betekenis hê, wat tot verwarring by sekere luisteraars kan lei (Chantler & Stewart, 2009:102).

Die feit dat die nuus so kort en eenvoudig moet wees, maak dit 'n ingewikkelde taak om 'n bulletin saam te stel (Chantler & Stewart, 2009:97). 'n Nuusbuletin moenie al die gebeure van 'n nuus storie opsom soos in 'n koerant nie, maar eerder slegs die relevante feite daarvan insluit en vervolgens die belangrikste dele sinvol uitlig. In samehang met die kort formaat wat 'n bulletin moet aanneem, is dit ook van belang om kort en eenvoudige, verstaanbare woorde te gebruik – luisteraars is net meer gemaklik met kort woorde (Chantler & Stewart, 2009:97-98). Dit is egter noodsaaklik dat stories en woorde nie oorvereenvoudig moet word nie. Die skrywer/aanbieder moet steeds in gedagte hou dat dit volwassenes is wat na die nuus luister. Daar is 'n fyn lyn tussen vereenvoudiging en om 'n storie verstaanbaar en verteerbaar te maak (Chantler & Stewart, 2009:99).

'n Ander rede hoekom oorvereenvoudiging ook nie altyd in bulletins kan geskied nie, is omdat kreatiwiteit steeds 'n rol by die aanbieding van nuus speel. Die aanbieder moet gebeure duidelik aan die luisteraar beskryf sodat die luisteraar die toneel waar die verrigtinge of voorval plaasvind kan visualiseer (Chantler & Stewart, 2009:15-16). Die aanbieder skep dus beelde vir die luisteraar deur middel van woorde en klank (Chantler & Stewart, 2009:16). Dit is egter noodsaaklik dat die aanbieder dit steeds op 'n objektiewe, onpartydige en akkurate wyse moet doen (Chantler & Stewart, 2009:102).

Onmiddellikheid speel voorts 'n sentrale rol by radionuusbuletins (Chantler & Stewart, 2009:99). Die gebruik van die teenwoordige tyd is vervolgens van deurslaggewende belang, omdat dit

bydra tot die onmiddellikheid van die nuusgebeure. Die bedrywende sinsvorm kan ook sover moontlik ingespan word, om die gevoel van regstreekse verslaggewing aan die bulletin te verleen (Chantler & Stewart, 2009:100).

Wanneer 'n storie deurlopend in die nuus voorkom, is dit nodig dat die storie met elke uitsending verfris word (Chantler & Stewart, 2009:101). Dit kan gedoen word deur dieselfde storie vanuit 'n ander invalshoek te vertel, veral in gevalle waar die nuus nie regtig nuwe verwickelinge bykry nie. Sommige belangrike nuuswaardighede kan vir 'n lang tydperk aktueel bly en dan moet dieselfde storie met dieselfde feite verskeie kere herskryf word, om seker te maak die inligting bly vars en nuut vir die luisteraar (Chantler & Stewart, 2009:101).

Vanuit die bogenoemde is dit derhalwe duidelik dat radionuus van ander genres van geskrewe teks of gesproke taal verskil. Die tekste moet geskryf word vir die gesproke oordrag daarvan en die gesproke aanbieding moet die vorm van 'n gesprek aanneem, maar op 'n meer logiese en gestruktureerde manier. Koerante fokus op gedetailleerde analise van gebeure en die lesers se kommentaar daarop (Chantler & Stewart, 2009:15). Televisienuus is ook 'n komplekse medium, wat baie personeel benodig vir die vervaardiging van TV-bulletins en verslae (Chantler & Stewart, 2009:15). Radionuus verskil egter van koerante en televisienuus omdat dit baie eenvoudiger, korter en intyds plaasvind, terwyl dit slegs konsentreer op die verslaggewing van feite (Chantler & Stewart, 2009:15).

3.7.2 Die kenmerke van radionuusbulletins

Chantler en Stewart (2009:104) meen daar is 'n paar basiese taalreëls wat nagevolg kan word ten einde beter bulletins te produseer. Daar is reëls wat nagekom moet word, naamlik: die gebruik van spesifieke en konkrete, ondubbelsinnige woorde eerder as vae of abstrakte woorde. Die gebruik van eenvoudige taal eerder as hoogdrawende en pretensieuse taalgebruik is ook van belang. Dan is daar ook 'n paar dinge wat vermy moet word. Eerstens moet onnodige woorde sover moontlik weggelaat word. Tweedens moet die nuus nie met emotiewe of dramatiese woorde vertel word nie. Laastens moet die gebruik van onbepaalde kwantiteitswoorde, soos *baie*, *regtig* en *ietwat* vermy word omdat dit tot verwarring kan lei. Daar moet verder ook aandag geskenk word aan korrekte grammatika sonder om die klank van die bulletin in te boet (Chantler & Stewart, 2009:104).

Daar is ook reëls wat spesifiek vir Afrikaanse nuusbulletins geld. "[D]ie gewoonte in Afrikaans ... om die hoofwerkwoord aan die einde van die sin te plaas" is onvanpas vir die radio (Roos, 1959:145). Die Standaardafrikaanse wyse om die werkwoord aan die einde van 'n sin te plaas

kan 'n opeenhoping van werkwoorde aan die einde van die sin meebring wat verwarring by die luisteraar kan veroorsaak (vgl. Van der Merwe & Engelbreg, 1990:253). Die sinsbou word derhalwe doelbewus agter die mikrofoon aangepas en “die hoofwerkwoord [word] so vroeg moontlik in die sin geplaas ... sodat die luisteraar onmiddellik kan snap wat gaande is” (Roos, 1959:145).

Benewens die konstruksie van sinne en die keuse van woorde, is die ander belangrike aspek by radionuusbulletins die kwessie rakende die korrekte uitspraak en prosodie (Francus, 2010:72; Steyn, 2014:361). By nuusbuletins kan 'n spelfout onder die mat gegee word, maar foutiewe uitspraak is 'n doodsonde by hierdie medium (Fang, 1991:23; Roos, 1959:145). Die rede hiervoor is omdat die uitsaaiwese byna eiehandig verantwoordelik is vir die standaardisering van uitspraak en korrekte taalgebruik (Gloy, 1994:35).

In die Afrikaanse uitsaaiwese probeer omroepers en nuuslesers om plekname uit te spreek met dieselfde uitspraak van die mense in daardie omgewing (Steyn, 2014:361). Te midde van die feit dat die radio ten alle tye poog om die uitspraak so na moontlik aan die standaardvorm te hou (vgl. Botha, T.J.R., 1985:252-253) is daar ook 'n nuwe neiging om meer inklusief te wees teenoor ander Afrikaanse dialekte, veral met betrekking tot uitspraak (vgl. Johl, 2002:173; Odendaal, 2012:7). Uitspraak gaan ook gepaard met die kwessie van stemtoon. Wanneer die nuus gelees word, vereis dit 'n neutrale stemtoon van die aanbieder (Roos, 1957:18).

Die doelwit by radio-uitsendings is dat die taalgebruik vir programme so “gepas en korrek moontlik” moet wees, vry van enige steurende taalgebruik wat die boodskap kan verhinder (Botha, T.J.R., 1985:247). Dit het grootliks te make met aksent en klemverskuiwing in woorde wat een van die grootste probleme in die uitsaaiwese kan wees (Botha, T.J.R., 1985:253). 'n Klemverskuiwing, veral by homograwe (Carstens, 2011:109), kan soms die betekenis van 'n woord verander soos in die geval van [pɛ:rs] (kleurnaam) en [pærs] (die media of die aktiwiteit van saamdruk). Dit is derhalwe belangrik om die aksent op die korrekte plek te plaas.

Laastens moet die Afrikaanse uitsaaiwese ook waak teen die invloed van Engels (Botha, T.J.R., 1985:255-285). Engels het 'n merkwaardige invloed op Afrikaans met betrekking tot uitspraak en die voorkoms van morfologiese kwessies en anglismes (vgl. Carstens, 2011:301, 311-326). T.J.R. Botha (1985:258) redeneer dat dit moeilik is om die Engelse invloed geheel en al in die kiem te smoor omdat Engels sterk inslag gevind het in die Afrikaanse volksmond en dit moeilik gaan wees om dit te bekamp.

3.7.3 Die samestelling van 'n nuusbuletin

Op RSG (2015) se webwerf is daar 'n artikel geplaas waar daar verduidelik word hoe nuusbuletins saamgestel word. Die eerste stap behels die insameling van nuus. Die nuus is afkomstig van al die SABC se nuusverslaggewers uit al die provinsies. “Nuus kom ook van ander nuusagentskappe” en die mense wat by die nuuslessenaar werk hou ook sosiale netwerke soos Twitter en Facebook dop asook webwerwe soos die BBC s'n. Laastens kry hulle soms ook wenke van die publiek. “Alle inligting word egter deeglik nagegaan en geverifieer om seker te maak dat dit eg en betroubaar is” (RSG, 2015).

Nadat die nuus ingesamel is, word die berigte by die SABC se rekenaarstelsel ingevoer. Alle nuus word in Engels geskryf. Die derde stap behels dat die nuus wat ingesamel en ingevoer is dan na die taallessenaars gestuur word. Die SABC het daaglikse nuusuitsending in al elf amptelike tale en daar is 'n taallessenaar vir elke taal. Hier word “die berigte vertaal, versorg” en in 'n nuusbuletin saamgevat (RSG, 2015).

Wanneer die nuusbuletin gereed is, stuur die taalversorger dit na die RSG uitsaai-ateljee waar die nuusleser dit dan ontvang. Laastens druk die nuusleser die buletin uit en maak notas vir die voorbereiding van die aanbieding daarvan (RSG, 2015). Dit word dan op die uur regstreeks uitgesaai.

Vanuit die bogenoemde beskrywing van die stappe wat gevolg word by die vervaardiging van 'n radionuusbulletin is dit belangrik om te beklemtoon dat daar 'n duidelike onderskeid voorkom tussen die persoon wat die nuusbuletins skryf en die persoon wat die buletin op die ou end op die lug aanbied. Daar is 'n verwyderdheid tussen hierdie twee partye en dit moet in ag geneem word by die analise van die nuusbuletins wat later plaasvind.

Die feit dat daar verskillende partye by hierdie proses betrokke is, kan 'n invloed op die styl en woordkeuse van die buletins hê wat gevolglik 'n uitwerking op die standaardisering van taal kan uitoefen. Die skrywer kan byvoorbeeld die meer standaardvorm van 'n woord of uitdrukking in die teks gebruik. Wanneer die teks die aanbieder bereik kan die aanbieder ingevolge sy eie taalkennis en idiolek veranderings aan hierdie teks aanbring en moontlik foutiewe taalgebruik insluit of korrekte taalgebruik foutief korrigeer. Dit kan ook andersom gebeur waar die nuusskrywer moontlik 'n fout in die teks maak en dan het die aanbieder nie die genoegsame kennis of vertrouwe om hierdie fout raak te sien en reg te stel nie en op so manier kan foutiewe of niestandaard taalgebruik oor die lug uitgesaai word.

3.7.4 'n Amptelike stylgids

Ondanks die feit dat daar tans nie 'n amptelike stylgids vir radionuus bestaan nie, bestaan daar wel basiese riglyne. Daar bestaan 'n ongepubliseerde dokument, *Riglyne by Skryfwerk* (2011), wat hulle by die Afrikaanse televisienuusafdeling gebruik. Dié dokument is deur voormalige uitvoerende regisseur: Afrikaanse TV-nuus, Peet van Staden saamgestel en hy het die dokument sedert 2004 tot en met sy aftrede in 2011 onderhou. Sommige van die riglyne in dié dokument sal van belang wees by hierdie studie. Vervolgens is daar ook 'n verouderde bron, getiteld, *Taalbulletin* (Van der Merwe & Engelbreg, 1990) wat op taalkwessies by radio- en televisieuitsendings fokus en die riglyne sal by hierdie studie betrek word. Luidens die voorwoord is hierdie bron 'n "onontbeerlik en getroue vennoot van die Afrikaanse uitsaai-joernalis (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:i).

In die *Taalbulletin* is daar 'n verduideliking verskaf oor wat die inhoud van hierdie bron behels (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:8). Eerstens word daar genoem dat die boek nie al die uitsprake van die KTA bevat nie. Dit is eerder 'n "samevatting van die versamelde kennis van sowel die KTA as die TV- en radioredaksie oor die hele land". Die woorde, uitdrukings, voorsetsels, ensovoorts is alfabeties gelys en dit is in die boek opgeneem "weens die hoë frekwensie van foute wat die joernalis kan laat struikel". Nuutskeppings en vakterminologie is ook ingesluit. Die alfabetiese woordelys bevat "verskillende komponente", onder andere: "weermagsrange, plekname, watersport, honde-rasse, boksgewigte, Teledata-terminologie, plante, bome en gewasse (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:9).

Daar is ook 'n versameling van die KTA se indekskaartjies, wat handel oor taaladvies en die uitspraak van Afrikaanse woorde (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:3) maar die toegang tot hierdie taalkaartjies is beperk tot die werknemers by die SABC en dit sal nie in hierdie studie gebruik kan word nie. Daar is nog verskeie ander taalriglyne wat by die uitsaaiwese van kardinale belang is, maar vir die doeleindes van die studie sal daar volstaan word met bogenoemde bronne.

3.8 Samevatting

Die uitsaaiwese in Suid-Afrika het verskeie mylpale bereik sedert die ontstaansjare. Die SABC is tans 'n gevestigde instansie, wat in diens van die bevolking staan, ná 'n handomkeertransformasie met die afskaffing van apartheid. Afrikaans het ook as gevolg van bevoordeling onder NP-bewind 'n gevestigde uitsaaitaal geword, al word dié taal nie meer so gereeld oor die lug gehoor soos in die verlede nie. 'n Baie belangrike aspek wat in hierdie hoofstuk na die voorgrond gekom het, is die feit dat taalgebruik oor die SABC se radiostasies nie meer soos van ouds gereguleer word nie en daar is ook geen riglyne waaraan die taalgebruik moet

voldoen nie. Dit lei gevolglik daartoe dat die SABC nie meer as 'n gesaghebbende taalstandaardiseerder en normeerder beskou word nie.

Die hoofstuk het 'n breedvoerige oorsig van die SAUK/SABC se geskiedenis tot hede verskaf, met spesifieke klem op die rol wat Afrikaans deur die jare by die openbare uitsaaier gespeel het. 'n Opsomming van die korporasie se taalbeleid is verskaf, waarna die rol van standaardisering deur die uitsaaiwese onder die loep geneem is. Daarna is enkele riglyne vir die uitsending van nuusbuletins bespreek. Dit skep voorts 'n sterk kontekstuele basis vir die empiriese gedeelte van die studie wat gesetel is in die chronologiese verandering van taal by die openbare uitsaaier.

Hoofstuk 4: Empiriese agtergrond: inhoudsanalise van radio-nuusbulletins

4.1 Inleiding

Empiriese navorsing berus op ervaring of waarneming van die wêreld om ons. Dit is data-gebaseerde navorsing wat lei tot gevolgtrekkings wat deur middel van waarneming of eksperimentele studie geverifieer kan word (Kothari, 2004:4). Hierdie hoofstuk bevat die empiriese afdeling van die studie. Eerstens word 'n breedvoerige verduideliking van die metodologiese benadering verskaf. Relevante teoretiese konsepte soos *kwalitatiewe navorsing*, *gegronde teorie*, *inhoudsanalise* word bespreek. Met die metodologie uiteengesit, word die data daarna bespreek, wat met behulp van die rekenaartoepassing, *Atlas.ti* (2014), verwerk is. Die uitslae van die *Flesch*-toetse word ook ter staving verskaf. Voorts behels die analise dat die linguistiese inhoud⁵ van die gekose nuusbulletins met mekaar vergelyk word, veral op grond van die jaar waarin dit uitgesaai is om te soek na periodieke afwykings.

4.2 Metodologie

Verskillende tipes data vereis verskillende metodes vir analisering (Bernard, 2000:xxi). Die empiriese navorsing vir hierdie studie is hoofsaaklik kwalitatief van aard. Dié metode is veral nuttig in 'n studie wat poog om sin te maak uit data wat nie aan die hand van syfers of statistiek weergegee kan word nie (Jupp, 2006:249). Hierteenoor word kwantitatiewe studies as moontlikheid nie ontken nie, maar weens die feit dat daar nie elektroniese korpora van radio-nuusbulletins oor die gekose periode beskikbaar is nie, is 'n kwalitatiewe studie gekies. Die kwalitatiewe navorsing gaan aan die hand van 'n inhoudsanalise plaasvind deur middel van kodering, dus kom die *gegronde teorie* ook ter sprake (Jensen, 2012:278). In samehang met bogenoemde uiteensetting val hierdie studie binne die dissipline *toegepaste linguistiek*.

4.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Soos reeds genoem, neem hierdie studie 'n kwalitatiewe benadering aan. Kwalitatiewe navorsing ondersoek hoofsaaklik sosiale aspekte (Jupp, 2006:248) en Van der Merwe

⁵ Die inhoud van die nuus verwys na die nuusbulletin wat deur die aanbieder gelees word. In sommige gevalle word 'n woordvoerder se eie woorde via 'n klankgreep by 'n bulletin ingesluit. Hierdie eksterne klankgrepe sal saam met die inhoud van die bulletin geanaliseer word.

(1996:291) verduidelik dat kwalitatiewe navorsing daarop toegespits is om die menslike gedrag en ervarings beter te verstaan.

Toegepaste linguistiek sluit by die kwalitatiewe benadering aan omdat dit ook 'n dieper begrip van taal en taalonderwys behels (Heighan & Croker, 2009:xi). Croker (2009:4) gaan voort deur te sê dat toegepaste linguistiek taal bestudeer soos dit in die werklikheid gebruik word wat voorts beteken dat *taalanalise* 'n belangrike onderafdeling van dié gebied uitmaak. Tweedens is begrip van die *konteks* en *ervarings van taalgebruik* ook belangrik by toegepaste taalstudies. Op die gebied van linguistiese navorsing kan beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes gebruik word, afhangende van die data wat ingesamel is (Croker, 2009:4-5; Linguisticsnet, 2014). Die kwalitatiewe metode is egter meer gepas binne die linguistiek omdat *kwalitatiewe* navorsing die insamel van tekstuele data insluit wat dan deur middel van *interpretatiewe analisering* ontleed word (Croker, 2009:5).

Individuele opvattinge en ervarings vorm dus die grondslag van kwalitatiewe navorsing wat uit subjektiewe data voortspruit (Rudestam & Newton, 2007:36). Soos genoem, word kwalitatiewe studies gebruik om sosiale fenomene te bestudeer, maar wat belangriker is vir dié betrokke studie is die feit dat dit ook van nut is om die *verandering* van die sosiale aspekte binne die menslike ervaringsfeer te interpreteer ten einde dit te **verstaan** (Croker, 2009:7; Jupp, 2006:250).

Bogenoemde aangeleentheid sluit aan by die fenomenologiese benadering: die *fenomenologie* bestudeer fenomene en die aard van betekenis. Die fokus is op die wyse waarop dinge vir die mens voorkom, gesien deur die ervaringswêreld of bewustheid van elke individu (Kafle, 2011:181-182). Die hermeneutiese fenomenologie fokus op die subjektiewe ervaring van individue of groepe met die oog daarop om te ontsyfer hoe dit deel word van die lewens van mense (Kafle, 2011:186) en dit kan slegs kwalitatief bepaal word.

Van der Merwe (1996:291) definieer *kwalitatiewe* navorsing as studies wat verband hou “met die ontwikkeling van teorieë en begrip”. Kwalitatiewe navorsing poog spesifiek om 'n beter begrip van die menslike belewing, waarnemings, intensies en optredes te verskaf deur 'n benadering van konteksgerigte interpretasie te volg (Croker, 2009:7). Griffin (2005:103) sluit hierby aan en hy voer aan dat kwalitatiewe navorsing toepaslik is by die interpretasie van nie-eenvormige tekste. Met ander woorde data wat kwalitatief geanaliseer word, besit nie vorm of struktuur nie, in teenstelling met data wat kwantitatief verwerk word. Kwantitatiewe navorsing werk ten nouste saam met syfers en statistiek, terwyl kwalitatiewe data geensins numeries van aard is nie (Griffin, 2005:103). Croker (2009:7) sluit hierby aan en verduidelik dat kwantitatiewe navorsing daarop toegespits is om meetbare uitslae te vind, terwyl kwalitatiewe navorsing

eerder daarop fokus om die proses beter te verstaan. Vir doeleindes van hierdie studie word die data kwalitatief verwerk aan die hand van 'n *inhoudsanalise*.

4.2.1.1 Die inhoudsanalise

In Maree (2007:99) word aangevoer dat kwalitatiewe data-analise gewoonlik gebaseer is op die interpretasiefilosofie, wat daarop gerig is om betekenisvolle en simboliese inhoud in tekste te ondersoek. Data-analise poog om persepsies, houdings, begrippe, kennis, waardes, gevoelens en ervarings uit die data vas te stel, en dit word ten beste bereik deur middel van die induktiewe analise van kwalitatiewe data. Data kan deduktief of induktief benader word maar by dié studie word die data spesifiek *induktief* geanaliseer, omdat die temas uit die data na vore kom, eerder as wat dit vooraf opgestel is (Heigham & Croker, 2009:311). *Induktiewe* benaderings berus op denke wat patroonmatigheid binne spesifieke observasies of gebeure waarneem wat dan gebruik word om 'n algemene gevolgtrekking of teorie te vorm (Heigham & Croker, 2009:314). In teenstelling met die induktiewe benadering, begin die *deduktiewe* denkproses met 'n bepaalde teorie wat empiries getoets word om vas te stel of dit as synde waar bewys kan word, al dan nie (Heigham & Croker, 2009:311).

Dit beteken dat die ondersoek daarop uit is om dominante, frekwente of beduidende temas wat in die rou data aanwesig is, te identifiseer (Maree, 2007:99). *Inhoudsanalise* is 'n goeie metode om gesproke data, veral in die vorm van media-inhoud, te analiseer ten einde waardevolle bevindings te maak (Treadwell, 2011:177-178). Inhoudsanalise word algemeen gebruik by die analiserig van boeke, brosjures, geskrewe dokumente, transkripsies, nuusverslae en selfs visuele media (Maree, 2007:101; Saldaña, 2009:3).

Inhoudsanalise behels dat die data kwalitatief verwerk word aan die hand van kodes wat aan die data gekoppel word (Maree, 2007:105). *Kodering* is die proses aan die hand waarvan die navorser sorgvuldig deur die getranskribeerde data lees en die teks dan in betekenisvolle analitiese eenhede onderverdeel deur die data te kategoriseer (Maree, 2007:105; Treadwell, 2011:169). Wanneer betekenisvolle segmente geïdentifiseer is, moet die navorser die data dienoooreenkomstig kodeer. *Kodering* word dus gedefinieer as die markering van segmente van data met behulp van simbole, beskrywende woorde of unieke titels (Böhm, 2004:271; Maree, 2007:105). Met ander woorde wanneer die navorser enigiets beduidend vind, word dit gekodeer en gemerk. Dit is belangrik om te noem dat 'n segment met meer as een kode gemerk kan word (Maree, 2007:107; Saldaña, 2009:5).

Nadat die kodes in die teks geïdentifiseer is, moet die kodes geïnterpreteer word. Die geanaliseerde data moet dan weer nagegaan word met die doel om ontluikende patrone,

assosiasies, konsepte en verduidelikings in die data op te spoor (Maree, 2007:111; Saldaña, 2009:149). Die uiteindelijke doel van data-interpretering is om tot 'n bevinding of gevolgtrekking te kom, want hoe sterker die resultate van jou bewyse is, hoe sterker is die gevolgtrekking (Maree, 2007:113). Hierdie stap hou voorts ook verband met die aspek van *gegronde teorie* (Böhm, 2004:271; Saldaña, 2009:150).

4.2.1.2 Gegronde teorie (*Grounded Theory*)

Bernard (2000:468) voer aan dat 'n inhoudsanalise nie 'n alleenstaande metode is nie. Die inhoudsanalise word gekoppel aan ander vername konvensies. In die geval van dié betrokke studie word die inhoudsanalise se kategorisering in samehang met die gegronde teorie gebruik. Die *gegronde teorie* verwys na die benadering in navorsing waar 'n teorie op 'n induktiewe wyse vanuit die ondersoekte fenomeen gevorm word (Jupp, 2006:131; Maree, 2007:77; Neuman, 2003:52; Treadwell, 2011:170).

Maree (2007:77) verduidelik dit as die navorsingsmetode wat van ander metodes verskil in die wyse waarop die teorie uit die data geput word. Gegronde teorie ontwikkel die teorie waarop die data geanaliseer sal word vanuit die wyse waarop die data sistematies ingesamel en gekategoriseer word. Op die tradisionele wyse sal die teorie eerstens ingesamel word en die data daarvolgens geanaliseer word, in teenstelling met die gegronde teorie (Maree, 2007:77). Die gegronde teorie oorbrug derhalwe die gaping tussen harde teoretiese navorsing en empiriese navorsing tydens 'n kwalitatiewe studie en dit word gedoen deur die menslike ervaring in ag te neem.

4.2.2 Verwerking van die data

Kwalitatiewe data-analise kan ook met behulp van 'n rekenaar gedoen word met rekenaartoepassings soos *Atlas.ti* (2014) (Maree, 2007:116). Sulke rekenaartoepassings is veral van groot nut vir die effektiewe stoor en bestuur van data. Die gebruik van 'n rekenaartoepassing by die bestudering van data val ook onder die moderne beweging van *digitale humaniora* waar digitale tegnologieë toenemend in die geesteswetenskappe in navorsing gebruik word (Kirschenbaum, 2012:4). Afgesien van *Atlas.ti* (2014), is 'n *Flesch-Kincaid*- en *Flesch-leesbaarheidstoets* gedoen om die leesbaarheid van die data met mekaar te vergelyk.

4.2.2.1 *Atlas.ti*

Atlas.ti (2014) kan omskryf word as kragtige sagteware vir die kwalitatiewe analise van groot korpora teksdata, grafika, klank en video (Muhr & Friese, 2004:2). Die rekenaartoepassing bied 'n verskeidenheid benaderings om ongestruktureerde data op 'n sistematiese wyse te verwerk. *Atlas.ti* (2014) help ook om die komplekse fenomene wat in tekstuele data versteek is, te verken (Muhr & Friese, 2004:2). *Atlas.ti* (2014) val ook onder die sambreelterm wat Friese (2014:1) *Rekenaargesteuende Kwalitatiewe Data-analiseringsagteware* (RGKDAS)/Computer-Aided Qualitative Data Analysis Software (CAQDAS) noem.

Dié betrokke studie het 'n kwalitatiewe interpretasiebenadering gevolg en die rou data is met behulp van *Atlas.ti* (2014) georganiseer. Die metode behels die skep van 'n *hermeneutiese eenheid* (HE) in *Atlas.ti* (2014). Dit beteken dat al die transkripsies op een plek gestoor word, saam met die kodes, aanhalings, skakels, notas ensovoorts wat by die data gevoeg is (Friese, 2014:23-24). Vervolgens word die data geanaliseer deur middel van kodering, kategorisering en die identifisering van herhalende temas wat uit die data na vore kom. Daarna is die MVD- (Merk, Versamel en Dink) model gebruik (Friese, 2014:12). Die relevante verskynsels is gemerk, kodes is versamel en 'n dinkproses het gevolglik plaasgevind waar die kodes tot kategorieë en temas gekonseptualiseer is, waarna temas weer met mekaar geskakel is.

Binne die MVD-model kom twee fases van analisering ook voor (Friese, 2014:17). Eerstens vind die *beskrywingsfase* plaas. By hierdie fase word die data verken en interessante eienskappe word in die data geïdentifiseer. Dit bring ook die eerste fase van die kodering van die data mee. Tydens hierdie fase word 'n gevestigde lys kodes vasgestel, wat dan weer in die tweede fase van kodering gebruik kan word. Wanneer al die data gekodeer is, kom die tweede fase van analisering tot stand (Friese, 2014:18). Die tweede fase behels die *konseptuele analisering* van die data. Dit beteken die data word weer benader, maar dié keer word die navorsingsvrae van die betrokke studie in berekening gebring. Dit bring vervolgens ander interessante eienskappe in die data na vore, wat as antwoorde op die navorsingsvrae kan dien (Friese, 2014:18).

Wanneer die proses van kodering voltooi is, kan die data verwerk word binne die rekenaartoepassing deur die data op 'n visuele wyse binne *Atlas.ti* (2014) voor te stel (Friese, 2014:219). Hierdie visuele illustrasies is 'n aanduiding van die spesifieke bevindings wat die analiseerder uit die data kon maak. Vir doeleindes van hierdie studie is 'n reeks netwerke vervolgens in *Atlas.ti* (2014) geskep om die verskeie noemenswaardige eienskappe van die data aan te dui. Hierdie netwerke word onder die resultate van die studie bespreek.

4.2.2.2 Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoets

Die *Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoets* kan eerstens gebruik word om die gemak van 'n teks se leesbaarheidsvlak te bepaal, terwyl die *Flesch-Kincaid-graadvlaktoets* 'n toepaslike graadvlak aan 'n teks heg volgens die VSA se skoolgraadsisteem (grade 1 tot 12) wat ouderdomsgewys met die grade in Suid-Afrika ooreenstem. Beide toetse is aanlyn⁶ beskikbaar wat dit maklik maak om te gebruik omdat die toets outomaties bereken word (Olsson, 2008:105).

Die algoritmiese berekening vir die Flesch-leesbaarheidsvlak word gedoen deur die gemiddelde sinslengte met 1.015 te vermenigvuldig terwyl die gemiddelde aantal lettergrepe per woord dan met 84.6 vermenigvuldig word (Garger, 2012). Hierdie twee getalle word dan van mekaar afgetrek en die verskil word vervolgens van 206.835 afgetrek wat 'n telling tussen 0 en 100 sal oplewer. Die formule sal soos volg lyk:

$$206.835 - 1.015 (\text{totale aantal woorde/aantal sinne}) - 84.6 (\text{aantal lettergrepe/totale aantal woorde})$$

'n Telling van 100 verteenwoordig die maklikste leesbaarheidsvlak van 'n teks, terwyl 'n telling van 0 'n moeilike leesbaarheidsvlak van 'n teks voorstel (Garger, 2012). 'n Telling wat wissel tussen 60 en 70 is gewoonlik die gemiddelde telling van leesbaarheid wat vir die gemiddelde leser leesbaar sal wees.

Hierteenoor vind ons die *Flesch-Kincaid-leesbaarheidsgraad* wat, soos bo genoem, 'n graadvlak aan die leesbaarheid van 'n teks toeken. Die vlak word bereken deur die gemiddelde sinslengte met 0.39 te vermenigvuldig en vervolgens word die gemiddelde aantal lettergrepe met 11.8 vermenigvuldig (Garger, 2012). Hierdie twee getalle word dan bymekaar getel en gevolglik word 15.59 dan van die betrokke getal afgetrek. Die formule lyk só:

$$0.39 (\text{totale aantal woorde/aantal sinne}) + 11.8 (\text{aantal lettergrepe/totale aantal woorde}) - 15.59$$

'n Telling van ongeveer 65 korreleer met 'n geletterdheidsvlak van graad 8 en graad 9 en 'n telling van omtrent 55 dui op 'n geletterdheidsvlak van grade 10 tot 12. Tellings tussen 0 en 30 verteenwoordig geletterdheid op tersiêre onderwysvlak (Garger, 2012).

Die probleem by die leesbaarheidstoetsing is die feit dat die aspek van woordeskat buite rekening gelaat word (Garger, 2012). Afrikaanse woorde soos *boakonstriktor*, *chiaroscuro* en *inkopiesentrums* het almal 5 lettergrepe. Die woord *inkopiesentrums* het wel 15 letters terwyl *chiaroscuro* net uit 11 letters bestaan. Omdat *chiaroscuro* uit minder letters bestaan sal die woord 'n laer telling hê, in teenstelling met *inkopiesentrums* wat 'n hoër telling sal hê as gevolg

⁶ Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende webwerf vir die toetse gebruik: <http://readability-score.com/>


van die hoër aantal letters per woord. Die probleem lê dus in die feit dat die toets 'n sterk negatiewe korrelasie tussen woordlengte en leesbaarheid aanneem (Garger, 2012). Die woord *chiaroscuro* is duidelik 'n woord wat minder in die omgangstaal voorkom terwyl *inkopiesentrums* meer algemeen is, tog sal die toets 'n makliker telling van leesbaarheid aan *chiaroscuro* heg en die toets sal *inkopiesentrums* as 'n moeiliker woord beskou bloot op grond van die struktuur van die woord en nie noodwendig die betekenis en gebruiklikheid daarvan nie.

Die toets is wel nuttig om 'n teks oor die algemeen te beoordeel, derhalwe sal die uitslag van die toets tog nuttig wees vir die betrokke studie.

4.2.2.3 Praat

By die fonologiese analise van uitspraakkwessies word die rekenaartoepassing *Praat* gebruik. *Praat* is 'n "wetenskaplike sagtewarepakket" wat ingespan word by "die analise van spraak in fonetiek" (Wissing, 2014a:92). Wissing (2012) beskryf die rekenaartoepassing as "'n uitgebreide en baie gesofistikeerde fonetiekprogram wat wêreldwyd gebruik word vir veral akoestiese analises". Die rekenaartoepassing is gratis en kan aanlyn afgelaai word by <http://www.praat.org>. Lieshout (2003:2) verduidelik dat *Praat* gebruik word om spraak te analiseer met behulp van spektrogramme, ossillogramme en ander grafiese voorstellings van klankgrepe. Wissing (2014a:104, 111) verskaf 'n verduideliking van hoe hierdie diagramme geïnterpreteer word.


Die belangrikste konsepte by die analisering van akoestiese eienskappe van woorde is die *grondtoon*, *duur* en *frekwensieformante*. Die term *formant* verwys na die resonansie in die spreektaal, wat gespesifiseer word deur sy frekwensie en bandwydte (die klein rooi kolletjies op die diagram) (Wissing, 2014a:105). Die simbool F1 dui gewoonlik die laagste frekwensieformant aan, terwyl F2 die tweede laagste aantoon ensovoorts, en dit word in hertz (Hz) op die spektrogram aangegee. In samehang hiermee word die intensiteit van die klank in desibels (dB) op die ossillogram aangetoon (Wissing, 2014a:108-109). Die volgende figuur illustreer bostaande beskrywing:



Figuur 4.1: Ossillogram van [i, a, u] wat ook formante F1 en F2 wat daarmee geassosieer word, aandui (geneem uit Wissing, 2014a:108)

Hierdie diagram toon aan waar die frekwensieformante, F1 en F2 op die ossillogram lê en dui ook aan dat die intensiteit in dB in die boonste blok aangegee word.

Afgesien van die formante, dui die frekwensiedigram ook die *intensiteit* en *toonhoogte* aan. Die volgende illustrasie dui aan waar bogenoemde op die ossillogram voorkom.



Figuur 4.2: Ossillogram (bo) van áánhou- en aanhóú- in die woord. Onder word intensiteit, grondtoon en formantfrekwensies aangedui (geneem uit Wissing, 2014b:158).

Die diagramme wat voortaan by die bespreking gaan voorkom, word aan die hand van dié twee voorbeelde geïnterpreteer.

4.2.2.4 Betroubaarheid van die data

Cohen se Kappa-koëffisiënt kan gebruik word om *interbeoordelaarsbetroubaarheid uit te druk*. Betroubaarheid is van kardinale belang by kwalitatiewe navorsing (Maree, 2007:113). Daar is verskeie maniere waarop data vir betroubaarheid getoets kan word, waaronder *interbeoordelaarsbetroubaarheid*.

Kwalitatiewe navorsing is verdedigbaar wanneer verskeie kodes gebruik is en wanneer 'n hoë interbeoordelaarsbetroubaarheid verkry is (Maree, 2007:114). Interbeoordelaarsbetroubaarheid verwys na die konsekwentheid van 'n enkele kodeerder. Om die betroubaarheid van die data te verseker kan die navorser 'n onafhanklike kodeerder aanstel om van die data te kodeer. Die addisionele beoordelaar moet dan die data in kategorieë indeel en kodeer, waarna dit met die navorser se kodes en kategorieë vergelyk word om die betroubaarheid van die data te meet.

Die Kappa-koëffisiënt word dan tussen die twee analyses gemeet om die betroubaarheid van die kodering te bepaal. Volgens Landis en Koch (1977:165) kan die ooreenstemming tussen die beoordelaars aan die volgende skaal gemeet word:

Kappa-statistiek	Mate van ooreenstemming
<0.00	Swak
0.00-0.20	Effens
0.21-0.40	Redelik
0.41-0.60	Matig
0.61-0.80	In 'n groot mate
0.81-1.00	Byna perfek

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar saam met die navorser gebruik gemaak van nog een anonieme beoordelaar⁷ om die betroubaarheid van die analise te toets. Die berekening van Cohen se Kappa wat deur middel van SPSS (2014) gedoen is, het die volgende getoon: Kappa = 0.621 ($p < 0.001$) soos aangedui in die tabel hieronder. Landis en Koch (1977:165) dui aan dat 'n waarde tussen 0.61 en 0.80 aansienlike ooreenkoms toon met betrekking tot die interbeoordelaarsbetroubaarheid. Die volgende tabel dui die resultaat aan soos deur SPSS (2014) bereken is:

Tabel 4.1: Interbeoordelaarsbetroubaarheid soos deur SPSS (2014) bereken

		Value	Asymp. Standaardfout ^a	Benaderde T ^b	Benaderde Bed.
Mate van ooreenstemming	Kappa	.621	.109	10.100	.000
N aantal geldige gevalle		20			
a. Nulhipotese word nie aangeneem nie.					
b. Die asimptotiese standaardfout word gebruik met die aanname van die nulhipotese.					

⁷ Die beoordelaar beklee tans 'n pos as 'n professor in 'n taalkundige hoedanigheid en is ook 'n kenner in die veld van toegepaste linguistiek.

4.3 Data-analise

4.3.1 Doel van die empiriese navorsing

Die doel van die empiriese navorsing van hierdie studie is om vas te stel of die SABC tans nog bestempel kan word as 'n gesaghebbende taalstandardiseringsliggaam via die daaglikse nuusuitsendings. Soos daar in die kontekstualisering (Hoofstuk 3 – 3.2.1.3; 3.2.2) genoem is, was die SAUK (vóór 1994) beskou as 'n taalstandardiseerder en -normeerder, omdat die beleid van die SAUK hom ten doel gestel het om die taalstatus van Afrikaans te bevorder (Botha, T.J.R., 1985:240; Hugo, 2009:97; Roos, 1959:147; Steyn, 2014:361; Van den Berg, 1974:223). Die huidige beleid (wat ná 1994 ingestel is) fokus meer op taalgelykheid (Hoofstuk 3 – 3.2.4; 3.3.4.2; 3.6.1) (BCCSA, 2009; Du Plessis, 2006:95; ICASA, 1999; SABC, 2004:33-34). Die empiriese navorsing vergelyk bulletins vóór 1994 met bulletins ná 1994 om vas te stel of die uitsaaiers steeds as 'n standaardiserende mag bestempel kan word, veral in 'n stelsel waar Afrikaans nie meer die alfa-posisie beklee nie. Die feit dat regulering van taalgehalte vóór 1994 'n prioriteit was, in die vorm van die KTA en 'n voltydse taaladviseur (Hoofstuk 3 – 3.2.2; 3.6.1) (Botha, T.J.R., 1985:240; Steyn, 2014:361), speel ook 'n rol want hierdie elemente het ná 1994 weggeval.

4.3.2 Data-insameling

Die empiriese deel van die studie het begin met die insameling van radionuusuitsendings wat van die SABC se argief af aangevra is. Die uitsendings is periodiek gekies namate dit beskikbaar was. Agt bulletins is ingesamel, vier voor 1994 en vier na 1994, wat strek van 1950 tot 2014. Al die bulletins is oor RSG, oftewel die voormalige B-program/Afrikaanse Diens, Radio Suid-Afrika en Afrikaans Stereo uitgesaai.

Tabel 4.2: Inligting oor die ingesamelde data

Datum	Jaar	Lengte	Nuusleser	Titel	Atlas.ti-nommer
17 Julie	1950	14:03	Jan Crafford.	"Nuwe nuusdiens" - eerste uitsending van ons eie nuusdiens	12
1 Augustus	1968	15:17	Johannes van der Walt	Die eerste spesiale nuusbuletin uit Suider-Afrika vir Suid-Afrikaanse nasies oorsee	11

12 Augustus	1976	05:05	Onbekend	Die eerste nuus-om-nege-uitsending uit die nuwe uitsaaisentrum in Aucklandpark en 'n verpakte terugskouing oor die jare in die ou uitsaaihuis in Commissionerstraat	10
13 Desember	1985	12:22	Johannes van der Walt	Die finale dag se uitsendings wat deur die Afrikaanse diens aangebied is	9
6 Junie	1997	08:10	Nikki van den Berg	Spektrum: Nuus om 13:00	7
16 Maart	2004	05:33	Evert Snyman	Monitor: Nuus om 6:00	8
30 Junie	2013	04:23	Leon van Nierop	Nuus om 14:00	6
29 Oktober	2014	06:17	Ian Wessels	Spektrum: Nuus om 13:00	4

Die eerste stap het behels dat die data, wat in digitale klankformaat verkry is, getranskribeer moes word om dit analiseerbaar te maak (Olsson, 2008:190). As die teks getranskribeer word, is dit makliker om dit te analiseer en te vergelyk. Die transkripsies is verbatim vanaf die klankopnames gedoen. Die eerste weergawe van die transkripsies is deur 'n onafhanklike persoon uitgevoer. Daarna is die transkripsies nagegaan om te verseker die klank ooreenstem met die inhoud wat in die aanvanklike transkripsies weergegee is. Sekere woorde is tydens hierdie stap bygevoeg of verwyder en die spelling is dienooreenkomstig gekorrigeer. Hier en daar is ook 'n paar notas aangebring wat later by die analise van belang sal wees. Die analisering van die data is derhalwe nie tydens die transkribering gedoen nie.

Die transkripsies is nie in die formaat van 'n nuusberig gedoen nie. Elke nuusleser formateer en struktureer 'n berig in oorleg met sy eie oordeel, wat beteken dat dit moeilik is om elke nuusbuletin binne dieselfde raamwerk te plaas. Dit is wel waar dat 'n tipiese nuusberig in geskrewe formaat saamgestel word, maar in gesproke taal aangebied word en dat dít die transkripsie onvermydelik beïnvloed. Daar is derhalwe besluit dat die transkripsies in gewone

skryftaal weergegee word, met sommige spreektaalnorme wat dan by die transkripsie ingesluit sal word weens die aard van nuusbuletins. Pouses tydens die aanbieding word byvoorbeeld met 'n komma aangedui en sinne is met punte beëindig wanneer die stemtoon dit so aandui (byvoorbeeld met 'n afwaartse steminfleksie)..

Daarna is die transkripsies van die bulletins geanaliseer met behulp van 'n inhoudsanalise ten einde afwykings van die standaardtaal te identifiseer (Jupp, 2006:40; Maree, 2007:105; Mouton, 2001:165; Neuman, 2003:36). Krippendorff (2013:1) voer aan dat die inhoudsanalise 'n "empiriesgegronde metode" is, wat deesdae gebruik word by alle taalgeoriënteerde studies. Hy gaan voort deur te noem dat die lees en analisering van tekste altyd kwalitatief van aard is (Krippendorff, 2013:22) soos in hierdie betrokke studie. Verder is daar weereens korreksies aan die transkripsies aangebring, wanneer foute tydens die analise raakgesien is

4.3.3 Taalfoute teenoor taalafwykings


Die inhoudsanalise behels dat taalafwykings gesoek word. *Afwykings* in hierdie konteks verwys na die afwykings van taalnorme, afwykings van Standaardafrikaans, uitspraakafwykings en afwykings van bestaande taalreëls – dit is nie noodwendig taalfoute nie (Carstens, 2011:9-14). By die analise word in ag geneem dat nuuslesers, sowel as nuusskrywers en nuusredakteurs wat betrokke is by die saamstel van bulletins, ook hul eie idiolekte, chronolekte en selfs geolektiese eienskappe by hulle taalgebruik het (vgl. Du Plessis, 1995:17; Kuhl, 2003:4). Al word die rol van idiolekte in berekening gebring, is dit nie die fokus van die studie nie. Hierby word ook in ag geneem dat die konsep *standaardtaal* problematies is en dat daar verskillende variëteite van Afrikaans bestaan (vgl. Hendricks, 2012:44-45; Kotzé, 2012). Die data wat met behulp van die inhoudsanalise ingesamel is, word kwalitatief opgeteken en die uitslag van elke bulletin word met die ander vergelyk, om vas te stel of daar beduidende afwykings en verskille bespeur kan word tussen bulletins vóór 1994 en ná 1994, al dan nie. Om die navorsingsvrae van hierdie studie te beantwoord word bevindings uit die data gemaak, om vas te stel of die standaard van die Afrikaanse uitsaaiwese enigsins verander het te midde van taalverandering, hetsy op 'n positiewe of negatiewe wyse.

4.3.4 Resultate: *Atlas.ti*

Uit die transkripsies van die nuusbuletins en met behulp van die rekenaartoepassing, *Atlas.ti* (2014) is vier temas, elk wat bestaan uit die verbandhoudende kodes, geïdentifiseer. Die temas spruit voort uit die taalkunde, wat onder meer insluit: sintaksis, fonetiek en leksikologie en 'n vierde tema wat ontstaan uit die taalkundige tegnieke wat radioskrywers toepas

Voor die analise begin is daar 'n belangrike element van nuusbulletins wat uitgelig moet word. Daar is verskillende mense betrokke by die samestelling en die uitsendings van nuusbulletins. Elkeen van hierdie rolspelers het 'n unieke vingerafdruk ten opsigte van skryfstyl en uitspraak wat onvermydelik by nuusuitsendings inslag vind. Die ervaring van hierdie rolspelers het ook 'n invloed op die bulletin. Die bogenoemde komponente het dan ook vervolgens 'n invloed op die analisering van die data gehad, maar dit is sover moontlik in berekening gebring by die analise van die data.

Let wel: By elke afwyking wat in die teks gemerk is, is 'n kode in blokhakies aangegee. Hierdie kode is die verwysing na die gedeelte wat in die teks gemerk is. Die eerste nommer in die hakies verwys na die bulletin waaruit die aanhaling geneem is, terwyl die tweede nommer die afwyking wat gemerk is aandui.



Figuur 4.3: Netwerk van temas en kodes ná die kwalitatiewe analise in Atlas.ti

4.3.4.1 Tema 1: Fonologie

Soos reeds genoem, speel uitspraak 'n kardinale rol by die uitsaaiwese en die uitspraak van woorde moet sover moontlik standaard wees. Hier is die taalkundige gebiede van die *fonetiek* en *fonologie* relevant. Wissing (2014a:93) tref onderskeid tussen dié twee terme en verduidelik dat “fonetiek die produksie, oordrag en persepsie van afsonderlike **spraakklanke** (of **segmente** (outeur se beklemtoning) bestudeer”, terwyl “die fonologie oor die werking van daardie klanke, ook in 'n spesifieke taal, of in tale in die algemeen” handel. Die fonologie sluit ook die “ontdekking, beskrywing en verklaring van sodanige struktuur en funksionering van klanke in groter gehele” in, wat byvoorbeeld die klanke in spesifieke kontekste bestudeer. Fonetiek en fonologie binne taal is eintlik onlosmaaklik van mekaar, omdat fonetiese kennis nodig is vir die interpretasie by die fonologie (Wissing, 2014a:93).


Die bestudering van uitspraak van klanke val binne die breë studiegebied van fonetiek en fonologie (Carstens, 2011:293). Die maatstaf waaraan goeie uitspraak gemeet word, is volgens Carstens (2011:293) dat uitspraak “duidelik *hoorbaar* moet wees, dit moet *natuurlik* wees, dit behoort nie *opvallende* persoonlike of maatskaplike eienskappe te vertoon nie [en] dit behoort nie *slordig*, *dialekties* of *aanstellerig* te wees nie.” Carstens (2011:294) gaan ook voort deur te noem dat die radio 'n kardinale rol in die standaardisering van uitspraak speel.

By die kwalitatiewe inhoudsanalise is verskeie fonologiese kwessies by die data bespeur. In sommige gevalle was die uitspraak argaïes of die nuusleser het die woord in sy Engelse vorm uitgespreek, terwyl dit in die Afrikaanse vorm gedoen kon word. Daar is ook sommige gevalle waar die uitspraak nie standaard was nie en gevalle van spraakvariasie is waargeneem. Hierdie waarnemings word bespreek aan die hand van fonetiese transkripsies van die betrokke woorde, met behulp van die Afrikaanse fonetiese alfabet, soos beskryf in *Norme vir Afrikaans* (Carstens, 2011:295-297). Die *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans* (1967) word ook gebruik as riglyn vir die standaarduitspraak van woorde en die fonetiese transkripsies daarvan.

Voor daar met die analise begin word, is dit belangrik om te noem dat die fonologiese aspekte by die analise verskil van die ander elemente wat geanaliseer word. Die uitspraak van die nuusleser gebeur intyds soos die nuusaanbieder praat. Die besluite oor uitspraak kan soms nie tydsam en noukeurig oorweeg word nie omdat die bulletin ontvang word en in meeste gevalle dadelik aangebied moet word. Hierteenoor kan aspekte soos sintaksis en woordkeuse meer oorweeg word omdat dit vooraf geskryf en gekonstrueer is. Die skryf van die bulletins kan ook deur 'n tweede en derde persoon behartig word om te verseker dis korrek en aanvaarbaar, waar

by uitspraak dit baie meer ruimte laat vir idiolektiese invloede. Daar is derhalwe 'n verwagting dat die sintaksis by nuusbuletins die standaard van die taal méér handhaaf as die uitspraak.

Die volgende figuur wys die netwerk van kodes wat onder die tema *Fonologie* geïdentifiseer is.



Figuur 4.4: Kodes onder die fonologie-tema

Die tema *fonologie*, bevat altesaam vier kodes met 68 afwykings wat relevant is tot die tema.

- Kode 1: Uitspraak: Argaïes

Slegs een geval is hieronder gevind.

In die 1950-bulletin word Beijing [12:6] uitgespreek as “Peking” [pe:kin] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:213). Dit is egter nie 'n fout óf afwyking nie, omdat dít op daardie stadium as Standaardafrikaans beskou is. Beijing het vroeëjare as Peking bekendgestaan, ingevolge die Suid-Mandarynse spelling en uitspraak, voordat die transliterasie van die woord in Engels plaasgevind het. Die betrokke afwyking is uit die nuusbuletin van 1950, toe die uitspraak nog *Peking* [pe:kin] was. Hierdie uitspraak is vandag argaïes, omdat die uitspraakvorm nie meer algemeen voorkom nie. Die Chinese regering verkies deesdae ook *Beijing* [bɛiʒɪŋ] bo *Peking* (vgl. Bagehot, 2010).


Die bogenoemde afwyking is binne die konteks van hierdie studie noemenswaardig omdat plekname aan verandering onderhewig is. Die radio moet tred hou met hierdie veranderings. Die radio speel voorts ook 'n rol in die proses om nuwe plekname en die korrekte uitspraak van die plekname in te burger.

- Kode 2: Uitspraak: Assimilasie en variasie

Ses afwykings is hieronder gevind. Binne die dissipline *fonetiek* val die onderafdeling wat handel oor uitspraakvariasie (Coetzee, 1985:86). Uitspraakvariasies kan deur verskeie faktore beïnvloed word, onder andere: formaliteit, ouderdom, geslag, beroep, streek en dies meer (Coetzee, 1985:86-87). Onder uitspraakvariasie lê die verskynsel *assimilasie* wat 'n vorm van klankreduksie is wat verwys na die gelykmaking van klanke (Wissing, 2014b:130) wanneer naburige klanke mekaar beïnvloed (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:xix).

In die bulletins van 1997 word die woord *vanmiddag* [7:3; 7:10] [fanmɛdax of fɛmɛdax/ 'mɛrax] twee maal geassimileer tot [fɛmɛrɛx]. Hierdie soort assimilasië staan bekend as *segmentwisseling*, waar die [d]-klank soms uitgespreek word as die [r] (Coetzee, 1985:98). In dieselfde bulletin word die woord *geldelike* [7:21] [xældələkə] uitgespreek as [xældləkə]. Dit is die verskynsel waar die [ə]-klank *gesinkopeer* (weggelaat) word as gevolg van swak beklemtoning wat dikwels voorkom by afleidings wat op [-lək] eindig (Coetzee, 1985:75,89).

In die bulletin van 2004 word die woord *vanoggend* [8:1] [fanɔxənt] geassimileer tot [fəɔxənt] (Coetzee, 1985:93), en die woord *president* [8:7] [prəsədent] gesinkopeer tot [prəsənt] (Coetzee, 1985:89). Hier volg die akoestiese analise van die gesinkopeerde uitspraak van president as [prəsənt]:



Figuur 4.5: Uitspraakanalise van die woord [prəsdent]

Laastens, kom daar 'n afwyking in die bulletin van 2014 voor, waar progressiewe assimilasië in die vorm van konsonantweglating plaasvind (Coetzee, 1985:97-98). Die woord *daarvan* [4:23] [da:rfan] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:44) word uitgespreek as [da:fan]. Die [r]-klank word weggelaat en dit word volgens Coetzee (1985:98) beskou as “substandaard[e]” taalgebruik.


Die feit dat daar nie so baie gevalle van assimilasië by die analise voorkom nie, is beduidend van die feit dat aanbieders besondere aandag aan hulle uitspraak en die korrektheid daarvan gee.

- Kode 3: Uitspraak: Niestandaard

Daar is 57 gevalle onder hierdie kode geïdentifiseer. Standaarduitspraak is 'n ideaal wat nie noodwendig uitvoerbaar is nie weens baie variasie in die uitspraak van klanke, wat vervolgens toegeskryf kan word aan verskille binne die taalgemeenskap (Carstens, 2011:293). Carstens (2011:294) meen in dié verband dat die taalgemeenskap waarskynlik toonaangewers, soos radio-omroepers en nuuslesers, se uitspraak as korrek sal beskou en hulle uitspraak sal navolg. Dus is daar vanuit hierdie uitgangspunt nie juis ruimte vir niestandaarduitspraak oor die radio nie.

By die nuusbuletin van 1950 verskyn verskeie woorde wat op 'n niestandaardwyse uitgespreek word, maar in baie gevalle is dit nie noodwendig foutief of afwykend nie, omdat dit bloot die standaarduitspraak van daardie tyd was, wat mettertyd tot verouderde niestandaardvorme verander het. Daar is 31 gevalle wat by die 1950-buletin gemerk is. Voorbeelde van sulke gevalle is in die uitspraak van getalle soos *nege* [12:10; 12:11; 12:20; 12:26; 12:78] [ne:xə] wat uitgespreek word as [ni:gə] wat ook voorkom by die uitspraak van 1949 [12:19] [ne:xəntin ne:xə-ən-fe:rtəx] as [ni:gəntin ni:gə-ən-fe:rtix]. Die [x]-klank word as 'n [g]-klank uitgespreek. Dieselfde uitspraak is aangetref by 1939 [12:49] wat uitgespreek word as [ni:gəntin negə-ən-dærtəx]. Ander woorde met *nege* as basis word ook deur hierdie uitspraak beïnvloed. Die woord *negentig* [12:25] word uitgespreek as [ne:gentəx] en by die uitspraak van 1950 (12:76) [ne:xəntin fəiftəx] word die eerste gedeelte, *negentien* [ne:xəntin] as [ni:gəntin] uitgespreek.

Die onderstaande figuur is 'n ossillogram en spektrogram, soos deur die sagteware *Praat* weergegee word. Die intensiteit in *dB* (bo) en die F1- en F2-metings (onder) in *Hz* word ook hieronder weergegee.



Figuur 4.6: Uitspraakanalise van die woord [nige]

Hier [12:11] word *nege* as die argaïese uitspraakwisselvorm [ni:gə] in plaas van [ne:xə] weergegee. Die verhoging in die vokale kan toegeskryf word aan 'n streekvariëteit van die Boland aan die Weskus (Coetzee, 1985:100), maar die verskil in die uitspraak van die konsonant is waarskynlik chronolekties van aard. Die uitspraak van [ne:xə] en [ne:ge] word as wisselvormend beskou (e-HAT, 2009), maar die uitspraak met die [x]-klank word deesdae meer algemeen gehoor.

Dit is voorts interessant om te sien dat die nuusbuletins van 1968 en 1985 ook die syfer *negentien* [ne:xəntin] [9:13; 9:59; 9:61; 11:45] bevat maar hier word dit uitgespreek as *neëntien* oftewel [ne:əntin] eerder as die meer algemene uitspraak [ne:xəntin] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:176). Dit dui daarop dat die wisselvormuitspraak ook deur uitsendings as Standaardafrikaans bevorder word.

'n Ander getal wat 'n sterk wisselvorm het, is die uitspraak van *agt* [axt] wat as [ax] uitgespreek word. Dit het meer algemeen in die verlede voorgekom, veral in Wes-Kaapland, terwyl die res van die spraakgebied [axt] gebruik het (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:9). Daar is egter steeds hedendaagse gevalle waar [ax] gebruik word. Uit die data is daar by die 1950-bulletin twee gevalle waar voorgenoemde waargeneem is, in die woord *agthonderd* [12:2;

12:16] wat as [axhɔnɔrt] uitgespreek word. In die bulletin van 1968 is daar ook twee gevalle waar *agthonderd* [11:4] ook as [axhɔnɔrt] uitgespreek is en waar *agt-en-sestig* [11:16] as [axənsɛstɔx] uitgespreek word. In die bulletin van 1997 is 'n soortgelyke geval waar *agt-en-veertig* [7:2] as [axənfe:rtɔx] uitgespreek is. Die weglating van die [t]-klank is 'n natuurlike verskynsel by laasgenoemde instansie, omdat letteruitspraak van standaarduitspraak verskil (Carstens, 2011:299). Die uitspraak van [ax] in sy enkelvoudige vorm, word wel as verouderd beskou, maar by veelvoudige woorde word die [t]-klank dikwels natuurlik geassimileer.

In teenstelling met die klankweglating, is daar ook 'n geval van klanktoevoeging by die uitspraak van 'n getal. In die bulletin van 1976 word die woord *sewe-en-twintig* [10:1], wat uitgespreek word as [se:və-ən-twɛntɔx], hier uitgespreek as [se:vən-ən-twɛntɔx]. Daar is dus 'n toevoeging van 'n [n]-klank by die getal. Die afwyking kom nie algemeen voor nie en daar kan gespekuleer word dat dit inslag vind na aanleiding van die uitspraak van woorde soos *sewende*, *sewentien* en *sewentig* waar die [n]-klank wel ingevoeg word.


'n Volgende verskynsel by dié kode, is dié waar die [e:]-klank verskeie kere as [i] uitgespreek word. In die fonetiek word hierdie verskynsel geklassifiseer as “die verhoging van vokale” (Coetzee, 1985:100) en dit word beskou as niestandaarduitspraak. Die volgende tabel dui aan waar dié verskynsel voorkom (die standaarduitspraak word aangegee soos beskryf in die *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*, 1967).

Tabel 4.3: Gevalle waar die [e:]-klank as [i] uitgespreek word

Jaar van bulletin	Woord	Standaarduitspraak (bladsynommer tussen hakies)	Niestandaarduitspraak
1950	verbete [12:35]	[fərbe:tə] (298)	[fərbi:ətə]
1950	pluimvee [12:3; 12:73]	[plœymfe:] (218)	[plœymfi:ə]
1950	reeds [12:36]	[re:ts] (229)	[rits]
1950	bestee [12:4]	[bəste:] (28)	[bəsti:]
1950	lewende [12:7]	[le:vəndə] (152)	[li:vəndə]
1950	een [12:14]	[e:n] (61)	[i:]
1950	wees [12:15]	[ve:s] (331)	[vi:s]

1950	komitee [12:38]	[kɔməte:] (136)	[kɔməti:]
1950	mynwese [12:71]	[məɪnve:sə] (173)	[məɪnvi:sə]
1950	proefnemings [12:70]	[prufne:məŋs] (223,176,186)	[prufni:məŋs]
1950	besig [12:65; 12:64]	[be:səx] (27)	[bisəx]
1950	vandeeweek [12:63; 12:80]	[fənde:sve:k] (295)	[vandisvi:k]
1950	ondernemings [12:61]	[ɔnərne:məŋs] (186)	[ɔnərni:məŋs]
1968	komitee [11:20; 11:21]	[kɔməte:] (136)	[kɔmiti:]
1968	gevrees [11:15]	[xəfre:s] (323)	[xəfris]
1976	ateljee [10:18]	[atəlje:] (18)	[atəlji]
1985	komitee [9:18; 9:19]	[kɔməte:] (136)	[kɔmiti:]

Die feit dat bogenoemde uitspraakafwykings hoofsaaklik in die 1950-bulletin voorkom, kan daarop dui dat dié neiging moontlik idiolekties of chronolekties van aard kan wees, óf hierdie uitspraak kan gekoppel word aan omgangsvariëteite of selfs registervariëteite van Afrikaans. Dit is ook noemenswaardig dat die aanbieder nie hierdie uitspraakneiging konsekwent toepas nie, omdat daar soortgelyke woorde in die bulletin voorkom wat korrek uitgespreek word. Onder is 'n akoestiese analise van so 'n geval, waar die standaarduitspraak van die [e:]-klank voorkom, in vergelyking met die niestandaard-vorm, naamlik: [i] (vgl. Carstens, 2011:294).




Figuur 4.7: Uitspraakanalise waar die woord bestee met die woord geege vergelyk word

Hierbo is die niestandaard-vorm [i:] in plaas van [e:] in “bestee” [12:6] teenoor die standaarduitspraak van [e:] in “gegee” [12:13].

Die volgende vorm van niestandaarduitspraak sluit aan by die voorafgaande verskynsel, omdat dié woord se afwykende uitspraak ook waarskynlik idiolekties is, eerder as wat dit ’n algemene fenomeen was. Die woord *komitee* [kɔmɪte:] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:136) kom in beide die 1968 [11:20; 11:21] en 1985 [9:14; 9:18; 9:19] bulletin voor en in beide


bulletins wyk die uitspraak van dié woord af. Die aanbieder spreek dié woord as [kɔmɪte:] uit. Dit is voorts noemenswaardig dat dieselfde nuusleser beide hierdie bulletins lees, wat die redenasie, dat dit moontlik 'n idiolektiese verskynsel is, ondersteun. Desnieteenstaande, is dit steeds 'n afwyking van die Standaarduitspraak van Afrikaans.



Figuur 4.8: Uitspraakanalise van die woord Komitee

Die woord “komitee” [9:20] as [kɔmɪte:] eerder as [kɔmɛte:].

Ook in die 1985-bulletin word die woord *televisie* [tɛləfisi] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:280) tweemaal as [tɛ:ləvisi] uitgespreek [9:16; 9:17] wat moontlik toegeskryf kan word aan verouderde uitspraak, óf dit kan idiolekties van aard wees.



Figuur 4.9: Uitspraakanalise van die woord televisie

Die woord “televisie” [9:16] word as [tɛ:ləvisi] eerder as [tɛləvisi] uitgespreek.

Voorts word die woord *maniere* [9:11] ook in dié bulletin op ’n niestandaardwyse uitgespreek. Hierdie woord se standaarduitspraak lui [mənɪ:rə] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:160), maar in dié bulletin word dit uitgespreek as [manɪ:rə], wat duidelik van die standaarduitspraak afwyk.

Soortgelyke gevalle, waar daar van die standaarduitspraak afgewyk word, kom ook in ander bulletins voor. In die 1976-bulletin word die woord *personeel* [10:3] [pɛrsune:l] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:214) as [pɛrsune:l] uitgespreek. In die 1997-bulletin word die woord *komplimente* [7:1] [kɔmpləmentə] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans, 1967:136) as [kɔmplimentə] uitgespreek, alhoewel dié afwyking nie so opvallend is nie. In die 2004-bulletin word die pleknaam *Libië* [8:5; 8:6] [ləbiə] (Uitspraakwoordeboek van Afrikaans,

1967:153) as [libiə] uitgespreek, maar dié verskil in uitspraak is nie noodwendig afwykend nie, omdat eersgenoemde uitspraak 'n minder algemene wisselvorm van die standaarduitspraak van dié pleknaam is. In die 2013-bulletin word die titel *oudpresident* [6:1] [œutprəsədɛnt] as [œytprəsədɛnt] uitgespreek. Ondanks die feit dat dié uitspraak in hoë mate van die standaard afwyk, kom dit egter voor dat dit moontlik slegs 'n geïsoleerde leesfout van die aanbieder was, aangesien hy later in die bulletin dieselfde woord korrek uitspreek. Laastens word die inkorrekte uitspraak van 'n persoon se van bespreek. In die bulletin van 2014 word die van *Khumalo* [4:13] as [kima:lœu] uitgespreek. Die u-klank in *Khumalo* verwys na die hoë vokaal [u] wat in die Ngunitale gebruik word (vgl. Doke, 1939:3). Dit moet eerder op die tradisionele Nguni-wyse as [kumalɔ] uitgespreek word, veral in die konteks van 2014.

Laastens, kom die verskynsel waar die [o:]-klank verskeie kere as [u] uitgespreek word voor. In die fonetiek word hierdie verskynsel ook beskou as “die verhoging van vokale” (Coetzee, 1985:100) en dit word as niestandaarduitspraak beskryf. Die volgende tabel dui aan waar dié verskynsel voorkom (die standaarduitspraak word aangegee soos beskryf in die *Uitspraakwoordeboek van Afrikaans*, 1967).

Jaar van bulletin	Woord	Standaarduitspraak (bladsynommer tussen hakies)	Niestandaarduitspraak
1950	ook (12:72)	[o:k] (198)	[u:k]
1950	hoofkwartier (12:62)	[ɦo:fkvarti:r] (108)	[ɦu:fkvarti:r]
1950	leërhoofde (12:66)	[lɛ:ərɦo:fdə] (150; 108)	[lɛ:ərɦu:fdə]
1950	moontlik (12:68)	[mo:ntlɛk] (171)	[mu:ntlɛk]
1950	volkome (12:60)	[fɔlko:mə] (318)	[fɔlku:mə]
1968	ook (11:44)	[o:k] (198)	[u:k]

- Kode 4: Uitspraak: Engels

Vier afwykings is hieronder gevind. Dié invloed van Engels kan toegeskryf word aan die feit dat Afrikaans en Engels tot 1994 die twee ampstale van Suid-Afrika was, “en as gevolg van die groot mate van *daaglikse kontak* kon hulle nie anders as om mekaar *wedersyds te beïnvloed*

nie” (Carstens, 2011:311). Volgens Carstens (2011:301) het Engels ’n beduidende invloed op Afrikaans, veral wat die klanksisteem betref. Somtyds word “die *klanke* in ’n Afrikaanse woord volgens die Engelse klanksisteem” uitgespreek.

Bostaande stelling van Carstens (2011:301) word bewys in dié studie met gevalle waar woorde by wyse van die Engelse uitspraak uitgespreek word.


Die eerste geval kom voor in die bulletin van 2004 waar die nuusleser een van die Amerikaanse hoofstede se naam, *Atlanta* [atlanta] [8:4] as [ætlæntə] uitspreek. Die volgende gevalle kom almal uit die bulletin van 2014. Die plaaslike sokkerspan se naam, *Orlando Pirates* {4:2; 4:5} word ook in die Engelse vorm uitgespreek. Die *Orlando* gedeelte van die naam verwys na ’n woonbuurt in Soweto, Gauteng, wat in Afrikaans as [ɔrlandu] uitgespreek kan word, in plaas van die Engelse uitspraak [ɔlə:ndœu] soos by dié uitsending. Laastens dui die uitspraak van die woord *graffiti* [4:7] ook op ’n invloed van Engelse uitspraak. Die Standaardafrikaanse uitspraak van *graffiti* is [xrafiti] maar die Engelse vorm [grafiti] word deesdae ook in Afrikaans erken.

Die feit dat al die gevalle by dié kode slegs in die nuusbuletins van die huidige millennium voorkom, is indikatief van die gemakliker en meer informele aanslag wat by die radio ontwikkel het sedert die negentigerjare (vgl. Schoombie, 2012:63).

4.3.4.2 Tema 2: Sintaksis

Die sintaksis se kernaspek lê in die grammatiese struktuur van sinne (De Villiers, 1983:84). Dié taalkundige gebied bestudeer die wyse waarop eenhede in ’n sin saamgevoeg word en tweedens behels dit die ontleding van strukture. Vir hierdie studie is die belangrikste aspek by sintaksis die posisie van die werkwoord (Carstens, 2011:42) (Sien ook 3.7.2).

Die volgende figuur wys die netwerk van kodes wat onder die tema *Sintaksis* geïdentifiseer is.



Figuur 4.10: Kodes onder die sintaktiese tema

Die tema *Sintaksis*, bevat altesaam vier kodes met 35 afwykings wat relevant is tot die tema.

- Kode 1: Sinskonstruksie: Radioformaat

Vyf afwykings is hieronder gevind. Onder hierdie kode is sinne gemerk waar die konstruksie nie volgens die vereiste radioformaat is nie. Soos reeds verduidelik is, moet sinne wat vir radio gekonstrueer is, so kort as moontlik wees en die sinskonstruksie moet enkelvoudig wees om begrip te bevorder (Fang, 1991:4; Roos, 1959:145). Daarmee saam moet die hoofwerkwoord ook so vroeg moontlik in die sin geplaas word, ten einde opeenhoping van werkwoorde aan die einde van die sin te vermy en ook om optimale begrip by die luisteraar te verseker (Roos, 1959:145; Van der Merwe & Engelbreg, 1990:253).

Die eerste twee afwykings wat bespreek gaan word, kom uit die bulletin van 1968.

Die korporasie wat die soektog na olie in Suid-Afrika behartig, SOEKOR, het bekend gemaak dat hy aanstaande jaar in die diepste gedeelte van die krytkom, tussen Oudtshoorn en Calitzdorp in die Klein Karoo gaan boor, om geologiese formasies in die gebied te ondersoek. [11:36]

Die verdediging het daarop gewys dat die regter self, ingevolge die bepalings van die negentien-een-en-sestig grondwet wat deur die geheime raad erken word, aangestel is en hy dus onder 'n verpligting is om die raad se uitsprake te gehoorsaam. [11:34]

In ag genome die voorgenoemde teorie is dit duidelik dat hierdie veelvoudige sinne té gekompliseerd is, wat die begrip by die luisteraar gaan bemoeilik. Daar word verkies dat só 'n sin eerder in kleiner, verstaanbare enkelvoudige eenhede opgedeel moet word.

Die volgende drie uittreksels gee 'n voorbeeld van waar die werkwoord, ingevolge die tradisionele wyse, aan die einde van die sin geplaas is. Dit veroorsaak 'n verwarring by die algehele semantiese doel van die konstruksie en dit maak die sin lomp (vgl. Carstens, 2011:52;

Prinsloo & Odendal, 1995:226). Deur die hoofwerkwoord vroeër in te voeg, kan die luisteraar makliker begryp watter handeling plaasvind.

In die 1968-bulletin:

Een van die O'Hare Siamese tweeling van Benoni, wat aan die begin van die jaar wêreldwye belangstelling gaande gemaak het toe hulle in 'n operasie in die Johannesburgse kinders hospitaal van mekaar geskei is, **is oorlede**. [11:14]

Eerder: Een van die O'Hare Siamese tweeling van Benoni **is oorlede**. Die tweeling het aan die begin van die jaar wêreldwye belangstelling gaande gemaak toe hulle in 'n operasie in die Johannesburgse kinders hospitaal van mekaar geskei is.

In die sportberig van die 1997-bulletin:

'n Terugslag het die Springbokrugbyspan tydens sy voorbereidings vir die eenmalige toets teen Tonga en die reeks teen die Britse Leeus **getref**. [7:43]

Eerder: 'n Terugslag het die Springbokrugbyspan **getref** tydens...

Steeds by die nuusbuletin van 1997:

Die leiers het eise, dat die voormalige regering dadelik **teruggebring word, verwerp**. [7:23]

Eerder: Die leiers het eise **verwerp**, dat die voormalige regering dadelik **teruggebring word**.

By die sinne [11:14] en [7:23] is die plasing van die werkwoord problematies omdat dit lei tot 'n opeenhoping van werkwoorde, wat vervolgens tot verwarring kan lei. Die probleem kan opgelos word deur die hoofwerkwoord vroeër in die sin te plaas (vgl. Van der Merwe & Engelbreg, 1990:253).

Ingevolge die teorie, is dit duidelik dat dit vir die radio aanbeveel word dat die werkwoord in 'n lang sin eerder vroeër geplaas moet word (vgl. Roos, 1959:145) om te verseker die luisteraar begryp dadelik waarom die nuus storie handel.

- Kode 2: Sinskonstruksie: Aanloop-inversievolgorde

Ses gevalle is hieronder gevind. *Aanloop-inversievolgorde* kom voor wanneer “'n sinselement (veral bywoorde) ... voor die werkwoord geplaas word en die subjek verskuif dan tot ná die werkwoord” (Carstens, 2011:43-44).

Die volgende afwykings is gemerk omdat die konstruksies met 'n *bywoord van tyd* begin:

By die 1950-bulletin:

Vanoggend vroeg het Generaal MacArthur se hoofkwartier in Tokio berig dat geen verdere groot deurbrake aan die Koemrivierfront plaasgevind het nie. [12:5]

Gisteraand is oor die Noord-Koreaanse sender aangekondig dat die regering 'n komitee gaan aanstel om ondersoek te doen, na wat hy beskryf as oorlogsmisdade wat deur Amerikaanse imperialisme en die Suid-Koreaanse regering gepleeg is. [12:8]

Gister is Noord-Koreaanse aanvalle in die westelike- en die sentralesektor van die verdedigingslinie aan die Koemrivier afgeslaan. [12:9]

In die afgelope maande is op Robbeneiland proewe met agthonderdstuks pluimvee uitgevoer. [12:46]

By die 1976-bulletin:

Vanaand is dit ons eerste nuus-om-nege-uitsending, by die modernste en mees gesofistikeerde uitsaaisentrum in die wêreld. [10:6]

Vandag word nuusskrywers in tientalle kantore, wat twee volle verdiepings in die nuwe uitsaaisentrum beslaan, deur een-en-dertig teleksmasjiene van kopie voorsien, wat dag en nag voort tik met nuus van vyf nuusagentskappe. [10:7]

Voorplasing is 'n algemene verskynsel by nuusbulletins en die bostaande voorbeelde is nie juis taalfoute of taalafwykings nie, maar dit is wel noemenswaardig dat dit nie in enige van die meer onlangse bulletins voorkom nie, terwyl dit algemeen in die bulletin van 1950 gebruik is.

- Kode 3: Sinskonstruksie: Woordorde

Sewe gevalle is met hierdie kode gemerk.

In die 1950-bulletin:

In die afgelope maande is **op Robbeneiland** proewe met agthonderdstuks pluimvee uitgevoer. [12:47]

Dié sin se woordorde is problematies weens die gebruik van bywoordelike bepalings. Carstens (2011:54) verduidelik dat daar 'n vereiste volgordepatroon vir bywoordelike bepalings is, en dit lyk soos volg: “eerstens **tyd**, dan **wyse** en laastens **plek**”. Die plasing van die *bywoordelike bepaling van plek* is derhalwe die probleem by bostaande geval. Die sin moet soos volg lui:

In die *afgelope maande* (tyd) is proewe met *agthonderdstuks pluimvee* (wyse) **op Robbeneiland** (plek) uitgevoer.

Carstens (2011:54-55) meen dat die volgorde tog ter wille van beklemtoning of stilistiese redes verander kan word, maar in dié betrokke geval is die byvoeging van 'n aksent, onnodig.

Die tweede geval se woordorde wat tydens die koderingsproses as problematies gemerk is, is die frase “vanoggend vroeg” wat eerder gebruik is as “vroeg vanoggend”.

Vanoggend vroeg het Generaal MacArthur se hoofkwartier in Tokio berig dat geen verdere groot deurbrake aan die Koemrivierfront plaasgevind het nie. [12:5]

Na 'n vergelyking, tussen beide dié opsies, met behulp van die Taalkommissiekorpus of TK-korpus (2010), is egter vasgestel dat die ordening nie afwyk van die norm nie aangesien beide frases byna presies dieselfde aantal kere in dié korpus, wat deur die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT) van die NWU saamgestel is, voorkom. *Vanoggend vroeg* kom 30 keer voor, terwyl *vroeg vanoggend* 28 keer voorkom.

In die bulletin van 1985:

Suid-Afrika het Lesotho aan die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke daarvan beskuldig dat hy hom in die geselskap bevind van organisasies, soos die wat Saterdag verantwoordelik was vir die menseslagting op die internasionale lughawe van Rome. [9:46]

Die bogenoemde sin is geheel en al lomp. Vir 'n beter begrip moet die reël van radio, om 'n sin in eenvoudiger dele op te breek, nagekom word (vgl. Chantler & Stewart, 2009:95,96; Fang, 1991:4; Roos, 1959:145; Tait, 1995:iii). Byvoorbeeld:

Suid-Afrika het 'n beskuldiging teen Lesotho by die Verenigde Volke se Veiligheidsraad ingebring. Dit kom nadat dit aan die lig gekom het dat Lesotho verhoudings met organisasies het, wat verantwoordelik is vir die menseslagtings wat Saterdag op Rome se internasionale lughawe plaasgevind het.

In die bulletin van 1997 word die nuus voor die aktualiteitsprogram aangebied, maar die onderwerpe wat tydens die aktualiteitsprogram bespreek gaan word, word vóór die nuusbuletins soos nuushoof trekke ingesluit. Die volgende sin kom voor die bulletin se aanbieding voor (sien Bylaag C vir konteks):

Dit dan wat betref vanmiddag se uitsending van Spektrum wat **duur** tot net na tweeuur. [7:36]

By die bysinvolgorde van afhanklike sinne verskil die posisie van die werkwoord in die hoofsin en bysin: “in die hoofsin staan die werkwoord (of 'n deel van die werkwoordkonstruksie) in die tweede sinsposisie, maar in die bysin staan die werkwoorddeel nader aan die einde van die sin” (Carstens, 2011:44). By die betrokke sin staan die eerste werkwoord *betref* in die korrekte

posisie, maar die werkwoord *duur* in die afhanklike bysin moet na die einde van die sin geskuif word, soos volg:

...wat tot net na tweeuur **duur**.

Die volgende afwyking handel oor twee hoofsinne wat aanmekaar verbind is met behulp van die neweskikkende voegwoord *en*. Die woordorde na die voegwoord is egter problematies.

Volgens 'n brief van die dokter, is Sithole se regterbeen die helfte dunner as sy ander been **en is hy besig om agteruit te gaan** as gevolg van skade aan 'n senuwee. [7:39]

Neweskikkende voegwoorde word gewoonlik gebruik om hoofsinne met mekaar te verbind “sonder dat daar enige verandering in die sinsvolgorde voorkom” (Carstens, 2011:45). Wanneer albei sinne 'n selfstandige werkwoord bevat en met behulp van 'n voegwoord verbind word, “behou elkeen sy normale woordvolgorde” (Carstens, 2011:46). Die korrekte volgorde van die tweede neweskikkende hoofsin moet dus as volg lui:

...en **hy is besig om agteruit te gaan**...

Daar is voorts twee gevalle in die bulletin van 2013 waar die woordorde afwyk.

Eerstens, is die posisie van die bywoord van tyd *vandag* problematies.

Intussen word verskeie gebedsbyeenkomste vir Madiba **vandag** gehou. [6:24]

Volgens Carstens (2011:54) is die vereiste volgorde vir bywoordelike bepalinge “eerstens *tyd*, dan *wyse* en laastens *plek*” (my kursivering - CDP). Hierdie volgorde word wel deur die daaglikse kontak met Engels beïnvloed, naamlik *plek*, *wyse* en *tyd* en dit lei dikwels tot foutiewe volgorde in Afrikaans (Carstens, 2011:54), soos bespeur by die bogenoemde sin [6:24]. Die reël vir Afrikaanse sinne lui dat die bywoordelike bepaling van *tyd* “na vore in die sin” geplaas word, terwyl “die bywoordelike bepaling van *plek* meer na die einde” staan. Die korrekte woordorde ingevolge die tydsbepaling sal derhalwe soos volg wees:

Intussen word **daar vandag** verskeie gebedsbyeenkomste vir Madiba gehou.

Of selfs: Intussen word verskeie gebedsbyeenkomste **vandag** vir Madiba gehou.

Die tweede geval by die 2013-bulletin handel oor die gebruik van die onderskikkende voegwoord *dat*:

ER24 sê, die presiese oorsaak van die ongeluk is nie bekend nie, **maar dat** dit wil voorkom asof een voertuig gaan staan het en twee mense probeer help het. [6:27]

In hierdie sin vind ons dat daar twee voegwoorde *maar* en *dat* langs mekaar gebruik is. Die voegwoord *maar* dui aan dat die daaropvolgende sin 'n neweskikkende vorm sal aanneem (Carstens, 2011:45) terwyl die voegwoord *dat* by onderskikkende bysinne gebruik word en ook impliseer dat die woordorde van die bysin sal verander (Carstens, 2011:48). Omdat die bysin se woordorde in hierdie [6:27] geval nie verander nie, is dit duidelik dat die onderskikkende voegwoord *dat* in daardie posisie oorbodig is. Om die sin te korrigeer, sal dit behels dat die voegwoord *dat* verwyder word en die woordorde dan onveranderd sal bly.

ER24 sê, die presiese oorsaak van die ongeluk is nie bekend nie, **maar** dit wil voorkom asof een voertuig gaan staan het en twee mense probeer help het.

- Kode 4: Sinskonstruksie: Neweskikkende voegwoord se posisie

19 afwykings is hieronder gevind.

In die 1968-bulletin:

Maar, die tyd het ook aangebreek dat Suid-Afrika die wêreld moet oortuig dat hy 'n taak in Afrika, en die wêreld het, waarvoor hy opgewasse is en wat niemand anders behalwe Suid-Afrika kan verrig nie. [11:17]

Bostaande aanhaling wys op 'n konstruksie wat met die neweskikkende voegwoord *maar* begin. Dié neweskikkende voegwoord word hoofsaaklik gebruik om 'n veelvoudige sin te skep met 'n teenstellende trant en die neweskikkende voegwoord kom gewoonlik tussen die twee hoofsinne voor (Carstens, 2011:46). Vanuit 'n standaardtaalperspektief word dit derhalwe nie toegelaat om 'n sin met die woord *maar* te begin nie. Dit kom egter in radio-uitsendings voor weens die formaat van nuusuitsendings en die feit dat daar vir die oor geskryf word.

In die bulletins van 1997 en 2004 is daar ook sinne wat met *maar* begin:

Maar nou eers die nuus om ses. [8:24]

Maar nou eers die nuusbuletin wat aangebied word met die komplimente van Vodacom. [7:33]

In beide hierdie twee gevalle dien die voegwoord *maar* as 'n diskoersmerker wat verandering aandui. Hierdie gevalle kom voor by bulletins wat in samehang met aktualiteitsprogramme aangebied word en die voegwoord *maar*, dui die verandering aan tussen die aktualiteitsprogram se hooftrekke en die begin van die nuusbuletin. Die gebruik van die voegwoord in hierdie konteks maak deel uit van die aankondigerstyl en formaat van 'n radionuusuitbreng.

Daar is dan voorts 16 gevalle waar sinne met die voegwoord *en* begin.

In die 1968-bulletin is daar een só 'n geval:

En nou sê ons totsiens van Radio RSA in Johannesburg. [11:51]

In die 1985-bulletin is daar óók een geval:

En die SAUK se vyf nuwe radiostasies wat more met uitsendings begin. [9:42]

Die bulletin van 1997 bevat drie *En*-gevalle:

En die Springbok heelagter, Andre Joubert, sukkel met 'n besering. [7:35]

En pogings om Suid-Afrika se bedreigde kraanvoëlspesies te red, kry 'n noodsaaklike geldelike hupstoot. [7:34]

En dit is die einde van die nuus. Ons volgende bulletin is die nuusflitse om tweeuur. [7:32]

In die bulletin van 2004 kom agt gevalle voor waar sinne met die neweskikkende voegwoord *en* begin:

En die nuus word gelees deur Evert Snyman. [8:3]

En dit is nou amptelik, ons sonnestelsel het eintlik tien planete. [8:9]

En dit is die einde van die nuus. Die volgende bulletin op RSG is om seweuur. [8:10]

En in die nuus vanoggend [8:20]

En in monitor vanoggend [8:22]

En een van die beskuldigdes in die boeremaghoogverraadsaak bring 'n nuwe borgtog aansoek. [8:23]

En die sonnestelsel het nou amptelik tien planete [8:21]

En om mee af te sluit weer die hoofnuus. [8:25]

In die 2014-bulletin is daar drie gevalle:

En Orlando Pirates kry berading na Senzo Meyiwa se dood. [4:15]

En in Spektrum [4:17]

En antwoorde word gesoek ná 'n vuurpyl in Amerika ontplof. [4:19]


Om dieselfde redes soos by die gebruik van *maar* bespreek, is dit nie standaardpraktyk om 'n sin met 'n neweskikkende voegwoord te begin nie. Daar moet wel in ag geneem word dat die

radio soms 'n gespreksformaat aanneem waar sulke verskynsels wel algemeen voorkom.. Die gebruik van *en* is egter deel van die aankondigerstyl wat by nuusbuletins gebruik word en *en*-sinne is toelaatbaar omdat daar vir die oor geskryf word.

4.3.4.3 Tema 3: Leksikon

By hierdie tema het die fokus veral op woordkeuse geval en verskeie leksikologiese verskynsels is in die data bespeur, wat onder meer insluit die voorkoms van anglisismes, die gebruik van afkortings en akronieme, die voorkoms van verouderde woordvorme, asook nuutskappings en die gebruik van politieke gedrewe taal in nuusbuletins. By hierdie kode gaan die verskynsel van taalverandering duidelik na vore kom.

Die volgende figuur wys die netwerk van kodes wat onder die tema *Leksikon* geïdentifiseer is.



Figuur 4.11: Kodes onder die tema leksikon

Die tema *leksikon*, bevat altesaam 10 kodes met 155 afwykings wat relevant is vir die tema.

- Kode 1: Woordkeuse: Anglisisme

Twee afwykings is hieronder gevind.

In Afrikaans kan verskeie woorde soos anglisismes lyk omdat sommige woorde by die eerste aanblik voorkom of die herkoms daarvan uit Engels voortspruit (Carstens, 2011:313). Carstens (2011:313) verduidelik egter dat daar verskeie sulke woorde in Afrikaans bestaan wat nie noodwendig anglisismes is nie; “[h]ulle is bloot leenwoorde van ’n gemeenskaplike **Romaanse**

herkoms” wat derhalwe die rede is vir sommige woorde wat in beide Engels en Afrikaans op ooreenstemmende wyse voorkom.

In die bulletin van 2004 word verwys na die *minister van justisie* [8:8]. Die woord *justisie* kan as ’n anglisme geag word, maar inderwaarheid is dit die Romaanse vorm vir die Dietse woord *gereg* of *geregtigheid* (Carstens, 2011:314)

Die tweede geval van anglisistiese taalgebruik kom voor in die bulletin 1997:

Lenin het die Christendom verwerp en saam met die teoretiese stigter van kommunisme, Karl Marx, geglo dat godsdienste die suismiddel van die **massas** is. [7:42]

Die gebruik van die woord *massa* in sy meervoudsvorm dui op die invloed van Engels waar daar na gewone mense verwys word as *the masses*. Die sin is waarskynlik vanuit Engels vertaal. Volgens die e-Hat (2009) is die Afrikaans ekwivalent vir die Engels *masses* net die enkelvoud *die groot massa* wat verwys na die gewone mense of die meerderheid.

- Kode 2: Woordkeuse: Afkorting

Daar is 47 gevalle gevind wat in Tabel 4.4. weergegee word.

Tabel 4.4: Afkortings wat in die data voorkom

Jaar	Afkorting	Verwysingsnommers	Frekwensie	Aanvaarbaar
1950	SAUK	[12:30; 12:31; 12:32]	3	✓
1968	SAUK	[11:32]	1	✓
1976	SAUK	[10:9; 10:10; 10:11; 10:12; 10:13; 10:14]	6	✓
1985	SAUK	[9:25; 9:26; 9:27; 9:30; 9:31; 9:33]	6	✓
2013	SAUK	[6:4]	1	✓
			17	
1985	ANC	[9:28; 9:29]	2	✓
2013	ANC	[6:8; 6:12]	2	✓
			4	
1997	PAC	[7:11; 7:13; 7:14; 7:22]	4	✓
1997	POPCRU	[7:15; 7:16; 7:17; 7:18]	4	
2004	AU	[8:11; 8:12; 8:13]	3	
1985	UNITA	[9:22; 9:23; 9:24]	3	
1968	AFS	[11:30; 11:31]	2	
1997	COSATU	[7:12]	1	✓

2013	ER24	[6:9]	1	
2013	MIV	[6:7]	1	✓
2013	MK	[6:11]	1	
2004	NASA	[8:16]	1	
2004	RSG	[8:14]	1	✓
1968	SOEKOR	[11:28]	1	
1968	VSA	[11:29]	1	✓
1985	VV	[9:7]	1	

Die rede waarom die afkorting gemerk is, is dat dit nie by radio gepas is om 'n afkorting te gebruik sonder om dit te verklaar nie (SABC, 1961:15). “Die goeie stilis gebruik nie afkortings nie” (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:18). Die gebruik van afkortings moet spaarsamig aangewend word, slegs wanneer die joernalis met volstrekte sekerheid kan sê dat dit 'n gangbare afkorting is, wat deur elke luisteraar of kyker begryp sal word (Van der Merwe & Engelbreg, 1990:18). Daar is egter uitsonderings op hierdie reël in die geval van bekende, gevestigde afkortings en lettername, die benamings van politieke partye ens. (vgl. Müller, 2003:268-306).

- Kode 3: Woordkeuse: Afrikaanse Skryfwyse

Twee afwykings is hieronder gevind.

Beide die gevalle kom uit die bulletin van 1997 en dit behels die skryfwyse van die woord *Xhosa* [7:7; 7:8]. Die rede waarom hierdie verskynsels gemerk is, is dat die Afrikaanse skryfwyse van die taalnaam gebruik is, en dit word nie op die outoglottonimiese wyse (naamlik *isiXhosa*) in die nuus gebruik nie (vgl. AWS, 2009:50-51).

- Kode 4: Woordkeuse: Argaïese vorm

Onder hierdie kode is 40 gevalle gemerk.

Die feit dat ouer tekste met jonger tekste vergelyk is tydens die studie, het aanleiding gegee tot baie chronologiese verskille, wat veral by die woordkeuses bespeur kon word.

Met die veranderde wêreld het sommige plekname om koloniale en politiese redes verander.

Tabel 4.5: Verwysings na plekname wat intussen verander het

Jaar van bulletin	Pleknaam	Nuwe Benaming	Rede
1950	Saigon [12:52; 12:53]	Ho Chi Minh-stad (Viëtnam)	Die gebied was deur Frankryk gekoloniseer maar het onafhanklikheid verwerf wat 'n naamsverandering tot gevolg gehad het (Britannica, 2014; HAT, 2013:597)
1950/ 2004	Sowjetunie [12:27; 7:24]	Verskeie – onder andere Rusland	Die Unie van Sowjet Sosialistiese Republieke het in Augustus 1991 verbrokkel en verdeel tot 15 onafhanklike lande (HAT, 2013:639).
1968	Rhodesië/Rhodesiese [11:6; 11:8; 11:9; 11:10; 11:11; 11:12; 11:33]	Zimbabwe	Met die Britse dekolonisering van Rhodesië het Zimbabwe en Zambië onafhanklikheid verwerf en hulle name is dienooreenkomstig verander (HAT, 2013:579)
1968	Salisbury [11:7]	Harare	Salisbury was die naam van die hoofstad van die voormalige Rhodesië tot en met 1982
1976	Suidwes-Afrika [10:17]	Namibië	Die onafhanklikwording van SWA onder Suid-Afrikaanse mag in 1990 (HAT, 2013:494-495)
1985	KwaZulu [9:3; 9:21]	KwaZulu-Natal	KwaZulu was die semi-onafhanklike tuislandgebied vir die Zulu mense voor dit in 1994 met Natal saamgesmelt het om KwaZulu-Natal te vorm.

1985	Natal [9:4]	KwaZulu-Natal	Natal was tussen 1910 en 1994 een van die vier provinsies van Suid-Afrika (HAT, 2013:497)
1985	Noord-Transvaal [9:58]	Gauteng Limpopo Oostelike dele van die Noord-Wes Mpumalanga	Gebied noord van Johannesburg tot by Limpopo (e-HAT, 2009) voor die republiekwording in 1994 en die stigting van die huidige nege provinsies (HAT, 2013:300, 693).

Bogenoemde plekname word by die betrokke bulletins nie as afwykings beskou nie omdat dit die aanvaarde plekname binne die tydperk van die uitsendings was. Dit is wel 'n aanduiding van die verandering by plekname.

Afgesien van verouderde plekname is daar ook verwysings na verouderde gebruiksvorme. Die verwysing na munteenhede soos *pond* [12:17; 12:18; 12:37; 12:50; 12:51] en *halfkroon* [12:48] in die 1950-bulletins dui op die gebruik van die Britse geldeenheid wat in Suid-Afrika gebruik is tot en met 1961. Die woord *myl* [12:34] word ook by die 1950-bulletin gebruik, wat verwys na die feit dat Suid-Afrika nog in daardie stadium van die imperiale stelsel (weens Britse koloniserings in Suid-Afrika) gebruik gemaak het voordat daar in 1973 na die metrieke stelsel, of meer bepaald die SI-eenhede (waar afstand in kilometer gemeet word) oorgeslaan is (Basson, 1986:206).

'n Ander geval waar die gebruiksvorm 'n verandering ondergaan het, is by die vertaling van *United Nations* as *Verenigde Nasies*, eerder as *Verenigde Volke* (by die 1950-bulletin [12:12] en by die 1985-bulletin [9:2; 9:5; 9:7; 9:8; 9:20]). Dié organisasie is jare lank in Afrikaans die *Verenigde Volke Organisasie* (VVO) genoem (vgl. Van der Merwe & Engelbreg, 1990:230). Die woord *volk* het egter kulturele betekenisse, waar die woord *nasie* eerder meer staatkundige konnotasies het. Dit het voorts aanleiding gegee tot die naamsverandering in Afrikaans (HAT, 2013:733).

In die bulletin van 1976 kom daar argaïese uitsaaierme voor, soos *telekskamer* [10:4], *teleksmasjiene* [10:16] en *diskoteke* [10:2]. Hierdie woorde het mettertyd in onbruik verval weens grootskaalse digitalisering en die koms van die wêreldwye web. Vandag sal sulke woorde as argaïes bestempel word maar ten tyde van die uitsending was die gebruik van hierdie woorde algemeen. Hierdie woorde is voorts ook beduidend omdat dit wys hoe die SAUK

'n bepaalde rol vervul om nuwe terme in te burger en die skep van leenvertalings te bevorder as standaardtaal. Die feit dat dit later verouderd mag raak is deel van die natuurlike groeiproses van taal en taalverandering.

Die politieke en maatskaplike bestel in Suid-Afrika het ook 'n invloed op die woordeskat gehad. In die 1950-bulletin word na swart mense verwys as *naturelle* [12:13; 12:45], so ook in die 1968-bulletins [11:5]. Hierdie woord word tans beskou as rassisties en dié term moet in hedendaagse terme vermy word (e-HAT, 2009). Die interessantheid lê wel in die feit dat hierdie woord nog ongeveer 50 jaar gelede oor die radio uitgesaai is as standaardtaal en vandag word hierdie woord ten sterkste vermy (eHAT, 2009). Dit is weereens 'n teken van hoe taalverandering oor die radio inslag vind.

Laastens is in die 1950-nuusbulletin ook gebruik gemaak van die woord *nooi/nooientjie* [12:21; 12:22; 12:24]. Hierdie woord is ook volgens die e-HAT (2009) 'n verouderde woord vir die meer gebruiklike *meisie*. Dit is ook die geval by die gebruik van die woord *iedere* [10:5] by die 1976-bulletin. Volgens die e-HAT (2009) is dié woord ook effens verouderd.

Dit is duidelike dat die woorde nie ten tye van die uitsending argaïes was nie, maar dit word tans nie meer algemeen gebruik nie.

- Kode 5: Woordkeuse: Voorletters i.p.v. naam

Tien gevalle is hieronder gevind.

Hierdie afwykings is gemerk omdat die gebruik van volle name bó die gebruik van voorletters verkies word (Müller, 2003:449; Van der Merwe & Engelbreg, 1990:239). Dit is ook noemenswaardig dat die gebruik van voorletters slegs in die bulletins van 1950, 1968 en 1976 [12:28; 12:29; 12:33; 11:22; 11:23; 11:24; 11:25; 11:26; 11:27; 10:8] gebruik word. Dit is dus duidelik dat dit nie in moderne tye algemene styl by radio-uitsendings is nie. Dit sluit derhalwe aan by die uitsaaitegniek en styl wat by radio vereis word.

- Kode 6: Woordkeuse: Politieke taal

24 gevalle is hieronder gevind. By hierdie kode is die milieu waarin die betrokke bulletin uitgesaai is, van belang omdat die politieke stand van sake 'n beduidende invloed gehad het op sekere terme wat gebruik is. Die term *politieke taal* verwys binne hierdie konteks na woorde en selfs sinne wat polities geanker is, veral binne die apartheids-era van Suid-Afrika.

By die 1950- en 1968-bulletin word na swart mense verwys as *naturelle* [11:5; 12:13; 12:45]. Soos reeds by die vorige kode genoem, word hierdie woord tans as rassisties beskou (e-HAT, 2009). Dit is dan ook interessant om te sien dat in die 1985-bulletin verwys word na *swart mense* [9:12]. Dit toon dat daar reeds 'n verskuiwing plaasgevind het in die verwysing na swart mense. Dit is voorts ook noemenswaardig dat in die 1968-bulletin na swart Afro-Amerikaners verwys word as *Negers* [11:18; 11:19]. Dié woord word ook deur die e-Hat (2009) aangewys as rassisties en daar word aanbeveel dat die gebruik van die woord vermy moet word. Beide dié terme het negatiewe politiese konnotasies.

In samehang met bostaande voorbeelde van politieke taal word in die 1985-bulletin gepraat van *swart gebiede* [9:10] wat verwys na die groepsgebiedewet wat sekere gebiede in die land aan sekere rasse toegeken het (Ross, 1999:136). Swart mense was ingevolge die wet op tuislande verbied om 'n permanente woning in die sogenaamde “wit”-gebied te hê. In dieselfde bulletin word na *KwaZulu* [9:3; 9:21] verwys, wat juis só 'n tuisland in Suid-Afrika was, wat spesifiek vir die Zoeloes afgebaken was, volgens die wetgewing van daardie tyd. Dit sluit aan by die verwysing *goeie buurskap* [11:38; 11:39; 11:40] wat in die bulletin van 1968 voorgekom het. Dit verwys na die nasionale en internasionale staatsverhoudinge wat polities gedrewe is binne die konteks van apartheid.

In die bulletin van 1985 kom die term *inperkingsbevel(e)* voor [9:35; 9:36; 9:37; 9:38; 9:39]. Dié woord dui op die feit dat daar in daardie stadium politieke teenstand was en die teenstanders hul vryheid ontnem is deur 'n hofbevel (e-HAT, 2009). In die 2013-bulletin is daar ook politieke taal gebruik by die verwysings na *onderdrukkers* [6:10] en die gewapende vleuel van die ANC, *Umkhonto we Sizwe (MK)* [6:11; 6:14]. Dit is beduidend omdat apartheid teen 2013 al amper vir 'n dekade afgeskaf was maar die geskiedenis van die land speel steeds 'n rol in die nuuswaardigheid van sekere gebeure.

Verwysings het ook voorgekom na die politiese terme binne die voormalige Sowjetunie in die bulletins van 1950 en 2004 met die gebruik van woorde soos *Sowjetunie* [12:27; 7:24] en *Bolsjewistiese* [7:25]. *Bolsjewisme* verwys na die Russiese Kommunisme en die ekstremistiese regtervleuel van die Kommunisme tydens die Russiese revolusie van 1917 (e-HAT, 2009). Hiermee saam verwys die *Sowjetunie* na die vroeëre Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR) wat nie meer vandag bestaan nie.

Laastens is dit noemenswaardig dat die radio gebruik word as 'n forum vir propaganda, soos vroeër bespreek. In die 1968-bulletin:

Dit is die soort atmosfeer van 'n Suid-Afrika wat veg met die wapen en woeker met die graaf, waarin die publiek voortwerk en voortbou [11:41].

Dit blyk asof die emotiewe woordgebruik 'n patriotisme by die luisteraars wil aanwakker. Die radio word gebruik as spreekbuis vir die regering en die staat het via die uitsaaiwese sekere idees en ideologieë by die landsburgers gevestig. Die SAUK/SABC is as 'n openbare korporasie gestig, maar dit funksioneer as 'n semi-staatsinstelling (Steyn, 2014:267) wat daartoe aanleiding gee dat die regering tot vandag toe steeds 'n rol speel in die inhoud van uitsendings en spesifiek nuusuitsendings. Polities-gedrewe boodskappe van enige aard is nie gepas binne die konteks van radionuus nie. Selfs wanneer direkte aanhalings van 'n sekondêre bron 'n politiese trant aanneem, moet dit liefers nie by die bulletin ingesluit word nie, om te verseker dat nuusuitsendings objektief en neutraal bly, vry van enige staatsinmenging.

- Kode 7: Woordkeuse: Nie-amptelike benaming

Nege gevalle is hieronder gevind.

Eerstens verwys die aanbieder by die 1950-bulletins na die Indiese politikus Jawaharlal Nehru as net *Pandit Nehru* [12:1]. Dit is nie die amptelike naam van dié politikus nie (HAT, 2013:502). *Pandit* verwys slegs na die feit dat hy 'n geleerde binne die Hindoe-kultuur en godsdiens was (e-HAT, 2009). Sy amptelike naam is Jawaharlal Nehru.

In die tweede instansie bespreek ons die benaming van die VSA as slegs *Amerika* [11:42; 11:43; 8:17; 8:18; 6:16; 6:17; 4:11]. Alhoewel die term *Amerika* algemeen na die VSA verwys (HAT, 2013:144), kan dit interpretasiefoute tot gevolg hê by onder andere nuusbuletins (vgl. Van der Merwe & Engelbreg, 1990:23). Verwysing na *Amerika* kan op die hele kontinent betrekking hê of dit kan na die inwoners of na die regering verwys. By nuusbuletins moet daar eerder verwys word na die amptelike naam van die land wat lui die Verenigde State van Amerika om dubbelsinnigheid so vêr moontlik te vermy.

By die 2013-bulletin word die afkorting *SAUK* [6:4] gebruik. Die rede waarom dit as 'n nie-amptelike naam gekodeer is, berus op die feit dat die SAUK sedert 1995 slegs as die SABC bekend staan. Die staat het na demokratisering vereis dat geen staatsinstellings meer onder die bekende Afrikaanse name en akronieme bekend mag staan nie, wat beteken het dat die SAUK voortaan slegs as die SABC benoem moet word (Louw, 2004:46; Truter & Lubbe, 2002:197). Die Afrikaanse media volstaan egter by die Afrikaanse benaming, nieteenstaande die feit dat die korporasie self voorkeur aan die Engelse afkorting gee (Mersham, 1998:214; Olivier, 2003:2).

- Kode 8: Woordkeuse: Niestandaardvorm

Ses afwykings is hieronder gevind.

Dié kode onder die tema woordkeuse handel oor die gebruik van niestandaardvorme.

In die bulletin van 1950 word die woord *mededinger* in 'n vroulike vorm as *mededingster(s)* [12:23; 12:54] gebruik. Hierdie woord is nie die standaardvorm nie en dit is ook in hedendaagse terme nie meer nodig om die vroulike vorm van woorde te gebruik nie (e-HAT, 2009) en neutrale geslagsvorme is aan die orde van die dag. Die gebruik van die woord kom ook net eenmaal in die TK-korpus (2010) voor.

Ook in die bulletin van 1950 kom die woord *deurgrondend* [12:41] voor. Dié woord kom nie in die eHAT (2009) voor nie en 'n soektog in die TK-korpus (2010) het ook geen resultate met die woord opgelewer nie. Dit is dus duidelik dat dit 'n niestandaard-vorm of ten minste 'n ongewone vorm is.

Laastens word in die 1950-bulletin gepraat van *vredesnotas* [12:42; 12:43; 12:44]. Dié term het ook geen resultate opgelewer na 'n soektog in die TK-korpus (2010) nie. Die woord is vermoedelik direk vertaal uit die Engelse nuusbron of is bloot 'n nuutsgeskepte samestelling. Die konteks van die woord *vredesnotas* spruit uit die pogings van die eerste minister van Indië, wat 'n skikking vir die oorlog in Korea wil bewerkstellig. Hieruit kan dus afgelei word dat die woord *vredesnotas* na moontlike oplossings om die geskil te beëindig, verwys. Dit gaan dan ook gepaard met die SAUK/SABC se rol om vertaalekwivalente vir sekere woorde te skep en by die taalgemeenskap in te burger.

- Kode 9: Woordkeuse: Nuutskepping

Vier gevalle is hieronder gevind.

Taal, soos ons dit ken, is voortdurend besig om te verander en om aan te pas by die gemeenskap se behoefte om kennisbegrippe te verwoord (Carstens, 2011:133). *Nuutskeppings* (óf *neologismes*) in taal behels die skepping van nuwe woorde en begrippe. Nuwe woorde kan “spontaan in die volksmond ontstaan” of dit kan in die taalpraktyk gebore word. Die radio speel 'n kardinale rol by nuutskeppings en die ontwikkeling van neologismes asook by die inburgering daarvan.

In die nuusbuletin van 2014 is woorde soos *hidrobreking* (fracking) [4:1; 4:8; 4:14] en *skaliegas* (shale gas) [4:3] gebruik. Hierdie woorde is nog nie in enige Afrikaanse woordeboeke opgeteken nie, wat verder help bewys dat dié woorde nuutskeppings is. Dié nuutskeppings

ontstaan uit 'n nuwe proses vir die ontginning van natuurlike gas uit die aarde. Die nuwe proses vereis derhalwe die skep en vertaal van vaktaal en terminologie.

Die bevinding by hierdie kode berus op die feit dat woordafwykings tydgebonde is. Wat ons tans as taalafwykings beskou, was nie noodwendig ten tye van die uitsending problematies nie.

- Kode 10: Woordkeuse: Taalsuiwerheid

11 afwykings is hieronder gevind.

Carstens (2011:307) voer aan dat die term *taalsuiwerheid* hoofsaaklik verband hou met die “skoonhou van 'n taal van vreemde invloede”. Dit is egter moeilik om taal geheel en al suiwer te gebruik maar dit is tog belangrik om taalsuiwerheid sover moontlik na te streef, veral om doeltreffende kommunikasie te bewerkstellig (Carstens, 2011:308).

In die 1950-bulletin kom die eerste geval voor in die volgende sin:

... omdat Brittanje nie op diplomatieke gebied met Indië **oorhoeks wil hê nie**. [12:67]

Volgens die e-HAT (2009) is die vaste uitdrukking *oorhoeks raak*. Dit sou dus beter gewees het as die bogenoemde sin as volg gelui het:

... omdat Brittanje nie op diplomatieke gebied met Indië **oorhoeks wil raak nie**.

Volgende kom die 1997-bulletin aan bod:

...die susmiddel **van** die massas is. [7:41]

By hierdie sin is die gebruik van die voorsetsel problematies. Die voorsetsel *vir* moet liever hier gebruik word. 'n Vergelyking is tussen beide dié voorsetsels binne die spesifieke kollokasie *susmiddel van* teenoor *susmiddel vir* met behulp van die Taalkommissiekorpus of TK-korpus (2010) getref. Die kollokasie met die voorsetsel *van* het geen uitslae opgelewer nie, terwyl daar een geval in die korpus voorgekom het waar die kollokasie *susmiddel vir* gebruik is.

Ontstoke inwoners van Bosbokrand wat **eis** dat hulle gebied by Mpumalanga ingelyf **moet** word... [7:38]

Die woorde *eis* en *moet* veroorsaak in hierdie konteks 'n pleonasme omdat meer woorde as wat nodig is hier gebruik word om 'n gedagte uit te druk (Carstens, 2011:123; e-HAT, 2009). Die woord *moet* kan by hierdie sin weggelaat word.

In die bulletin van 2013 kom die volgende gedeelte voor:

Lede van Madiba se familie, onder wie sy vrou, Graça en sy oorlewende kinders het Vrydag 'n dringende hofbevel bekom ... Hy sê hy het nie die hofbevel ontvang nie en is hartseer en teleurgesteld dat die **families** verkies het om hulle na die hof te wend om ingewikkelde familiesake op te los. [6:26]

Binne die konteks van die nuus storie is die gebruik van die meervoud van die woord *families* problematies. Volgens die inligting vroeër in die paragraaf is dit duidelik dat daar slegs na lede binne een familie verwys word. Dit is derhalwe meer korrek om dan eerder die enkelvoud *familie* te gebruik of selfs 'n ander opsie in Afrikaans soos *gesin*.

Dieselfde verskynsel kom voor by die verwysing na *Umkhonto we Sizwe* wat later in die bulletin beskryf word as *die gewapende vleuel van wat toe die ondergrondse bevrydingsbewegings was* [6:23]. Die meervoud is problematies omdat hulle betrokke was by een *bevrydingsbeweging* en dit sou beter wees as die woord eerder in die enkelvoud gebruik word.

Die volgende sin se woordkeuse word bevraagteken ingevolge die semantiese oorweging.

In Polokwane, Limpopo, word 'n staptog vir Madiba **aangepak** ... [6:25]

Die woord *aangepak* word gebruik wanneer iets met ywer begin word (eHAT, 2009). Die woordkeuse kon hier verbeter word omdat die staptog in daardie stadium nog nie begin het nie. 'n Woord soos *beplan* kon dalk meer gepas wees by hierdie sin.

In Polokwane, Limpopo, word 'n staptog vir Madiba **beplan**...

Steeds in die bulletin van 2013:

Lede van die Umkhonto we Sizwe Militêre veterane-vereniging, het by die Medi-Clinic Harthospitaal in Pretoria opgedaag, ... **Die vereniging** is by die ingang van die hospitaal, waar hulle sing en dans om Madiba beterskap toe te wens [6:22]

Die verwysing na *Die vereniging* bring die verskynsel van polisemie na vore. Carstens (2011:105) beskryf *polisemie* as een woord wat gebruik word "om na meer as een referent of saak te verwys". By die bogenoemde sin kan die woorde *Die vereniging* 'n meerduidige betekenis hê wat dubbelsinnigheid of verwarring tot gevolg kan hê. Die probleem kan uit die weggeruim word deur net 'n duideliker beskrywing te verskaf, byvoorbeeld:

Lede van die vereniging is by die ingang van die hospitaal,

Of selfs: **Die verenigingslede** is by die ingang van die hospitaal

By hierdie bulletin kom daar ook gevalle van die verkeerdelike gebruik van voorsetsels voor.

Die groep het sedert Dinsdag verskeie protesoptogte ... gehou, om onder meer beswaar te maak **dat** Amerika onder Obama se leierskap, Afrika van sy bronne plunder. [6:21]

Hier word die voegwoord *dat* gebruik in die kollokasie met *beswaar maak*. Hierdie kollokasie gaan gewoonlik saam met die voorsetstel *teen* (byvoorbeeld: beswaar maak teen of beswaar indien teen (e-HAT, 2009; TK-Korpus, 2010). Dit sal dus beter wees om te sê:

Die groep het sedert Dinsdag verskeie protesoptogte ... gehou, om onder meer beswaar te maak **teen** Amerika, wat onder Obama se leierskap, Afrika van sy bronne plunder.

By die volgende geval is die kollokasie *deur die loop van die dag* verkeerd gebruik weens die invoeging van die voorsetstel *teen* in plaas van *deur*.

Obama sal ook **teen** die loop van die dag... [6:20]

Na 'n vergelyking, tussen beide dié opsies, met behulp van die TK-korpus (2010), is daar egter vasgestel dat die kollokasie *teen die loop van die dag* nie as Standaardafrikaans beskou kan word nie want geen resultate is tydens die soektog opgelewer nie. Daar is wel 31 gevalle van die kollokasie *deur die loop van die dag*.

Die laaste geval by die 2013-bulletin handel oor die verkeerdelike gebruik van die voorsetstel wat tot verwarring lei.

...die ikoon wie se vergewensgesindheid **van** sy onderdrukkers die wêreld geïnspireer het. [6:19]

Op hierdie stadium klink dit of hierdie sin handel oor die vergewensgesindheid van die onderdrukker en nie die vergewensgesindheid van die voorgenoemde ikoon nie. Dié probleem kan opgelos word deur slegs die korrekte voorsetstel, naamlik *teenoor* in te voeg.

...die ikoon wie se vergewensgesindheid **teenoor** sy onderdrukkers die wêreld geïnspireer het.

In die bulletin van 2014 is daar ook 'n geval waar die taalreël nie nagekom is nie.

Die Lesotho parlement bespreek vandag 'n mosie **om die magte van die premier te ontnem** [4:21]


Volgens Van der Merwe en Engelbreg (1990:161) is dit nie korrek om die voorsetstel *van* saam met *ontneem* te gebruik nie (vgl. e-HAT, 2009). Die sin se formulering kan dus soos volg aangepas moet word om hierdie probleem op te los:

Die Lesotho parlement bespreek vandag 'n mosie **om die premier sy magte te ontnem** om die parlement op sy eie op te skort óf te ontbind.

4.3.4.4 Tema 4: Uitsaaitegniek

By hierdie tema het die fokus veral geval op die styl en tegniek wat by radionuus-uitsendings van toepassing is. Die menslike element is daar en soms struikel die aanbieder oor sy woorde of die aanbieder val homself in die rede om 'n fout te korrigeer. Daar is ook 'n paar gevalle gemerk waar die gebruiklike formaat van nuusbuletins uitgewys word.

Die volgende figuur wys die netwerk van kodes wat onder die tema *Uitsaaitegniek* geïdentifiseer is.



Figuur 4.12: Kodes onder die tema uitsaaitegniek

Die tema *Uitsaaitegniek* bevat altesaam drie kodes met 71 gevalle wat relevant is tot die tema.

- Kode 1: Hortend

Tien gevalle is hieronder gevind.

Hierdie kode dui aan waar die nuusleser oor sy woorde struikel of wanneer die woord vreemd uitgespreek word. Binne die konteks van die taalgebruiksituasie by nuusbuletins is dit beduidend wanneer die nuuslesers oor hulle woorde struikel, want dit kan tot gevolg hê dat die luisteraar se begrip van die nuus verwronge raak.

Tabel 4.6: Aanhalings wat aandui waar die nuusaanbieder oor sy woorde struikel

Jaar van bulletin	Aanhaling	Verwysing

1976	paar maande gelede (uh) 'n aanvang neem	[10:15]
1985	vennote wees om (sss) 1986 'n voorspoedige jaar te maak	[9:15]
1997	saam met die (pouse) teoretiese stigter	[7:20]
1997	as gevolg van skade (uhm) aan 'n senuwee	[7:6]
2013	In Bloemfontein is die (sekre-) sekretaris-generaal	[6:18]
2013	Maraisburg in Johannesburg. (maak keel skoon) ER24 sê...	[6:6]
2013	In Polokwane, (asemhaling) Limpopo, word 'n	[6:5]
2013	president Jacob (pouse) Zuma gevoer het	[6:3]
2014	Die moordenaar en verkrachter van (uh) drie kleutermeisies	[4:20]
2014	op die oomblik sielkundige b(ou) rading	[4:6]

- Kode 2: Vals inleiding


Ses gevalle is hieronder gevind.

Hierdie kode dui aan waar die nuusaanbieder homself in die rede geval het om 'n fout reg te stel. Net soos by die vorige kode van hortende spraak is die voorkoms van vals inleidings binne die konteks van die taalgebruikssituasie by nuusbuletins beduidend, want dit het 'n gevolglike invloed op die luisteraar se begrip van die nuus wat oorgedra word.

Tabel 4.7: Aanhalings van vals inleidings by die data

Jaar van bulletin	Aanhaling	Verwysing
1997	in Oos in die Oos-Kaap het	[7:19]
1997	verwydering van die oorskoet oorskot van die stigter	[7:9]

1997	en die 'n verbygaande voertuig	[7:5]
2004	Tony Leon sê presint president Mbeki	[8:2]
2013	aan die ikoon wie se ge- vergewensgesindheid	[6:2]
2014	vyf November, jammer tot sewe November uitgestel	[4:4]



Figuur 4.13: Akoestiese analise van 'n vals inleiding soos by [8:2]

'n Vals inleiding (in die figuur verlig) is ook in die teks [8:2] geïdentifiseer. Die gedeelte hierbo is soos volg: “sê presint... president Mbeki” [sɛ: prəsənt prəsədənt əmbɛ:ki].

- Kode 3: Formaat

55 gevalle is hieronder gemerk.

Wat opvallend is by hierdie kode is die feit dat daar verskeie gevalle by die 1950-bulletin is waar die titel of persoonsbeskrywing van 'n betrokke individu, ná die naam geplaas word. Volgens die nuwerwetse riglyne vir die skryf van radio-nuusbulletins word die titel of persoonsbeskrywing vóór die naam geplaas (vgl. Chantler & Stewart, 2009:121; Van der Merwe & Engelbreg, 1990:216), anders as by die gedrukte media waar die titel ná die naam voorkom (Van Staden, 2015).

Hier volg twee onlangse voorbeelde uit die Afrikaanse koerant, Beeld, waar die persoon se naam sy posbeskrywing voorafgaan:

“Dr. Arien van der Merwe, 'n mediese dokter, holistiese deskundige en skrywer van Healthy Living Space in Pretoria...” (Retief, 2015).

“Dit was op 'n saamtrek wat Kgosientso Ramokgopa, Tshwane-burgemeester en ANC-voorsitter in die streek, in die aanloop tot Woensdag se...” (Prince, 2015).

Hier volg die gevalle waar die bogenoemde volgorde (naam en dan posbeskrywing) in 'n radionuusbulletin van 1950 voorkom:

dokter CH Windom, 'n deskundige van die instituut [12:59]

doktor VR Kaschula, hoof van die veeartsenykundige streekslaboratorium in Kaapstad [12:58]

Senator Brien MacMahon, 'n voorsitter van die Amerikaanse parlementêre komitee [12:57]

Eric Sturgess, die Suid-Afrikaanse tenniskampioen [12:56]

Dit kan vervolgens vergelyk word met dié twee gevalle uit die bulletins van 1997 en 2014 waar die titel die naam voorafgaan.

'n Woordvoerder van die Departement van Korrektiewe Dienste, Mdoda Dewati,... [7:44]

'n Woordvoerder van die groep, Jonathan Dell,... [4:16]

Vanuit die teorie en uit die bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat die radioformaat vir posbeskrywings behels dat die beskrywing of titel van die persoon vóór die naam geplaas word.

Hiermee saam is daar ook gevalle in die bulletins van 1950, 1968 en 1985 waar die titel *meneer* [11:50; 11:49; 11:48; 11:47; 11:46; 9:57; 9:56; 9:55; 9:54; 9:53; 9:52; 9:51; 9:50; 9:49; 9:48; 9:47] of *mevrou* [12:77] by die verwysings van sekere persone se name gevoeg word.

Hierdie gevalle is gemerk omdat dit nie meer deel is van die hedendaagse radioformaat nie (Van Staden, 2011:91). Müller (2003:608) sê dat daar selfs by koerante nie heeltyd na mense se titels verwys word nie, veral by *meneer* en *mevrou*.

Voorts is daar ook in die 1968-bulletin gebruik gemaak van baie numeriese kodes wat die uitsaaifrekwensie [11:3; 11:53] aandui. Dit is nie meer algemene gebruik by die formaat van radionuus om hierdie detail uit te saai nie. Voorts word die verwysing na tyd in die 1968- en 1985-bulletin in digitale formaat gegee soos by *nege-dertig*, *elf-dertig*, *ses-vyf-en-veertig* en *sewe vyf-en-twintig* [11:1; 11:2; 9:1; 9:40] wat ook nie deel uitmaak van die hedendaagse formaat nie (vgl. Müller, 2003:603). Müller meen dat die tyd verkieslik in nuusberigte uitgeskryf moet word, veral “as iets op die uur of op die halfuur gebeur het”, byvoorbeeld “vieruur”, “halfagt”

Laastens gaan die formaat van nuusbuletins bespreek word, in samehang met die tipiese kenmerke wat by nuusbuletins bespeur kan word.

Tabel 4.8: Aanhalings van gevalle waar die formaat van 'n nuusbuletin ter sprake kom

Jaar van bulletin	Aanhaling	Verwysing
1950	Dit is die einde van die nuus.	[12:79]
1950	Sport. (<i>kondig die oorgang na sportnuus aan</i>)	[12:75]
1950	Nog verdere buitelandse nuus.	[12:74]
1950	Suid-Afrika (<i>kondig die oorgang na plaaslike nuus aan</i>)	[12:69]
1968	Hier volg 'n spesiale uitsending van nuus uit Suider-Afrika, gelees deur Johannes van der Walt.	[11:56]
1968	U luister na 'n uitsending van nuus uit Suider Afrika	[11:55]
1968	Tot sover ons uitsending van nuus uit Suider Afrika. Hier volg nou 'n bespreking van sake waaroor Suid-Afrikaners vandag dink en praat	[11:54]
1968	Dit is die einde van ons uitsending van nuus en ons nuussamevatting uit Suider-Afrika, wat van Johannesburg af uitgesaai is in die buitelandse diens van die SAUK. Die volgende spesiale nuusbuletin uit Suider Afrika word moreoggend om dieselfde tyd uitgesaai	[11:53]
1968	En nou sê ons totsiens van Radio RSA in Johannesburg.	[11:52]
1985	In die Engelse diens volg die nuus oor bietjie minder as vier minute. Ons volgende bulletin is die nuushoof trekke om sewe vyf-en-twintig. In kommentaar gaan dit vanmore oor...	[9:60]

1985	Dit is die einde van die nuus.	[9:45]
1985	Om die bulletin mee af te sluit herhaal ons die hooftrekke.	[9:44]
1985	U luister na 'n nuusuitsending deur die Afrikaanse diens van die SAUK.	[9:43]
1985	Dit is die Afrikaanse diens van die SAUK. Dit is nou ses-vyf-en-veertig, Dinsdagoggend een-en-dertig Desember en hier volg die nuus, gelees deur Johannes van der Walt.	[9:41]
2004	En om mee af te sluit weer die hoofnuus.	[8:26]
2004	Goeie môre, dis nou presies sesuur. Dis Dinsdag sestien Maart en die monitorspan vanoggend: Jean Booysen, Willem Lategan, Kobus Bester en Suzanne Steyn. En in die nuus vanoggend...	[8:19]
1997	En dit is die einde van die nuus. Ons volgende bulletin is die nuusflitse om tweeeur.	[7:31]
1997	Ten slotte weer die hoofnuus.	[7:30]
1997	Rugby (<i>kondig die oorgang na rugbynuus aan</i>)	[7:29]
1997	Dit dan wat betref vanmiddag se uitsending van Spektrum wat duur tot net na tweeeur. Maar nou eers die nuusbuletin wat aangebied word met die komplimente van Vodacom. (<i>Advertensie</i>) Die nuusleser is Nikki van den Berg.	[7:28]
1997	Ook in vanmiddag se uitsending van Spektrum:	[7:27]
1997	Goeiemiddag, en baie welkom by ons nuusaktualiteitsprogram Spektrum. Vanmiddag saam met Magdeleen Kruger, Sharon Sterad en Norma Odendal. In die nuus vanmiddag:	[7:26]
2013	Ten slotte weer die hoofberig:	[6:29]
2014	Ten slotte die hoofnuus	[4:24]
2014	Dis die einde van die nuus. onder die redaksie van Johan Lieb-Kriek en Ina Strydom. RSG se volgende bulletin is die hooftrekke om tweeeur.	[4:22]
2014	Dis eenuur en welkom by Spektrum, saam met Hendrik Maartin, Danny Booysen en ek is Suzanne Paxton.	[4:18]

Die bogenoemde aanhalings dui op die tipiese kenmerke wat die styl en formaat van 'n nuusbuletin betref, buiten die nuus self. Die groetvorme aan die begin en einde asook en die inleiding en slotgedeeltes van die nuusbuletins word hier ten toon gestel. Dit wys ook hoe die nuusleser na verskillende tipes nuus binne die bulletin wissel. Hierdie dele is belangrik om struktuur aan 'n bulletin te verleen, ten einde te verseker dat die nuus sistematies en verstaanbaar oorgedra word en dat die luisteraar presies weet waaroor die aanbieders praat. Hierdie elemente dra nie juis by tot die talige analisering van die bulletins binne hierdie studie by nie, maar dit is belangrik omdat dit 'n rol speel in die algehele kwaliteit van die bulletins.

4.3.5 Resultate: Flesch-Kincaid-toetse

Die Flesch-Kincaid-toetse (soos beskryf word by afdeling 4.2.2.2) se resultate word hier onder weergegee.

Tabel 4.9: Inligting van die korpus


Jaar	1950	1968	1976	1985	2004	1997	2013	2014
Aantal woorde	1860	2136	741	1618	1092	813	618	898
Aantal sinne	104	87	39	65	62	45	31	44
Woorde per sin	17.9	24.6	19	24.9	17.6	18.1	19.9	20.4

Tabel 4.10: Flesch-Kincaid-leesbaarheid-uitslag

Jaar	1950	1968	1976	1985	1997	2004	2013	2014
Flesch-Kincaid-leesbaarheid: vlak	39.1	37.7	38.1	28.2	42.5	41	37.9	46.9
Flesch-Kincaid-leesbaarheid: graad	12.3	14.1	12.7	15.5	11.7	12	12.9	11.8

4.3.5.1 Flesch-Kincaid-leesbaarheid: vlak

Hier is 'n telling tussen 1 en 100 aan 'n teks toegeken. 'n Telling van 100 verteenwoordig die maklikste leesbaarheidsvlak van 'n teks, terwyl 'n telling van 0 'n moeilike leesbaarheidsvlak van 'n teks voorstel (Garger, 2012). 'n Telling wat wissel tussen 60 en 70 is gewoonlik die gemiddelde telling vir leesbaarheid wat vir die gemiddelde leser leesbaar sal wees. Die uitslae is vervolgens by wyse van 'n grafiek voorgestel.



Figuur 4.14: Grafiese voorstelling van die data se Flesch-Kincaid-leesbaarheidsvlakke

Nie een van die tekste in die korpora het 'n telling bo 50 nie. Dit is 'n aanduiding daarvan dat die leesbaarheidsvlak van die bulletins as moeilik beskou word. Wat verder ook beduidend is, is die feit dat die ouer tekste 'n laer telling as die meer onlangse tekste behaal. Bulletins van 1997, 2004 en 2014 het almal 'n telling bo 40, terwyl 2013 wel op 'n telling van 37.9 staan. Volgens hierdie toets sal die bulletin van 1985 met die laagste telling onder 30, slegs deur gegradueerde mense verstaan word. Ter staving van hierdie uitslag, word die graad van elke teks ondersoek.

4.3.5.2 Flesch-Kincaid-leesbaarheid: graad

'n Telling van ongeveer 65 korreleer met 'n geletterdheidsvlak van graad 8 tot graad 9 en 'n telling van omtrent 55 dui op 'n geletterdheidsvlak van graad 10 tot graad 12. Tellings tussen 0 en 30 verteenwoordig geletterdheid op tersiêre onderwysvlak (Garger, 2012). Bostaande tabel dui reeds die graadvlak aan. Dit is beduidend dat byna al die bulletins 'n graadvlak van matriek of hoër vereis. Die bulletins van 1950, 1968, 1976, 1985 en 2013 het ook 'n hoër graadvlak as die bulletins van 1997, 2004 en 2014 wat aansienlik laer is. Dit is interessant om te sien dat die mees onlangse bulletin van 2014 oor die laagste graadvlak en maklikste leesbaarheidsvlak beskik.

4.3.6 Resultate: E-posonderhoude

Ter ondersteuning van die data, is daar drie onderhoude via e-pos met huidige werknemers en vorige werknemers van die SABC gedoen. Die onderhoude het addisionele data ingesamel deur 'n reeks vrae te vra (Jupp, 2006:157). Die onderhoude voeg slegs substansie by die navorsing en dit is nie die hoofokus van die studie nie. Die ondersoek beaam bloot die bevindings wat deur middel van die empiriese ondersoek ingewin is.

Die ondersoekgroep bestaan uit vier respondente ($n = 4$) wat hulle vraelys teruggestuur het, nadat die vraelys aan sewe kandidate uitgestuur is. Die groep bestaan uit drie persone wat betrokke is/was by die Afrikaanse radionuusafdeling van die SABC en een van die respondente was betrokke by die Afrikaanse televisienuus.


Die hoofdoel van die e-posonderhoude is om vas te stel hoe die werknemers die taalsituasie by RSG beskou. Die vrae is geformuleer om hoofsaaklik vas te stel of daar 'n stel riglyne is waarvolgens die nuus by die SABC geskryf word. Daar is ook vrae wat fokus op die gebruik van leksikale en taalkundige bronne. Die derde doel is om uit te vind of daar enige regulering op grond van taalgebruik plaasvind en laastens het sommige vrae daarop gefokus om uit te vind of die hedendaagse taalgebruik wat spesifiek oor RSG gehoor word, as goeie Standaardafrikaans beskou kan word.

Die respondente sluit in 'n uitvoerende regisseur by RSG se nuusaktualiteitsprogramme [respondent 1], 'n nuusredakteur van RSG [respondent 2], 'n voormalige nuusskrywer by RSG en sedert 2014 'n vryskutverslaggewer [respondent 3] en 'n voormalige uitvoerende regisseur: Afrikaanse TV-nuus [respondent 4]. Hierdie inligtingryke respondente het ingeligte toestemming verskaf om hul response vir navorsingsdoeleindes te gebruik. Hulle kon ook die studie op enige tydstip vrywillig verlaat.

In die analise van die data uit die e-posonderhoude het die volgende temas opgelewer: die konteks van die medium, omstandighede in die verlede by die SABC, die huidige konteks op radio, huidige taalregulering asook voorstelle ter verbetering van die omstandighede. Vervolgens word hierdie kwessies aan die hand van aanhalings uit die data bespreek. Die response word verbatim uit die e-poskorrespondensie weergegee – slegs die name van die respondente en huidige werknemers aan die SABC is ter wille van anonimiteit verwyder. Die response wat van respondente ontvang is, word verbatim aangegee en sommige spelfoute wat in die respondente se antwoorde voorgekom het, is gevolglik nie gekorrigeer nie.

4.3.6.1 Konteks van medium

Radio as medium het ook 'n invloed op taalgebruik en die regulering daarvan soos ook uit die netwerk hieronder duidelik is.



Figuur 4.15: Netwerk van die konteks van radio as medium

- Kode 1: Omroepers kan foute invoeg

Baie foute kan ook aan omroepers toegeskryf word wat sommer sal besluit dat dit nodig is om 'n woord soos 'huidiglik' in 'n berig te voeg! Dan bel al wat luisteraar is want hulle meen dis die nuusskrywer wat dit so gedoen het. 'n Verlore stryd – die geveg tussen skrywers en omroepers. [3:9]

Tekste wat in nuusuitsendings gebruik word, kan nie net aan die nuusskrywers en -redakteurs toegeskryf word nie, maar in die oordrag na die gesproke vorm kan daar ook foute insluip. Die respondent hierbo illustreer juis 'n invoeging deur 'n omroeper in hierdie verband.

- Kode 2: Verskil tussen taal vir radio en in geskrewe vorm

Daar is 'n reuse verskil tussen skryf vir 'n oor en skryf vir 'n oog. [3:13]

'n Respondent bevestig die verskil in die soort taal vir radio teenoor in 'n geskrewe vorm. Hierdie saak sal ook 'n invloed hê op die regulering (soos in 2.3.2.4 hanteer).

Verder verduidelik 'n ander respondent hoe die formaat van radionuus van geskrewe nuusbronne verskil met betrekking tot die posisie van die werkwoord asook die gebruik van titels en posbeskrywings.

Oor die plasing van die werkwoord: anders as koerante, tydskrifte en nuwe media skryf TV en radio vir die oor, nie vir die oog nie. Daarom is dit nie verkeerd om die werkwoord vroeër in die sin te sit nie. Dis trouens dikwels verkieslik. Lang saamgestelde sinne mag trouens nie eindig met twee agtereenvolgende werkwoorde, geskei deur 'n komma, nie. [4:5]

Terloops, tradisioneel is mense by SAUK-nuus geleer om eers die benoeming en dan die naam aan te gee: die hoof van die Valke, Koos van der Merwe, pleks van andersom soos die koerante graag skryf. Dit word nie meer konsekwent gedoen nie, veral nie in Engels nie. [4:11]

- Kode 3: Nuwe terme moet geskep word


Ons word egter baie keer gekonfronteer met begrippe waarvoor daar nie woorde bestaan nie. Vra dan luisteraars om te help met nuutskeppings. (veral as dit kom by goed soos die IT bedryf.) [1:14]

Maar een van die wesenlike doele van sulke skryfgidse is om die gebruikers met die nuwe begrippe te help. 4:4]

Die talige konteks van die nuus vereis dat nuwe terme ook geskep moet word. Dit is noemenswaardig dat die respondent juis die luisteraars as 'n goeie bron in hierdie verband beskou. Die daaropvolgende aanhaling wys weer daarop dat die opstel van skryfgidse ook 'n rol speel by die inburgering van nuutskeppings deur die radio.

Benewens hierdie meer algemene kontekstuele faktore het die respondente ook verwys na die omstandighede by die SABC/SAUK in die verlede.

4.3.6.2 Omstandighede in die verlede



Figuur 4.16: Netwerk van die omstandighede aan die SAUK in die verlede

- Kode 1: Taalregulering is in die verlede formeel hanteer

Daar is nie meer soos destyds 'n voorsitter van 'n KTA wat die foon optel en 'n uitgediende woord, of 'n verkeerde een, net daar en dan nek-omdraai nie. [3:12]

Omdat die strewe by die SAUK nog altyd Standaardafrikaans, Standaardengels en ook die ander tale was - vir skryf en uitspraak - het die hoofriglyn altyd van die Komitee vir Taaladvies (die KTA) gekom. Mense soos wyle prof. Johan Combrink en dr. Anton Prinsloo was van die akademies gekwalifiseerde hoofde daarvan en Carel van der Merwe een van die SAUK-dryfvere.[4:6]

Die respons toon dat taalregulering vroeër aan die SAUK formeel hanteer is en dit is veral ook deur radiohoofde gedoen (soos uit die volgende kode blyk).

- Kode 2: Radiohoofde het in die verlede 'n invloed gehad

... in die ou dae het jy gereeld oproepe van radiohoofde soos Morkel van Tonder en Roelf Jacobs (ook Steve de Villiers en selfs Douglas Fuchs) gevrees [3:8]

Mense soos wyle prof. Johan Combrink en dr. Anton Prinsloo was van die akademies gekwalifiseerde hoofde daarvan en Carel van der Merwe een van die SAUK-dryfvere. [4:12]

Dit is duidelik dat die bestuur van die radio die kwaliteit van die taal by uitsendings as 'n prioriteit gesien het, anders as wat in die beleid en by die huidige bestuursmodel (vgl. kode 7 onder 4.3.6.3) ervaar word.

- Kode 3: Taal- en stylgids in die verlede

daar was deur die jare riglyne en amptelike stylgidse vir Afrikaanse nuus en nuusaktualiteit [1:1]

Daar was ook 'n taal en stylgids wat ou en nuwe joernaliste kon gebruik om op terug te val. [1:3]

RSG het onlangs weer begin om 'n taalgids die lig te laat sien. Die vorige gids is in die middel 90's uitgereik en aanpassings was dus noodsaaklik. Ek moet egter meld dat 80 persent van dit wat in die "ou" taalgids is – steeds geld en gebruik word. Die veranderinge is hoofsaaklik weens politieke skuiwe soos die gebruik van "blankes" wat uitgedien is. Daar is egter nog nie 'n kopie van die gids beskikbaar nie. [2:7]

By radionuus het daar jare gelede 'n tipe aantekeningeboek die rondte gedoen en ek is deesdae bewus van een wat deur televisienuus gebruik word, maar 'n amptelike radionuusgids bestaan nie. [3:1]


Die KTA het gesorg vir ons radioskryf-Bybel. [3:10]

Daar was tradisioneel twee gidse by die SAUK. ... Die ander bron is hoofsaaklik 'n skryfgids vir radio wat mettertyd sommer ook vir TV geword het. Sy titel is Taalbulletin en die saamstellers van die uitgawe wat ek het, die vierde (kopiereg SAUK, Johannesburg, ISBN 0 86972 077 5), is Carel van der Merwe en Hendrik Engelbreg - korrek gespel. [4:10]

Taalkaartjies. Dit is 'n stelsel met duisende name en die regte uitsprake daarby. Aanvanklik was dit fisieke kaartjies, maar dit is later op slapskyf in die nuuskantore se rekenaarstelsel beskikbaar gestel. Dit word bygehou, maar ek vermoed ongelukkig nie meer deur mense op Anton P. se akademiese vlak nie. [4:9]

Hieruit is die belangrikheid en die kernrol van amptelike stylgidse aan die vroeëre SAUK duidelik. Die prominensie van die KTA is ook aangedui. Die opstel van 'n nuwe gids (vgl. 4.3.4.3 se kode 1) is positief vir taalregulering van Afrikaans in die toekoms.

4.3.6.3 Huidige konteks op radio



Figuur 4.17: Netwerk van die konteks van radio tans

- Kode 1: Taal- en stylgids tans

RSG het onlangs weer begin om 'n taalgids die lig te laat sien. Die vorige gids is in die middel 90's uitgereik en aanpassings was dus noodsaaklik. Ek moet egter meld dat 80 persent van dit wat in die "ou" taalgids is – steeds geld en gebruik word. Die veranderinge is hoofsaaklik weens politieke skuiwe soos die gebruik van "blankes" wat uitgedien is. Daar is egter nog nie 'n kopie van die gids beskikbaar nie. [2:7]

Soos in die vorige tema genoem, word daar tans aan 'n nuwe taalgids vir RSG gewerk. Op hierdie wyse sal taalregulering op 'n meer formele wyse hanteer kan word.

Daar was wel tot en met 2012 'n stylgids wat by die televisie nuusafdeling gebruik is onder die redaksie van Peet van Staden.

Dit het mettertyd 'n e-bundel geword met die titel Riglyne vir skryfwerk wat tussen 2004 en 2012 kort-kort, soms daaglik, bygewerk is. Dit was soms nodig om vollediger oor spesifieke onderwerpe te skryf wat te lank is vir insluiting in Riglyne. Die afsonderlike aanvullende dokumente het gehandel oor gholf, plekname en vuurwapens. Sandy self het een oor regsbeginsels geskryf. Riglyne het gefokus op nuwe dinge, dinge wat jy nie in woordeboeke en gepubliseerde skryfgidse kon kry nie. [4:2]

Alhoewel hierdie gids bestaan, is dit nie by radio gebruik nie, slegs by TV.

- Kode 2: Taal van nuwe joernaliste toon verandering

Ek dink egter dat joernaliste wat uit universiteit kom, nie noodwendig Afrikaans praat en skryf soos dit 20 of 30 jaar gelede gedoen is nie. [1:18]

Hoewel ons die taal deurentyd probeer vernuwe, is daar woorde wat deur die jare 'huishoudelike' Afrikaans gebly het – en ek dink vandag slegs deur 'n handjievol mense gebruik word. Jonger skrywers by radio word warm onder die kraag wanneer die ouer skrywers verouderde Afrikaans gebruik. Almal is baie lief vir die uitgediende woord 'bykans' vir 'byna', en kan ook nie verstaan waarom ons elke keer van 'vragmotor' moet praat en nie sommer net 'lorrie' of 'trok' nie. Ek praat nie eers van 'bedag maak op' nie. [3:5]

Die respondente is ook duidelik bewus van die taalverandering wat oor generasies heen na vore kom en hulle merk 'n verskil op tussen jonger skrywers en ouer skrywers aan die SABC.

- Kode 3: Finansies perk taalregulering in

Na 94 het die rol van Afrikaans binne die SAUK verklein en so ook die begroting wat na ons kant toe gekom het. (Die finansiële koek is meer eweredig verdeel en die geld het nie meer soos van ouds hoofsaaklik na Afrikaanse en Engels gegaan nie.) [1:5]

Uit die aard van die afskaling van die begroting het dit daartoe gelei dat baie streke nie meer Afrikaanssprekende joernalsite het nie. Die wat wel het, werk onder mense wat nie Afrikaans magtig is nie en dus geen beheer kan uitoefen oor die kwaliteit van die taal nie. [1:8]

Die neiging tot gelyker behandeling van alle tale aan die SABC, behalwe Engels (vgl. Afdelings 3.3.4.2; 3.3.4.3; 3.4.2), het meegebring dat die begroting vir Afrikaanse dienste minder is. Dit het derhalwe 'n invloed gehad op die hoeveelheid personeel wat betrokke is by die saamstel van Afrikaanse nuusbuletins en dit het by implikasie ook 'n invloed op die taalkwaliteit. Hierdie sake het te doen met die taalpolitiese konteks by die SABC (vgl. Afdeling 3.3) sowel as die struktuur van die liggaam.

- Kode 4: Struktuur van SABC

Onthou dat die nuusspanne (Bulletins en Nuusaktualiteit soos Monitor en Spektrum) nie deel vorm van RSG nie. Ons is deel van SAUK nuus wat in 'n ander gebou as RSG

werk. SABC Nuus het 'n nuushoof wat in beheer is van TV Nuus en Radionuus. Radionuus word dan weer onderverdeel tussen bulletins en nuusaktualiteit. [1:11]

Hieruit is dit ook belangrik om kennis te neem dat die inhoud van nuusuitsendings en die ander inhoud op radio nie uit dieselfde kantore ontstaan nie en dus ook nie noodwendig aan dieselfde taalregulering onderhewig is nie.

- Kode 5: Formeelheid van radio

Dit is logies weens die nuwe aanslag van RSG en dat dit nie meer so formeel soos destydse radio is nie. [2:3]

Volgens 'n respondent is RSG se aanslag op radio nie meer so formeel nie en dit sal ook 'n impak hê op die aard van uitsendings. 'n Volgende saak wat ook 'n groot invloed op die inhoud uitoefen is die feit dat die nuusberigte in ander tale opgestel word en dan na Afrikaans vertaal word.

- Kode 6: Vertaling van nuus na Afrikaans

Waar die nuus altyd in Afrikaans geskryf is en dan na Engels en ander inheemse tale vertaal is, word die nuus nou in Engels geskryf en die Afrikaanse nuusspanne vertaal dit na Afrikaans. [1:7]

Dit hang af of jy 'n joernalis of 'n skrywer is. SAUK-joernaliste kry opdrag om 'n storie te gaan doen in die taal waarin hy werk. Hierna word dit na die ander dienste gestuur vir vertaling in daardie diens se taal. So sal 'n berig aanvanklik in Zoeloe geskryf word, dan in Engels en laaste in Afrikaans vertaal word. Ander diense wat nie direk uit Zoeloe kan vertaal nie, doen dit almal uit Engels. By Afrikaanse radionuus in Johannesburg waar die eindlessenaar is, het ek die laaste tien jaar bitter min eie berigte gedoen, maar 99 % vertaal. [3:4]

Vir die respondent is hierdie kwessie belangrik aangesien die nuusbuletins nie oorspronklik in Afrikaans saamgestel word nie, maar uit Engels vertaal word. Hierdie proses kan ook 'n invloed op die teks wat uitgesend word hê aangesien daar nog 'n stap tussen joernalis en omroeper ingevoeg word. Hiermee saam hang die realiteit van redakteurs en lynbestuurders aan die SABC wat anderstalig is.

- Kode 7: Redakteurs/lynbestuurders wat anderstalig is

Na 94 was daar 'n verskraling van Afrikaans in die streke. Minder Afrikaanssprekende joernalsite is aangestel en meeste Streekredakteurs het 'n Afrikataal as eerste taal gepraat, met Engels as sy/haar tweede taal. [1:6]

Uit die aard van die afskaling van die begroting het dit daartoe gelei dat baie streke nie meer Afrikaanssprekende joernalsite het nie. Die wat wel het, werk onder mense wat nie Afrikaans magtig is nie en dus geen beheer kan uitoefen oor die kwaliteit van die taal nie. [1:8]

*Op die oomblik is daar geen van my of *** (van die nuusbuletins) se lynbestuurders is Afrikaans magtig nie. [1:10]*

Die feit dat baie stories wat van die streke kom, nagegaan is deur redakteurs wat nie Afrikaans magtig is nie, maak dat daar uitdrukkings en woorde gebruik word wat nie noodwending aan standard Afrikaans voldoen nie. [1:19]

Hierdie spesifieke respondent verwys herhaaldelik daarna dat persone in redaksionele en bestuursposisies nie Afrikaans magtig is nie en dus nie noodwendig aandag aan die kwaliteit van Afrikaanse uitsendings kan gee nie. Dus anders as in die verlede (4.3.4.2 kode 2) speel bestuur nie meer so 'n groot rol in die kwaliteit van uitsendings nie. Hiermee saam het die benadering tot die aard van Standaardafrikaans ook verander en word die diversiteit van die groter taalgemeenskap ook nou erken.


- Kode 8: Diversiteit van Afrikaans {2-1}

Ek dink Afrikaanssprekendes is baie divers en daar is soveel vorme van van Afrikaans. Tradisioneel het ons by die SAUK akademiese Afrikaans bevorder, maar ons het ons daarmee in 'n groot mate geïsoleer van baie luisteraars. Onthou daar is 'n verskil tussen 'n nuusbuletin en 'n nuusaktualiteitbydrae. Die bulletins en ook die intro's van ons aktualiteitsbydraes is 'n redelike weerspieëling van standaard (of wit) Afrikaans. Die oomblik as daar klank bykom, weerspieël dit egter die diversiteit van die land se Afrikaanssprekende bevolking. Ons kan nie voorskrytelik wees as dit kom by iemand wat 'n gas op ons program is nie. Ons kan ook nie verwag dat almal Pretoria Afrikaans praat nie. Ek dink ook ons is baie meer gemaklik met die taal as in die verlede ... [1:15]

Deesdae is die woord "township" aanvaarbaar in 'n bulletin omdat dit 'n spesifieke en duidelike betekenis het. Voorheen sou dit glad nie gebruik gewees het nie. [2:5]

Ten spyte van 'n akkommoderende benadering tot die variëteit van Afrikaans, erken die eerste respondent [1:15] dat die nuusbuletins steeds in Standaardafrikaans aangebied word, maar dat variasie elders na vore kom. Die tweede respondent [2:5] gee ook 'n voorbeeld van hoe bepaalde terme, wat vroeër by die SABC onaanvaarbaar sou wees, tans weens 'n gemakliker benadering tot taal wel gebruik word. Die volgende tema verwys na die wyse waarop taalregulering tans aan die SABC hanteer word.

4.3.6.4 Huidige taalregulering



Figuur 4.18: Netwerk van die huidige taalregulering op radio

- Kode 1: Sekere woorde kan as verouderd voorkom

Hoewel ons die taal deurentyd probeer vernuwe, is daar woorde wat deur die jare 'huishoudelike' Afrikaans gebly het – en ek dink vandag slegs deur 'n handjievol mense gebruik word. Jonger skrywers by radio word warm onder die kraag wanneer die ouer skrywers verouderde Afrikaans gebruik. Almal is baie lief vir die uitgediende woord 'bykans' vir 'byna', en kan ook nie verstaan waarom ons elke keer van 'vragmotor' moet praat en nie sommer net 'lorrie' of 'trok' nie. Ek praat nie eers van 'bedag maak op' nie. [3:5]

Soos vroeër genoem (vgl. 4.3.4.3 kode 2) bestaan daar 'n afstand tussen jong skrywers en ouer skrywers aan die SABC en dit word ook gereflekteer in die woordkeuse op radio. Tog erken die respondente dat hulle bepaalde kernbronne wel gebruik ter wille van taalregulering.

- Kode 2: Naslaanbronne gebruik

Ons het verskillende woordeboeke en spelreels in die kantoor wat as naslaanbron gebruik word. [1:13]

'n Verskeidenheid woordeboeke – tweetalig, verklarend, Nuwe Woorde, die Skryf Afrikaans van A tot Z, regs- en ekonomiese woordeboeke word daaglik gebruik. [2:8]

... ek gebruik die Verklarende Woordeboek, Spelreëls, HAT, Afrikaans op sy Beste, Skryf Afrikaans en Pharos se Afrikaans/Engelse Woordeboek die meeste. Ook die South African Concise Oxford Dictionary... [3:3]

Van die nuttigste bronne vir my is: Die Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS). Kaapstad: Pharos. Die jongste uitgawe is altyd die gebruiklike. Nou is dit die tiende. Combrink, Johan en Spies, Johan. 1994. SARA: Sakwoordeboek van regte Afrikaans. Kaapstad: 1994. Tweede uitgawe; Hiemstra, L.W. 1980. Die juiste woord. Kaapstad: Tafelberg en Nasou; en Prinsloo, A.F. 1995. Afrikaans op sy beste. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers. Dié boek van Anton Prinsloo, in 'n stadium hooftaaladviseur van die SAUK en as voorsitter van die Taalkommissie van die SA Akademie ook hoofredakteur van die AWS (negende uitgawe), gee heelwat uitspraakriglyne. [4:7]

Afgesien van hierdie standaardbronne wat wel deur die skrywers vir radio gebruik word, is daar ook steeds bepaalde individue wat 'n regulerende funksie vervul

- Kode 3: Persone wat taal nagaan

In die jare negentig was daar selfs iemand wat in ons Johannesburgse nuuskantoor gewerk het wie se funksie dit was om joernaliste se skryf-en taalvaardighede te evalueer. [1:2]

*By Afrikanse radio het die stasiebestuurder, ***, die rol van *** gehad. Sy sal op gereelde grondslag per e-pos riglyne uitstuur oor sekere taalreels en ook uitsprake sodat daar eenvormigheid is tussn die stasie (RSG) se aanbieders en die van Nuus. [1:9]*

*Omdat die Afrikaanse nuus en nuusaktualiteit op RSG uitgesaai word, is *** die een wat vir die taalreels/styl verantwoordelikheid vat. Sy het 'n paar mense buite die SAUK wat as Taalpolisie aangestel is en dat na die programme luister en terugvoer gee. Die info word dan weer aan ons deurgegee. [1:12]*

Kwaliteit word behou deur deurlopend terugvoer aan mekaar te gee en ook die raad van kenners in te roep. Luisteraars speel ook 'n waardevolle rol. Dit word op informele wyse gedoen deur middel van voorbeelde uit bulletins en wat aanvaarbaar is en wat nie. Daarna sal bepaal word wat die voorkeur woord byvoorbeeld sou wees en wat RSG gaan gebruik. Dit word dan aan al die joernaliste, skrywers en omroepers gestuur. Dit word ook elektronies opgeneem sodat dit toeganklik is vir latere navrae oor wat die gepaste woord sou wees. [2:6]

Die voorafgaande aanhalings bevestig weereens die belangrikheid van 'n persoon of persone wat na die taalkwaliteit oorhoofs by 'n uitsaaiers omsien. Hierdie soort interne normering is van kardinale belang, maar kan ook ekstern deur middel van taalkenners ondersteun word.

- Kode 4: Taalkenners word gebruik

*RSG het ook die hulp van prof Ernst Kotze wat as taalraadgewer optree. Wanneer daar vasgeval word met 'n woord of skryfwyse word daar gewoonlik op hom gereken om uitsluitel te gee en 'n voorstel te maak. Die uiteinde van wat gebruik word lê by die stasiebestuurder, ***, om so eenvoudigheid te verseker. [2:9]*

Regter Frits van Oosten staan ons ook by tov regsterme. [2:10]

Prof Ernst Kotzé in die Baai het my gereeld gekontak wanneer iemand iets snaaks geskryf of gesê het [3:7]

Dit kom duidelik voor dat RSG gebruikmaak van bepaalde taal- en vakkeners. Dit is noemenswaardig dat prof. Ernst Kotzé, 'n bekende Afrikaanse taalkundige en voormalige voorsitter van Taalkommissie (LitNet, 2014), hierby betrek word. Die voorafgaande ondersteun die feit dat goeie taalgebruik steeds vir werknemers van RSG belangrik is.

- Kode 5: Goeie taalgebruik steeds belangrik

Ja ek dink daar word steeds klem geplaas op goeie Afrikaans. [1:17]

Daar word beslis 'n hoë premie op taalgebruik geplaas tov nuus. [2:1]

'n Meer informele aanslag beteken egter nie dat korrekte taalgebruik saam met die badwater uitgegooi word nie. (Dit geld vir al die SAUK se taaldienste) [2:4]

Ja almal dra vandag nog steeds goeie Afrikaans op die hart, maar dit word nie meer noodwendig as belangrikste, of grootste prioriteit beskou nie. [3:11]

Al drie die respondente het hulle verbintenis tot goeie taalgebruik bevestig. Ten spyte van 'n ander benadering tot die formeelheid van die taal van die uitsending is korrekte taalgebruik ononderhandelbaar. Tog erken die respondente die invloed van Engels.

- Kode 6: Invloed van Engels

Ons het nie so 'n obsessive met Engels of Engelse woorde nie. Ek glo ook daaraan dat ons die taal van die mense moet weerspieël. Joernaliste moet woorde gebruik wat hulle in hulle algemene omgangstaal gebruik nie. [1:16]

Anglisismes kruip daarom al hoe meer in die taalgebruik by radio in. [3:6]

Die invloed van Engels op Afrikaans is onkeerbaar in die Suid-Afrikaanse konteks en radio weerspieël hierdie toedrag van sake. Nie net reflekteer die radio die taal wat deur luisteraars gebruik word nie, maar word direkte beïnvloeding ook aangemoedig.

- Kode 7: Luisteraars as bron van norme

Ons word egter baie keer gekonfronteer met begrippe waarvoor daar nie woorde bestaan nie. Vrar dan luisteraars om te help met nuutskappings . (veral as dit kom by goed soos die IT bedryf.) [1:14]

Kwaliteit word behou deur deurlopend terugvoer aan mekaar te gee en ook die raad van kenners in te roep. Luisteraars speel ook 'n waardevolle rol. Dit word op informele wyse gedoen deur middel van voorbeelde uit bulletins en wat aanvaarbaar is en wat nie. Daarna sal bepaal word wat die voorkeur woord byvoorbeeld sou wees en wat RSG gaan gebruik. Dit word dan aan al die joernaliste, skrywers en omroepers gestuur. Dit word ook elektronies opgeneem sodat dit toeganklik is vir latere navrae oor wat die gepaste woord sou wees. [2:6]

Die respondente dui verder aan dat die luisteraars ook 'n rol kan speel met die skep van terme sowel as die regulering van kwaliteit. Hierdie regulering vind ook egter informeel op die radio self plaas.

- Kode 8: Informele taalregulering

Meeste van die taalregulering en terugvoering is egter op 'n informele grondslag gedoen na die programme deur die redakteurs en meer ervare aanbieders. [1:4]

Kwaliteit word behou deur deurlopend terugvoer aan mekaar te gee en ook die raad van kenners in te roep. Luisteraars speel ook 'n waardevolle rol. Dit word op informele wyse gedoen deur middel van voorbeelde uit bulletins en wat aanvaarbaar is en wat nie. Daarna sal bepaal word wat die voorkeur woord byvoorbeeld sou wees en wat RSG gaan gebruik. Dit word dan aan al die joernaliste, skrywers en omroepers gestuur. Dit word ook elektronies opgeneem sodat dit toeganklik is vir latere navrae oor wat die gepaste woord sou wees. [2:6]

Ons het wel riglyne wat van skrywer na skrywer na skrywer oorgedra is. Soos bv om die tyd en plek waar iets gebeur het vroeër in 'n berig in te sluit. Ons begin ook met "Die president van Suid-Afrika, Jacob Zuma...." En nie soos koerante, Jacob Zuma, president van Suid-Afrika nie. Basiese riglyne bestaan wel. 'n Skrywer by 'n ander medium sal dus aanvanklik bietjie sukkel om by die radiostyl aan te pas, en andersom... [3:2]


Hierdie aspek hang saam met die feit dat die respondente reken dat goeie taalgebruik steeds belangrik is. Weens die verlies aan formele strukture wat taalkwaliteit nagaan, word regulering dan informeel deur die rolspelers by die radiostasie self hanteer. Dit alles vind plaas binne 'n konteks wat duidelik sedert die 1990's verander het.

- Kode 9: Verandering in taalgebruik sedert 1990's duidelik

Dit is egter 'n feit dat die taalgebruik aangepas en verander het sedert die middel 90-ger jare. [2:2]

Die konteksverandering by die SABC het 'n groot invloed gehad op die huidige stand van taal by die SABC se radiodiens in Afrikaans veral met betrekking tot die regulering en ondersteuning deur bestuur. Die respondente het egter ook enkele voorstelle ter wille van die verbetering van die omstandighede by die SABC se radiodiens voorgestel.

4.3.6.5 Voorstelle



Figuur 4.19: Netwerk van voorstelle deur die respondente

- Kode 1: Omroeper se vertolking en begrip belangrik

Vertolking van 'n berig deur 'n nuusleser (hulle is nie noodwendig goeie omroepers nie) is uiters, uiters belangrik. Die leser moet weet wat die skrywer bedoel het, waar klem gelê moet word, waar stiltes nodig is, ens. ens. Ek kan binne die eerste twee sinne van 'n berig oor die lug, vir jou sê of die leser begrip het van wat hy lees, en of hy/sy voorberei het of nie. Dit is die GROOTSTE van alle sondes wanneer 'n omroeper dink dat hy alles weet en nie nodig het om voor te berei nie. [3:14]

Die beste voorbeeld hier, is 'n berig wat 'n kollega geskryf en deur my redakteurshande gegaan het as 100% korrek. Totdat ek dit op die lug gehoor het. (Sy het geskryf van 'n seiljag wat in Durban gesink het). Op skrif : Die jag se kaptein is later gered. Op die oor: Die jagse kaptein is later gered. [3:15]

'n Respondent bevestig die belangrikheid van 'n omroeper se vaardigheid om 'n bepaalde nuusteks voldoende te kan vertolk en duidelik verstaan.

- Kode 2: Mense met goeie taalagtergrond nodig

Dit sou ondervang kon word as ons mense kon aanstel met 'n goeie taalagtergrond en wat foute kan optel voor dit by die ateljee uitkom. [1:20]

Ten slotte bevestig 'n ander respondent dat daar ook gekyk moet word na die taalagtergrond van persone wat werksaam is by die SABC.

Dit is duidelik dat die konteks van die medium bepaalde vereistes stel met betrekking tot taalgebruik. In die verlede is taalregulering op 'n gestruktureerde wyse hanteer en is die proses deur die bestuur van die SAUK beheer. Die huidige toestand by die SABC is egter baie anders,

veral eksterne faktore, soos die struktuur van die SABC, finansies, vertaalbehoefte en die feit nuusredakteurs en lynbestuurders nie noodwendig Afrikaans magtig is nie het 'n invloed. Tans vind taalregulering eerder informeel plaas en word eksterne taalkenners ook ingespan. Hierteenoor is dit duidelik dat daar wel veranderinge van binne die SABC op die front van taalgebruik opgemerk kan word. Verder word daar ook voorgestel dat omroepers se vertolking en begrip belangrik is en dat mense met goeie taalagtergrond in die radionuuskonteks nodig is.

4.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is agt bulletins wat oor 'n tydperk van 64 jaar uitgesaai is, kwalitatief geanaliseer met behulp van digitale hulpmiddele en dit is ook kortliks geïnterpreteer (volledige tekste van die korpora is in Bylaag C van hierdie studie opgeneem). Uit die analise, wat met behulp van *Atlas.ti* (2014) gedoen is, word dit duidelik dat daar verskeie taalafwykings in die bulletins geïdentifiseer kon word, veral op grond van vier temas, waarvan drie in die linguistiek gesetel is. Die temas wat uit die data na vore gekom het, is die tema *fonologie*, die tema *sintaksis*, die tema *leksikon* en laastens is 'n tema bygevoeg wat handel oor *uitsaaitegniek*.

Die afwykings is breedvoerig bespreek en daar is 'n verduideliking verskaf wat beskryf waarom die betrokke verskynsels as afwykend beskou is. Die vier bulletins wat voor 1994 uitgesaai is, is vergelyk met die bulletins na 1994. Dit is wel noemenswaardig dat die afwykings tydgebonde is en die feit dat dit tans afwykend is, beteken nie dat dit ten tye van die uitsending noodwendig afwykend was nie. Die studie kon wel vasstel dat die aanslag met betrekking tot radionuus effens minder formeel geraak het, maar dit word steeds in 'n register oorgedra wat waarskynlik slegs deur mense verstaan sal word wat oor 'n geletterdheidsvlak van matriek en hoër beskik. Dié afleiding kon gemaak word danksy Flesch-Kincaid-leesbaarheidstoetse.

Laastens kon die onderhoude die menings van mense wat by die produsering van Afrikaanse radio-nuusbulletins betrokke is, inwin. Volgens hulle het die institusionele belangrikheid van taal by die SABC gedaal en die monetêre bronne wat Afrikaans voorheen tot sy beskikking gehad het, is drasties ingeperk. Dit het gevolg vir Afrikaans by die SABC ingehou, veral wat betref die gehalte van die taalgebruik omdat die regulering daarvan geheel en al in die slag gebly het. Tog meen die respondente dat daar steeds 'n selfopgelegde premie op taal geplaas word deur sekere persone wat steeds by die uitsendings betrokke is.

Vervolgens word in die slothoofstuk van hierdie studie gefokus op die bevindings, tekortkominge en aanbevelings na aanleiding van die analise en interpretasie van dié studie.

Hoofstuk 5: Bevinding en samevatting

5.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om die bevindings wat met behulp van die literatuur en empiriese studie geformuleer kon word, weer te gee. Eerstens word daar 'n breedvoerige oorsig van die studie in sy geheel verskaf ten einde die studie saam te vat. Daarna is die oorspronklike probleemstelling weer in oënskou geneem om die konteks vir die bevindings te skep. Die bevindings uit die studie word vervolgens gemaak op grond van die inhoud van die literatuurhoofstukke, die kwalitatiewe ondersoek, die uitslae van die leesbaarheidstoetse en die onderhoude. Die tekortkominge van die studie kom ook aan bod. Voorts word verdere navorsingsmoontlikhede ook kortliks bespreek.

5.2 Hoofstukoorsig

In die voorafgaande hoofstukke is die belangrikste teorieë wat van toepassing is op hierdie studie breedvoerig bespreek (vgl. Hoofstuk 2). Teorieë met betrekking tot die *standaardtaal* (vgl. Afdeling 2.3.2), *taalstandaardisering* (vgl. Afdeling 2.3.3), *herstandaardisering* (vgl. Afdeling 2.3.3.5) en *Standaardafrikaans* (vgl. Afdeling 2.4) is bespreek, sowel as taalpolitiese onderwerpe soos *taalbeplanning* (vgl. Afdeling 2.2.2) en die teorie rakende *taalbeleid* (vgl. Afdeling 2.2.2.2).

Vervolgens is 'n historiese oorsig van die uitsaaiewese in Suid-Afrika in Hoofstuk 3 by die studie betrek ten einde die data wat gebruik is, te kontekstualiseer. Die ontstaan van die uitsaaiewese is ook by hierdie hoofstuk ingesluit (vgl. Afdeling 3.2.1), waarna daar 'n breedvoerige beskrywing gegee is van die taalsituasie by die SAUK vóór 1994 (vgl. Afdeling 3.2.1.4). Daarbenewens is die bedeling van die SABC ná 1994 ook bespreek (vgl. Afdeling 3.3). Afgesien van hierdie historiese inligting is daar ook by dié hoofstuk 'n bespreking oor die openbare uitsaaier se taalbeleide ingesluit, waarna daar ook riglyne verskaf is wat van toepassing is op die saamstel van, en taalgebruik in nuusbulletins (vgl. Afdeling 3.7).

Voorts, in Hoofstuk 4, is die metodologie van die studie omvattend bespreek en daar is telkens gefokus op die beskrywing van die verskillende benaderings wat gevolg is by die analisering van die data (vgl. Afdeling 4.2). Daarna is die empiriese ondersoek van stapel gestuur, waar die betrokke data op velerlei wyses benader, ontleed en geïnterpreteer is (vgl. Afdeling 4.3.4).

In die huidige hoofstuk word vervolgens terugvoer gegee oor die bevindings wat op grond van die voorafgaande hoofstukke gemaak kan word en dit word ook direk gekoppel aan die

oorspronklike probleemstelling wat in Hoofstuk 1 gestel is. 'n Afdeling word ook gewy aan die tekortkominge van die studie wat in die loop van die navorsingsproses opgeduik het. Daarna word die verdere navorsingsmoontlikhede in verband met die studie bespreek. Laastens word daar 'n samevatting van die studie verskaf.

5.3 Die oorspronklike probleemstelling

Die probleemstelling vir die studie spruit voort uit Cruywagen (2012:211) se woorde wat lui: “daar is 'n dure verpligting op alle uitsaaiers (omroepers, nuuslesers, nuusskrywers, programaanbieders of wat dan ook) om noulettend die vereiste waardes en norme in hulle taalgebruik te eerbiedig en in stand te hou”. Die teoretiese hoofstukke toon egter aan dat hierdie verpligting deesdae 'n selfopgelegde taak by uitsaaiers moet wees, omdat die openbare uitsaaier hom, in skille kontras met die verlede, volgens beleidsdokumente nie meer soseer vir die bevordering van goeie taal beywer nie.

In die verlede is sekere maatreëls neergelê wat die regulering van die taalgebruik by uitsendings bekragtig het. Daar was die KTA en 'n voltydse taaladviseur wat amptelik verantwoordelik was vir alle aspekte van taalnormering by Afrikaanse dienspunte (vgl. Afdeling 3.2.2). Tans lyk dit radikaal anders met byna geen amptelike vorm van taalregulering by die SABC nie. Te midde hiervan is daar tog sommige uitsaaiers wat steeds 'n ononderhandelbare houding teenoor goeie taalgebruik inneem.

Uit hierdie denkpatroon vloei verskeie vrae voort. Die studie wou derhalwe vasstel wat die aard van Standaardafrikaans by radiobulletins in die hedendaagse konteks is. Ingevolge voorgenoemde, is dit voorts ook dan belangrik om te bepaal hoe dit oor die jare verander het. Hierdie saak maak dus die kernprobleem van die studie uit.

By die opbou van die argument is daar gekyk na relevante literatuur oor die onderwerp *taal by die uitsaaiwese*, wat ook van nut was by die vasstel van hoe bogenoemde vrae in die verlede beantwoord kon word. Dit was ook belangrik om presies vas te stel wat met die term *Standaardafrikaans* bedoel word. Die empiriese aspek van die studie is kwalitatief van aard, waar nuusbuletins aan die hand van 'n kwalitatiewe analiseringsprogram ontleed is (vgl. Afdeling 4.3.4). Verskeie temas het uit die data na vore gekom, wat voorts van belang is by die bevindings van die studie.

5.4 Bevindings

Omdat die studie verskeie aspekte van navorsing bevat het, is verskillende bevindings gemaak op grond van die teorie, die empiriese studie en ook die onderhoude. Vervolgens word die onderskeie bevindings bespreek.

5.4.1 Teoretiese agtergrond

Hoofstukke 2 en 3 van hierdie studie bevat teorie wat handel oor die teoretiese aspekte wat by die navorsing van toepassing is. In die tweede plek is 'n breedvoerige oorsig van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse uitsaaiwese verskaf ten einde die studie te kontekstualiseer. By hierdie afdeling word die bevindings op grond van die ingesamelde teorie bespreek, veral waar relevante afleidings uit die teorie aan die lig gekom het, wat van belang is vir die betrokke navorsing.

5.4.1.1 Taalbeleid en regulering

Eerstens is daar vasgestel dat die studie binne die raamwerk van die taalpolitiek gesetel is en die taalpolitiese konteks van Suid-Afrika is deurlopend by die interpretasie geïnkorporeer. Voorts is die konsep *taalbeplanning* ook hierby betrek. By die *taalpolitiek* en *taalbeplanning* is die aspek *taalbeleid* bespreek. Inaggenome die teorie kon vervolgens vasgestel word dat die radio en televisie 'n deurslaggewende rol by die standaardisering van 'n taal speel, wat ook koppel met die konsep *taalbeplanning*.

Daar is bevind dat die uitsaaiwese 'n direkte rol speel by die standaardisering van 'n taal en die SAUK het vóór 1994, 'n hoë premie op goeie taalgebruik geplaas, veral met betrekking tot Afrikaans (vgl. Afdeling 3.2.2). Die situasie het egter verander met die verplasing van politieke mag ná 1994 (vgl. Afdeling 3.3.3). Die huidige taalbeleid van die uitsaaier behels dat die hoofdoelwit rakend taal slegs stipuleer dat al die amptelike tale van Suid-Afrika regverdig, gelyk en billik hanteer moet word (vgl. Afdeling 3.4.2). Dit is ironies dat selfs hierdie punt wat by die taalbeleid geopper word, nie meer deur die openbare uitsaaier nagekom word nie; daar is steeds tale wat aan die korste ent trek wat betref uitsaaiyd (Ferreira, 2012; Thebe & Smith, 2012:11-12).

Die omstandighede lei daartoe dat die verantwoordelikheid rakende die regulering van taalgebruik by die omroepers self lê, en wel in die vorm van selfnormering. Daar is ook ander persone wat as vrywillige taalwaghonde optree en hulle beywer vir suiwer taalgebruik, maar hulle neem die rol aan as 'n selfopgelegde taak. Dit is in skrilte kontras met hoe die regulering

van taalgehalte in die verlede benader is, met die bestaan van die KTA en 'n voltydse taaladviseur.

Daar is dus bepaal dat 'n duidelike leemte in die SABC se taalbeleid voorkom wat die regulering van die gehalte van taalgebruik betref. Soos die studie kon bepaal, fokus die taalbeleid van die SABC hoofsaaklik op die regverdigde behandeling van die amptelike tale en die toekenning van uitsaaityd vir elke taal (Du Plessis, 2006:95). Derhalwe kan aanbeveel word dat die SABC die huidige taalbeleid moet aanpas en ingevolge dié beleid moet daar in toekomstige begrotings fondse ingeruim word vir amptelike taaladviseurs wat die taalgebruik by uitsendings kan reguleer om te verseker dat dit aan die gehoor se vereistes voldoen. Dié taaladviseurs sal dan ook 'n vernames posisie ten opsigte van taalbeplanning beklee.

5.4.1.2 Standaardiseringsrol van Standaardafrikaans by die SABC

Die studie is benader uit 'n taalkundige perspektief wat verskeie linguistiese aspekte betrek het. Hierby is die kwessie van *standaardtaal* en die *standaardisering* van 'n taal omslagtig bespreek wat voorts gelei het tot velerlei ander onderafdelings van dié betrokke oorhoofse temas. Eerstens is bevind dat die radio hoofsaaklik Standaardafrikaans as verkose variëteit voorstaan. In samehang hiermee is dit ook uit die teorie duidelik dat die uitsaaiwese 'n rol speel by die standaardisering van taal. T.J.R. Botha, T.J.R. (1985:238) voer juis aan dat “die radio en televisie seker die meeste invloed (uitoefen) en (oor die) hoogste aansien” van al die kommunikasiemedie beskik. Hugo (2009:96) voeg ook by dat die Afrikaanse radiodiens “ongetwyfeld 'n enorme invloed gehad het op die uitbouing van gesproke sowel as geskrewe Afrikaans”. Derhalwe kan die bevinding gemaak word dat die televisie en radio 'n verpligting jeens goeie taalgebruik het, omdat die taal wat by uitsendings gebruik word deur die spraakgemeenskap as korrek beskou word. Vir doeleindes van dié studie is dit vervolgens belangrik om te verstaan dat die radio as taalstandaardiseerder optree.

Met die afskaffing van amptelike regulering het die radiosender in Suid-Afrika in 'n mate die aansien wat dit ten opsigte van taal gehad het, verloor. Hierdie saak eggo in Hugo (2009:97) se woorde wat lui dat Afrikaanse radio nie meer “hiperkorrekte Standaardafrikaans” uitsaai nie. By die empiriese analise van die studie is daar nie juis gruwelike taalfoute, wat afwyk van formele Standaardafrikaans in die radio-nuusbulletins te bespeur nie. Die literatuur dui egter daarop dat die media, en meer spesifiek die uitsaaiwese, nie meer deur die taalgemeenskap as 'n geloofwaardige taalstandaardiseerder beskou word nie as gevolg van velerlei taalfoute wat gereeld in programme en nuusuitsendings voorkom. Sulke taalfoute hou die potensiaal in om inslag te vind by die taalgemeenskap.

5.4.1.3 Herstandaardisering

Die volgende belangrike bevinding wat gevolglik binne die domein van die linguistiek gemaak kon word, is die feit dat Standaardafrikaans herstandaardisering moet ondergaan, om meer inklusief te wees; om alle sprekers van die taal te akkommodeer. Kotzé (2009:5) vind dat niestandaardvariëteite by die media geïnkorporeer word en groter variasie in die uitspraak van Standaardafrikaans oor die radio- en televisieprogramme by die SABC voorkom. Dit is voorspelbaar aangesien die meerderheid Afrikaanssprekendes nie-wit is en verskeie navorsers bevind het dat hierdie sprekers van Afrikaans meer inklusief by die konsep *Standaardafrikaans* betrek moet word (vgl. Juhl, 2002:173; Odendaal, 2012:7; Odendal, 1996:6). Alhoewel dit nie die hoofokus van hierdie studie is nie, is dit 'n belangrike aspek om uit te lig. Louw (2012) het reeds 'n studie hieroor gedoen en sy het ook tot die gevolgtrekking gekom dat herstandaardisering via die media noodsaaklik geword het. In hierdie verband kan die verskillende variëteite van Afrikaans, veral deur middel van streeksuitsendings, effektief geakkommodeer word.

5.4.2 Empiriese ondersoek: kwalitatiewe data-analise

Die empiriese ondersoek het bewys dat die radio hom ten nouste by Standaardafrikaans hou tydens die saamstel van bulletins – selfs by nuwer bulletins. Die betrokke nuusbuletins het ook min variasie ten opsigte van die variëteit Standaardafrikaans getoon, wat 'n positiewe weerspieëling is van die radionuus as taalstandaardiseerder, maar dit dui tog daarop dat die nuus nie noodwendig gebruik maak van ander erkende variëteite nie, wat voorts die inklusiwiteit van die taalgebruik kniehalter.

Die volgende bevinding berus op die feit dat taalgebruik definitief oor 'n tydperk van 64 jaar verander het. Veranderinge met betrekking tot uitspraak, sinskonstruksie en woordkeuse kon by die nuusbuletins bespeur word en verskille is ook ten opsigte van die tegniek wat by die saamstel van bulletins toegepas word en ook ten opsigte van die formaat daarvan waargeneem.

5.4.2.1 Die fonologie

By die uitspraak van woorde is verskeie uitspraakveranderinge opgemerk, veral in die bulletins van 1950 en 1967, en verskeie gevalle van variasie is ook bespeur. Die invloed van Engels by die uitspraak van Afrikaanse woorde is ook telkens waargeneem, veral by bulletins ná 1994, waar die kontrolering van dergelike gevalle nie meer plaasgevind het nie.

5.4.2.2 Die sintaksis

Wat sintaktiese veranderinge betref, is daar duidelike verskille tussen die twee eras wat met mekaar vergelyk word. Daar is opgemerk dat die voorkeur-sinsbou by radiobulletins steeds anders is as by geskrewe tekste. Die rede hiervoor is die feit dat daar vir die oor geskryf word en die spreektaal van die skryf- of publiseringsstaal verskil. Die posisie van die werkwoord, in sy tradisionele plek het nie by die formaat van radio ingepas nie en vervolgens is daar besluit dat die hoofwerkwoord eerder so vroeg moontlik in die sin geplaas moet word. Die rede vir dié verskynsel is dat dit die luisteraar help om maklik en vinnig te begryp waarom die handeling gaan en tweedens dat dit die opeenhoping van werkwoorde ontduik. Dit is interessant om te sien dat sekere verskynsels slegs in bulletins vóór 1994 voorkom, maar ander op hul beurt slegs in bulletins ná 1994. Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat sintaktiese veranderinge op 'n chronologiese wyse plaasvind, veral na aanleiding van wat binne dié studie bevind is.

5.4.2.3 Die leksikon

Vervolgens is daar ook verskille ten opsigte van woordkeuse en ander gevalle binne die domein van die leksikon waargeneem. Die gebruik van argaïese terme in die hedendaagse konteks het ook by dié afdeling na vore gekom, veral in die bulletins vóór 1994. Dié uitslag is voor die hand liggend omdat sekere woorde wat tans as uitgedien beskou word of afgeskaf is, in daardie tyd deel was van die algemene omgangstaal. Plekname het byvoorbeeld verander en gebruiksvorme het mettertyd by die onvermydelike modernisering van die leefwêreld aangepas. Hiermee saam het die politieke landskap in Suid-Afrika op sy beurt ook 'n invloed op die gebruik van sekere term gehad, wat by die afskaffing van apartheid uitgedien geraak het. Weens die veranderde politieke landskap is verskeie politiesgedrewe verskille gevolglik tussen bulletins vóór 1994 en die ná 1994 waargeneem.

In samehang met veranderinge wat aan die leefwêreld en politiek toegeskryf kan word, het verwickelinge ook by die formaat van radio-nuusbulletins voorgekom. Die gebruik van afkortings en voorletters het byvoorbeeld verander. Die taalgebruik het ook minder formeel geraak en woorde wat voorheen nie by uitsendings gebruik sou gewees het nie, word nou aanvaar.

5.4.2.4 Die uitsaaitegniek

In die laaste instansie is daar verskille bespeur wat verband hou met die tegniek wat by radio-nuusbulletins gebruik word. By hierdie afdeling is die voorkoms van tegniek bestudeer,

waaronder kwessies wat verband hou met vals inleidings, hortende uitspraak en formaat bespreek is. By die vroeëre bulletins kom daar byna geen vals inleidings en struikelings deur die aanbieder voor nie, terwyl dit algemeen in die bulletins na 1994 voorkom. Dit is 'n aanduiding daarvan dat die standaard van aanbidding moontlik verslap het weens 'n gebrek aan regulering en kritiek. Al het die aanslag by uitsendings meer informeel geraak het, word daar van aanbieders verwag om deeglik voorbereid te wees. Hortende uitspraak en die voorkoms van vals inleidings kan 'n invloed hê op die oordag van inligting.

Wat die kwessie van formaat betref, is dit ook duidelik dat die formaat oor die jare heen aangepas is. Alle afwykings wat onder hierdie afdeling bespreek is, kom in die 1950-, 1968- en 1985-uitsendings voor. Die formaat is dus in hedendaagse terme vereenvoudig en verskil van hoe hulle dit in die verlede gedoen het.

5.4.3 Bevindings van leesbaarheidstoetse

By hierdie afdeling is twee toetse aan die hand van 'n aanlyn instrument gedoen (vgl. Afdelings 4.2.2.2 en 4.3.5). Die eerste toets het die vlak van leesbaarheid van die tekste gemeet, terwyl die tweede toets 'n graad van leesbaarheid aan elke teks toegeken het. Beide die toetse is beduidend betreffende die moeilikheidsgraad rakende begrip van die teks.

Nie een van die tekste in die korpora het 'n telling bó 50 by die toets waar die leesbaarheidsvlak gemeet is, behaal nie. Dit dui daarop dat die leesbaarheidsvlak van die bulletins as moeilik beskou word. Wat verder ook beduidend is, is die feit dat die ouer tekste 'n laer telling as die meer onlangse tekste behaal het, wat aandui dat die bulletins van 1997, 2004 en 2014 beter deur luisteraars begryp sal word.

In samehang met die leesbaarheidsvlak, is die leesbaarheidsgraad ook bereken. Die toetse vul mekaar aan en die feit dat beide toetse gedoen word, dra by tot die geloofwaardigheid van die uiteindelijke uitslag wanneer die tellings ooreenstem. By hierdie studie het die vlak en graad van leesbaarheid by die tekste met mekaar ooreengestem.

Die toets wat 'n leesbaarheidsgraad aan die bulletins gegee het, het bewys dat die tekste as moeilik bestempel kan word aangesien al die bulletins 'n leesbaarheidsgraad van matriek of hoër vereis. Soos die eerste toets, vereis die bulletins van 1950, 1968, 1976, 1985 en 2013 'n hoër vlak van leesbaarheidsgraad as die bulletins van 1997, 2004 en 2014. Dit is voorts ook interessant om te sien dat die mees onlangse bulletin van 2014 die laagste graadvlak en maklikste leesbaarheidsvlak besit.

Die feit dat die nuwer bulletins 'n makliker leesbaarheidstelling behaal, kan moontlik aandui dat die gehalte van taalgebruik afgeneem het. In kontras hiermee, kan die feit dat die meerderheid nuwer nuusbuletins se leesbaarheidsvlak (met ander woorde begripvlak by die luisteraar) en leesbaarheidsgraad makliker is, deels ook 'n aanduiding wees van die gemakliker aanslag wat by nuusbuletins aangetref word. Eenvoudige omgangstaal word deesdae by die formele styl van die bulletins ingespan. Dit staan in teenstelling met die streng formele taalgebruik wat by vroeëre bulletins gebruik is.

Die makliker telling het 'n negatiewe beduidendheid, terwyl moeiliker tellings positief geïnterpreteer kan word. Dié toetse kan dus nie in isolasie van die res van die navorsing staan nie. Hierdie toets se uitslae kan bloot aangewend word ter staving van 'n bevinding wat reeds by die kwalitatiewe analise gemaak is.

5.4.4 Bevinding uit onderhoude

Die onderhoude is, soos in die geval van die Flesch-Kincaid leesbaarheidstoets, gebruik om die bevindings van die data-analise te bevestig. Drie respondente het op die e-pos met vrae gereageer. Die hoofdoel van die onderhoude was om vas te stel hoe die werknemers die taalsituasie by RSG beskou (vgl. Afdeling 4.3.6).

Uit die e-posonderhoude het dit duidelik geblyk dat die agteruitgang van die taalgehalte by die SABC tasbaar geword het weens die gebrek aan regulering. Dié agteruitgang kan aan verskeie elemente toegeskryf word. Daar was in die verlede 'n breedvoerige stel riglyne in die vorm van 'n stylgids. Dié stylgids is gereeld bygewerk, maar in die nuwe bedeling, met die ontbinding van die KTA en uitfasering van 'n voltydse taaladviseer, het hierdie instelling van die toneel verdwyn. Die gevolg is dat die laaste stylgids uit die negentigerjare dateer en daar nie meer 'n amptelike huisstylgids bestaan wat deur die Afrikaanse radiodiens van die SABC gebruik kan word nie. Dit het gevolglik bygedra tot die insluip van taalfoute, inkonsekwentheid en die gebrek aan taaleenvormigheid.

Die rede waarom die gebruik om taal te reguleer nie meer amptelik toegepas word nie, is dat daar 'n tekort is aan fondse na velerlei besnoeiings binne die openbare uitsaaier se begroting. Om die stand van sake effens te verlig het RSG 'n nie-amptelike taaladviseur se hulp ingeroep. Prof. Ernst Kotzé staan op 'n vryskutbasis by as taaladviseur wanneer uitsluitel oor 'n talige kwessie benodig word. Hy bedien die stasie dus as raadgewer en hy sal met sekere persone in verbinding tree wanneer hy iets vreemds oor die radio hoor. Dit neem 'n informele vorm van taalregulering aan, maar omdat die radio hom voortdurend met taal besig hou, is dit nie die

ideaal nie, omdat prof. Kotzé soms ander verantwoordelikhede moet nakom wat hom daarvan weerhou om voortdurend op bystand te wees.

Benewens taalregulering, het RSG ook sedert die kommersialisering van die stasie 'n informele baadjie aangetrek (vgl. Afdeling 3.2.2). Magdaleen Kruger, die uitvoerende bestuurder van RSG, meen dat die manier van praat verander het; “dis minder rigied” (soos aangehaal deur Schoombie, 2012:63). Sy voer voorts aan dat hierdie meer informele aanslag ruimte skep vir 'n groter verskeidenheid tongvalle. Uit die onderhoude is dit ook duidelik dat hierdie aanslag taalgebruik vergemaklik het en ook dat ander variëteite van Afrikaans nou oor die radio gehoor word, terwyl dit voorheen nie toegelaat is nie. Daar is egter nog nie ruimte vir hierdie variëteite by nuusbuletins nie, omdat slegs Standaardafrikaans by bulletins gebruik word.

In samehang met die informele aanslag is daar ook nou 'n toutrekkery tussen stoere omroepers wat uit die ou bedeling kom en 'n nuwe generasie van joernaliste en omroepers. Die omroepers van ouds is nog in die formele styl vasgevang, terwyl die nuwe geslag van mening is dat uitsendings en bulletins gemaklik en informeel moet oorkom.

Die insluiting van onderhoude dra op 'n waardevolle wyse by tot die empiriese navorsing. Dit staaf die bevindings wat uit die literatuur en in die empiriese afdeling gemaak is. Dit is ook van groot belang vir die studie om duidelik te maak dat selfs werknemers by die openbare uitsaaier se Afrikaanse radiodiens van mening is dat die benadering tot Afrikaans daadwerklike veranderinge ondergaan het, hetsy positief of negatief. Die verandering is wel onvermydelik na die herstrukturings by die SABC en dit blyk uit die onderhoude dat die Afrikaanse radiodiens by die nuwe era aangepas het.

5.5 Tekortkominge van die studie

Soos by alle studies het die omvang van die studie 'n beperkende rol gespeel. 'n Groter korpus nuusbuletins kon in meer detail geanaliseer word om nog sterker bewys te kon lewer indien meer data ingesamel kon word. Ten spyte hiervan het die huidige hoeveelheid data tog beduidende resultate oplewer.

Die insameling van die data was ook problematies. Eerstens was dit 'n tydsame proses maar die argivarisie by die SABC was wel baie behulpsaam. Die tekortkoming wat hier ervaar is, is by die feit dat die SABC se argief net sekere nuusbuletins uit die verlede behou het. Slegs spesiale nuusuitsendings is geargiveer en bulletins vóór die 1980's is nie juis in ruim mate beskikbaar nie. Die beskikbaarheid van data wat die jare voor 1994 verteenwoordig, is dus beperk. Daarom moes die studie berus by beskikbare bulletins om die korpus saam te stel.

Wat betref die onderhoude wou nie al die beoogde respondente op die e-pos gereageer nie, wat derhalwe ook beteken dat die resultate van die studie slegs berus op die data wat beskikbaar was bekom is van persone wat wel die vraelys ingevul en teruggestuur het. Die ondersoekgroep bestaan uit 4 respondente ($n = 4$) wat hulle vraelys teruggestuur het, nadat die vraelys aan 7 kandidate uitgestuur is.

5.6 Verdere navorsingsmoontlikhede

Die studie het verskeie ander navorsingsmoontlikhede aan die lig gebring, veral inaggenome dat daar by die literatuurstudie tot die slotsom gekom is dat bronne wat oor die uitsaaigeskiedenis handel, verouderd is. Die studie het die aard van Standaardafrikaans by die SABC op 'n kwalitatiewe wyse nagevors en dus is verdere ondersoek met groter korpora nodig. Hierdie studie het slegs gefokus op die nuusbuletins wat by die SABC se radiodiens uitgesaai is. Derhalwe, kan die studie op verskeie wyses uitgebrei word.

Eerstens kan dieselfde studie as wat hier gedoen is, ook met televisie-nuusbuletins van SABC gedoen word om vas te stel of die bevindings tussen dié twee media sal ooreenstem. Hierdie studie kan dan vervolgens ook met die studie van televisie-nuusbuletins vergelyk word, of sodanige twee studies kan geïnkorporeer word om 'n omvattende bevinding rakende die algemene aard van Standaardafrikaans by nuusbuletins wat oor die radio en televisie uitgesaai word, vas te stel.

Die domein van televisienuus kan selfs ook vergelyk word met die aard van Standaardafrikaans by die privaatkanaal eTV se Afrikaanse nuusdiens wat oor KykNET uitsaai onder die titel *eNuus*.

Verder is dit ook moontlik om die huidige studie uit te brei deur die aard van Standaardafrikaans by die SABC-nuusbuletins met die aard van Standaardafrikaans by gemeenskapsradiostasies se nuusuitsendings te vergelyk. Die aard van Standaardafrikaans by kampusradiostasies sal weliswaar ook interessante resultate oplewer.

Afgesien van die nuusbuletins kan die algemene taalgebruik by radio bestudeer word en dit kan ook chronologies vergelyk word deur radioprogramme óf selfs radiodramas wat vóór 1994 vervaardig en uitgesaai is, met dieselfde soort programme wat dan ná 1994 vervaardig en uitgesaai is, te vergelyk. Dit sal ook verteenwoordigend wees van spontane taalgebruik in teenstelling met voorbereide aanbiedings by programme soos nuusuitsendings.

Gepaard hiermee sal dit ook interessant wees om 'n studie te onderneem wat die taalgebruik in nuusbuletins met dié van ander radioprogramme te vergelyk. Dit sal ook indikatief wees van die verskille wat by spontane aanbiedings teenoor voorbereide aanbiedings bespeur kan word. In

sommige gevalle lees 'n aanbieder die voorbereide nuus en daarna bied hy/sy 'n geselsprogram aan. Die sprong tussen taalgebruik by die nuus en taalgebruik by die geselsprogram deur dieselfde aanbieder kan geanaliseer word om só ook verskille by 'n betrokke omroeper se taalgebruik te identifiseer en te interpreteer.

Dieselfde studie kan ook op 'n sinchroniese wyse gedoen word waar 'n korpus uit nuusbuletins van die laaste jaar saamgestel word en dan met mekaar vergelyk word. Dit sal kan aandui hoe die standaard van nuusbuletins tans lyk en hoe getrou hedendaagse nuuslesers aan Standaardafrikaans bly.

Ten slotte kan die aard van standaardtaal van ander Suid-Afrikaanse tale op radio ook histories of selfs vergelykend binne taalfamilies ondersoek word.

5.7 Samevatting en slot

Dit is van kardinale belang dat die taal wat by radio gebruik word aan 'n hoë standaard moet voldoen aangesien die uitsaaiwese 'n posisie by taalstandaardisering beklee en luisteraars dié taalgebruik as 'n voorbeeld van goeie, korrekte standaardtaal beskou. Vir die uitsaaiwese om in dié taak te slaag, is dit voorts belangrik dat die taalgebruik wat by uitsendings gebruik word suiwer en so korrek moontlik moet wees en dit kan bereik word as streng regulering van taal geskied. Regulering kan op verskeie wyses gedoen word, maar daar moet allereers verseker word dat taalreëls en taalnorme konsekwent gevolg word. Dit blyk egter uit dié studie dat die SABC tot hede geen reguleringsmaatreëls met betrekking tot taal ingestel het nie en dat geen persone amptelik aangestel is wat regulering kán toepas nie.

Die studie het vier navorsingsvrae gestel wat aan die hand van literatuur en empiriese studie beantwoord kon word. Daar kon vasgestel gestel word dat die SABC betrokke is by die standaardisering van taal en dat daar in die stadium nog verkies word om Standaardafrikaans in nuusbuletins te gebruik. Die inkorporering van ander variëteite van Afrikaans kon nog nie ten volle by die nuusbuletins plaasvind nie. In samehang hiermee is daar al enkele tekens van herstandaardisering van Afrikaans by die radio te bespeur, alhoewel dit nog nie deur nuusbuletins bekragtig word nie. Deur die empiriese navorsing kon ook vasgestel word dat die taalgebruik by nuusbuletins oor die laaste 64 jaar verander het, al was dit gering.

Bronnelys

Aitchison, J. 2013. *Language change: progress or decay?* 4th ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Aitchison, J. & Lewis, D.M. eds. 2004. *New Media Language*. London: Routledge.

Alexander, N. 2005. *After apartheid: the language question*.
<http://www.yale.edu/macmillan/apartheid/alexanderp2.pdf> Date of access: 11 Feb. 2013.

ATLAS.ti. 2014. Atlas.ti Version 7.5.2. <http://atlasti.com/>

AWS: Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 2009. **kyk** Taalkommissie (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009.

Azzakani, R. 2012. Beeld: 'Taalwet skend niemand se regte'.
<http://www.news24.com/beeld/Suid-Afrika/Nuus/Taalwet-skend-niemand-se-regte-20120203>
Datum van gebruik: 23 Julie 2013

Bagehot. 2010. Chinese transliteration – Beijing or Peking?.
http://www.economist.com/blogs/johnson/2010/11/chinese_transliteration Date of access: 26 Nov. 2014.

Bantugon, A.M. 2014. Functions and roles of radio broadcasting. https://prezi.com/x-beq_2fbzy3/functions-and-roles-of-radio-broadcasting/ Date of access: 7 April 2015.

Barker, G. 1998. Media law: to tread cautiously with new-found freedom. (*In* De Beer, A.S. ed. *Mass media – Towards the millennium*. Pretoria: Van Schaik. p. 265-285.)

Bartsch, R. 1987. *Norms of language: Theoretical and practical aspects*. London: Longman.

Basson, N. 1986. Metrologie – essensieel vir gehalte. *Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie*, 5(4):206-220. <http://www.satnt.ac.za/index.php/satnt/article/viewFile/1005/2075>
Datum van gebruik: 28 Nov. 2014.

BCCSA (Broadcasting Complaints Commission of South Africa). 2009. BCCSA free-to-air code of conduct for broadcasting service licensees.
<http://bccsa.co.za/images/pdf/bccsa%20broadcasting%20code%20new.pdf> Date of access: 18 Feb. 2014

BCCSA (Broadcasting Complaints Commission of South Africa). 2014. About the BCCSA.
http://www.bccsa.co.za/index.php?view=article&id=18%3Aabout-the-bccsa&format=pdf&option=com_content&Itemid=32 Date of access: 18 Feb. 2014

Bell, A. 1983. Broadcast news as a language standard. *International journal of the Sociology of Language*, 40:29-42. <http://www.degruyter.com/view/j/ijsl.1983.issue-40/ijsl.1983.40.29/ijsl.1983.40.29.xml> Date of access: 12 March 2013.

Bell, A. 1991. *The language of news media*. Oxford: Blackwell.

Berg, J.S. 1999. On the short waves, 1923-1945: broadcast listening in the pioneer days of radio. North Carolina: McFarland.
http://books.google.co.za/books?id=BwJ7ET3erXAC&pg=PA48&lpg=PA48&dq=%22Johannesburg+Broadcasting%22+JB&source=bl&ots=Il507u8nuV&sig=NIPDK6pa2MbZRYojBr6bcLgM3UQ&hl=en&sa=X&ei=VsNsVJG0OM3ZsASn3YDgAg&redir_esc=y#v=onepage&q=%22Johannesburg%20Broadcasting%22%20JB&f=false Date of access: 20 Nov. 2014.

Bernard, H.R. 2000. Social Research Methods: Qualitative and Quantitative approaches. California: SAGE.

Böhm, A. 2004. Theoretical coding: text analysis in grounded theory . (In Flick, U., Von Kardoff, E. & Steinke, I. eds. A companion to qualitative research. London: Sage. p. 270-275.)

Bok Radio. 2014. Bok Radio is hier om te bly. <http://www.bokradio.co.za/> Datum van gebruik: 10 Sept. 2014.

Bonini, T. 2014. The new role of radio and its public in the age of social networks. First Monday, 19(6). <http://firstmonday.org/article/view/4311/4093> Date of access: 7 April 2015.

Booyens, D. 2000. Ontstoke oor aandnuus-taal. *Beeld*: 8, 27 Apr.
<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2000/04/27/8/5.html> Datum van Gebruik: 13 Maart 2013.

Bosveld Stereo. 2014. Oor Bosveld Stereo. <http://bosveldstereo.co.za/oor-ons/> Datum van gebruik: 10 Sept. 2014.

Botha, J.P. 1985. Die normering van Afrikaanse taalgebruik soos beoefen in die skool en die universiteit. (In Botha, R.P. & Sinclair, M. eds. Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. p. 345-365.)

Botha, T.J.R. 1985. Die normering in die Afrikaanse Radio- en Televisiediens. (In Botha, R.P. & Sinclair, M. eds. Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. p. 238-268.)

Botha, T.J.R. 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu. (In Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, I.G.H. & Odendal, F.F. eds. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. 2de uitg. Pretoria: Academica. p. 127-154.)

Brecht, B. 1979. Radio as a means of communications. *Screen*, 20(3-4):24-28.

Britannica. 2014. Ho Chi Minh City. <http://global.britannica.com/EBchecked/topic/268316/Ho-Chi-Minh-City> Date of access: 28 Nov. 2014.

Brown, G. & Yule, G. 1983. Teaching the spoken language.
http://www.google.co.za/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&frm=1&source=web&cd=2&ved=0CCcQFjAB&url=http%3A%2F%2Fwww.cambridge.org%2Fdownload_file%2F762380%2F0%2F&ei=oKpiVJi1D9LWAsqugMAO&usg=AFQjCNHzjy_X9Ft31Hpm55UrMOwr5piuQg&sig2=sAogKgWhgweE4QtVv4ioQ&bvm=bv.79189006,d.d2s Date of access: 14 Aug. 2014.

Bruthiaux, P. 2006. Restandardizing localized Englishes: aspirations and limitations. *International journal of the sociology of language*, 177:31-49.

Carstens, W.A.M. 1995. Standaarde in vertaling en taalversorging – 'n perspektief van die taalkommissie. *SAVI-Reeks*, 4: 5-6.

Carstens, W.A.M. 2001. Ou wyn in 'n nuwe vat. Die taalbewegingsdebat in perspektief. (In Carstens, A. & Grebe, H.P. reds. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir prof. MCJ van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik. p. 8-20.)

Carstens, W.A.M. 2002. The standardisation of Afrikaans: some relevant issues. (In Prah, K.K. red. 2002. *Speaking in unison: the harmonisation and standardisation of South African languages*. Kaapstad: CASAS.)

Carstens, W.A.M. 2006. Die breë Afrikaanse debat (1994-2005): enkele temas en inisiatiewe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 48(2):12-36. Supplement vir moedertaalonderrig.

Carstens, W.A.M. 2011. Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 5de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. 2013a. Die storie van Afrikaans: perspektiewe op die verlede, hede en toekoms. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 20(1):21-50.

Carstens, W.A.M. 2013b. Op pad van 'n verdeelde na 'n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening. *LitNet Akademies*, 10(1):447-483.

Chantler, P. & Stewart, P. 2009. *Essential radio journalism*. London: A & C Black.

Cobarrubias, J. 1983. Ethical issues in status planning. (In Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. eds. *Progress in language planning: international perspectives*. Berlin: Mouton. p. 41-86.)

Coetzee, A.E. 1982. 'n Heroriëntering van die begrip standaardtaal en 'n voorstudie van die ontwikkeling van Standaardafrikaans gedurende die 20e eeu. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 22(4):271-289.

Coetzee, A.E. 1985. *Fonetiek*. Pretoria: Academica.

Combrink, J. 1986. Taalnorme vir Afrikaans. *Die taalpraktisyn*, 2:46-62.

Combrink, J. 1997a. Purisme nie die hoogste norm. *Die Burger*: 11, 7 Des.

Combrink, J. 1997b. 'Djôl' nie lekker in standaardtaal. *Die Burger*: 13, 22 Des.

Combrink, J. 1998. Millennium begin met 2001. *Die Burger*: 11, 10 Des.

Conradie, C.J. 2014. Taalverandering in Afrikaans. (In Carstens, W.A.M. & Bosman, N. reds. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik. p. 61-89.)

Conradie, C.J. & Groenewald, G. 2014. Die ontstaan en vestiging van Afrikaans. (In Carstens, W.A.M. & Bosman, N. *reds.* Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Van Schaik. p. 27-60.)

Cooper, R. 1989. Language planning and social change. Cambridge: Cambridge University Press.

Cotter, C. 2010. News talk: investigating the language of journalism. New York: Cambridge University Press.

Coulmas, F. 2005. Sociolinguistics: The study of speakers' choices. New York: Cambridge University Press.

Coulmas, F. *ed.* 1998. The handbook of sociolinguistics. Oxford: Blackwell.

Crocker, R.A. 2009. An introduction to qualitative research. (In Heigham, J. & Crocker, R.A. *eds.* Qualitative research in applied linguistics: a practical introduction. London: Palgrave Macmillan. p. 3-24).

Cruywagen, R. 2012. Wat's Nuus? Naledi: Tygervallei.

Crystal, D. 2008. A dictionary of linguistics and phonetics. Malden: Blackwell.

Crystal, D. & Ivić, P. 2014. Dialect. (In Encyclopaedia Britannica (Academic Edition), <http://www.britannica.com/EBchecked/topic/161156/dialect> Date of access: 12 June 2014.

Cuvelier, P. 2006. Language and the media in Flanders: New developments in a monolingual framework. *Acta Academica Supplementum*, 2:23-44.

Davies, A. & Elder, C. 2004. The handbook of applied linguistics. Oxford: Blackwell.

De Beaugrande, R. 1997. New foundations for a science of text and discourse: cognition, communication, and the freedom of access to knowledge and society. (Advances in discourse processes, V 61.) Norwood, New Jersey: Ablex.

De Lange, C. 2011. Afrikaner is taal se grootste vyand. *Beeld*, 22 Jun. <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2011/06/22/B1/16/pdverkramp.html> Datum van Gebruik: 13 Maart 2013.

De Villiers, A. 1985. Standaardafrikaans en Omgangsafrakaans in Pretoria. Pretoria: UP. (Proefskrif - MA).

De Villiers, M. 1983. Afrikaanse grammatika vir volwassenes. Johannesburg: Nasou.

De Villiers, M. 1977. Die plek van normatiewe taalkunde. *Taalfasette*, 22(3):1-9.

De Wet, H. 2004. Die Afrikaanse kultuurstryd as gevolgde model vir die bevrydingsbeweging in Suid-Afrika. (In Van Rensburg, F.I.J. *red.* Afrikaans - lewende taal van miljoene. Pretoria: Van Schaik. p. 69-79.)

Deumert, A. 2004. Language standardization and language change: the dynamics of Cape Dutch. Amsterdam: John Benjamins.

Deumert, A. 2011. Multilingualism. (*In* Mesthrie, R. ed. The Cambridge handbook of sociolinguistics. Cambridge: Cambridge University Press. p. 261-282.)

Doke, C.M. 1939. Text-book of Zulu Grammar. London: Longmans.

Du Plessis, H. 1988. Variasietalkunde. Pretoria: Serva.

Du Plessis, H. 1995. Variasietalkunde. Pretoria: Kagiso.

Du Plessis, H.G.W. 1987. Die Afrikaner en Afrikaans (*In* Du Plessis, H. & Du Plessis, T. reds. *Afrikaans en Taalpolitiek: Vyftien Opstelle*. Pretoria: HAUM. p. 211-218.)

Du Plessis, H.G.W. 1989. Die anatomie van taalbeplanning. *Koers*, 54(3):272-289.

Du Plessis, H.G.W. 2001. Die taalbewegingsdebat in perspektief. Ou wyn in 'n nuwe vat. (*In* Carstens, A. & Grebe, H.P. reds. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir prof. MCJ van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik. p. 69-80.)

Du Plessis, T. 2006. Multilingualism at the South African Broadcasting Corporation (SABC) – perspectives on the SABC as co-orchestrator of language policy. (*In* Webb, V.N. & Du Plessis, T. eds. *The politics of language in South Africa*. Pretoria: Van Schaik. p. 82-99.)

Du Plooy, G. & Grobler, T. 2002. Afrikaans as televisietaal in Suid-Afrika: 'n Toekomsperspektief. *Communicatio*, 28(02):8-17.

Du Preez, P.I. 2004. 'n Sosiolinguistiese ondersoek na die gebruik van tienertaal aan die hand van Jackie Nagtegaal se "Daar's vis in die punch". Bloemfontein: UV. (Verhandeling – MA)

Du Toit, K. 2004. Afrikaans en die Suid-Afrikaanse uitsaaiwese. (*In* Van Rensburg, F.I.J. red. *Afrikaans - lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik. p. 42-54.)

e-HAT: elektroniese handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2009. Pinelands: Pearson.

Erasmus, P.F. 2008. Oormatige Engels in Afrikaanse programme erg irriterend. *Beeld*, 27 Jul. <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2008/07/27/BJ/2/BJNews002-StoryF.html> Datum van gebruik: 15 Maart 2013.

Esterhuyse, J. 1986. Taalapartheid en skoolafrikaans. Emmarentia: Taurus.

Facebook. 2015. Radiorillers en groepgruwels. <https://www.facebook.com/groups/311796759022855/> Date of access: 5 Mei 2015.

Fang, I. 1991. Writing style differences in newspaper, radio, and television news. Monograph presented by the Centre for interdisciplinary studies of writing and the composition, literacy and rhetorical studies minor. University of Minnesota, September 1991.

<http://writing.umn.edu/isw/assets/pdf/publications/Irving%20Fang.pdf> Date of access: 10 Sept. 2014.

Ferguson, C.A. 1959. Diglossia. *Word*, 15:325-340.

Ferguson, C.A. 1972. *Language structure and language use*. Stanford: Stanford University Press.

Ferreira, T. 2012. SABC failing in language, news – study. *Channel24*, 5 Sep. <http://www.channel24.co.za/TV/News/SABC-failing-in-language-news-study-20120905> Date of access: 15 Jul. 2013.

Ferreira, T. 2014. SABC dumps Afrikaans TV news. *Channel24*, 25 Jun. <http://www.channel24.co.za/TV/News/SABC-dumps-Afrikaans-TV-news-20140625> Date of access: 10 Jul. 2014.

Fishman, J.A. 1967. Bilingualism with and without diglossia; diglossia with and without bilingualism. *Journal of social Issues*, 23 (2):29-38. <http://eds.b.ebscohost.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?sid=e51f1ede-abe3-42aa-99dc-bad2c5178ba6%40sessionmgr113&vid=3&hid=109> Date of access: 17 Jul. 2014.

Fishman, J.A. 1970. *Readings in the sociology of language*. 2nd ed. The Hague: Mouton.

Fishman, J.A. 1989. *Language and ethnicity in minority sociolinguistic perspective*. Clevedon: Multilingual matters.

Fourie, P. 1996. SABC beter as SAUK. *Insig*, Maart:47-48.

Francus, P. 2010. The impact of audio information intonation on understanding television news content. *Psychology of language and communication*, 14(1):71-86.

Friese, S. 2014. *Qualitative data analysis with ATLAS.ti*. 2nd ed. Los Angeles: Sage.

Froneman, J. & De Beer, A. 1998. Media ethics - thorny questions with diverse answers. (In De Beer, A.S. ed. *Mass media – Towards the millennium*. Pretoria: Van Schaik. p. 289-317).

Garger, J. 2012. Determine readability using the Flesch Reading Ease. <http://johngarger.com/articles/writing/determine-readability-using-the-flesch-reading-ease> Date of access: 10 Nov. 2014.

Garvin, P.L. 1964. The standard language problem - Concepts and methods. (In Hymes, D. ed. *Language in culture and society: a reader in linguistics and anthropology*. New York: Harper & Row. p. 521-526).

Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n biografie*. Kaapstad: Tafelberg.

Giliomee, H. 2014. Die troebel toekoms van Afrikaans en Afrikaners. *Tydskrif vir Gesteswetenskappe*, 54(4):1-25 (Ter perse).

- Gloy, J. 1994. Die formele uitsaairegister van Afrikaans. Johannesburg: RAU. (Verhandeling – MA).
- Govenden, P. 2009. “Toothless regulator?” A critical analysis of ICASA’s regulation of the SABC so that it functions as a public service broadcaster. Johannesburg: WITS. (Dissertation – MA).
- Grebe, H. 1999. Oosgrensafrikaans: ’n te eksklusiewe begrip. *Literator*, 20(1):51-65.
- Gross, S. 2005. Normativity (2nd Draft). Encyclopedia of Language and Linguistics. <http://mysite.verizon.net/vze299db/sitebuildercontent/sitebuilderfiles/normativity.pdf> Date of access: 20 March 2013.
- Hammersley, M. 2008. Troubles with Triangulation. (In Bergman, M.M. ed. *Advances in Mixed Methods Research*. Los Angeles: Sage. p. 22-36).
- HAT: taal en feitegids. 2013. Pinelands: Pearson.
- Haugen, E. 1959. Planning for a standard language in modern Norway. *Anthropological Linguistics*, (1)3:8-21.
- Haugen, E. 1966. Dialect, language, nation. *American Anthropologist*, 68(4) <http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1525/aa.1966.68.4.02a00040/pdf> Date of access: 28 March 2014.
- Hayman, G. & Tomaselli, R. 1989. Ideology and technology in the growth of South African broadcasting, 1924-1971. (In Tomaselli, R., Tomaselli, K. & Muller, J. eds. *Broadcasting in South Africa*. Bellville: Anthrops. p. 23-83.)
- Heigham, J. & Croker, R.A. 2009. *Qualitative research in applied linguistics: a practical introduction*. London: Palgrave Macmillan.
- Hemphill, L. 2011. Orality and literacy in sociolinguistics. (In Mesthrie, R. ed. *The Cambridge handbook of sociolinguistics*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 70-82.)
- Hendricks, F. 2012. Die potensiële nut van ’n gelykevlak-perspektief op die variëteite van Afrikaans. (In Prah, K.K. red. 2012. *Veelkantiger Afrikaans: streeksvariëteite in die standaardvorming*. Kaapstad: CASAS.)
- Hudson, R.A. 1980. *Sociolinguistics*. New York: Cambridge University Press.
- Hugo, D. red. 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea.
- ICASA (Independent Communications Authority of South Africa). 1999. *Broadcasting Act 4 of 1999*. <https://www.icasa.org.za/Portals/0/Acts/Broadcasting%20Act/Broadcasting%20Act%204%20OF%201999.pdf> Date of access: 18 Feb. 2014.

Jensen, K.B. 2012. The qualitative research process. (In Jensen, K.B. ed. A handbook of media and communication research: qualitative and quantitative methodologies. 2nd ed. London: Routledge. p. 265-282).

Johl, C. 2002. (Re-)standardisation, harmonisation and Afrikaans. (In Prah, K.K. red. 2002. Speaking in unison: the harmonisation and standardisation of South African languages. Kaapstad: CASAS.)

Jones, M.C. & Singh, I. 2005. Exploring language change. London: Routledge.

Joubert, D. D. 1995. Waardes, norme en standaarde: 'n begripsbepaling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: 25(3). Sept. 1995.

Jupp, V. ed. 2006. The SAGE Dictionary of Social Research Methods. London: SAGE.

Kafle, N.P. 2011. Hermeneutic phenomenological research. *Bodhi: An Interdisciplinary Journal*, 5:181-200
http://www.ku.edu.np/bodhi/vol5_no1/11.%20Narayan%20Kafle.%20Hermeneutic%20Phenomenological%20Research%20Method.pdf Date of access: 3 Nov. 2014.

Kirschenbaum, M. 2012. What are digital humanities and what's it doing in English departments? (In Gold, M.K. ed. Debates in the Digital Humanities. Minnesota: Minnesota Press. p. 3-11).

Kothari, C.R. 2004. Research methodology: methods and techniques. 2nd ed. New Delhi: New Age.

Kotzé, E.F.K. 2009. Hoe standaard kan 'n taal wees? Perspektiewe op die teenstrydighede van Afrikaans. Bydrae gelewer tydens Roots Konferensie by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville, Kaapstad, 22-23 September. http://www.argief.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&ciid=1270&news_id=75742 Datum van gebruik: 17 April 2013.

Kotzé, E.F.K. 2010. Destandaardisasie en herstandaardisasie. Gelyklopende prosesse in die nuwe Suid-Afrika? (In Van der Wal, M. & Fracken, E. reds. Standaardtalen in beweging. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek. p. 153-169).

Kroes, H. 1995. Die debat oor die gerbuik van standaardtaal in die onderwys. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 29(4):267-272.

Krippendorff, K. 2013. Content analysis: an introduction to its methodology. 3rd ed. California: SAGE.

Kuhl, J.W. 2003. The idiolect, chaos and language custom far from equilibrium: conversations in Morocco. Athens, GA: University of Georgia. (Thesis – PhD).

Landis, J.R. & Koch, G.G. 1977. The measurement of observer agreement for categorical data. *Biometrics*, 33(1):159-174.

Langebaan, B. 2009. Skrikwekkende Afrikaans op RSG. *Die Burger*, 1 Julie.
<http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2009/07/01/SK/11/300609Rug.html> Datum van gebruik: 15 Maart 2013.

Lesame, Z. 2000. The new Independent Communications Authority of South Africa: its challenges and implications for telecommunications liberalisation in the country. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 26:2, 28-36.
<http://dx.doi.org/10.1080/02500160008537910> Date of access: 22 Jun. 2014.

Linguisticsnet. 2014. How to do linguistic research.
http://linguisticsnet.com/index.php?option=com_content&task=view&id=65&Itemid=2 Date of access: 14 Aug. 2014.

LitNet. 2004. Medewerker: Ernst Kotzé – Bioskets.
<http://www.litnet.co.za/Author/1210/ErnstKotz%C3%A9> Datum van gebruik: 29 Nov. 2014.

Loader, C. 2005. Die ontstaan en groei van die Afrikaanse taal.
http://www.vriendevanafrikaans.co.za/images/artikels/onstaan_groei.pdf Datum van gebruik: 11 Jul. 2014.

Louw, P.E. 2004. Political power, national identity, and language: the case of Afrikaans. *International journal of the sociology of language*, 170:43-58.

Louw, L. 2012. Standaardafrikaans: Herstandaardisering via harmonisering in die Afrikaanse media. Johannesburg: UJ (Verhandeling – MA).

McArthur, T. 1992. The Oxford companion to the English language. Oxford: University Press.

McClung, S., Pompper, D. & Kinnally, W. 2007. The functions of radio for teens: where radio fits among youth media choices. *Atlantic Journal of Communications*, 15(2):103-119.
<http://eds.b.ebscohost.com/www.scholar.google.com.nwulib.nwu.ac.za/eds/pdfviewer/pdfviewer?sid=08a46d51-1f43-49f8-8189-512d34a2b3ec%40sessionmgr112&vid=1&hid=111> Date of access: 7 April 2015.

McLachlan, T. 2012. Bondige oorsig van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. (In Prah, K.K. red. *Veelkantiger Afrikaans: streekvariëteite in die standaardvorming*. Kaapstad: Casas. p. 16-29).

Merrett, C. 2001. A tale of two paradoxes: Media censorship in South Africa, pre-liberation and post-apartheid. *Critical Arts: South-North Cultural and Media Studies*, 15(1-2):50-68.
<http://dx.doi.org/10.1080/02560240185310071> Date of access: 24 Jun. 2013.

Mersham, G. 1998. Television – A fascinating window on an unfolding world. (In De Beer, A.S. ed. *Mass media – Towards the millennium*. Pretoria: Van Schaik. p. 207-235).

Mesthrie, R. 1994. Standardisation and variation in South African English. (In Botha, R.P., Kemp, M.A., Le Roux, C. & Winckler, W. reds. *Taalwetenskap vir die taalprofessies*. Spil Plus 23. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. p. 181-201).

Mesthrie, R. 2011. *The Cambridge handbook of sociolinguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.

Mesthrie, R., Swann, J., Deumert, A. & Leap W.L. 2009. *Introducing Sociolinguistics*. 2nd ed. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Meyer, E. 2013. Radiostasie gaan groot met Afrikaans.
<http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/radiostasie-gaan-groot-met-afrikaans/> Datum van gebruik: 10 Sept. 2014.

Meyer, N. 2013. Onderhoud met Gerhard van Huyssteen – nuwe voorsitter van die Taalkommissie. <http://www.litnet.co.za/Article/onderhoud-met-gerhard-van-huyssteen--nuwe-voorsitter-van-die-taalkommissie> Datum van gebruik: 13 Aug. 2014.

Meyerhoff, M. 2006. *Introducing sociolinguistics*. New York: Routledge.
<http://catdir.loc.gov/catdir/enhancements/fy1013/2010037856-b.html> Datum van gebruik: 31 Julie 2013.

Milroy, J. 1999. The consequences of standardisation in descriptive linguistics. (In Bex, T. & Watts, R.J. *reds*. *Standard English: the widening debate*. Londen: Routledge. p. 16-39).

Milroy, J. 2001. Language ideologies and the consequences of standardization. *Journal of sociolinguistics*, 5:530-555.

Milroy, J. & Milroy, L. 1991. *Authority in language: investigating language prescription and standardisation*. 2nd ed. London: Routledge.

Milton, V.C. 2011. Speak ill of me ... but speak, or How to be Afrikaans on the SABC. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 37(2):242-267
<http://dx.doi.org/10.1080/02500167.2011.604171> Date of access: 8 Jul. 2014.

Mishkind, B. South Africa Broadcasting.
<http://www.olderadio.com/archives/international/safrica.html> Date of access: 11 Feb. 2014.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies*. Pretoria: Van Schaik.

Muhr, T. & Friese, S. 2004. *User's manual for ATLAS.ti 5.0*. 2nd Ed. Berlyn: Scientific Software Development.

Müller, D. 2003. *Skryf Afrikaans van A tot Z: die essensiële gids vir taalgebruikers*. Kaapstad: Pharos.

NAB (National Association of Broadcasters). 2014. *Broadcasting in South Africa*.
<http://www.nab.org.za/broadcast.asp> Date of access: 18 Feb. 2014.

Neuman, W.L. 2003. *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches*. 5th ed. Boston: Allyn and Bacon.

- Ngcobo, M.N. 2007. Language Planning, Policy and Implementation in South Africa. *UNISA* <http://bibliotecavirtualut.suagm.edu/Glossa/Journal/jun2007/Language%20Planning,%20Policy%20and%20Implementation%20in%20South%20Africa.pdf> Date of access: 5 March 2013.
- Odendaal, B.G. 2012. Die herstandaardisering van Afrikaans: 'n praktiese benadering met die AWS as gevallestudie. Stellenbosch: US. (Proefskrif – PhD).
- Odendal, F.F. 1989. Afrikaanse fonetiek. (In Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, I.G.H. & Odendal, F.F. reds. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. 2de uitg. Pretoria: Academica. p. 155-187).
- Odendal, F.F. 1989. Wat is reg, wat is verkeerd? Enkele gedagtes oor norme in die taalkunde. Johannesburg: SAUK-publikasie.
- Odendal, F.F. 1992. Standaardafrikaans en Statusafrikaans. *Aambeeld*, 20(1):18-23.
- Odendal, F.F. 1996. Watter rol het Standaardafrikaans nog te speel? *Aambeeld*, 24(1):12-15.
- Olivier, J.A.K. 2003. Die moontlikhede wat onderskrifte die SABC-TV bied in die erkenning en beskerming van taalregte. Vanderbijlpark: PU vir CHO. (Verhandeling – MA).
- Olivier, J. 2011. Acknowledging and protecting language rights on SABC TV through the use of subtitles. *Communicatio*, 37(2):225-241.
- Olsson, J. 2008. Forensic Linguistics. 2nd ed. London: Continuum.
- Orman, J. 2007. Language policy and nation-building in post-apartheid South-Africa. London: Queen Mary, University of London, (Thesis – PhD).
- Otto, A.N. 2014. Sosiolinguistiek. (In Carstens, W.A.M. & Bosman, N. reds. Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Van Schaik. p. 311-346.)
- Overvaal Stereo. 2014. Ons geskiedenis. <http://www.overvaalstereo.co.za/geskiedenis.htm> Datum van gebruik: 10 Sept. 2014.
- Pei, M.A. & Gaynor, F. 1954. A dictionary of linguistics. New York: Philosophical Library.
- Pokpas, L. & Van Gensen, A. 1992. Afrikaans en ideologie in taalbeplanning: 'n stryd van standpunte. (In Webb, V.N. red. Afrikaans ná Apartheid. Pretoria: Van Schaik. p.165-178.)
- Ponelis, F. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. (In Webb, V.N. red. Afrikaans ná Apartheid. Pretoria: Van Schaik. p. 69-89.)
- Ponelis, F.A. 1989. Die aard en die bestudering van die Afrikaanse taal. (In Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, I.G.H. & Odendal, F.F. reds. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. 2de uitg. Pretoria: Academica. p. 9-37.)
- Ponelis, F.A. 1998. Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie. *Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch, Annale*, 1998(1):1-80.

Ponelis, F.A. 2006. Die oorspronge van Afrikaans. <http://vriende.za.net/oorspronge.htm>
Datum van gebruik: 21 Feb. 2006.

Prah, K.K. (red.) 2012. Veelkantiger Afrikaans: streeksvariëteite in die standaardvorming. Kaapstad: CASAS.

Prince, L. 2015. 'ANC raak ál meer desperaat': DA in Pta vaar uit ná oproer in Mamelodi. *Beeld*, 10 Nov.
http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2015/11/10/B2/tlptshwane_34_0_121528902.html
Datum van gebruik: 10 Nov. 2015.

Prins, G. 2011. Nee vir taal-verkragting, sê Riaan. *Rapport*. 26 Maart.
<http://www.rapport.co.za/Suid-Afrika/Nuus/Ja-vir-loslit-Afrikaans-volstrek-nee-vir-taal-se-verkragting-20110326> Datum van Gebruik: 20 Mei 2012.

Prinsloo, A.F. & Odendal, F.F. 1995. Afrikaans op sy beste: Hulp met moderne taalkwessies. Pretoria: Van Schaik.

Raidt, E. 1991. Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.

Raidt, E.H. 1989. Afrikaans en sy Europese verlede. Kaapstad: Nasou.

Raidt, E.H. 1994. Historiese taalkunde: studies oor die geskiedenis van Afrikaans. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Rajagopalan, K. 2001. The politics of language and the concept of linguistic identity. *Cauce*, 24:17–28. http://cvc.cervantes.es/literatura/cauce/pdf/cauce24/cauce24_03.pdf Date of access: 10 Jun. 2014.

Reagan, T.G. 1987. Ideology and language policy in education: the case of Afrikaans. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T. eds. *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM. p. 133-139).

Retief, L. 2015. Van skok tot gemoedsrus. *Beeld*, 4 Feb.
http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2015/02/04/16/lrKankerEmosie_32_0_520313034.html
Datum van gebruik: 5 Mei 2015.

Roos, G. 1957. Die uitsaaiwese in diens van ons samelewing. Johannesburg: SAUK-publikasie.

Roos, G. 1959. Die triomf van Afrikaans as radiotaal. (In Du Buisson, M. S. red. *Die wonder van Afrikaans – Bydraes oor die ontstaan en groei van Afrikaans tot volwaardige wêreldtaal*. Johannesburg: Voortrekkerpers. p. 133-147).

Rosenthal, E. 1975. U het geluister... Die vroeë geskiedenis van die uitsaaiwese in Suid-Afrika. Uit Engels vertaal deur Jan Pretorius. Johannesburg: SAUK.

Ross, R. 1999. *A concise History of South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Roux, S.P. 2001. 'n Kritiese bespreking van taalverandering met verwysing na Afrikaans en sy variëteite. Bloemfontein: UV. (Verhandeling – MA).
- RSG. 2015. Só word nuusboeletien gebore [sic]. <http://www.rsgplus.co.za/agter-die-skerm/rsg-se-nuusfabriek-van-brokkie-tot-uitsaai> Datum van gebruik: 28 Sept. 2015.
- Rubin, J. ed. 1977. Language planning processes. New York: Mouton.
- Rudestam, K.E. & Newton, R.R. 2007. Surviving your dissertation. A comprehensive guide to content and process. 3rd ed. California: SAGE.
- SAARF (South African Audience Research Foundation). 2014. RAMS: Station audience – average day. <http://www.saarf.co.za/rams-community/2014/rams-community%20Nov'13%20-%20Oct'14.asp> Date of access: 15 Nov. 2014.
- SABC (South African Broadcasting Corporation). 1961. Writing for the radio: a guide to SABC news policy and language style. Johannesburg: SABC-publication.
- SABC (South African Broadcasting Corporation). 2004. SABC Editorial Policies. http://www.sabc.co.za/wps/wcm/connect/3bb9fc8044341da1a563e7c4173d8502/Editorialpolicies_rev.pdf?MOD=AJPERES&CONVERT_TO=url&CACHEID=3bb9fc8044341da1a563e7c4173d8502 Date of access: 20 February 2013.
- SABC2. 3 Nov. 2014. Morning Live: SABC News bulletins return to original time slots. <http://www.sabc.co.za/news/a/e691d0804610dbd49d57bf96e5573d3a/SABC-News-bulletins-return-to-original-time-slots-20140311> Date of access: 5 Nov. 2014. [Podcast via Youtube]
- Saldaña, J. 2009. The coding manual for qualitative research. London: Sage.
- SAUK (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie). 1989. Dit is die SAUK. Johannesburg: SAUK-Publikasie.
- Schoombie, S. 2012. Radio grensloos. *Taalgenoot*, Winter:60-63.
- Schreuder, K. 1996. Normatief gedrag in moedertaal en vreemde taal. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3(1):92-107.
- Schutte, J. S. 1985. Die taalpraktisyn as kruispunt. (In Botha, R. P. & Sinclair, M. reds. *Norme vir taalgebruik*. Spil Plus 10. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. p. 292-320.)
- Schwarzmeier, A. 2006. Speaking on the radio. [http://interaudio.org/mos/interaudiocdoc/handout/Handouts%20\(englich\)/Speaking%20on%20the%20Radio%20\(Spreken%20im%20Radio\).pdf](http://interaudio.org/mos/interaudiocdoc/handout/Handouts%20(englich)/Speaking%20on%20the%20Radio%20(Spreken%20im%20Radio).pdf) Date of access: 10 Jul. 2014.
- Sieberhagen, C. 2015. Andrew kry die trekpas ná twiets. *Beeld*, 30 Jul. http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2015/07/30/B2/3/csAndrewSorrill_33_0_368975394.htm I Datum van gebruik: 15 Okt. 2015.
- South Africa. 2011 Use of Official Languages Bill, B23-2011. Notice no. 737. *Government Gazette*, 34675: 12 October 2011.

- South Africa. Statistics South Africa (StatsSA). 2012. Census 2011 Census in brief. Pretoria: Statistics South Africa. (RP03-01-14)
- Spolsky, B. 1998. Sociolinguistics. Oxford: Oxford University Press.
- Spolsky, B. 2004. Language Policy. Edinburgh: Cambridge University Press.
- SPSS Inc. 2014. IBM SPSS Statistics Version 22, Release 22.0.0, Copyright© IBM Corporation and its licensors. <http://www-01.ibm.com/software/analytics/spss/>
- Starkey, G. 2009. The traveller who came calling: A short history of radio journalism. (In Starkey, G. & Crisell, A. Journalism studies: key texts radio journalism. London: Sage. p. 1-22).
- Statistics South Africa (StatsSA) *kyk* South Africa. Statistics South Africa (StatsSA).
- Steyn, E. 1998. Media policy: frameworks for an expanding world. (In De Beer, A.S. ed. Mass media – Towards the millennium. Pretoria: Van Schaik. p. 445-468.)
- Steyn, J.C. 1980. Tuiste in eie taal. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1985. Algemene aspekte van taalnormering. (In Botha, R.P. & Sinclair, M. reds. Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. p. 13-69.)
- Steyn, J.C. 1987a. Afrikaner nasionalisme en Afrikaans. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T. reds. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria: HAUM. p. 73-96.)
- Steyn, J.C. 1987b. Die taalpolitieke stryd oor 'n Afrikaanse radiodiens. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Letterkunde*, 5(1):100-123.
- Steyn, J.C. 1992. Die behoud van Afrikaans as ampstaal. (In Webb, V. red. Afrikaans na apartheid. Pretoria: Van Schaik. p. 203-225.)
- Steyn, J.C. 1995. Die taalstryd in die oorgangstyd – gesindhede teenoor Afrikaans 1990 – 1994. *Stilet Supplement*, 1:1-49.
- Steyn, J.C. 2001. Die Anglo-Boereoorlog en Afrikaans. (In Carstens, A. & Grebe, H.P. reds. Taallandskap: Huldigingsbundel vir prof. MCJ van Rensburg. Pretoria: Van Schaik. p.137-147.)
- Steyn, J.C. 2014. Ons gaan 'n taal maak: Afrikaans sedert die *Patriot*-jare. Pretoria: Kraal.
- Taalgogga. 2013. 'Uitmis' en ander taalgoggas stink. *Beeld*: 9, 10 Mrt.
- Taalkommissie (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns). 2009. Afrikaanse woordelys en spelreëls. 10de uitg. Kaapstad: Pharos.
- Taalkommissie. 2010. Taalkommissiekorpus, CD. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Tait, D. 1995. Meaning and the listener's mind: an application of linguistic and cognitive concepts to radio news storytelling. Ottawa: Carleton University. (Dissertation – MA).

Thebe, L. & Smith, T. 2012. Lack of diversity (repeat) – Analysis of the SABC news and programming. Study done by Media Monitoring Africa.
http://www.mediamonitoringafrica.org/images/uploads/SABC_2012_PDF_Whole_small.pdf
Date of access: 15 July 2013.

Thomas, G. 1991. Linguistic purism. London: Longman.

Tollefson, J.W. 2011. Language planning and language policy. (In Mesthrie, R. ed. The Cambridge handbook of sociolinguistics. Cambridge: Cambridge University Press. p.357-376.)

Tomaselli, K. & De Villiers, C. 1998. Radio – Theatre of the mind. (In De Beer, A.S. ed. Mass media – Towards the millennium. Pretoria: Van Schaik. p.147-175.)

Tomaselli, K. & Tomaselli, R. 1989. Between policy and practice in the SABC, 1970-1981. (In Tomaselli, R., Tomaselli, K. & Muller, J. eds. Broadcasting in South Africa. Cape Town: Anthropos. p.84-152.)

Treadwell, D. 2011. Introducing communications research: paths of inquiry. London: Sage.

Trewin, J. 2003. Presenting on TV and Radio: An insiders guide. Oxford: Focal Press.

Truter, E. 2003. 'n Ontleding van die reaksies in die media op die taalbesluite van SAUK, 1994-1996. *Acta Academica Supplementum*, 2:35-72.

Truter, E.J.J. & Lubbe, H.J. 2002. Die polemieë in die oorgangstyd (1994 – 1996) rondom die taalbesluite van die South African Broadcasting Corporation (SABC) rakende Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(3):197-214.

Tygerberg 104FM. 2014. Meer oor ons. <http://104fm.org.za/meer-oor-ons> Datum van gebruik: 10 Sept. 2014.

Uitspraakwoordeboek van Afrikaans. 1967. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik.

Van Aardt, M. 1989. Afrikaans en Taalpolitiek: Enkele voorlopige opmerkings. Afrika Studie Forum.

Van den Berg, M. 2000. Die konsep Standaardafrikaans: 'n kritiese oorsig en 'n Hallidayaanse perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling – PhD).

Van der Berg, J. 1974. Afrikaans en die radio. (In Kok, B. red. Afrikaans ons pèrel van groot waarde. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. p. 206-223.)

Van der Merwe, C. & Engelbreg, H. 1990. Taalbulletin. 4de uitg. Johannesburg: SAUK.

Van der Merwe, H. 1996. Die navorsingsproses: Probleemstelling en navorsingsontwerp (In Garbers, J.G. red. Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing. Pretoria: Van Schaik. p.285-300.)

Van Lieshout, P. 2003. Praat – Short tutorial: a basic introduction.
http://web.stanford.edu/dept/linguistics/corpora/material/PRAAT_workshop_manual_v421.pdf
Date of access: 26 Nov. 2014.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. (In Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, I.G.H. & Odendal, F.F. reds. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. 2de uitg. Pretoria: Academica. p. 436-467.)

Van Rensburg, M.C.J. red. 1997. Afrikaans in Afrika. Pretoria: Van Schaik.

Van Rooy, A.J. 2014. Die Afrikaanse taalkunde van toeke tot nou. (In Carstens, W.A.M. & Bosman, N. reds. Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Van Schaik. p. 1-26.)

Van Staden, E. 2004. The SABC and Afrikaans news - a matter of language economy in action? *Communicare*, 23(2):51-67.

Van Staden, P. 2011. Riglyne vir Skryfwerk. (Ongepubliseer).

Van Staden, P. 2015. Die regulering van Afrikaans by nuusbuletins en stylgidse vir die vervaardiging van bulletins [e-pos]. 24 Mrt. 2015.

Van Vuuren, D. 2004. Radio and television audiences in South Africa: 1994–2002. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 30(2):1-23
<http://dx.doi.org/10.1080/02500160408537993> Date of access: 9 Jul. 2014.

Van Wyk, E. B. 1978. Sociolinguistiese norme in taalgebruik. (In Odendal, F. F. red. Gesag en norm in die taal- en letterkunde II. Johannesburg: RAU. p.99-120.)

Van Zyl, J. ed. 2003. Community radio: the people's voice. Johannesburg: Sharp Sharp Media. <http://www.journalism.co.za/wp-content/uploads/abc%20cr%20-%20chapter1.pdf> Date of access: 9 April 2015.

Verhoef, M.M. 1991. Taalbeplanning: Die stand en toekoms van taalbeplanning vir Afrikaans in 'n multitalige Suid-Afrika. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – PhD).

Victor, S.F. 1996. Swak Afrikaans op RSG. *Die Volksblad*: 8, 20 Nov.

Vorster, M. 2008. Radiostasies moet hul taalgrens ken. *Beeld*, 2 Aug.
<http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2008/03/BJ/2/BJNews002-BJNews002-StoryF.html>
Datum van Gebruik: 13 Maart 2013.

Webb, V. & Kriel, M. 2000. Afrikaans and Afrikaner nationalism. *International Journal of the Sociology of Language*, 144(1): 19–50. <http://www.degruyter.com/view/j/ijsl.2000.issue-144/ijsl.2000.144.19/ijsl.2000.144.19.xml> Date of access: 20 Aug. 2013

- Webb, V. N. 1983. Aspekte van taalnorme – gesien vanuit die perspektief van die gemeenskapsgrammatika. (*In* Sinclair, A. J. L. red. GS Nienaber – 'n Huldeblyk. Bellville: UWK-drukkers. p. 705-716.)
- Webb, V. N. 1985. Taalnorme en Afrikaans: 'n Geval van twyfel en vertwyfeling. (*In* Botha, R. P. & Sinclair, M. reds. Norme vir taalgebruik. Spil Plus 10. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. p. 70-107.)
- Webb, V.N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. (*In* Botha, T.J.R., Ponelis, F.A., Combrink, I.G.H. & Odendal, F.F. reds. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. 2de uitg. Pretoria: Academica. p. 412-436.)
- Webb, V.N. 1992. Afrikaans as probleem. (*In* Webb, V.N. red. Afrikaans ná Apartheid. Pretoria: Van Schaik. p. 3-23.)
- Winford, D. 2003. An introduction to contact linguistics. Oxford: Blackwell.
- Wissing, D. 2012. Integrasie van artikulatoriese en akoestiese eienskappe van vokale: 'n beskrywingsraamwerk. *LitNet Akademies*, 9(2):701-743. <http://litnet.co.za/Article/integrasie-van-artikulatoriese-en-akoestiese-eienskappe-van-vokale-n-beskrywingsraamwerk> Datum van gebruik: 22 Nov. 2014.
- Wissing, D. 2014a. Fonetiek. (*In* Carstens, W.A.M. & Bosman, N. reds. Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Van Schaik. p. 91-125.)
- Wissing, D. 2014b. Fonologie. (*In* Carstens, W.A.M. & Bosman, N. reds. Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde. Pretoria: Van Schaik. p. 127-169.)
- Young, R. 2007. 'n Harde turksvy om te kraak – Herinneringe van 'n uitsaaier. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Bylaag A: Brief van teksredakteur



12 Desember 2014

Hiermee verklaar ek, me Cecilia van der Walt, dat ek die taalversorging en vertaling van die Verhandeling van me Carmen du Plessis, onder die opskrif *Die aard van Standaardafrikaans in SABC-nuusbulletins*, behartig het.

C. Van der Walt

ME CECILIA VAN DER WALT

BA (*Cum Laude*)

HOD (*Cum Laude*),

Plus Taalversorging en vertaling op Hons-vlak (*Cum Laude*),

Plus Akkreditering by SAVI vir Afrikaans en Vertaling

Registrasienommer by SAVI: 1000228

E-pos-adres: ceciliavdw@lantic.net

Selnommer: 072-616 4943 (S)

Faksnommer: 086 578 1425

Bylaag B: Vraeskema vir e-posonderhoude

Geagte ...

My naam is Carmen du Plessis. Ek is 'n geregistreerde MA-student aan die NWU. Die verhandeling waaraan ek tans werk ter nakoming van die vereistes vir dié kwalifikasie is getiteld "Die aard van Standaardafrikaans by SABC-nuusbulletins". Ek werk onderleiding van dr. Jako Olivier en prof. Wannie Carstens tree as hulpstudieleier op. Die empiriese ondersoek van die studie sluit die kwalitatiewe analisering van radionuusbulletins in. Om die studie die nodige substansie te gee is dit ook nodig dat ek dan ook inligting rakende die samestelling van bulletins insluit, veral met die klem op die teksversorging en redigering. Met hierdie brief wil ek dus uitvind of u dalk beskikbaar sal wees om enkele vrae in hierdie verband per e-pos te beantwoord.

U antwoorde kan anoniem hanteer word indien u dit so sou verkies. Stipuleer asb.

1. Is daar 'n stel *taalriglyne* wat die Afrikaanse nuusdiens by die SAUK gebruik?
2. Waar kan ek toegang kry tot 'n huisstylgids wat die SAUK vir Afrikaanse programme gebruik, spesifiek by die samestelling van nuus (dit is nou indien daar so iets bestaan)?
3. Watter taalkundige bronne word hoofsaaklik ingespan by die skryf van nuus (bv. Die AWS, *Skryf Afrikaans van A tot Z*, *Norme vir Afrikaans*, ens.)?
4. Hoe groot is die rol van vertaling by die samestelling van nuusbulletins (veral as mens kyk na bulletins voor 1990 waar Afrikaans 'n groter rol as ampstaal gespeel het teenoor vandag)?
5. Kan Afrikaanssprekendes die taalgebruik wat in nuusbulletins gebruik word as goeie, Standaardafrikaans beskou en hulle taalgebruik vervolgens daarop moduleer – veral in vandag se dae?
6. Is daar enige reguleringsmaatreëls in plek wat die taal wat oor die radio (spesifiek Afrikaans) uitgesaai word nagaan? (Met ander woorde is daar vandag iemand wat die omroepers of nuuslesers oor die vingers sal tik wanneer swak of

selfsfoutiewe taal op die radio uitgesaai word, soos wat die KTA vroeëjare sou doen)?

7. Na u mening (op grond van u betrokkenheid by die SAUK) word daar vandag nog steeds 'n hoë premie op die gebruik van goeie Afrikaans geplaas (soos voor 1995 met die bestaan van die KTA)?
8. Kan u enigiets byvoeg wat moontlik van waarde kan wees vir die studie?

Bylaag C: Gekodeerde data uit *Atlas.ti*

1. E-posonderhoud: respondent 1

Date: 2014-12-13

P 1: Respondent1.docx

Page: 1/4

01 Respondent #1

02

03 **1. Is daar 'n stel taalriglyne wat die Afrikaanse nuusdiens by die SAUK gebruik?**

04

05 Ja daar was deur die jare riglyne en amptelike stylgidse vir Afrikaanse nuus en nuusaktualiteit. In die jare negentig was daar selfs iemand wat in ons Johannesburgse nuuskantoor gewerk het wie se funksie dit was om joernaliste se skryf- en taalvaardighede te evalueer. So het ons elke Vrydag "toets geskryf" en terugvoering gekry oor algemene foute wat gemaak is. Daar was ook 'n taal en stylgidse wat ou en nuwe joernaliste kon gebruik om op terug te val. Meeste van die taalregulering en terugvoering is egter op 'n informele grondslag gedoen na die programme deur die redakteurs en meer ervare aanbieders. Na 94 het die rol van Afrikaans binne die SAUK verklein en so ook die begroting wat na ons kant toe gekom het. (Die finansiële koek is meer eweredig verdeel en die geld het nie meer soos van ouds hoofsaaklik na Afrikaanse en Engels gegaan nie.) Die SAUK se nuusafdeling het 'n kantoor in elke provinsie. Tradisioneel was die "base" in die kantoor Afrikaans- of Engelssprekend. Elke kantoor het dan ook twee of drie Afrikaanssprekende joernaliste gehad wat dan die nuus van die omgewing in Afrikaans geskryf het en vir die nuusaktualiteitsprogramme verpak het. Na 94 was daar 'n verskralling van Afrikaans in die streke. Minder Afrikaanssprekende joernaliste is aangestel en meeste Streekredakteurs het 'n Afrikataal as eerste taal gepraat, met Engels as sy/haar tweede taal.

06

07

08 Waar die nuus altyd in Afrikaans geskryf is en dan na Engels en ander inheemse tale vertaal is, word die nuus nou in Engels geskryf en die Afrikaanse nuusspanne vertaal dit na Afrikaans. Uit die aard van die afskaling van die begroting het dit daartoe gelei dat baie streke nie meer Afrikaanssprekende joernaliste het nie. Die wat wel het, werk onder mense wat nie Afrikaans magtig is nie en dus geen beheer kan uitoefen oor die kwaliteit van die taal nie.

09

10

11 Ek weet dat die Afrikaanse TV nuus se voormalige uitvoerende regisseur, ***, 'n TV nuusstylgidse aan die gang gehou het. Hy was egter baie pedanties en behoudend...hy sou woorde soos Green Peace as Groenvrede vertaal...iets wat ons by radio nooit sou doen nie.

12

13

14 By Afrikanse radio het die stasiebestuurder, ***, die rol van *** gehad. Sy sal op gereelde grondslag per e-pos riglyne uitstuur oor sekere taalreëls en ook uitsprake sodat daar eenvormigheid is tussen die stasie (RSG) se aanbieders en die van Nuus. Onthou dat die nuusspanne (Bulletins en Nuusaktualiteit soos Monitor en

☀️ # Taal- en stylgidse in die verlede

☀️ # Persone wat taal nagaan

☀️ # Taal- en stylgidse in die verlede

☀️ # Informele taalregulering

☀️ # Finansies perk taalregulering i

☀️ # Redakteurs/fynbestuurders wat a

☀️ # Vertaling van nuus na Afrikaar

☀️ # Finansies perk taalregulering i

☀️ # Redakteurs/fynbestuurders wa

☀️ # Persone wat taal nagaan

☀️ # Struktuur van SABC

42

43

44 Ek dink Afrikaanssprekendes is baie divers en daar is soveel vorme van Afrikaans. Tradisioneel het ons by die SAUK akademiese Afrikaans bevorder, maar ons het ons daarmee in 'n groot mate geïsoleer van baie luisteraars. Onthou daar is 'n verskil tussen 'n nuusbuletin en 'n nuusaktualiteitsbydrae. Die bulletins en ook die intro's van ons aktualiteitsbydraes is 'n redelike weerspieëling van standaard (of wit) Afrikaans. Die oomblik as daar klank bykom, weerspieël dit egter die diversiteit van die land se Afrikaanssprekende bevolking. Ons kan nie voorskiftelik wees as dit kom by iemand wat 'n gas op ons program is nie. Ons kan ook nie verwag dat almal Pretoria Afrikaans praat nie. Ek dink ook ons is baie meer gemaklik met die taal as in die verlede. Ons het nie so 'n obsessie met Engels of Engelse woorde nie. Ek glo ook daaraan dat ons die taal van die mense moet weerspieël. Joernaliste moet woorde gebruik wat hulle in hulle algemene omgangstaal gebruik nie.

 Diversiteit van Afrikaans

45

46

47 6. Is daar enige reguleringsmaatreëls in plek wat die taal wat oor die radio (spesifiek Afrikaans) uitgesaai word nagaan? (Met ander woorde is daar vandag iemand wat die omroepers of nuuslesers oor die vingers sal tik wanneer swak of selfsfoutiewe taal op die radio uitgesaai word (soos wat die KTA vroeër jare sou doen)?

48

49

50

51 Ek dink *** sal daardie vraag kan beantwoord.

52

53

54 7. Na u mening (op grond van u betrokkenheid by die SAUK) word daar vandag nog steeds 'n hoë premie op die gebruik van goeie Afrikaans geplaas (soos voor 1995 met die bestaan van die KTA)?

55

56 Ja ek dink daar word steeds klem geplaas op goeie Afrikaans. Ek dink egter dat joernaliste wat uit universiteit kom, nie noodwendig Afrikaans praat en skryf soos dit 20 of 30 jaar gelede gedoen is nie. Dit plaas baie druk op redakteurs wat die script taalkundig moet nagaan, veral voor spertyd as daar baie stories gelyktydig inkom. Die feit dat baie stories wat van die streke kom, nagegaan is deur redakteurs wat nie Afrikaans magtig is nie, maak dat daar uitdrukkings en woorde gebruik word wat nie noodwendig aan standaard Afrikaans voldoen nie. Dit sou ondervang kon word as ons mense kon aanstel met 'n goeie taalagtergrond en wat foute kan optel voor dit by die ateljee uitkom.

 Taal van nuwe joernaliste toor

 Redakteurs/fynbestuurders wa

 Mense met goeie taalagtergrc

57

58

59 8. Kan u enigiets byvoeg wat moontlik van waarde kan wees vir die studie?

2. E-posonderhoud: respondent 2

Date: 2014-12-13

P 2: Respondent2.docx

Page: 1/2

01 Respondent #2

02

03 Kom ek probeer.... En skryf my gedagtes neer. Hoop ek werp bietjie lig. Dis nogal "moeilike" vrae!! Ek fokus suiwer op nuus – en nie op die algemene uitsendings van RSG nie. Die stasiebestuurder, ***, sal jou hiermee kan help. Ek skryf vir jou 'n paar gedagtes so tussen my bulletins deur – as jy enige spesifieke vrae nog het wat ek vir jou kan probeer beantwoord – stuur aan...

04 Groete

05 ***

06

07

08 Daar word beslis 'n hoë premie op taalgebruik geplaas tov nuus. Dit is egter 'n feit dat die taalgebruik aangepas en verander het sedert die middel 90-er jare. Dit is logies weens die nuwe aanslag van RSG en dat dit nie meer so formeel soos destydse radio is nie. 'n Meer informele aanslag beteken egter nie dat korrekte taalgebruik saam met die badwater uitgegooi word nie. (Dit geld vir al die SAUK se taaldienste)

☀ Verandering in taalgebruik sedert

☀ Formeelheid van radio

☀ Goeie taalgebruik steeds belangrik

09

10 Deesdae is die woord "township" aanvaarbaar in 'n bulletin omdat dit 'n spesifieke en duidelike betekenis het. Voorheen sou dit glad nie gebruik gewees het nie.

☀ Diversiteit van Afrikaans

11

12 Kwaliteit word behou deur deurlopend terugvoer aan mekaar te gee en ook die raad van kenners in te roep. Luisteraars speel ook 'n waardevolle rol. Dit word op informele wyse gedoen deur middel van voorbeelde uit bulletins en wat aanvaarbaar is en wat nie. Daarna sal bepaal word wat die voorkeur woord byvoorbeeld sou wees en wat RSG gaan gebruik. Dit word dan aan al die joernaliste, skrywers en omroepers gestuur. Dit word ook elektronies opgeneem sodat dit toeganklik is vir latere navrae oor wat die gepaste woord sou wees.

☀ Informele taalregulering

☀ Luisteraars as bron van norme

☀ Persone wat taal nagaan

13

14

15 RSG het onlangs weer begin om 'n taalgids die lig te laat sien. Die vorige gids is in die middel 90's uitgereik en aanpassings was dus noodsaaklik. Ek moet egter meld dat 80 persent van dit wat in die "ou" taalgids is – steeds geld en gebruik word. Die veranderinge is hoofsaaklik weens politieke skulpe soos die gebruik van "blankes" wat uitgedien is. Daar is egter nog nie 'n kopie van die gids beskikbaar nie.

☀ Taal- en stylgids in die verlede

☀ Taal- en stylgids tans

16

17

18 'n Verskeidenheid woordeboeke – tweetalig, verklarend, Nuwe
Woorde, die Skryf Afrikaans van A tot Z, regs- en ekonomiese
woordeboeke word daaglik gebruik. RSG het ook die hulp van prof
Ernst Kotze wat as taalraadgewer optree. Wanneer daar vasgeval
word met 'n woord of skryfwyse word daar gewoonlik op hom
gereken om uitsluitel te gee en 'n voorstel te maak. Die uiteinde
van wat gebruik word lê by die stasiebestuurder, ***, om so
eenvomigheid te verseker.

19

20 Regter Frits van Oosten staan ons ook by tov regsterme.

 Naslaanbronne gebruik

 Persone wat taal nagaan

 Taalkenners word gebruik

 Taalkenners word gebruik

3. E-posonderhoud: respondent 3

Date: 2014-12-13

P 3: Respondent3.docx

Page: 1/3

01 Respondent #3

02

03 **1. Is daar 'n stel taalriglyne wat die Afrikaanse nuusdiens by die SAUK gebruik?**

04

05 By radionuus het daar jare gelede 'n tipe aantekeningeboek die
06 rondte gedoen en ek is deesdae bewus van een wat deur
07 televisienuus gebruik word, maar 'n amptelike radionuusgids
08 bestaan nie. Ons het wel riglyne wat van skrywer na skrywer na
09 skrywer oorgedra is. Soos bv om die tyd en plek waar iets gebeur het
10 vroeër in 'n berig in te sluit. Ons begin ook met "Die president van
11 Suid-Afrika, Jacob Zuma...." En nie soos koerante, Jacob Zuma,
12 president van Suid-Afrika nie. Basiese riglyne bestaan wel. 'n
13 Skrywer by 'n ander medium sal dus aanvanklik bietjie sukkel om by
14 die radiostyl aan te pas, en andersom...

 # Taal- en stylgids in die verlede

 # Informele taalregulering

06

07

08

09 **2. Waar kan ek toegang kry tot 'n huisstylgids wat die SAUK vir
10 Afrikaanse programme gebruik, spesifiek by die samestelling van
11 nuus (dit is nou indien daar so iets bestaan)?**

12

13 Dit sal jou dalk handig te pas kom om SAUK2 s'n onder oë te kry. Die
14 redakteur is *** (***) Sê vir hom dat jy met my in kontak was.

15

16

17

18 **3. Watter taalkundige bronne word hoofsaaklik ingespan by die
19 skryf van nuus (bv. Die AWS, Skryf Afrikaans van A tot Z, Norme vir
20 Afrikaans, ens.)?**

21

22 Ek kan nie volgens almal praat nie (baie is te slim vir taalboeke!!!)
23 maar ek gebruik die Verklarende Woordeboek, Spelreëls, HAT,
24 Afrikaans op sy Beste, Skryf Afrikaans en Pharos se
25 Afrikaans/Engelse Woordeboek die meeste. Ook die South African
26 Concise Oxford Dictionary...

 # Naslaanbronne gebruik

18

19 **4. Hoe groot is die rol van vertaling by die samestelling van
20 nuusbuletins (veral as mens kyk na bulletins voor 1990 waar
21 Afrikaans 'n groter rol as ampstaal gespeel het teenoor vandag)?**

22

23 Dit hang af of jy 'n joernalis of 'n skrywer is. SAUK-joernaliste kry
24 opdrag om 'n storie te gaan doen in die taal waarin hy werk. Hierna
25 word dit na die ander dienste gestuur vir vertaling in daardie diens
26 se taal. So sal 'n berig aanvanklik in Zoeloe geskryf word, dan in
27 Engels en laaste in Afrikaans vertaal word. Ander diense wat nie
28 direk uit Zoeloe kan vertaal nie, doen dit almal uit Engels. By
29 Afrikaanse radionuus in Johannesburg waar die eindlessenaar is, het
30 ek die laaste tien jaar bitter min eie berigte gedoen, maar 99 %
31 vertaal.

 # Vertaling van nuus na Afrikaans

22

23 **5. Kan Afrikaansprekendes die taalgebruik wat in nuusbuletins gebruik word as goeie, Standaardafrikaans beskou en hulle taalgebruik vervolgens daarop moduleer - veral in vandag se dae?**

24

25 Hoewel ons die taal deurentyd probeer vernuwe, is daar woorde wat deur die jare 'huishoudelike' Afrikaans gebly het – en ek dink vandag slegs deur 'n handjievol mense gebruik word. Jonger skrywers by radio word warm onder die kraag wanneer die ouer skrywers verouderde Afrikaans gebruik. Almal is baie lief vir die uitgediende woord 'bykans' vir 'byna', en kan ook nie verstaan waarom ons elke keer van 'vragmotor' moet praat en nie sommer net 'lorrie' of 'trok' nie. Ek praat nie eers van 'bedag maak op' nie. Anglisismes kruip daarom al hoe meer in die taalgebruik by radio in.

☀ # Sekere woorde kan as verouderd
☀ # Taal van nuwe joernaliste toon v

☀ # Invloed van Engels

26

27 **6. Is daar enige reguleringsmaatreëls in plek wat die taal wat oor die radio (spesifiek Afrikaans) uitgesaai word nagaan? (Met ander woorde is daar vandag iemand wat die omroepers of nuuslesers oor die vingers sal tik wanneer swak of selfsfoutiewe taal op die radio uitgesaai word (soos wat die KTA vroeër jare sou doen)?**

28

29 Prof Ernst Kotzé in die Baai het my gereeld gekontak wanneer iemand iets snaaks geskryf of gesê het, en in die ou dae het jy gereeld oproepe van radiohoofde soos Morkel van Tonder en Roelf Jacobs (ook Steve de Villiers en selfs Douglas Fuchs) gevrees. Baie foute kan ook aan omroepers toegeskryf word wat sommer sal besluit dat dit nodig is om 'n woord soos 'huidiglik' in 'n berig te voeg! Dan bel al wat luisteraar is want hulle meen dis die nuusskrywer wat dit so gedoen het. 'n Verlore stryd – die geveg tussen skrywers en omroepers.

☀ # Taalkenners word gebruik
☀ # Radiohoofde het invloed in di
☀ # Omroepers kan foute invoeg

30

31 **7. Na u mening (op grond van u betrokkenheid by die SAUK) word daar vandag nog steeds 'n hoë premie op die gebruik van goeie Afrikaans geplaas (soos voor 1995 met die bestaan van die KTA)?**

32

33 Die KTA het gesorg vir ons radioskryf-Bybel. Ja almal dra vandag nog steeds goeie Afrikaans op die hart, maar dit word nie meer noodwendig as belangrikste, of grootste prioriteit beskou nie. Daar is nie meer soos destyds 'n voorsitter van 'n KTA wat die foon optel en 'n uitgediende woord, of 'n verkeerde een, net daar en dan nek-omdraai nie.

☀ # Goeie taalgebruik steeds belang
☀ # Taalregulering is in die verlede

34

35

36

37 **8. Kan u enigiets byvoeg wat moontlik van waarde kan wees vir die studie?**

38

39 Daar is 'n reuse verskil tussen skryf vir 'n oor en skryf vir 'n oog. Vertolking van 'n berig deur 'n nuusleser (hulle is nie noodwendig goeie omroepers nie) is uiters, uiters belangrik. Die leser moet weet wat die skrywer bedoel het, waar klem gelê moet word, waar stiltes

☀ # Verskil tussen taal vir radio en in
☀ # Omroeper se vertolking en begri

nodig is, ens. ens. Ek kan binne die eerste twee sinne van 'n berig oor die lug, vir jou sê of die leser begrip het van wat hy lees, en of hy/sy voorberei het of nie. Dit is die GROOTSTE van alle sondes wanneer 'n omroeper dink dat hy alles weet en nie nodig het om voor te berei nie.

40

41 Die beste voorbeeld hier, is 'n berig wat 'n kollega geskryf en deur my redakteurshande gegaan het as 100% korrek. Totdat ek dit op die lug gehoor het. (Sy het geskryf van 'n seiljag wat in Durban gesink het). Op skrif : Die jag se kaptein is later gered.

42

43 Op die oor: Die jagse kaptein is later gered.

 || Omroeper se vertolking en begrip

4. E-posonderhoud: respondent 4

Date: 2015/11/17

P 4: Peet van Staden Epos.docx

Page: 1/2

01 Carmen

02

03 Jy vra kort vrae wat lang antwoorde verg. Kom ek maak my opmerkings chronologies, anders verwar ek jou:

04

05

06

07 2. Jy mag die stylgids gebruik met erkenning aan die outeur. Ek weet nie of Sandy-hulle hom dalk bygewerk het nie, in welke geval jy hom aan my en Sandy Macdonald/die Afrikaanse TV-nuusredaksie moet erken, hoe Sanmdy dit ook al verkies. Ek heg hom daarom nie aan nie. As Sandy-hulle nie bygevoeg het nie en jy wil 'n eksemplaar van my af hê, kan jy laat weet.

08

09 3. Maar jy moet in gedagte hou hoe die dokument ontstaan het en hoe hy gebruik sou word. Daar was tradisioneel twee gidse by die SAUK. Oor die Taalkaartjies, wat fokus op uitspraak, praat ek later. Die ander bron is hoofsaaklik 'n skryfgids vir radio wat mettertyd somer ook vir TV geword het. Sy titel is *Taalbulletin* en die saamstellers van die uitgawe wat ek het, die vierde (kopiereg SAUK, Johannesburg, ISBN 0 86972 077 5), is Carel van der Merwe en Hendrik Engelbreg - korrek gespel. Maar een van die wesenlike doele van sulke skryfgidse is om die gebruikers met die nuwe begrippe te help. Die *Taalgids* is nie bygehou nie en ek het gevolglik vir die Afrikaanse TV-nuusredaksie wenke begin stuur weens foute op die lug. Dit het mettertyd 'n e-bundel geword met die titel *Riglyne vir skryfwerk* wat tussen 2004 en 2012 kort-kort, soms daaglik, bygewerk is. Dit was soms nodig om vollediger oor spesifieke onderwerpe te skryf wat te lank is vir insluiting in *Riglyne*. Die afsonderlike aanvullende dokumente het gehandel oor gholf, plekname en vuurwapens. Sandy self het een oor regsbeginsels geskryf. *Riglyne* het gefokus op nuwe dinge, dinge wat jy nie in woordeboeke en gepubliseerde skryfgidse kon kry nie. Dit beteken dat hy hom nie ophou met sekere staande voorskrifte nie, en ook dat hy verouderd begin raak het die oomblik toe (ek) hom nie meer bygehou het nie.

✖ Taal- en stylgids in die verlede

✖ Nuwe terme moet geskep v

✖ Taal- en stlgids tans

10

11 4. Oor die plasing van die werkwoord: anders as koerante, tydskrifte en nuwe media skryf TV en radio vir die oor, nie vir die oog nie. Daarom is dit nie verkeerd om die werkwoord vroeër in die sin te sit nie. Dis trouens dikwels verkieslik. Lang saamgestelde sinne mag trouens nie eindig met twee agtereenvolgende werkwoorde, geskei deur 'n komma, nie.

✖ Verskil tussen taal vir radio en in

12

13 5. Titels lok altyd heftige debat uit en is gewoon 'n kwessie van huisstyl. Radionuus volg byvoorbeeld die patroon van baie nuusorganisasies in veral die Weste: met die eerste verwysing is dit Meiring Naudé en daarna is dit Naudé. Die doktor of meneer word nie genoem nie. Volgens 'n effe hofliker weergawe is die eerste verwysing doktor Meiring Naudé en daarna is dit Naudé. Die SAUK se TV-nuusredaksie het rondom 1996 'n lomp model gekies. Met die eerste verwysing is dit Meiring Naudé en daarna konsekwent doktor Naudé. Die Afrikaanse redaksie het dié besluit destyds teengestaan, maar ek vermoed hy is die enigste taalredaksie in TV wat dit nog toepas.

14

15 6. Terloops, tradisioneel is mense by SAUK-nuus geleer om eers die benoeming en dan die naam aan te gee: die hoof van die Valke, Koos van der Merwe, pleks van andersom soos die koerante graag skryf. Dit word nie meer konsekwent gedoen nie, veral nie in Engels nie.

✖ Verskil tussen taal vir radio en in

16

17 7. Omdat die strewende by die SAUK nog altyd Standaardafrikaans, Standaardengels en ook die ander tale was - vir skryf en uitspraak - het die hoofriglyn altyd van die Komitee vir Taaladvies (die KTA) gekom. Mense soos wyle prof. Johan Combrink en dr. Anton Prinsloo was van die akademies gekwalifiseerde hoofde daarvan en Carel van der Merwe een van die SAUK-dryfvere. Maar met die bewindsoorname van 1996 het die KTA ook verdwyn. Daarom het ek en ons toe maar teruggeval op standaardnaslaanbronne. Van die nuttigste bronne vir my is:

✖ Taalregulering is in die verlede

✖ Radiohoofde het invloed in di

 Naslaanbronne gebruik

- 18 * *Die Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS). Kaapstad: Pharos. Die jongste uitgawe is altyd die gebruiklike. Nou is dit die tiende;
- 19 * Combrink, Johan en Spies, Johan. 1994. *SARA: Sakwoordeboek van regte Afrikaans*. Kaapstad: 1994. Tweede uitgawe;
- 20 * Hiemstra, L.W. 1980. *Die juiste woord*. Kaapstad: Tafelberg en Nasou; en
- 21 * Prinsloo, A.F. 1995. *Afrikaans op sy beste*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers. Dié boek van Anton Prinsloo, in 'n stadium hooftaaladviseur van die SAUK en as voorsitter van die Taalkommissie van die SA Akademie ook hoofredakteur van die AWS (negende uitgawe), gee heelwat uitspraakriglyne.
- 22
- 23 Ek wil ook byvoeg dat die media natuurlik baie gemeen het. Daarom is koerantstylboeke belangrik. Maar 'n bron wat jy werklik onder oë moet kry as jy nie reeds het nie, is my vrou se M.A.-verhandeling. Die besonderhede is: Van Staden, Elise. 1992. 'n *Linguistiese* (my e-pos kan nie 'n deelteken-i maak nie) *beskrywing van die register Koerantafrikaans*. M.A.-verhandeling, RAU. Wannie behoort 'n eksemplaar te hê, anders kan jy hom sekerlik in die UJ-biblioteek opspoor.
- 24
- 25 8. Die SAUK het nog altyd 'n besondere hoë uitspraakstandaard gehandhaaf. Hoewel dit seker in die jongste jare in 'n mate agteruitgegaan het, was en is die hoofbron daarvan die sogenaamde Taalkaartjies. Dit is 'n stelsel met duisende name en die regte uitsprake daarby. Aanvanklik was dit fisieke kaartjies, maar dit is later op slapskyf in die nuuskantore se rekenaarstelsel beskikbaar gestel. Dit word bygehou, maar ek vermoed ongelukkig nie meer deur mense op Anton P. se akademiese vlak nie.
- 26
- 27 Ek het dié opmerkings taamlik formeel gestel as jy daarvan wil aanhaal. Ook dit mag jy doen solank jy dit aan my toedig. Ander mense het moontlik 'n ander siening.
- 28
- 29 Groete, ook aan Wannie.

 Taal- en stylgids in die verlede

5. Opname: 29 Oktober 2014


Date: 2015/11/18

P 4: 2014.docx


Page: 1/3


- 01 Dis eenuur en welkom by Spektrum, saam met Hendrik Maartin, Danny Booysen en ek is Suzanne Paxton.
- 02 In die nuus:
- 03 Die regering word daarvan beskuldig dat hy hidrobreking verhaas.
- 04 'n Man vloek die regter na hy nege lewenslange tronkstrawwe opgelê is;
- 05 En Orlando Pirates kry berading na Senzo Meyiwa se dood.
- 06 En in Spektrum
- 07 'n Verkiesing sal binne drie maande in Zambië gehou word na die onverwagse dood van die land se president – “En hy laat Zambië agter met 'n hele reeks probleme”
- 08 Hansworse voer 'n skrikbewind in Frankryk
- 09 En antwoorde word gesoek ná 'n vuurpyl in Amerika ontplof.
- 10 Die nuusleser is Ian Wessels.
- 11 (Advertensie)
- 12 (Spreker verander)
- 13 Hartlik goeiemiddag.
- 14 Die drukgroep, Treasure Action Group, het die regering daarvan beskuldig dat hy hom haas om lisensies uit te reik vir hidrobreking in die groter Karoo. Die groep sê hy monitor die proses en sal houe vra om in te gryp as dit nodig is. Dit volg op berigte dat die Departement van Energie en Minerale teen Julie of Augustus volgende jaar eksplorasielisensies vir skaliegas gaan uitreik. 'n Woordvoerder van die groep, Jonathan Dell, sê vrae oor die impak op die omgewing en die ekonomiese gevolge van skaliegas is nog nie beantwoord nie.
- 15 Die saak teen die man wat in hegtenis geneem is in verband met die kaping van, en moord op 'n kleuter van Reigerpark, Taegrin Morris, is in die Boksburg-landroshof tot vyf November uit..., jammer tot sewe November uitgestel vir 'n
- Tegniek - Formaat
- Uitspraak - Assimilasie
- Woordkeuse - Nuutskepping
- Sinskonstruksie - Neweskikker
- Sinskonstruksie - Neweskikkende
- Direkte Aanhaling
- Sinskonstruksie - Neweskikker
- Woordkeuse - Nuutskepping
- Tegniek - Formaat
- Woo
- Vals inleiding

borgtogaansoek. Die staat het aangedui dat hy borgtog sal teëstaan. Taegrin is dood nadat hy in Junie 'n aantal kilometer agter sy ma se gekaapte motor aangesleep is. Die twee-entertig-jarige verdagte is in Katlehong in hegtenis geneem.

- 16 Die moordenaar en verkrachter van (huh) drie kleutermeisies in Diepsloot, Soweto, het die regter in die Noord-Gautengse Hooggeregshof gevloek toe hy vandag nege lewenslange tronkstrawwe en 'n bykomende vyftien jaar tronkstraf vir die misdade opgelê is. Die 28-jarige Ntokozo Hadebe is gister in die Noord-Gautengse Hooggeregshof in Pretoria skuldig bevind op drie aanklagte van moord, drie van ontvoering en ses van verkrachting. Hadebe het ontken dat hy die vyf-jarige Anelisa Mkhonto, die twee-jarige Yonalisa Mali en haar niggie, die driejarige Zandile, in September en Oktober verlede jaar verkrag en vermoor het. 

- 17 In die Wynbergse landdroshof in Kaapstad is die hofsaak teen 'n 70-jarige man, wat beskuldig word van die verkrachting van verskeie kinders, tydelik verdaag sodat hy sy regsverteenwoordiger kan raadpleeg. Die gemeenskapsleier van Philippi op die Kaapse Vlakte staan tereg op verskeie aanklagte, nadat hy na bewering 'n onbekende aantal kinders, van wie sommige so jonk as vyf jaar is, die afgelope paar maande seksueel mishandel het. Die man doen aansoek om borgtog.

- 18 Verdere beeldmateriaal is vanoggend in die Shrien Dewani-moordverhoor in die Wes-Kaapse Hooggeregshof vertoon. Die taxibestuurder, wat reeds 'n vonnis uitdien, nadat hy aan die moord op Anni Dewani skuldig bevind is, Zola Tonga, getuig vandag verder. Die staatsaanklaer, Shareen Riley het beeldmateriaal vertoon, van Shrien en Anni Dewani se besoek aan 'n restaurant in die Strand op dertien November twintigtien. Dit wys ook waar Shrien Dewani en Tonga vooruitloop, met Anni agterna en dat Dewani 'n SMS aan Tonga stuur nadat die wittebroodspaar sitplek ingeneem het in die restaurant. Selffoonrekords is ook by die hof ingedien. Die Dewani's sou vandag hulle vierde huwelikshedenking vier. Dewani, wat van die moord op sy vrou aangekla word, het onskuldig gepleit op die aanklag. 

- 19 Die Lesotho parlement bespreek vandag 'n mosie om die magte van die premier te ontnem om die parlement op sy eie op te skort óf te ontbind. Die mosie is daarop gerig om 'n deel van die grondwet te wysig, wat daartoe gelei het dat die 

premier, Tom Thabane, die parlement in Junie opgeskort het, wat tot die politieke krisis in die land gelei het. 'n Parlements lid van Thabane se party is gister geskors, nadat hy die koninklike staf uit die parlement verwyder het, wat beteken het dat die mosie nie ter tafel gelê kan word nie. 'n Mosie kan nie sonder die staf bespreek word nie.

- 20 Die **Orlando** Pirates-sokkerklub sê die span se spelers ontvang op die oomblik sielkundige **b(ou)rading**. Dit volg na die moord op hulle kaptein, Senzo Meyiwa wat ook die Bafana-Bafana kaptein was. Die 27-jarige doelwagter is Sondag by 'n huis in Vosloorus, aan Gauteng se Oos-Rand deur inbrekers doodgeskiet. 'n Woordvoerder van die klub sê die berading word verskaf sodat die spelers Meyiwa se dood kan verwerk.

 Uitspraak - Engels
 Tegniek - Hortend

- 21 'n Seldsame en intieme familiefoto van oud-president Nelson Mandela en sy familie is op 'n veiling in Kaapstad vir honderd-en-dertien-duisend rand verkoop. Die foto is deur die bekende fotograaf, Alf Khumalo geneem in dieselfde jaar as die uitspraak in die hoogverraad-verhoor en voordat Madiba na Lilliesleaf, in Rivonia gevlug het. Die eerste Banksy-kunswerk wat in Afrika te koop aangebied is, is op dieselfde veiling vir tweehonderd-en-vyftig-duisend rand verkoop. Banksy is 'n **graffiti**-kunstenaar wat in die laaste 20 jaar beroemdheid verwerf het.

 Uitspraak - Niestandaard

 Uitspraak - Engels

- 22 Ten slotte die hoofnuus:

 Tegniek - Formaat

- 23 Die drukgroep, Treasure Action Group, het die regering daarvan beskuldig dat hy hom haas om lisensies uit te reik vir hidrobreking in die groter Karoo.

 Woordkeuse - Nuutskepping

- 24 Dis die einde van die nuus. onder die redaksie van Johan Liebekriek en Ina Strydom. RSG se volgende bulletin is die hooftrekke om tweeuur.

 Tegniek - Formaat

 Woordkeuse - Afkorting

2013

- 01
- 02 Obama gaan **oudpresident** Nelson Mandela se tronksel op Robbeneiland besoek om hulde te bring aan die ikoon wie se (ge-)vergewensgesindheid van sy onderdrukkers die wêreld geïnspireer het. Obama is op die Kaapstadse internasionale lughawe deur Suid-Afrika se ambassadeur in Amerika, Ebrahim Rassool, en ander verwelkom. Dit is die tweede deel van sy amptelike besoek aan Suid-Afrika, nadat hy gister in Pretoria bilaterale samesprekings met president Jacob (pouse) Zuma gevoer het en Soweto besoek het. Jannie van Rensburg doen verslag:
- 03 “Obama sal ook teen die loop van die dag besoek aflê by die Desmond Tutu MIV-jeugsentrum in Masiphumelele naby Kommetjie, voor hy studente by die Universiteit van Kaapstad om sesuur vanaand sal toespreek. Jannie van Rensburg, **SAUK**-nuus, Kaapstad.”
- 04 Intussen 'n het 'n klein groepie betogers onder die No-bama koalise-vaandel naby die Universiteit van Kaapstad se kampus saamgetrek. Hulle vertoon plakkaat wat Obama van misdade teen die mensdom beskuldig. Die groep het sedert Dinsdag verskeie protesoptogte in veral Pretoria en ook in Kaapstad gehou, om onder meer beswaar te maak dat Amerika onder Obama se leierskap, Afrika van sy bronne plunder.
- 05 Lede van die Umkhonto we Sizwe Militêre veterane-vereniging, het by die Mediclinic Harthospitaal in Pretoria opgedaag, waar oud-president Mandela behandel word. Die vereniging is by die ingang van die hospitaal, waar hulle sing en dans om Madiba beterskap toe te wens en hulde aan hom te bring. 'n Woordvoerder sê hulle is daar om solidariteit met hul voormalige bevelvoerder te toon. Die oudpresident en ander ANC-leiers het die MK in 1961 gestig, as die gewapende vleuel van wat toe die ondergrondse bevrydingsbewegings was.
- 06 Intussen word verskeie gebedsbyeenkomste vir Madiba vandag gehou. In Bloemfontein is die (sekre-) sekretaris-generaal van die ANC, Gwede Mantashe, by 'n diens wat deur duisende mense bygewoon word. Die Vrystaatse premier, Ace Magashule, is ook teenwoordig. In Polokwane, (asemhaling) Limpopo, word 'n staptog vir Madiba aangepak, wat deur 'n diens gevolg sal word. Mense is van oral oor die provinsie met
- Uitspraak - Niestandaard
- Woordkeuse - Taalsuiwerheid
- Tegniek - Hortend
- Woordkeuse - Taalsuiwerheid
- Woordkeuse - Afkorting
- Woordkeuse - Afkorting
- Woordkeuse - Nie-amptelike be
- Woordkeuse - Taalsuiwerheid
- Woordkeuse - Politieke taal
- Woordkeuse - Taalsuiwerheid
- Woordkeuse - Afkorting
- Woordkeuse - Politieke taal
- Woordkeuse - Taalsuiwerheid
- Sinskonstruksie - Woordorc
- Tegniek - Hortend
- Woordkeuse - Afkorting
- Tegniek - Hortend
- Woordkeuse - Taalsuiwerheid

busse vir die geleentheid aangery.

- 07 Oud-president Nelson Mandela se kleinseun, Mandla Mandela, sê hy het geen ander keuse as om die hofaansoek wat deur familieleden teen hom gebring is, teen te staan nie. Lede van Madiba se familie, onder wie sy vrou, Graca en sy oorlewende kinders het Vrydag 'n dringende hofbevel bekom wat Mandla Mandela dwing om die oorskot van Mandela se drie kinders van Mvezo af, in Qunu te herbegrawe. Mandla Mandela het die oorskot in 2011 in Mvezo herbegrawe, waar hy die hoofman is. Hy sê hy het nie die hofbevel ontvang nie en is hartseer en teleurgesteld dat die families verkies het om hulle na die hof te wend om ingewikkelde familiesake op te los. Hy het volgens berigte tot vanaand kans om die hofbevel teen te staan.

☀ Wordkeuse - Taalsuiwerheid

- 08 Twee mense is dood en nog vyf beseer in 'n ongeluk tussen vier voertuie in Maraisburg in Johannesburg. ([maak keel skoon](#)) ER24 sê, die presiese oorsaak van die ongeluk is nie bekend nie, maar dat dit wil voorkom asof een voertuig gaan staan het en twee mense probeer help het. Die tweede ongeluk het gebeur toe 'n voertuig **in dié twee mense vasgery het**. Die beseerdes is na verskeie hospitale geneem.

☀ Tegniek - Hortend

☀ Wordkeuse - Afkorting
Sinskonstruksie - Woordorde~

- 09 In die Vrystaat is nege mense ernstig beseer in 'n ongeluk op 'n grondpad buite Bloemfontein. Die ongeluk het gebeur toe die voertuig waarin hulle gereis het op 'n pad in die Maselspoortgebied omgeslaan het. Die beseerdes is na verskeie hospitale geneem en die oorsaak van die ongeluk word steeds ondersoek.

- 10 Ten slotte weer die hoofberig:

☀ Tegniek - Formaat

- 11 President Barack Obama van Amerika en sy geselskap het in Kaapstad aangekom, waar hulle per helikopter na Robbeneiland vertrek het. Obama gaan oudpresident Nelson Mandela se tronksel op Robbeneiland besoek.

☀ Wordkeuse - Nie-amptelike be

2004

01

02 Goeie môre, dis nou presies sesuur. Dis Dinsdag sestien
03 Maart en die monitorspan vanoggend:

04 Jean Booysen, Willem Lategan, Kobus Bester en Suzanne
05 Steyn.

06 En in die nuus vanoggend;

07 Vrae oor gevaarlike verdagtes wat sonder boeie in die
08 hof verskyn

09 Noodsamesprekings oor terreur vind Vrydag in Brussel
10 plaas

11 En die sonnestelsel het nou amptelik tien planete
12 (spreker verander)

13 En in monitor **vanoggend**;

14 Tony Leon sê die (presint) president Mbeki het die
15 grondwet ondermyn deur 'n weermag vliegtuig na Haiti
16 te stuur.

17 Nog 'n Kaapse skool word deur 'n moontlike
18 rassevoorval getref.

19 En een van die beskuldigdes in die
20 boeremaghoogverraadsaak bring 'n nuwe borgtog
21 aansoek.

22 Maar nou eers die nuus om ses.

23 **En** die nuus word gelees deur Evert Snyman.

24 Die kwessie word bevraagteken of verdagtes toegelaat behoort
25 te word om 'n hof sonder boeie binne te gaan. Dit volg na die
26 ontsnapping van ses transitoroofverdagtes en minstens een
27 medepligtige uit die Roodepoortse Landdroshof, aan die Wes-

 Tegniek - Formaat

 Sinskonstruksie - Neweskikker

 Sinskonstruksie - Neweskikkende

 Uitspraak - Assimilasie  !

 Vals inleiding

 Sinskonstruksie - Neweskikkende

 Sinskonstruksie - Neweskikkende

 Sinskonstruksie - Neweskikkende

- Rand. Die mans wat nie geboei was nie het twee vuurwapens van die openbare galery af gekry. Hulle het daarna die landdros aangehou, voordat hulle gevlug het. Die polisie het die mans as uiters gevaarlik bestempel. Ingevolge 'n uitspraak van die Konstitusionele Hof is die dra van boeie in 'n hof 'n skending van 'n persoon se grondwetlike regte. Prokureur Raymond Eastes het egter gesê die situasie is onaanvaarbaar vir prokureurs en landdroste in howe, en hulle behoort voortaan te weier om te verskyn as die staat nie hulle veiligheid kan waarborg nie.
- 18 Werkgewers en vakbonde in die padvragvervoerbedryf sê hulle het ooreengekom op 'n agt persent algemene verhoging en 'n verhoging van minimum salarisse op alle vlakke. Dit bring 'n einde aan ses maande se onderhandelings namens die vyftigduisend mense, wat in die bedryf werk. Die partye het Vrydag by 'n vergadering besluit om met die samesprekings voort te gaan en 'n staking afgeweer wat vir gister beplan is. Werkers het ook ingestem om hulle werkgewers twee jaar te gee om 'n dertiende tjek in te faseer.
- 19 'n Suid-Afrikaner wat deur Amerika uitgelewer is, sal Woensdag in die Durbanse landdroshof verskyn op aanklagte wat verband hou met die beweerde bedrog van meer as agt-en-twintig-miljoen rand se trustgeld. Die man is vroeër in Atlanta in hegtenis geneem en aan speurders van die Durbanse handelsmisdaadtak oorhandig. Die polisie is reeds twee jaar lank op sy spoor. Die geld is na bewering uit trustrekeninge geneem terwyl hy as prokureur in Durban gewerk het.
- 20 Libië het sy bod om die Pan-Afrika parlement te huisves laat vaar, wat dus Suid-Afrika en Egipte as die enigste mededingers laat oorbly. Libië het sy besluit die afgelope naweek aan die Afrika Unie bekend gemaak, tydens 'n vergadering van permanente verteenwoordigers van die AU in Addis Abeba. Die AU sal na verwagting by die AU se jaarvergadering in Julie besluit waar die parlement gesetel sal wees.
- 21 President Pervez Musharraf van Pakistan eis dat sowat seshonderd vermeende Al-Kaïda-lede wat in 'n wettelose gebied op die grens van Afghanistan wegkruip, oorgee. Musharraf het 'n ultimatum aan hulle gestel, om óf oor te gee óf hulle sal gejag word. Konserwatiewe Pasjtoen stamme met sterk anti-Amerikaanse siennings en simpatie met Al-Kaïda,

Wordkeuse - Nie-amptelike bei

Uitspraak - Engels

Uitspraak - Niestandaard

Uitspraak - Niestandaard

Wordkeuse - Afkorting

Wordkeuse - Afkorting

Uitspraak - Assimilasie

- woon in die gebied. Musharraf het aan Al-Kaïda vegters die skuld gegee vir die onlangse slypmoordpoging op sy lewe net buite Islamabad.
- 22
- 23 Amerika het Pakistan geloof omdat hy 'n reuse motorbomontploffing buite die Amerikaanse konsulaat in Karatsji verhoed het. Die Pakistanse owerheid het sowat ses-honderd-en-vyftig liter chemiese ploffstof in 'n bakkie gekry, wat buite die swaarbewaakte gebou geparkeer was en dit onskadelik ontstel. Die voorval het gebeur slegs twee dae voor die se besoek aan die Pakistanse hoofstad, Islamabad.
- 24
- 25 **Justisie** en Binnelandse sake ministers in die Europese Unie sal Vrydag noodsaamesprekings oor anti-terreur in Brussel voer, na die verwoestende bomaanvalle in Madrid die afgelope week. Duitsland het die vergadering aangevra na die rits bomontploffings in die Spaanse hoofstad waarin minstens tweehonderd mense dood is en eenduisend-vyf-honderd beseer is.
- 26
- 27 **En** dit is nou amptelik, ons sonnestelsel het eintlik tien planete. Amerikaanse wetenskaplikes sê Sedna het Pluto as die buitenste planeet vervang. Wetenskaplikes van die Amerikaanse Ruimte-agentskap, het die ontdekking in Washington bekend gemaak. Sedna is bykans dertienmiljard kilometer vanaf die aarde en is vernoem na 'n seegodin. Die planeet se deursnee is na raming sowat eenduisend-seshonderd kilometer, driekwart die grootte van Pluto. NASA sê Sedna het 'n sterk rooi kleur en dit neem die ysige planeet tienduisend-vyfhonderd jaar om rondom die son te wentel.
- 28
- 29 En om mee af te sluit weer die hoofnuus.
- 30
- 31 Vrae oor die kwessie dat gevaarlike verdagtes sonder boeie in howe verskyn, en die sonnestelsel het nou amptelik tien planete met die ontdekking van planeet Sedna.
- 32 En dit is die einde van die nuus. Die volgende bulletin op RSG is om seweur.

Woordkeuse - Nie-amptelike bei

Woordkeuse - Anglisisties

Sinskonstruksie - Neweskikkende

Woordkeuse - Afkorting

Tegniek - Formaat Sinsl

Woordkeuse - Afkorting

8. Opname: 6 Junie 1997

1997

01

02 Goeiemiddag en baie welkom by ons
nuusaktualiteitsprogram Spektrum. Vanmiddag saam met
Magdeleen Kruger, Sharon Sterad en Norma Odendal.

In die nuus vanmiddag:

03

04

Die ontslag van honderd-sewe-en-tagtig
weermagdele weens muitery sal na verwagting
vanmiddag bekragtig word.

Die PAC vra weer vir 'n referendum om die
Bosbokrand-geskil te besleg

05

En die Springbok heelagter, Andre Joubert, sukkel
met 'n besering.

06 Ook in vanmiddag se uitsending van Spektrum:

07

08

Die voormalige Minister van Wet en Orde, Adriaan
Vlok, gaan voor die Waarheidskommissie getuig
oor die staatsveiligheidsraad.

Hoop op 'n moontlike deurbraak in onderhandelinge
oor die wet op basiese diensvoorwaardes vervaag,
nadat COSATU samesprekings met Besigheid
Suid-Afrika van die hand wys.

09

En pogings om Suid-Afrika se bedreigde
kraanvoëlspesies te red, kry 'n noodsaaklike
geldelike hupstoot.

010 Dit dan wat betref vanmiddag se uitsending van Spektrum
wat duur tot net na tweeuur.

Maar nou eers die nuusbuletin wat aangebied word met
die **komplimente** van Vodacom.

(Advertensie)

11

12

13

⚡ Tegniek - Formaat

⚡ Uitspraak - Assimilasie

⚡ Uitspraak - Assimilasie

⚡ Woordkeuse - Afkorting

⚡ Sinskonstruksie - Neweskikker

⚡ Tegniek - Formaat

⚡ Woordkeuse - Afkorting

⚡ Sinskonstruksie - Neweskikker

⚡ Uitspraak - Assimilasie

⚡ Tegniek - Formaat

⚡ Sinskonstruksie - Woordorde

⚡ Sinskonstruksie - Neweskikk

⚡ Uitspraak - Niestandaard

14 Die nuusleser is Nikki van den Berg.

15 (spreker verander)

16

17 Die ontslag van honderd-sewe-en-tagtig weermaglede wat vroeër vandeewee deur 'n krygsraad aan muitery skuldig bevind is, gaan na verwagting laat vanmiddag bekragtig word. Die lede van vier en van drie bataljon op Middelburg, Mpumalanga is skuldig bevind daaraan dat hulle tydens 'n militêre oefening in September verlede jaar geweier het om die wettige bevel van hulle bevelvoerende offisier te gehoorsaam. (pouse - blaai om) Hulle is almal uit die weermag ontslaan. Die krygsraad se uitspraak en vonnis moet binne agt-en-veertig uur bekragtig word en dié tydperk verstryk vanmiddag.

Uitspraak - Niestandaard

18 Die PAC het weereens 'n oproep gedoen vir 'n referendum om die Bosbokrand-grensgeskil op te los. 'n PAC woordvoerder, Motsoko Pheko sê dit is die enigste uitweg om die saak vreedsaam te skik. Hy het kerke in die omgewing geloof omdat hulle 'n optog gereël het om die inwoners van Bosbokrand te steun. Sowat dertigduisend mense het aan die optog deelgeneem. Pheko het ook die PAC se steun toegesê aan 'n ope brief wat die Bosbokrand-grenskomitee vroeër die week aan president Nelson Mandela gestuur het.

Woordkeuse - Afkorting

Woordkeuse - Afkorting

19 Intussen ontmoet die Minister van Grondwetlike Sake, Valli Moosa vandag lede van die Bosbokrand-grenskomitee in Pretoria, om die voortslepende grensgeskil in die Noordelike Provinsie te bespreek. Die vergadering vind op Moosa se versoek plaas. Ontstoke inwoners van Bosbokrand wat eis dat hulle gebied by Mpumalanga ingelyf moet word, het gister tydens die begrafnis van 'n slagoffer van die onrus, twee vragmotors aan die brand gestee en die ('n) verbygaande voertuig onder die klippe gestee.

Woordkeuse - Taalsuiwerheid

Vals inleiding

20 Vroeër is berig dat inwoners van Matras in die Bosbokrand-gebied, elf hutte afgebrand het wat behoort het aan twee gesinne wat van hekserij beskuldig is. 'n Polisiewoordvoerder, Thomas Ramatseba sê die twee gesinne is daarvan beskuldig dat hulle in 1994 'n skoolkind se dood deur toordery veroorsaak het. Niemand is in

gisternag se voorval beseer nie maar 'n bejaarde man wat in een van die hutte gewoon het, word steeds vermis. Die toestand is steeds gespanne en die polisie patroleer die gebied. Ramatseba sê inhegtenisnemings word eersdaags verwag.

- 21 Die verhoor van die vermeende Gautengse reeksmoordenaar, Moses Sithole is weer in die Pretoria se hooggeregshof uitgestel. Sithole is vroeër vandag na 'n distriksgeneesheer geneem, nadat hy van maagpyn en pyn in sy regterbeen gekla het. Volgens 'n brief van die dokter, is Sithole se regterbeen die helfte dunner as sy ander been en is hy besig om agteruit te gaan as gevolg van skade (uhm) aan 'n senuwee. Die dokter het voorgestel dat Sithole sit terwyl hy getuie is lewer. Die verhoor sal na verwagting Maandag hervat word.

 Sinskonstruksie - Woordorde
 Tegniek - Hortend

- 22 Die voortslepende protesoptrede deur lede van die POPCRU-polisieverbond (in Oos-...) in die Oos-Kaap het sedert vroeg verlede maand tot die vrylating van vier-en-dertig verdagtes gelei. Betogende POPCRU-lede gebruik slegs **Xhosa** wanneer hulle dossiere invul. Na wat verneem word, het die howe reeds vier-en-dertig dossiere aan die polisie teruggestuur omdat die hofamptenare nie **Xhosa** magtig is nie. Altesaam negentien van die tweehonderden-vyf polisiestasies in die Oos-Kaap word deur dié optrede geraak. POPCRU eis dat die nasionale polisiekommissaris, George Fivaz moet bedank. POPCRU-lede en die polisiebestuur sal na verwagting aanstaande Woensdag vergader, in 'n poging om die geskil te besleg.

 Vals inleiding  Woordkeuse

 Woordkeuse - Afkorting
 Woordkeuse - Afrikaanse Skry

 Woordkeuse - Afrikaanse Skry

 Woordkeuse - Afkorting

 Woordkeuse - Afkorting

- 23 Vier gevaarlike misdadigers het uit die Umtata-gevangenis in die Oos-Kaap ontsnap. 'n Woordvoerder van die Departement van Korrektiewe Dienste, Mdoda Dewati, sê die mans het van die tronk se sportveld af verdwyn. Hulle is almal langtermyngevangenes wat skuldig bevind is aan misdade, wat van huisbraak tot moord wissel.

 Tegniek - Formaat

- 24 Die junior offisiere wat sowat dertien dae gelede 'n staatsgreep in Sierra Leone uitgevoer het, hou voet by stuk ten spyte van dreigende militêre ingryping van buurlande. Die leiers het eise, dat die voormalige regering dadelik teruggebring word, verwerp. Hulle sê so 'n stap sal

 Sinskonstruksie - Radioform

die stabiliteit van die land in gevaar stel. Die militêre leiers hou ook vol dat hulle vir agtien maande aan bewind gaan bly, voordat 'n nuwe regering deur 'n algemene verkiesing ingestem word. Hulle het vanoggend in 'n radio-onderhoud gesê hulle is bereid om met internasionale organisasies en state in die gebied samesprekings te voer, om 'n vreedsame oplossing vir die konflik te probeer vind.

- 25 Om 'n referendum in Rusland, die grootste land in die wêreld, te hou is 'n reuse onderneming. Tog het president Boris Yeltsin 'n saak gevind wat hy glo 'n referendum regverdig. Die saak is die moontlike verwydering van die (oorskoet) oorskot van die stigter van die Sowjetunie, Vladimir Lenin uit die praalgraf in Moskou se Rooiplein, vir 'n Christen begrafnis. Yeltsin het die referendum tydens 'n besoek aan Sint Petersburg, die bakermat van die 1917 Bolsjewistiese revolusie, voorgestel. Lenin het die Christendom verwerp en saam met die (pouse) teoretiese stigter van kommunisme, Karl Marx, geglo dat godsdiens die susmiddel van die massas is.

Wordkeuse - Argiese vorm
Wordkeuse - Politieke taal

Wordkeuse - Politieke taal
Tegniek - Hortend

Rugby

- 26 'n Terugslag het die Springbokrugbyspan tydens sy voorbereidings vir die eenmalige toets teen Tonga en die reeks teen die Britse Leeus getref. Heelagter, Andre Joubert, wat onlangs na 'n besering weer begin speel het, het sy regterwysvinger tydens 'n oefening op Nuweland, in Kaapstad beseer. Die goeie nuus is dat Justin Swart, wat gister met spierkrampe gesukkel het, vandag weer perdfris is. Die slot, Krynauw Otto, wat 'n dyspier beseer het, sal later vandag 'n fiksheidstoets ondergaan.

Wordkeuse - Taalsuiwerheid
Tegniek - Formaat
Sinskonstruksie - Radioformaa

Ten slotte weer die hoofnuus.

- 28 Die ontslag van honderd-sewe-en-tagtig weermagdele wat vroeër vandeeweek deur 'n krygsraad aan muitery beskuldig bevind is, gaan na verwagting laat vanmiddag bekragtig word.

Tegniek - Formaat


En dit is die einde van die nuus. Ons volgende bulletin is die nuusflitse om tweeeur.

- 30

Tegniek - Formaat Sin


01 1985

02 Dit is die Afrikaanse diens van die SAUK. Dit is nou ses-vyf-en-veertig. Dinsdagoggend een-en-dertig Desember en hier volg die nuus, gelees deur Johannes van der Walt.




03

04 Suid-Afrika het Lesotho in die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke daarvan beskuldig dat hy hom in die geselskap bevind van internasionale terroriste organisasies.




05 Ons berig ook oor voorstelle vir die opgradering van swart gebiede in KwaZulu en Natal.



06 Dokter Cedric Phatudi se oproep om eenheid


07 En die SAUK se vyf nuwe radiostasies wat more met uitsendings begin.



08

09

10 Suid-Afrika het Lesotho aan die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke daarvan beskuldig dat hy hom in die geselskap bevind van organisasies, soos die wat Saterdag verantwoordelik was vir die menseslagting op die internasionale lughawe van Rome. 'n Verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse regering, meneer Stephen Aldridge, het in die raad gesê Lesotho behoort voor die Veiligheidsraad tereg te staan, omdat hy hulp aan die ANC verleen. Meneer Aldridge het deelgeneem aan 'n dringende debat wat deur Lesotho aangevra is en waarin Suid-Afrika van gewapende aggressie beskuldig word. Die debat is aangevra na aanleiding van 'n onlangse voorval naby Maseru waarin nege mense, onder wie ses lede van die ANC, deur onbekende aanvallers doodgeskiet is. Meneer Aldridge het gesê Suid-Afrika verwerp Lesotho se aanklagte dat hy vir die aanval verantwoordelik was. Hy het daaraan toegevoeg dat die hand van Lesotho se raadgevers, wat meesters is in die kuns van disinformasie, duidelik sigbaar is in Lesotho se optrede. Hy het Lesotho daarvan beskuldig dat hy die aandag van sy eie binnelandse onbestendigheid wil aflei en gesê dis goed bekend dat die situasie, wat sy oorsprong het in die onwettige wyse waarop die Eersteminister, Doktor Leabua Jonathan, in 1970 aan die bewind gekom het, tot gewapende weerstand in Lesotho gelei het. Daar is ook



weerstand teen 'n gewelddadige organisasie wat deur Moskou gefinansier en deur die regering van Lesotho op die land se mense afgedwing word.

- 11 Meneer Aldridge het daarop gewys dat Suid-Afrika reeds herhaaldelik Lesotho se samewerking probeer verkry het vir die samestelling van 'n gesamentlike monitorkommissie om aandag te skenk aan gemeenskaplike veiligheidsprobleme. Daar was tot nou toe egter geen reaksie van Lesotho nie. Meneer Aldridge het gesê Suid-Afrika verwelkom die algemene vergadering van die **VV** se resoluëie op nege Desember, waarin hy alle vorms van terrorisme veroordeel het. Hy het gesê die Veiligheidsraad kan die resoluëie 'n stap verder voer deur ondersoek in te stel na die bande tussen terrorisme in Suid-Afrika en die georganiseerde internasionale terrorisme. Die Veiligheidsraad het Suid-Afrika na die debat eenparig veroordeel, en daarop aangedring dat die land Lesotho ten volle vergoed vir, soos die raad dit gestel het, die skade wat deur Suid-Afrika se veiligheidsmagte in Lesotho aangerig is. Die Veiligheidsraad het ook 'n voorstel aanvaar dat een of twee afgevaardigdes van die **Verenigde Volke** na Lesotho gestuur word, om die sekretarisgeneraal van die organisasie **op die hoogte te hou** van enige verwikkeling in Suider-Afrika, wat 'n bedreiging vir Lesotho kan inhou.

 Tegniek - Formaat

 Tegniek - Formaat

 Woordkeuse - Afkorting

 Woordkeuse - Argaïese vorm

 Woordkeuse - Argaïese vorm

- 12 Die minister van buitelandse sake van Lesotho, Meneer Vincent Makhele, wat spesiaal na New York gereis het om die debat in die Veiligheidsraad in te lei, het 'n beroep op die raad gedoen om Suid-Afrika te veroordeel vir wat hy genoem het, 'die moord deur Suid-Afrikaanse soldate' op nege mense in Maseru op twintig Desember. Hy het gesê die oorlewendes was ses Suid-Afrikaners onder wie vier, wat aan Lesotho as vlugteling geregistreer was, en drie burgers van Lesotho.

 Tegniek - Formaat

 Direkte Aanhaling

- 13 Die regering en die hoofminister van KwaZulu, Kaptein Mangosuthu Buthelezi, het voorstelle vir die opgradering van minstens veertien **swart gebiede**, in die nasionale staat en Natal goedgekeur. Volgens 'n verklaring wat in Ulundi uitgereik is, spruit die ooreenkoms uit 'n verslag van die beplanningsraad van KwaZulu en Natal, wat verlede jaar onder leiding van Doktor Louis Reef aangestel is, om ondersoek in te stel na maniere waarop die lewensomstandighede van **swartmense** in die streke verbeter kan word. Hoewel die verslag, wat gesamentlik deur Kaptein Buthelezi, die Minister van Staatskundige Ontwikkeling en Beplanning, Meneer Chris Heunis, en die Minister van Onderwys en ontwikkelingshulp, Doktor Gerrit Viljoen uitgereik is, nie besonderhede van die

 Woordkeuse - Politieke taal

 Uitspraak - Niestandaard

 Woordkeuse - Politieke taal

 Tegniek - Formaat

beoogde projekte gee nie, meld dit die gebiede wat daardeur geraak sal word. Dit sluit veertig projekte in Inanda, Umlazi en Edendale in, asook verbetering in elf woonbuurte en by negentien hostelle in verskillende sentrums. 'n Komitee wat oor die toewysing van staatsgeld vir die projekte en voorkeure sal besluit, sal uit verteenwoordigers van die twee staatsdepartemente, die KwaZulu-administrasie, die Natalse provinsiale administrasie en die tesourie bestaan.

Uitspraak - Niestandaard

- 14 U luister na 'n nuusuitsending deur die Afrikaanse diens van die SAUK.

Tegniek - Formaat

Woordkeuse - Afkorting

- 15 Die hoofminister van Leboa, Doktor Cedric Phatudi, sê in sy nuwejaarsboodskap dat militante en radikale elemente vanjaar in die weg van samewerking en vooruitgang in Suid-Afrika gestaan het. Hy sê die leiers van die land het egter die geleentheid om sake reg te stel en hy vertrou dat die staatspresident aanstaande jaar die nodige stappe sal doen om 'n nuwe grondwet voor te stel, waarin die politieke strewes van alle bevolkingsgroepe gehuisves sal word. Doktor Phatudi sê die inwoners van Suid-Afrika, ongeag kleur of ras, moet 'n eenheid vorm en blanke- en swartleiers van alle gemeenskappe moet die wysheid openbaar om gees van samewerking, vrede en vooruitgang te bevorder. Hy sê almal in Suid-Afrika moet vennote wees om (sss) 1986 'n voorspoedige jaar te maak.

Tegniek - Formaat

Uitspraak - Niestandaard

- 16 Die direkteur-generaal van die SAUK, Meneer Riaan Eksteen, sê vyf nuwe radiostasies begin more met hulle uitsendings. Radio Jakaranda in Pretoria en Radio Oranje in Bloemfontein neem sekere gebiede by Radio Hoëveld oor. Radio Algoa in Port Elizabeth neem die beheer oor van uitsendings in Oos-Kaapland, wat tot dusver die verantwoordelikheid van Radio Goeie Hoop was. Die nuwe dienste in Afrikaans en Engels sal bekend staan onder die name Radio Suid-Afrika en Radio South Africa. Meneer Eksteen het in Johannesburg gesê die herstrukturering van radiodienste is genoodsaak deur veranderende en veranderende omstandighede, asook finansiële oorwegings. Hy sê die koms van televisie het wêreldwyd tot 'n onvermydelike verandering gelei in die behoeftes en gewoontes van radioluisteraars. Die SAUK se nuwe radiodienste en veranderde formaat is ingestel as gevolg van 'n daling in luistertalle veral gedurende televisieuitsendings en 'n gepaardgaande verlies aan inkomste omdat die Afrikaanse en Engelse radiodienste geen bydra tot hulle bedryfsuitgawe

Tegniek - Formaat

Woo

Tegniek - Formaat

Uitspraak - Niestandaard

Woordkeuse - Afkorting

Uitspraak - Niestandaard

gelewer het nie.

- 17 Veertig mense wat in Oktober in hegtenis geneem is, die aand na die afkondiging van 'n noodtoestand in Wes-Kaapland, is gister uit die Victor Verster- en Pollsmoorgevangenisse vrygelaat. Inperkingsbevele oor 'n wyer spektrum is op aangehoudenenes ingevolge die gedeeltelike noodtoestand en die Wet op Binnelandse Veiligheid geplaas, insluitende byna die hele Wes-Kaaplandse hoofbestuur van die United Democratic Front. Hoewel die inperkingsbevele verskil word baie mense se beweging beperk tot hulle landdrostdistrikte en word hulle deelname aan **politieke** of opvoedkundige bedrywighede verhinder. Die inperkingsbevele sal van krag bly tot dat die noodtoestand opgehef word.

 Woordkeuse - Politieke taal
 Woordkeuse - Politieke taal
 Woordkeuse - Politieke taal

- 18 UNITA sê sy magte bied op die oomblik weerstand teen 'n offensief uit drie rigtings van die Angolese regering en het reeds 'n vragvliegtuig afgeskiet en 'n konvooi met voorraad verwoes. In 'n verklaring wat in Lissabon uitgereik is sê UNITA sy magte veg teen Angolese soldate, gerugsteun deur Kubane en Russe naby Luena in die provinsie Moxico, en Cuito Cuanavale en Savate in die provinsie Cuando Cubango. Die verklaring sê die UNITA-magte het die vyand tot dusver verhinder om enige vordering te maak.

 Woordkeuse - Afkorting
 Woordkeuse - Afkorting
 Woordkeuse - Afkorting

- 19 Die afdeling, openbare betrekkinge van die polisie in Pretoria het bevestig dat mevrou Winnie Mandela, die ingeperkte vrou van Nelson Mandela, gister in hegtenis geneem is weens die beweerde oortreding van haar inperkingsbevel. Sy sal vandag in die hof verskyn.

 Woordkeuse - Politieke taal
 Woordkeuse - Politieke taal

- 20 Die voorsitter van die organisasie, Vryheid in Sport, Meneer Tommy Campbell, het 'n beroep op die rugbywêreld gedoen om 'n spesiale **komitee** aan te wys om aanbevelings te doen vir 'n toekomspad vir Suid-Afrikaanse rugby. Meneer Campbell, wat die Suid-Afrikaanse Rugbyraad as raadgewer bedien, het in 'n verklaring in Londen gesê dis duidelik dat die internasionale rugbyraad nie die vasbeslotenheid het om die vraagstuk aan te pak nie. Hy sê lande wat egter in die toekoms van rugby belangstel kan individueel en gesamentlik optree. As individue kan hulle elk twee lede aanwys om in 'n gesamentlike **komitee** te dien wat Suid-Afrika as 'n ondersoekliggaam kan besoek met die oog daarop om 'n formule vir die toekoms van Suid-Afrikaanse rugby uit te werk.

 Tegniek - Formaat
 Uitspraak - Niestandaard
 Tegniek - Formaat

 Uitspraak - Niestandaard

- 21 Die gewese Springbokrugby vleuel van Noord-Transvaal, Ray Maud wat saam met 'n voormalige Springbokflank, Rob Louw,

 Woordkeuse - Argaïese vorm

by die Britse beroepsklub, Wigan aangesluit het, sal Sondag in sy eerste wedstryd vir sy nuwe klub optree. Wigan speel in die wedstryd teen Swinton. Daar is nog geen aanduiding wanneer Louw sy buiging vir Wigan gaan maak nie. Die twee Suid-Afrikaners vertrek more na hulle nuwe tuiste in Engeland.

- 22 Om die bulletin mee af te sluit herhaal ons die hooftrekke.  Tegniek - Formaat
- 23 Suid-Afrika het Lesotho in 'n spesiale debat van die Verenigde Volke se Veiligheidsraad daarvan beskuldig dat hy hom in die geselskap bevind van internasionale terroriste groepe.  Woordkeuse - Argaïese vorm
- 24 Die regering en KwaZulu het voorstelle vir die opgradering van swart gebiede in die nasionale staat en Natal goedgekeur.  Woordkeuse - Argaïese vorm
 Woordkeuse - Politieke taal
- 25 Die hoër minister van Leboa, Doktor Cedric Phatudi sê almal in Suid-Afrika moet vennote wees om 1986 'n voorspoedige jaar te maak.  Uitspraak - Niestandaard
- 26 Die SAUK se vyf nuwe radiodienste begin more met hulle uitsendings.  Woordkeuse - Afkorting
- 27 Dit is die einde van die nuus.  Tegniek - Formaat
- 28 In die Engelse diens volg die nuus oor bietjie minder as vier minute. Ons volgende bulletin is die nuushooftrekke om sewe vyf-en-twintig. In kommentaar gaan dit vanmore oor...  Tegniek - Formaat
 Tegniek - Formaat

10. Opname: 12 Augustus 1976

1 1976

- 2 Vanaand is dit ons eerste nuus-om-nege-uitsending, by die modernste en mees gesofistikeerde uitsaaisentrum in die wêreld. Die radionuusdiens van die SAUK het vandag die nuwe geboue kompleks in Aucklandpark, Johannesburg betrek, waarvandaan die nasionale nuusbuletins, aktualiteitsuitgawes en ander bulletins soos die Transvaalse streeknuus, voortaan uitgesaai sal word.
- 3 Hier is die adjunk direkteur-generaal van die SAUK, meneer GJ Ysel, om ons meer te vertel oor die nuwe geriewe vir radio-uitsendings.
- 4 "Ek wil die radionuusdiens van die SAUK graag voorspoed toewens in die nuwe geriewe wat hulle van vandag af gebruik. Die radio-ateljee by uitsaaisentrum in Johannesburg is so te sê voltooi en word nou betrek. Televisie as die nuweling, het in die jongste tyd baie aandag getrek. Maar die pragtige en doeltreffende radiofasiliteite wat beskikbaar gestel word, is bewys dat die SAUK sy radiodienste geensins as 'n stiefkind beskou nie, eerder as die onafhanklike en volwasse ouboet van die uitsaaisentrum. Die radioateljeeblok in Johannesburg voorsien aan 'n lankgevoelde behoefte aan akkommodasie, wat genoegsaam, modern en doelgerig is. Dit is 'n baie groot kompleks. Daar is onder meer sewe-en-twintig kontinuïteits- en verpakkingsateljee, vyf musiekateljees, vier drama-ateljees, twee verskeidenheidsateljees en die twee groot diskoteke. Die grootste en seker ons spog-ateljee is die een vir die Nasionale Simfonieorkes. Dié ateljee bevat 'n orrel en is groot genoeg om die Simfonieorkes, van 'n honderd spelers, 'n koor en 'n klein gehoor te bevat. Dis darem nie net in Johannesburg waar daar moderne radiofasiliteite is nie. In die afgelope paar jaar het ons nuwe ateljeegeboue voorsien in plekke soos Durban en King Williams Town. Gedurende hierdie jaar betrek ons ook splinternuwe geboue in Port Elizabeth, Pietersburg en Bloemfontein. Hierdie geriewe is tasbare bewys van die belangrike rol wat die radiodienste van die SAUK sal voortgaan om te vervul. Waar ons nou wegtrek uit die bekende ou uitsaaihuis in die middestad van Johannesburg, is dit met meer as net 'n tikkie weemoed. Die gebou was baie lank die middelpunt, die hartslag van die uitsaaiwese in Suid-Afrika."
- 5 Meneer Ysel.
- 6 Die streekingenieur, radio, van die SAUK, meneer Giel van Zyl,

✖ Sinskonstruksie - Aanloop-invers

✖ Woordkeuse - Afkorting

✖ Woordkeuse - Voorletters ipv

✖ Woordkeuse - Afkorting

✖ Woordkeuse - Afkorting

✖ Uitspraak - Niestandaard

✖ Woordkeuse - Argaisiese vorm

✖ Uitspraak - Niestandaard

✖ Woordkeuse - Afkorting

✖ Woordkeuse - Afkorting

skets besondere probleme van die verhuising.

- 7 "Die verhuising van so 'n kompleks word in die laaste instansie bepaal deur die beskikbaarheid van tegniese fasiliteite. Al die programme en produksies moet kan voortgaan in die nuwe kompleks. Met die moderne tegnologie verg dit dan ook 'n bekendstelling van die nuwe apparaat aan almal wat daarmee gemoeid is en opleiding in hierdie verband moes reeds paar maande gelede (uh) 'n aanvang neem. Die verhuising van 'n kontinuïteitsprogram is egter ook 'n gelydelike proses. Sommige omroepers en regisseurs moes hulle opname aktiwiteite verskuif na die nuwe gebou, voordat hulle kantore kon verskuif, en sommiges andersom. Deurgaans moes gepoog word om die onproduktiewe tydperk, wat onvermydelik is tydens só 'n verhuising, tot 'n minimum te beperk en die hele personeel oor 'n hele paar weke te versprei. Terselfdertyd moes die tydperk van ontwinging so gou as moontlik afgehandel word".

 Tegniek - Hortend

 Uitspraak - Niestandaard

- 8 Die geriewe van vandag is in skrilte kontras met die in die beginjare van die nuusdiens. Ses-en-twintig jaar gelede, toe die eie selfstandige nuusdiens op dreef begin kom het, het die prentjie so daar uitgesien.

- 9 "Destyds het die redaksionele personeel, wat ses nasionale nuusbuletins per dag, in albei tale moes skryf, uit twee-entertig lede bestaan. Uit die Johannesburgse ateljees alleen, word daar nou daaglik honderd agt-en-veftig nuusbuletins uitgesaai, wat deur een-en-tagtig nuusmanne en vroue voorberei word. In daardie beginjare het die nuusafdeling vier kamers tot sy beskikking gehad. Dit het die telekskamer ingesluit met twee masjiene, een van hulle 'n spaar masjien as die ander een breek, wat die nuus van net een nuusagentskap, Sapa/Reuter verskaf het. Daaglik is sowat twintigduisend woorde ontvang. Vandag word nuusskrywers in tientalle kantore, wat twee volle verdiepings in die nuwe uitsaaisentrum beslaan, deur een-en-dertig teleksmasjiene van kopie voorsien, wat dag en nag voort tik met nuus van vyf nuusagentskappe. Daarbenewens stroom nuuskopie in van ons eie streekkantore in die vier provinsies en Suidwes-Afrika, kantore wat beman word deur vier-en-tagtig voltydse redaksielede. Sowat 'n kwartmiljoen woorde word nou daaglik aan nuuskopie ontvang, waarvan die eindproduk, nuus en kommentaar, in twintig tale en in drie-en-twintig programdienste uitgesaai word. Algemeen gesproke is daar iedere agt minute elke vier-en-twintig uur van elke dag 'n keertyd vir die uitsending van nuus.

 Woordkeuse - Argaisiese vorm

 Sinskonstruksie - Aanloop-invers

 Woordkeuse - Argaisiese vorm

 Woordkeuse - Argaisiese vorm

 Woordkeuse - Argaisiese vorm

1968

02 Dit is **nege-dertig** Greenwich tyd. **Elf-dertig** voormiddag, Suid-Afrikaanse tyd.

  Tegniek - Formaat

03 Goeie more van Radio RSA, die stem van Suid-Afrika wat van Johannesburg uitsaai in die **sestien-, dertien- en elfmeterbande op die frekwensies een-sewe-agt-twee-vyf, twee-een-vyf-drie-vyf en twee-vyf-sewe-dubbel nul kilohertz.**

  Tegniek - Formaat

04 Hier volg 'n spesiale uitsending van nuus uit Suider-Afrika, gelees deur Johannes van der Walt.

  Tegniek - Formaat

05

06

07 Die Suid-Afrikaanse Minister van Finansies, doktor Diederiks het aangekondig dat groter toeskietlikheid voortaan aan die dag gelê sal word, ten opsigte van valutabeheer. As eerste stap is besluit om meer simpatieke oorweging te verleen aan aansoeke van buitelandse beleggers in Suid-Afrikaanse maatskappye, om die plaaslike verkoopopbrengs van regstreekse langtermynbeleggings in **vriendevaluta** na die buiteland oor te plaas. Die bedoeling met die toegewing is om Suid-Afrikaners in staat te stel om groter seggingskap in buitelandsebeheerde plaaslike ondernemings te verkry. Doktor Diederiks sê dat die afskaffing van effektebeheer oor buitelanders se portefeuljebelegging in die land ook oorweeg is, maar dat daar teen besluit is. Aansoeke van Suid-Afrikaners wat regstreeksebelegging in die buiteland wil maak, veral met die doel om uitvoer te bevorder of te beveilig, óf om bestaande buitelandse bates te beveilig, sal ook meer simpatiek oorweeg word. Doktor Diederiks sê dat nog stappe oorweeg word om valutabeheer verder te verslap, afhangende van die uitwerking van die toegewings. 'n Verklaring oor invoerbeheer sal ook binnekort gedoen word.

  Uitspraak - Niestandaard

08 Suid-Afrika se goud en buitelandse bates het die rekordpeil van **agthonderd ses-en-tagtig-punt-driemiljoen rand** bereik. Volgens die weeklikse oorsig van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, het die reserwes verlede week met meer as drie-en-sewentig-miljoen rand gestyg, hoofsaaklik as gevolg van verkope van Suid-Afrikaanse goud op die vryemark in Mei en Junie. Die minister van finansies, doktor Diederiks, het sowat twee weke gelede bekend gemaak dat 'n aansienlike

  Uitspraak - Niestandaard

hoeveelheid nuutontginde goud op die vryemark verkoop is om die mark se absorbeervermoë te toets.

- 09 Die Portugese owerheid in Beira het aangekondig dat al die terroriste wat Suid-Afrika deur Mosambiek probeer binnedring het, doodgeskiet of gevange geneem is. 'n Amptelike verklaring lui dat die laaste vier lede van 'n bende terroriste gevange geneem is. Drie van hulle is in Rhodesië aangekeer en die vierde is deur plaaslike naturelle gevang en aan die veiligheidsmagte uitgelewer. Die vier was die laaste van 'n bende van twaalf swaargewapende terroriste wat op sewentien April die grens tussen Zambië en Mosambiek oorgesteek het. In Rhodesië het die regter, wat twee-en-dertig vermeende terroriste in Salisbury verhoor, Regter Davies, sy uitspraak tot more voorbehou oor die verdediging se aansoek dat die verhoor onwettig verklaar word. Die aansoek volg op die Britse geheime raad se besluit verlede week dat die Rhodesiese regering nie bevoeg is om wette te maak nie. Die verdediging het daarop gewys dat die regter self, ingevolge die bepalings van die negentien-een-en-sestig grondwet wat deur die geheime raad erken word, aangestel is en hy dus onder 'n verpligting is om die raad se uitsprake te gehoorsaam. Die Rhodesiese prokureur-generaal-, meneer Anthony Smith het gesê die geheime raad se uitspraak raak nie Rhodesië nie, aangesien die land die raad nie meer as die hoogste appèlhof erken nie en derhalwe kan sodanige uitsprake nie deur Rhodesiese howe gehandhaaf word nie. Die Rhodesiese Minister van Landbou, meneer LB Smith, sê Rhodesië se tabak word verkoop en die bedryf herstel van die terugslae wat deur sanksies veroorsaak is. Meneer Smith het tydens die bergrotingsdebat in die parlement gesê dit is nie 'n goeie plan om die wêreldmarkte met Rhodesiese tabak te oorlaai nie, want dit sal die waarde van die oes op die langduur laat verminder. Die minister van finansies, meneer Wrathall het in dieselfde debat gesê die subsidie van twaalfmiljoen rand aan die tabakbedryf was geregverdig, as gevolg van die bedryf se bydra tot die landseksonomie.

Wordkeuse - Argaisiese vorm
Wordkeuse - Argaisiese vorm
Wordkeuse - Politieke taal

Wordkeuse - Argaisiese vorm
Wordkeuse - Argaisiese vorm

Wordkeuse - Argaisiese vorm
Sinskonstruksie - Radioformaa
Uitspraak - Niestandaard

Tegniek - Formaat
Wordkeuse - Argaisiese vorm

Wordkeuse - Argaisiese vorm
Wordkeuse - Voorletters ij

Tegniek - Formaat

Wordkeuse - Argaisiese vorm

- 10 In Mbabane Swaziland, het dié land se adjunkminister van finansies, handel en nywerheid, meneer Nxumalo, die behoefte beklemtoon aan 'n spoorverbinding tussen Swaziland en Suid-Afrika. Hy het gesê dit sal sy land se produksiegebiede met die Suid-Afrikaanse vervoerstelsel verbind en 'n aansporing wees vir voornemende nywerrears om hulle in Swaziland te vestig.

- 11 U luister na 'n uitsending van nuus uit Suider-Afrika deur Radio

Tegniek - Formaat

RSA – Die stem van Suid-Afrika.

- 12 Die bevelvoerder van die Britse vliegkampskip, Hermes, se die gasvryheid wat die Britse vloot in Suid-Afrika ontvang het, sedert die sluiting van die Suezkanaal, het baie bygedra tot 'n gunstiger beeld van die Republiek in Brittanje. Die gesagvoerder, Kaptein Parker, het gesê dertig-duisend Britse matrose het sedert die sluiting van die kanaal in Suid-Afrikaanse hawens voet aan wal gesit. Hulle het die indrukke van die Republiek oorgedra aan familie en vriende in Brittanje. Die Hermes, wat onderweg is na die verreoste, het gister vir 'n besoek van vyf dae in Kaapstad aangekom.
- 13 Een van die O'Hare Siamese tweeling van Benoni, wat aan die begin van die jaar wêreldwye belangstelling gaande gemaak het toe hulle in 'n operasie in die Johannesburgse kinders hospitaal van mekaar geskei is, is oorlede. Die vader van die tweeling meneer RG O'Hare het gesê dat Catherine, wat oorlede is, oënskynlik niks makeer het nie en die oorsaak van die dood is nog nie vasgestel nie.
- 14 Die korporasie wat die soektog na olie in Suid-Afrika behartig, SOEKOR, het bekend gemaak dat hy aanstaande jaar in die diepste gedeelte van die krytkom, tussen Oudtshoorn en Calitzdorp in die Klein Karoo gaan boor, om geologiese formasies in die gebied te ondersoek. Indien daar aanduidings van die verteenwoordigheid van olie gevind word, sal 'n omvattende prospekteringsprogram aangepak word.
- 15 In Aberdeen, Skotland het die skeepsboufirma, Hall & Russell bekend gemaak dat die Suid-Afrikaanse visgroep, Irvin & Johnson 'n koeltreiler ter waarde van sowat negehonderdduisend rand by hom bestel het. Volgens die berig het die Skotse onderneming gevrees dat hy van sy werkers sou moes afdank, maar vanweë die bestelling is daar nou werk vir almal. Die treiler sal 'n prototipe wees van ander vaartuie wat in Suid-Afrika deur 'n konsortium vir Irvin & Johnson gebou sal word.
- 16 Die Portugese regering het 'n konsessie, om na minerale te prospekter in die Punguériviergebied van Mosambiek, toegeken aan die Musina Transvaal Development Company van Suid-Afrika. Die konsessie geld vir 'n tydperk van twee jaar en sluit nie diamante, olie, steenkool of radioaktiewe minerale in nie. Die onderneming moet minstens vier-en-sewentig-

 Sinskonstruksie - Radioformaa
 Woordkeuse - Voorletters ipv N

 Sinskonstruksie - Radioformaa
 Woordkeuse - Afkorting

 Uitspraak - Niestandaard

duisend rand aan die prospekterwerk bestee.

- 17 Die minister van nasionale opvoeding, Senator De Klerk, het die eerste volume van Suid-Afrika se eerste omvattende biografiese naslaanwerk, op 'n plegtigheid in Pretoria ontvang. Die naslaanwerk bestaan uit kort lewensketse van vyfhonderd-**agt-en-sestig** mense wat Suid-Afrika se geskiedenis help vorm het en beslaan negehonderd-vier-en-dertig bladsye. Die boek is aan die minister oorhandig deur die voorsitter van die raad van beheer oor die werk, professor CH Rautenbach.

 Uitspraak - Niestandaard

 Woordkeuse - Voorletters ipv N:

- 18 Die Olimpiese Spelevereniging van Suid-Afrika het op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse seiljagwetvaartvereniging eenparig besluit om springbokkleure toe te ken aan die seiljagvaarder, Bruce Deling. Hy het die transatlantiese wedvaart tussen Brittanje en Amerika **op voorgee** gewen in die kaag Voortrekker. 'n Luisteryke ontvangs het Deling gisteraand te beurt geval met sy simboliese aankoms in die Voortrekker by die seevaartkollege in Grangerbaai, waarvandaan hy destyds na Brittanje vertrek het.

- 19 Die Sekretaris van Toerisme, meneer VP Steyn, het aangekondig dat sy departement met 'n splinternuwe reklameveldtog gaan begin, om Suid-Afrika bekend te stel by besoekers uit die buiteland. Die plan is om in al die vernaamste hawestede in die republiek amptenare van die departement aan boord van skepe te stuur, waar hulle rolprente sal vertoon, lesings sal hou en leesstof sal versprei. Die Suid-Afrikaanse minister van ekonomiese sake, meneer Haak, sê die staatsdiens het met die vraagstuk te kampe dat 'n merietevergoedingstelsel vir personeel, nie maklik beheer kan word in so 'n groot organisasie nie. Meneer Haak het in Johannesburg verklaar dat daar om dié rede verlede jaar net aan punt vier persent van die staatsdiensamptenare merietetoekennings **gedoen** kon word.

 Woordkeuse - Voorletters ipv

 Tegniek - Formaat

- 20 Die man wat Die Stem getoonset het, dominee ML de Villiers het gister sy drie-en-tagtigste verjaarsdag in die Paarlse hospitaal gevier, waar hy drie weke gelede opgeneem is. Dominee de Villiers het kopbeserings opgedoen toe hy geval het en hy sal moontlik more uit die hospitaal ontslaan word.

 Woordkeuse - Voorletters ipv N:

- 21 Tot sover ons uitsending van nuus uit Suider Afrika. Hier volg nou 'n bespreking van sake waaroor Suid-Afrikaners vandag dink en praat.

 Tegniek - Formaat

22 Die Britse Leeus het huiswaarts gekeer en nou begin Suid-Afrikaners weer meer oor ander dinge behalwe rugby gesels.

23 Terrorisme is 'n onderwerp wat veral op die voorgrond bly. Die dood van 'n eerste Suid-Afrikaner in die gevegte aan die Zambezi het 'n groot indruk op die land gemaak. Dit het 'n groter bewustheid meegebring van die aard van die stryd waarin Suider-Afrika gewikkel is. Die trant van kommentaar, amptelik en aan die kant van koerant en ander waarnemers, blyk uit 'n toespraak wat die minister van verdediging, meneer PW Botha, vroeër vandeeweeke op Beaufort-wes gehou het. Hy het verklaar dat die toekoms van Suidelike Afrika net deur goeie buurskap verseker kan word. As buurskap nie toegepas word nie, sal die bedreiging van oorlog die bo-toon voer en Suid-Afrika sal verplig wees om teen aansienlike koste, groot troepemagte op sy grense te hou. Die republiek wil nie oorlogtoestande skep nie, maar langs die weg van diplomاسie, goeie buurskap tot stand bring.

⚠ Woordkeuse - Voorletters ipv Ns

⚠ Woordkeuse - Politieke taal

⚠ Woordkeuse - Politieke taal

24 Hierdie toespraak van meneer Botha het gevolg op 'n toespraak verlede Saterdag deur die minister van buitelandse sake, doktor Muller. Hy het aan die studente in Pretoria gesê dat Suid-Afrika se toekoms in die weegskaal is en dat hy die wanhopige pogings van vyandige elemente, om hom op sy knieë te dwing, tot dusver afgeweer het en sal voortgaan om dit te doen. Maar, die tyd het ook aangebreek dat Suid-Afrika die wêreld moet oortuig dat hy 'n taak in Afrika, en die wêreld het, waarvoor hy opgewasse is en wat niemand anders behalwe Suid-Afrika kan verrig nie. In 'n toespraak gisteraand, het doktor Muller toe die bykomende punt gemaak dat hoe verder die Suid-Afrikaanse regering vorder met die uitvoering van sy beleid, hoe wanhopiger sal die Kommuniste en die Ekstremiste raak. Dit is die soort boodskap wat die Suid-Afrikaner vandag bereik en waaroor hy dink en praat. Dit is die soort atmosfeer van 'n Suid-Afrika wat veg met die wapen en woeker met die graaf, waarin die publiek voortwerk en voortbou. Aan die eenkant is daar by die Suid-Afrikaner 'n vasbeslotenheid om die militêre bedreiging die hoof te bied, aan die ander kant 'n besef dat Suid-Afrika, as die mees ontwikkelde land van die kontinent, 'n verpligting het om by te dra tot die ontwikkeling van ander lande in Afrika, veral die buurstate. Hierdie dinge word aanvaar.

⚠ Sinskonstruksie - Neweskikkend

⚠ Tegniek - Formaat

⚠ Woordkeuse - Politieke taal

25 Een saak wat die afgelope paar dae heelwat aandag geniet het gaan oor die American Field Service. 'n Dogter van Pretoria, Melanie Hope, het gister uit die VSA teruggekeer na 'n verblyf van 'n jaar. Dit het egter aan die lig gekom dat sy gedurende

⚠ Woordkeuse - Afkorting

die laaste week van haar verblyf in Amerika by 'n **Neger-gesin** tuis was. Die feit het skerp reaksie in Suid-Afrika uitgelok. Sommiges beskou dit as bewys dat die AFS besig is met doelbewuste beïnvloeding van Suid-Afrikaanse besoekers. *Die Vaderland* neem byvoorbeeld hierdie standpunt in. *The Star* sê weer dat 'n Suid-Afrikaner wat Amerika besoek, bereid moet wees om hom by Amerikaanse gebruike en wette aan te pas. Die tekens is, dat daar 'n aansienlike polemieë oor hierdie aangeleentheid kan ontstaan. Ondertussen berig *Die Transvaler* egter vanoggend dat die Pretoriase **komitee** van die AFS 'n verklaring uitgereik het waarin hy hom ten sterkste uitlaat, teen wat bestempel word as die eerste en enigste **flagrante** fout van die beweging. Die **komitee** sê dat hy alles in sy vermoë sal doen om 'n herhaling van hierdie insident te voorkom. Melanie Hope se verblyf by 'n **Neger-gesin** in Amerika, is vandag een van die groot onderwerpe van bespreking in Suid-Afrika en daar sal bepaald nog meer oor die saak gehoor word.

- 26 Dit is die einde van ons uitsending van nuus en ons nuussamevatting uit Suider-Afrika, wat van Johannesburg af uitgesaai is in die buitelandse diens van die SAUK. Die volgende spesiale nuusbuletin uit Suider-Afrika word moreoggend om dieselfde tyd uitgesaai. Dit word op dieselfde frekwensies uitgesaai as dié uitsending waarna u nou luister, naamlik; een-sewe-agt-twee-vyf, twee-een-vyf-drie-vyf en twee-vyf-sewe-dubbel nul kilohertz in die sestien-, dertien- en elf meter bande.

- 27 En nou sê ons totsiens van Radio RSA in Johannesburg.

12. Opname: 17 Julie 1950

01 **1950**

02 **Verbete** gevegte het gister op Korea gewoed, maar daar was geen verdere groot deurbrake deur die kommuniste nie.

 Uitspraak - Niestandaard

03 Die Britse regering is nie oor **Pandit Nehru** se vredesnotas geraadpleeg nie.

 Woordkeuse - Nie-amptelike I

04 Sesduisend voet onder die aarde in 'n Randse myn, word proefnemings van groot belang vir die ontwikkeling van die goudmynbedryf begin.

05 Die proewe op **agthonderdstuks** pluim**vee** op Robbeneiland, het vol**ke**me geslaag en viermiljoen dosisse entstof teen die gevreesde Newcastle siekte is reeds beskikbaar.

 Uitspraak - Niestandaard 

 Uitspraak - Niestandaard

 Uitspraak - Niestandaard

06 Vier-en-vyftigmiljoen pond word in die volgende paar jaar aan elektrisiteits**o**ndernemings in Suid-Afrika **bestee**.

 Woordkeuse - Argaïese vorm

 Uitspraak - Niestandaard 

07 Eric Sturgess, 'n Suid-Afrikaanse tenniskampioen, het drie titels in die internasionale kampioenskappe in Switserland gewen.

08

09 Die stryd in Korea het gister verbete voortgeduur. **Vanoggend** **vroeg** het Generaal MacArthur se hoofkwartier in Tokio, berig dat geen verdere groot deurbrake aan die **Koemrivierfront** plaasgevind het nie. 'n Woordvoerder van die Amerikaanse **hoo**fkwartier het gesê dat die Amerikaners hier en daar teruggeval het. Gister is Noord-Koreaanse aanvalle in die westelike- en die sentraalsektor van die verdedigingslinie aan die Koemrivier afgeslaan. Versterkings vir die Noord-Koreaanse magte word **in allery** na die gevegsfront gestuur. Op die grootpad na Ansong in die weste is 'n kolonne tenks, vragmotors en swaargeskud opgemerk. Te noordweste van Umsong was 'n tenk kolonne vinnig besig om op te ruk. In hulle leërberig het die kommuniste gisteraand beweer dat die Noord-Koreaanse magte Kongju en Hongsong ingeneem het. Hongsong lê vyf-en-twintig myl te noordweste van Kongju. Talle Amerikaners het in die slag om Kongju gesneuwel en baie krygstuig, insluitende honderd-en-vyftig millimeter kanonne buitgemaak. Terselfdertyd het die Noord-Koreaanse magte ook aanspraak gemaak op die verowering van Munjong ten suide van Chungju. Hulle sit hulle opmars na die suide voort. Oor radio **Beijing** het die hoofkwartier van die Noord-

 Sinskonstruksie - Aanloop-inv

 Sinskonstruksie - Woordorde

 Uitspraak - Niestandaard

 Sinskonstruksie - Aanloop-invers

 Woordkeuse - Argaïese vorm

 Uitspraak - Argaïes

- Koreaanse leër gister ontken dat sy troepe Amerikaanse soldate vermoor het. Gevangenes word op menslewend wyse en volgens die voorskrifte van die internasionale oorlogskode behandel. Gisteraand is oor die Noord-Koreaanse sender aangekondig dat die regering 'n komitee gaan aanstel om ondersoek te doen, na wat hy beskryf as oorlogsmisdade wat deur Amerikaanse imperialisme en die Suid-Koreaanse regering gepleeg is.
- 10 Die voorsitter van die Verenigde State se Senaatskomitee vir gewapende magte, Senator Millard Tydings, het in Washington gesê dat Amerikaanse troepe, ses tot nege maande, en moontlik nog langer in Suid-Korea sal moet veg as Rusland of China versterkings aan die Noord-Koreaners stuur. Die Amerikaanse troepe vaar verbasend goed, as daar 'n aanmerking geneem word dat die noordelike magte oor meer troepe en wapens beskik. Die enigste strategie waarvan Generaal MacArthur tans gebruik kan maak, is om gelydelik terug te val, ten einde omvleueling te vermy. "Ons het nog nie genoeg magte om 'n aanvalsfront dwars oor die skiereiland te skep nie", het hy gesê. Versterkings word na die Amerikaanse frontlinie gehaas, maar vyf-en-twintig groot skepe is nodig om slegs een divisie en sy toerusting te vervoer.
- 11 President Truman sal vandeeweek die kongres spesiaal vra om geld vir en goedkeuring van 'n gedeeltelike mobilisasieprogram. Die verwagting is dat hy tussen tweeduisendmiljoen en sesduisendmiljoen dollar sal aanvra. Hy is glo van plan om tussen ses en nege divisies op te roep. Ook Kanada sal vandeeweek die versoek van die Verenigde Volke om landmagte vir Korea oorweeg. Die eerste minister, Meneer St. Laurent het 'n dringende kabinetsvergadering vir Woensdag belê. Die minister van verdediging, Meneer Brooke Claxton het sy vakansie in New Foundland kortgeknip en gister na Ottawa gevlieg.
- 12 Rusland is besig om die waterstofbom te vervaardig, het Senator Brien MacMahon, 'n voorsitter van die Amerikaanse parlementere komitee insake atoomkrag gisteraand verklaar. Hy het meegedeel dat die Verenigde State tans besig is om na 'n geskikte plek te soek waar die installasie vir die waterstofbom opgerig kan word. Hy is sterk gekant teen die gebruik van die atoombom teen die invallers in Korea.
- 13 Die Britse regering het sy leerhoofde opdrag gegee om Brittanje se verdedigingsposisie deurgrondend te ondersoek.

Die Londense korrespondent van die SAUK, berig dat dit as 'n saak van die dringendste belang beskou word, met die oog op die moontlikhede wat die Koreaanse oorlog geskep het en die statebond se verantwoordelikhede in Malaya, Hong Kong en elders in Asië. Die Britse regering oorweeg ook die uitbreiding van die tydperk van verpligte militêre diens.

Wordkeuse - Afkorting

- 14 Die poging van die eerste minister van Indië, Pandit Nehru, om 'n skikking van die geskil in Korea te bewerkstellig, het ernstige hoofbrekings in Londen veroorsaak. Ons korrespondent berig dat die Britse regering baie **begerig** is om enige indruk in Washington uit die weg te ruim, dat Nehru die Britse owerhede geraadpleeg het voordat hy 'n week gelede sy vredesnotas aan Washington en Moskou gestuur het. Die Britse Departement van Buitelandse Sake het die Amerikaanse departement in kennis gestel dat Nehru heeltemal **op eie houtjie**, en sonder hulle medewete gehandel het. Hulle het dit beklemtoon dat Brittanje nie bereid is om **toenadering** met die kommunistiese invallers in Korea te **soek**, terwyl hulle op die slagveld sukses behaal nie. Daarenteen sal die Britse regering geen kommentaar oor Nehru se notas maak nie, omdat Brittanje nie op diplomatieke gebied met Indië oorhoeks wil hê nie. Terselfdertyd is Brittanje egter vasberade om enige optrede te verhoed wat moontlik die houding van die **Verenigde Volke** mag verswak.

Wordkeuse - Niestandaardvorm

Wordkeuse - Niestandaardvorm

Wordkeuse - Taalsuiwerheid

Wordkeuse - Argaisiese vorm

- 15 Suid-Afrika

Tegniek - Formaat

- 16 Proefnemings van die grootste belang vir die goudmynbedryf, en veral vir die ontwikkeling van die Vrystaatse goudvelde, word nou in Johannesburg aangepak. Die doel is om werkers te vind wat hulle kan aanpas by die hitte van ondergrondse mynwerk. Veral is dit van belang vir die Vrystaat, waar die hoër ondergrondse hittepeil in myne, reeds 'n ernstige vraagstuk is. Na maande van voorbereiding deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing in Johannesburg is alles nou gereed vir die proefnemings wat dalk vyf jaar mag duur. Die werk word gedoen onder leiding van dokter CH Windom, 'n deskundige van die instituut. Aan die SAUK se nuusdiens het dokter Windom meegedeel dat die proefneming sesduisend voet onder die grond sal geskied, in die City Deep Myn. 'n Spesiale kamer word gebou waar die temperatuur en die windsterkte gewissel kan word. Die voorlopige proefnemings word op veertien **naturelle** uitgevoer, sewe uit ons land en sewe uit tropiese gebiede. Die doel is om die uithouvermoë van die verkillende rasse te bestudeer. In die afgelope paar maande is veertien **naturelle** en 'n span tegniese waarnemers spesiaal vir die doel opgelei. Die opleiding is sopas voltooi en

Uitspraak - Niestandaard

Tegniek - Formaat Wordkeuse - Argaisiese vorm

Wordkeuse - Afkorting

Wordkeuse - Argaisiese vorm

Wordkeuse - Politieke taal

Wordkeuse - Argaisiese vorm

Wordkeuse - Politieke taal

die proefnemings sal nou begin. Voorlopig word die ondersoek vir **een** jaar aangepak maar dit kan **bes moontlik** tot vyf jaar verleng word. Die waarnemers sal volledige inligting insamel oor werkers se bestandheid teen, en aanpassingsvermoë aan hitte. Besonderhede van hierdie aard, sal van ontskatbare waarde vir die mynbedryf **wees**. Die onderneming word aangepak in samewerking met die Transvaalse Kamer van Mynwese en die Nasionale Instituut vir Boukundige Navorsing. Dokter Windom het voorheen soortgelyke navorsingswerk in die Britse vloot gedoen en het **ook** proewe op mense uitgevoer in die ysige koue van die Noordpoolstreke.

Uitspraak - Niestandaard

Uitspraak - Niestandaard

Uitspraak - Niestandaard

Uitspraak - Niestandaard

- 17 Die proefnemings met entstof teen die verwoestende Newcastle-siekte onder pluimvee, het volkome geslaag. In die afgelope maande is op Robbeneiland proewe met **agthonderdstuks** pluimvee uitgevoer. Aan die Kaapstadse verteenwoordiger van die SAUK-nuusdiens, het Dokter VR Kaschula, hoof van die veeartsenykundige streekslaboratorium in Kaapstad, meegedeel dat dit volkome geslaag het. Verlede week is massa inentings met die lewendige entstof in die gebiede Verulam en Avoca naby Durban gedoen. Hierdie virusentstof is egter nog nie vir algemene gebruik beskikbaar gestel nie. In Weskaapland sal dit eers in Oktober aan boere uitgereik word. Die Kaapstadse streekslaboratorium beskik tans oor vier miljoen dosisse van die entstof wat teen halfkroon per honderd dosisse aan boere verskaf sal word. Dokter Kaschula doen 'n beroep op die algemene publiek om dadelik met die veeartsenykundige laboratorium, Oranjestraat, Kaapstad in aanraking te kom wanneer hulle siek of dooie, wilde voëls teëkom. Proefnemings word op die oomblik uitgevoer om vas te stel of die gevreesde Newcastle-siekte nie deur wilde voëls oorgedra word nie.

Sinskonstruksie - Aanloop-inv
Sinskonstruksie - Woordorde-
Uitspraak - Niestandaard
Tegniek - Formaat

Woordkeuse - Aargaiese vorm

- 18 In die loop van die volgende paar jaar sal naastenby vier-en-vyftig miljoen **pond** aan kapitaaluitgawe bestee word, om elektriese krag vir Suid-Afrika te verskaf. Daarvan sal omtrent ses-en-twintig miljoen **pond** gaan vir voorsiening van krag vir die Randse onderneming, wat die nuwe goudvelde van die Vrystaat insluit. Hierdie syfers word openbaar in die jaarverslag van die elektrisiteitsvoorsieningskommissie vir **1949**. Ondanks die feit dat dit nog steeds moeilik is om toestelle en toerusting te bekom, word merkwaardige uitbreiding en ontwikkeling berig deur die voorsitter, meneer AM Jacobs. In 1939 was die totale verwerkingsvermoë van die kommissie se kragsentrales sewehonderd-en-dertien duisend kilowatt. Verlede jaar het dit gestyg tot eenmiljoen vierhonderd-ses-en-tagtig duisend. In die tien jaar het die getal eenhede verkoop byna verdubbel en het

Woordkeuse - Aargaiese vorm

Woordkeuse - Aargaiese vorm

Uitspraak - Niestandaard

Uitspraak - Niestandaard

- die inkomste van oor die twee- en 'n half miljoen pond tot by die **nege** miljoen pond vermeerder.
- 19 Nog verdere buitelandse nuus.
- 20 Vier handgranate is gister in 'n woelige straat in Saigon gegooi. Twee van die handgranate het ontplof naby die hotel, Continental Palace, waar lede van die Amerikaanse militêre sending tuisgaan. Twee persone is lig beseer. Die lede van die Amerikaanse sending wat pas in Saigon aangekom het, was nie in die hotel toe die voorval plaasgevind het nie.
- 21 'n **Aanvallige** bruinoog**nooi** van Ysland, het gister Mejuffrou Lugdiens van 1950 geword. Sy is die een-en-twintigjarige Margaret Gudmundsdottir. Sy was een van die mededingsters in 'n wêreldwye wedstryd, waaraan ook Suid-Afrika deelgeneem het. Die Yslandse **nooientjie** (pouse) het 'n klein lugdiens verteenwoordig en was die jongste **mededingster**. Margaret het gesê: "Ek is bly oor die uitslag, want dit beteken so baie vir Ysland. Ysland is nie 'n yskoue land soos sommige mense dink nie". Die beoordelaars se tweede keuse was 'n vier-en-twintigjarige Deense nooi. Derde prys is verower deur die **dametjie** van België, vierde prys deur 'n Franse **nooientjie** en die vyfde, deur 'n Amerikaanse lugwaardin.
- 22 Sport.
- 23 Eric Sturgess, die Suid-Afrikaanse tenniskampioen het gister drie titels in die Switserse Internasionale Tenniskampioenskappe gewen. Sy nederlaag op Wimbledon, het hy gewreek deur Vic Seixas van die Verenigde State in die eindronde van die enkelspel, met ses-vier, sewe-vyf, drie-ses, ses-twee te klop. Saam met Seixas het hy daarna die mansdubbelspeltitel verower. Sy derde titel het hy ingepalm toe hy en mevrou Thelma Long van Australië, vir Seixas en Betty Rosenquest, albei van die Verenigde State met sewe-vyf, ses-vier verslaan het.
- 24 Norman Yardley sal Engeland se krieketspan lei in die derde toetswedstryd in die Wes-Indiese-eilande. Die wedstryd begin Donderdag op Trent Bridge in Nottingham. Dertien Engelse spelers is gekies. Onder hulle is twee, wat nog nie voorheen aan 'n kriekettoetswedstryd deelgeneem het nie. Hulle is die vier-en-twintigjarige kaptein van Essex, DJ Insole en Derek Shackleton van Hampshire.
- 25 Feodosiy Vanin het sy eie maratonrekord vir die Sowjetunie

geslaan. Hy het die marathonkampioenskap in Moskou oor 'n afstand van twee-en-veertig kilometer honderd vyf-en-negentig meter gewen. Hy het die afstand in twee uur, nege-en-twintig minute, nege-punt-vier sekondes afgelê.

26 Dit is die einde van die nuus.

✖ Woordkeuse - Politieke taal

✖ Uitspraak - Niestandaard

✖ Uitspraak - Niestandaard

✖ Uitspraak - Niestandaard

✖ Tegniek - Formaat